DIE ROL VAN IDENTITEIT EN RUIMTE IN DIE UITBEELDING VAN VROUEKARAKTERS IN GESELEKTEERDE ROMANS VAN ELSA JOUBERT

W. VOGEL Hons. B.A.

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Studieleier: Prof. H.J.G. du Plooy

2004

Potchefstroom

Met dank aan prof. Heilna du Plooy vir al die bystand en leiding, asook mev. Gerda van Rooyen vir die hulp met die bronne, en mev. Cecilia van der Walt vir die taalversorging.

Hierdie verhandeling is gebaseer op werk wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) ondersteun is, onder toekenning GUN2052347. Dit is ook ondersteun deur die fokusarea Tale en Letterkunde in die Suid-Afrikaanse konteks van die Noordwes-Universiteit. Hulle steun word met dank erken.

Ek dra hierdie studie op aan my gesin en aan Willem.

OPSOMMING

Sleutelterme: ruimte; identiteit; vrouekarakters; Elsa Joubert; kultuur; selfbeeld; liefde

Elsa Joubert is sedert die vyftigerjare van die twintigste eeu 'n prominente Afrikaanse romanskrywer wat meermale vir haar werk bekroon is. In hierdie verhandeling word 'n studie gemaak van die identiteitsproblematiek van die vrouekarakters in vyf van Joubert se romans, naamlik *Ons wag op die Kaptein*, *Die Wahlerbrug*, *Bonga*, *Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*. Daar word ook aangetoon dat die geografiese, ideologiese en ook politieke ruimtes waarin die karakters hulle bevind, 'n groot rol speel in hulle identiteitsbelewing. Die manier waarop interpersoonlike verhoudings, spesifiek gesinsverhoudings en liefdesverhoudings, die vrouekarakters se identiteit beïnvloed en bepaal, vorm 'n belangrike onderdeel van die studie.

As teoretiese begronding van die ondersoek word relevante aspekte van die feminisme en die aard van die vroulike skryfhandeling nagegaan. Die New Journalism en die postmodernisme, asook die genre van die reisverhaal, word verder bespreek as agtergrond vir die teksanalises. Daarna word 'n oorsig oor Joubert se oeuvre gegee. Die hooffokus van die ondersoek is die identiteitsbelewing van die hoofkarakters in die gekose romans (by name Leonora, Agnes, Isobelle, Leo, Lottie, Inacia Maria, Ana-Paula en Poppie) en daar word agtereenvolgens gekyk na die kulturele konteks van die karakters, die ruimtelike aspekte (spesifiek die land en die kontinent), die reismotief en die invloed van liefdesverhoudings op die identiteit van die karakters.

Daar is heelwat verskille maar ook duidelike ooreenkomste tussen die verskillende romans wat ondersoek is. Verskeie van die vroulike hoofkarakters in die vyf romans trou met mans uit ander kulture. Die blootstelling aan 'n ander kultuur lei telkens tot 'n identiteitskrisis. Die karakters is telkens verskeur tussen 'n hunkering na die bekende en die behoefte om ter wille van die liefde 'n ander kultuur en ander denkpatrone te aanvaar. Die emosionele pyn van die liefde word gekompliseer deur die verbintenis aan 'n bepaalde geografiese ruimte. Aanvanklik is die liefdesverhoudings 'n manier om 'n eie identiteit en 'n sterker selfbeeld te ontwikkel, of om weg te vlug van omstandighede, maar dit lei dikwels tot vervreemding en ontnugtering. Vir die meerderheid vrouekarakters in Joubert se romans is ware liefde nie beskore nie en hulle bly staan in

'n tussenruimte, tussen die plek en die kultuur waarin hulle geborge voel en die 'liefde' vir 'n man wat van hulle eis om die vreemde te betree.

Die vrouefigure in Joubert se romans ervaar hulleself dikwels as buitestanders. Hulle rebelleer aanvanklik teen die beklemmende geborge wêreld en later ook teen die manlike eise wat aan hulle gestel word, maar die eksterne faktore is meermale oorweldigend en uiteindelik konformeer hulle aan die eise van kultuur en die gemeenskap.

Vir die vroue in hierdie romans, waarin die Afrika-problematiek sterk figureer, bestaan die lewe uit stryd, uit moeilike keuses, magteloosheid en min vervulling. Joubert se siening is egter nie pessimisties nie, nòg oor die posisie van vroue nòg oor Afrika. *Die reise van Isobelle* eindig op 'n positiewe noot as die karakter Leo belangrike keuses maak. Sy is die enigste karakter wat bewustelik in beheer van haar eie lewe is. Leo is nie 'n slagoffer nie, maar 'n oorwinnaar. Hierdie karakter dra 'n boodskap van hoop vir die toekoms en is die verpersoonliking van die nuwe, bevryde vrou wat 'n plek in Afrika sal hê.

SUMMARY

Key words: space; identity; female characters; Elsa Joubert; culture; love; image of the self

Elsa Joubert has been a prominent author of Afrikaans novels since the 1950's and has received several important literary prizes. This dissertation is a study of issues of identity and the experience of the female characters in the following five novels by Joubert: *Ons wag op die Kaptein*, *Die Wahlerbrug*, *Bonga*, *Die swerfjare van Poppie Nongena* and *Die reise van Isobelle*. It is clear from the analyses of the novels that geographical, ideological and political matters greatly influence the identity of the characters. Interpersonal relations within the family and with a loved one, also play a crucial role in the development of a personal identity.

Theoretical concepts from feminism and female writing, postmodernism, New Journalism and travel literature as genre are used as points of departure for the discussion of the novels. A brief overview of Joubert's oeuvre is provided. The main focus of the study is

the way in which the main characters in the selected novels (Leonora, Agnes, Isobelle, Leo, Lottie, Inacia Maria, Ana-Paula and Poppie) experience a sense of identity. It becomes clear that there is a close relation between identity and space and therefore it is necessary to analyse cultural contexts, spatial relations (the country and the continent as place) and the love of travel in the novels. The lives of all these female characters are influenced deeply by experiences of love and falling in love often brings about a radical change in their sense of identity.

Most of the female characters in the selected novels marry men from other cultures. Often they experience an identity crisis as a consequence of being confronted with a strange culture. They might long for the comfort of what is well-known and loved, but they also want to accept and conform to the new circumstances as is expected from them by a beloved. The emotional pain resulting from being torn between their cultural inclination and love, affect their self-esteem and sense of identity. Initially the love relationship is a way to develop a new self-contained identity and is part of a personal rebellion and a quest for freedom. Often however, they have to conform to the norms of society and of the cultural context. It is remarkable that many of these characters never experience true love and they are torn between their own cultures and the 'love' for a man who expects them to conform to a new way of living and a new identity. Therefore many of these characters experience themselves as outsiders.

The women in Elsa Joubert's novels do not have easy lives. They have to struggle against odds, they have to make difficult choices, they have little power and fulfillment often evades them. Joubert, however, does not present a pessimistic view of either the prospects of women in general or of life in Africa. *Die reise van Isobelle* ends in a positive way as the character Leo takes control of her life and makes her own decisions. She is not a victim, but a liberated woman, a victor. She is the personification of the new, emancipated woman who will survive and find a place in Africa.

HOOFSTUK 1 – INLEIDING

1.1 Elsa Joubert as vroueskrywer 1
1.2 Probleemstelling 3
1.3 Doel van die studie 6
1.4 Metode 7
1.5 Verwysings 8

HOOFSTUK 2 – TEORETIESE VERKENNING

2.1 Inleiding 9
2.1.1 Vroue en skryf 9
2.1.2 Suid-Afrikaanse vroue-literatuur 10
2.1.3 Vroueskrywers van die negentigerjare 12
2.1.4 Elsa Joubert as Afrikaanse vroueskrywer 14

2.2 Feminisme 16
2.2.1 Agtergrond 16
2.2.2 Teorieë oor die feminisme 17
2.2.3 Die invloed van die feminisme 20
2.2.4 Soorte feminisme 20
2.2.5 Feminisme in Suid-Afrika 22

2.3 Feminisme en die representasie van identiteit 23
2.3.1 Die vrou as die ander teenoor die man as norm 23
2.3.2 Die essensiële identiteit van die vrou 25

2.4 Postmodernisme 25
2.4.1 Algemene kenmerke 25
2.4.2 Dekonstruksie en Postmodernisme 27
2.4.3 Postmodernisme, dekonstruksie en feminisme 27
2.4.4 Postmodernisme en die letterkunde 28
2.4.5 Postmodernisme en die historiese roman 28

2.5 New Journalism 31
2.5.1 Agtergrond / Geskiedenis 31
2.5.2 Kenmerke van New Journalism 33
2.5.3 Die skrywer en New Journalism 34
2.5.4 Die dokumentêre roman 36

2.6 Identiteit en ruimte 37
2.6.1 Identiteit 37
2.6.1.1 Die ekstante self 39
2.6.1.2 Die begeerde self 40
2.6.1.3 Presentering van die self 40
2.6.2 Ruimte 41
2.6.3 Vroueskrywers, ruimte en identiteit 45

2.7 Die reisverhaal 48
2.7.1 Algemeen 48
2.7.2 Kenmerke van die reisverhaal 49
2.7.3 Kategorieë van die reisprosa 51
2.7.4 Reisverhale en die leser 52
2.7.5 Reisliteratuur en die vroueskrywer 53

2.8 Samevattende gevolgtrekking 54

HOOFSTUK 3 - DIE OEUVRE VAN ELSA JOUBERT

3.1 Inleiding 57
3.1.1 Kort biografie van Joubert 57
3.1.2 Reisverhale van Joubert 58
3.1.3 Romans en kortverhale van Joubert 59
3.1.4 Pryse en toekennings 61

3.2 Ons wag op die kaptein (1963) 62
3.2.1 Agtergrond 62
3.2.2 Verhaalverloop 63
3.2.3 Temas 64

3.3 Die Wahlerbrug (1969) 65
3.3.1 Agtergrond 65
3.3.2 Verhaalverloop 66
3.3.3 Temas 66

3.4 Bonga (1971) 67
3.4.1 Agtergrond 67
3.4.2 Verhaalverloop 67
3.4.3 Temas 67

3.5 Die swerfjare van Poppie Nongena (1978) 68
3.5.1 Agtergrond 68
3.5.2 Verhaalverloop 70
3.5.3 Temas 71

3.6 Die reise van Isobelle (1995) 72
3.6.1 Agtergrond 72
3.6.2 Verhaalverloop 73
3.6.3 Temas 74

3.7 Samevattende gevolgtrekking 76

HOOFSTUK 4 – DIE INVLOED VAN KULTUUR EN VERANDERING OP DIE IDENTITEIT VAN DIE VROUEKARAKTERS

4.1 Inleiding 77
4.1.1 Kultuur versus persoonlike identiteit 77
4.1.2 Aspekte van kultuur 78
4.1.3 Historiese en kulturele identiteit 82

4.2 Analise 84
4.2.1 Eksterne beeld 84
4.2.1.1 Leonora 84
4.2.1.2 Agnes 87
4.2.1.3 Isobelle 88
4.2.1.4 Leo 89
4.2.1.5 Lottie 90
4.2.1.6 Inacia Maria 90
4.2.2 Selfbeeld 92
4.2.2.1 Leonora 92
4.2.2.2 Agnes 93
4.2.2.3 Isobelle 94
4.2.2.4 Leo 97
4.2.2.5 Lottie 99
4.2.2.6 Poppie 100

4.2.3 Denkwyse (Programming of the mind) 102
4.2.3.1 Leonora 102
4.2.3.2 Agnes 104
4.2.3.3 Isobelle 105
4.2.3.4 Leo 106
4.2.3.5 Poppie 108
4.2.3.6 Inacia Maria 110

4.3 Samevattende gevolgtrekking 112

HOOFSTUK 5 – DIE INVLOED VAN OMGEWING OP DIE IDENTITEIT VAN DIE VROUEKARAKTERS

5.1 Literatuurteorie en omgewing 118
5.1.1 Ekokritiek 118
5.1.2 Aspekte van ekokritiek 119
5.1.3 Ekologie en die Self 120
5.1.4 Literatuur en ekologie 123
5.1.5 Die klassifikasie van omgewingsliteratuur 124
5.1.6 Natuurskrywe en omgewingsielkunde 125
5.1.7 Ekokritiek en feminisme 127
5.1.8 Heldinne van die natuur 128
5.1.8.1 Isabella Bird 128
5.1.8.2 Mary Austin 129
5.1.8.3 Rachel Carson 129
5.1.8.4 Annie Dillard 130
5.1.9 Beperkings op vroueskrywers 130

5.2 Ruimtelike aspekte in die romans van Elsa Joubert 131
5.2.1 Reis en avontuur 131
5.2.1.1 Leonora 132
5.2.1.2 Agnes 134
5.2.1.3 Isobelle 136
5.2.1.4 Leo 137
5.2.1.5 Ana-Paula 138
5.2.1.6 Lottie 139
5.2.1.7 Poppie 140
5.2.2 Inwoner of toeris 140
5.2.2.1 Leonora 140
5.2.2.2 Agnes 141
5.2.2.3 Isobelle 143
5.2.2.4 Leo 145
5.2.2.5 Ana-Paula 148
5.2.2.6 Lottie 148
5.2.2.7 Poppie 149
5.2.2.8 Inacia Maria 150
5.2.3 Die vreemde ('other') 151
5.2.3.1 Leonora 151
5.2.3.2 Agnes 152
5.2.3.3 Isobelle 153
5.2.3.4 Leo 157
5.2.3.5 Ana-Paula 158
5.2.3.6 Lottie 159
5.2.3.7 Poppie 159
5.2.4 Religieuse afsondering 160
5.2.4.1 Leonora 160
5.2.4.2 Leo 163
5.2.4.3 Ana-Paula 164
5.2.4.4 Lottie 164
5.2.4.5 Poppie 165
5.2.4.6 Inacia Maria 165

5.3 Samevattende gevolgtrekking 166

HOOFSTUK 6 : DIE INVLOED VAN LIEFDE OP DIE IDENTITEIT VAN VROUEKARAKTERS BY ELSA JOUBERT

6.1 Agtergrond 170

6.2 Die verhoudinge tussen karakters 172
6.2.1 Sintuiglike waarneming en fisiese behoeftes 172
6.2.1.1 Agnes 173
6.2.1.2 Isobelle 174
6.2.1.3 Leo 176
6.2.1.4 Ana-Paula 179
6.2.1.5 Lottie 180
6.2.1.6 Poppie 181
6.2.1.7 Inacia Maria 182
6.2.2 Kultuur en omgewing 183
6.2.2.1. Leonora 183
6.2.2.2 Agnes 183
6.2.2.3 Isobelle 185
6.2.2.4 Leo 186
6.2.2.5 Ana-Paula 186
6.2.2.6 Lottie 188
6.2.2.7 Poppie 188
6.2.2.8 Inacia Maria 190
6.2.3 Ware liefde teenoor middel tot 'n doel 190
6.2.3.1 Leonora 190
6.2.3.2 Agnes 193
6.2.3.3 Isobelle 194
6.2.3.4 Ana-Paula 198
6.2.3.5 Lottie 199
6.2.3.6 Poppie 200
6.2.3.7 Inacia Maria 200
6.2.4 Uiteinde van die verhouding 201
6.2.4.1 Agnes 201
6.2.4.2 Isobelle 202
6.2.4.3 Leo 203
6.2.4.4 Ana-Paula 204
6.2.4.5 Lottie 205
6.2.4.6 Poppie 206
6.2.4.7 Inacia Maria 206

6.3 Samevattende gevolgtrekking 207

HOOFSTUK 7 – SLOT

7.1 Temas uit Joubert se werk 212

7.2 Samevattende beskouing van die belangrike vrouekarakters 214
7.2.1 Leonora 214
7.2.2 Agnes 215
7.2.3 Isobelle 215
7.2.4 Leo 216
7.2.5 Lottie 217
7.2.6 Inacia Maria 218
7.2.7 Ana-Paula 218
7.2.8 Poppie 218
7.2.9 Gevolgtrekking 219

BIBLIOGRAFIE 223

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 ELSA JOUBERT AS VROUESKRYWER

Elsa Joubert is die skrywersnaam van Elsabé Antoinette Murray (Steytler-) Joubert. Gebore in 1922, is sy reeds sedert die vyftigerjare 'n bekende en prominente figuur in die Afrikaanse letterkunde wie se werk reeds met verskeie literêre pryse bekroon is. Elsa Joubert se skryfwerk, romans, kortverhale en reisprosa, toon 'n opvallende sterk fokus op Afrika en op die mense en die omstandighede van hierdie kontinent.

Volgens Roos (1996:43) het die wêreld van die boek by Elsa Joubert nog altyd veel verder as die begrensinge van die eie land en taal gestrek. Haar stories en karakters kom vanoor die hele Afrika (en wêreld) en vertalings van haar romans is in die buiteland bekroon. Die lewensinsig wat haar werk oordra, reflekteer 'n uitsonderlike ruim en deernisvolle visie op die mens en die problematiek van menswees. Veral wanneer Joubert oor Afrika skryf, blyk haar toenemende aandag aan die wyse waarop mense van verskillende rasgroepe saamleef en probeer om 'n oplossing te vind vir die probleme wat hierdie tipe samelewing onvermydelik oplewer (Nienaber-Luitingh, 1988:5).

Dit gaan vir Elsa Joubert hoofsaaklik om die verhoudings tussen mense en die botsing tussen kulture. Daar kan byvoorbeeld van vroeg af 'n duidelike verband tussen haar reisprosa en verhalende prosa gesien word, spesifiek ten opsigte van identiteitsoeke en menseverhoudinge, asook aangaande die rol van die religieuse en ideologiese vraagstukke in die lotgevalle van mens en medemens. Steenberg (1998:528) glo dat die aktualiteitsgerigtheid van Joubert se reisprosa in haar verhale voortgesit word. Die feit dat die romans in hoofsaak betreklik tradisioneel gebou is, hoewel moderne kenmerke soos die gebruik van die terugflitstegniek en die vervlegting en vermenging van fiksie en feitelike verslaggewing tog voorkom (Kannemeyer, 1990:268), toon dat die klem sterker op die tematiese aspekte val as op strukturele of tegniese vernuwing.

As gekyk word na die deurlopende tematiek van die verhale en veral na die manier waarop die vrouekarakters uitgebeeld word, kan daar 'n noue verband tussen sommige van die romans opgemerk word, onder andere tussen *Ons wag op die Kaptein* (1963),

Die Wahlerbrug (1969), *Bonga* (1971) en *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978). In *Die reise van Isobelle* (1995) val die klem spesifiek op die vrouekarakters en so kom hierdie roman sentraal te staan in Joubert se oeuvre, maar ook in hierdie studie.

Oor die manier waarop vroueskrywers skryf, sê Virginia Woolf:

> *A woman's writing is always feminine; it cannot help being feminine: at its best it is most feminine; the only difficulty lies in defining what we mean by feminine* (Scholtz, 1995:17).

Die vraagstuk van 'n vroulike visie word verder gekompliseer as dit ook gaan om vroulike karakters. Wanneer die karakters dramatiese historiese gebeurtenisse beleef en wanneer eksterne omstandighede hulle persoonlike lewe en psigiese welsyn beïnvloed, lewer die vroulike skrywer eerder kommentaar op vroulike belewenisse as op die faktore wat die geskiedenis bepaal.

Myns insiens is 'n duidelike verband tussen die meeste van Elsa Joubert se vrouekarakters te bespeur. Die vroue bevind hulle telkens in 'n stadium van die lewe waarin hulle op reis moet gaan en 'n denkbeeldige of werklike grens moet oorsteek. Dit lei daartoe dat hulle 'n identiteitskrisis of identiteitsverwarring ondervind, en dit hou verband met innerlike (persoonlike) sowel as uiterlike (eksterne en ruimtelike) faktore.

Merwe Scholtz (1995:17) het na *Die reise van Isobelle* as *vroulik* verwys, omdat dit die geskakeerde, soms hewige gevoelslewe van die vroue in die verhaal representeer. "Dis die intensiteit van emosie wat belangrik is," sê die Engelse vrou in Genéve aan Belle.

> *"En dis nie aan almal beskore om dit te beleef nie. Wees dankbaar dat jy een van dié was wat dit kon beleef. Die krag van passie. Dan het jy alles beleef"* (Die reise van Isobelle, bl. 357).

Hierdie intensiteit en hewige gevoelslewe van die vrouekarakters in *Die reise van Isobelle* kan ook deurgetrek word na die vrouekarakters van haar ander boeke. Die problematiek van die vrouekarakters wat in haar ander boeke prominent is (*Ons wag op die Kaptein, Die Wahlerbrug, Bonga* en *Die swerfjare van Poppie Nongena)*, word in *Die*

reise van Isobelle saamgevat. Een belangrike bindingselement wat meebring dat Joubert se vrouekarakters verband toon met mekaar, is die voortdurende soeke na identiteit, en die feit dat hulle lewens in 'n groot mate beïnvloed word deur die plek en tyd waarin hulle lewe.

Dit gaan in Joubert se oeuvre egter ook deurlopend om lyding en die verdraagsaamheid en aanpasbaarheid waarmee die lyding hanteer en oorkom word. Die soeke na 'n manier om sinvol te lewe, hang in hierdie verhale saam met die belewenis van identiteit en veral die voortdurende prosesse van identiteitsvorming.

1.2 PROBLEEMSTELLING

> *The novel in general from its inception has constituted a challenge to classical notions, and women's novels in particular have proposed interrogations or travesties of genres. This trend is accentuated in recent female narratives, finding a correspondence in postmodern aesthetics and in the feminist habit of putting in question the alphabet of accepted meanings and laws* (Curti, 1998:30).

Hierdie studie wil die ooreenkomste en verskille tussen die vrouekarakters in die geselekteerde romans van Elsa Joubert aantoon. Dit sal gedoen word deur *Die reise van Isobelle* indringend te ontleed en deurlopend na *Ons wag op die Kaptein*, *Die Wahlerbrug*, *Bonga* en *Die swerfjare van Poppie Nongena* te verwys. In die gevolgtrekking sal Joubert se siening van vroue en die manier waarop sy die problematiek van vroue uitbeeld, saamgevat word. Die vrouekarakters worstel telkens met sekere aspekte van hulle bestaan, hulle maak sekere opofferings ten koste van hulleself en moet dan die gevolge daarvan verduur.

Die karakters gee almal duidelik blyke van 'n soeke na identiteit, en hierdie studie wil aantoon hoe die (vreemde) ruimtes waarin hulle hulle bevind, bydra tot die identiteitsbelewing en identiteitsvorming van die karakters. Heelwat van die karakters se belewenisse verskil van mekaar, maar daar is ook baie ooreenstemmende eienskappe by die meeste van die vrouekarakters.

Volgens Hofstede (1997:5) is die mate van identifikasie met die maatskaplike orde bepalend vir die individu se identiteitsbelewing. Die individu kan konformeer met of rebelleer teen die bestaande orde. By al die vrouekarakters in die geselekteerde werke van Elsa Joubert (hier en daar is daar wel 'n uitsondering) kom verwisseling van konformasie en rebellie deurentyd voor, gewoonlik met konformasie as die uiteinde. Dit wat met hulle gebeur, word uiteindelik met 'n mate van gelatenheid aanvaar. Dit is egter nie 'n passiewe of ondeurdagte gelatenheid wat Joubert uitbeeld nie, soos duidelik blyk uit die volgende passasie uit *Die reise van Isobelle*:

> *Op haar beurt glimlag Leo. Iets roer in haar verborge geheue. 31 Februarie. Die moontlike verby die onmoontlike. En sy dink: Wat ook al voorlê, nie wankelende ewewig nie. Eerder geloof in die moontlike verby die onmoontlike* (Die reise van Isobelle, bl. 616).

Die omgewing speel 'n baie groot rol in die lewens van die vrouekarakters in die vyf gekose boeke, veral as dit met die identiteitsvraagstuk in verband gebring word. Die vraag ontstaan of dit 'n verskil in die lewens van die vroue sal maak as hulle hul geboorteplek verlaat en hulle op 'n vreemde plek bevind, al is dit saam met 'n geliefde en/of uit eie keuse. Verplaasde mense, soos hierdie vroue, beleef 'n gevoel van buitestanderskap. Dit is moeilik vir enigeen om by 'n vreemde kultuur en omgewing aan te pas en die guns van die mense te wen. In die spesifieke Afrika-ruimte waarin die vrouekarakters hulle bevind (met die uitsondering van *Die Wahlerbrug*) is hulle dikwels die slagoffers of die getuies/waarnemers van geweld: moord, opstande, aanranding, verkragting en bedreiging.

Omdat so 'n noue verband tussen identiteit en ruimte-belewenis bestaan, kan hierdie twee konsepte nie heeltemal los van mekaar staan nie. Volgens Hormuth (in Louw & Edwards, 1996:793) word algemeen aanvaar dat identiteite ingebed is binne wyer raamwerke, naamlik die ander, objekte en omgewings. Laasgenoemde vorm die opset vir die self, en dit bied drie belangrike elemente vir die uitdrukking van identiteit: dit bied 'n plek vir ervarings en handeling; dit verskaf simbole van identiteit; en dit verskaf sosiale gedragsreëls wat identiteit moontlik maak (Hormuth soos aangehaal deur Louw & Edwards, 1996:794). Een implikasie van hierdie perspektief is dat, indien sommige of al hierdie elemente verander word, hetsy deur persoonlike keuse of deur ekstern

opgelegde handelinge, dit waarskynlik sal wees dat sekere aspekte van die identiteit veranderinge sal ondergaan.

'n Vraag wat logies hieruit voortvloei, is hoe kultuur die vrouekarakters beïnvloed, aangesien kulturele faktore die eksterne werklikheid beïnvloed en vorm. Die meeste van die vrouekarakters in die gekose romans (met die uitsondering van Lottie in *Die Wahlerbrug* en sommige van die karakters in *Die reise van Isobelle*) trou met mans uit ander kulture. Van hulle gaan ook weg saam met die man, en die vroue maak dus 'n groot opoffering om alles agter te laat wat vir hulle bekend en bemind is. Die geloofsvraagstuk spruit hieruit voort. Vir sommige van die karakters (soos Poppie en Emma Van Velde) is dit juis hulle Christenskap wat hulle 'op die regte pad hou', maar sommige (soos Ana-Paula en Inacia Maria) beroep hulle op heidense gebruike omdat Christenskap nie meer vir hulle antwoorde bied op die probleme waardeur hulle gekonfronteer word nie.

'n Ander belangrike vraag is hoe die liefde die vroue se identiteit beïnvloed, juis omdat liefde so 'n groot rol in hierdie karakters se lewens speel. Dit is juis as gevolg van die liefde dat die optrede van die meeste karakters verander of beïnvloed word. Volgens Erikson (soos aangehaal deur Louw *et al.*, 1999:554) lê die sintese van die psigososiale krisis waar intimiteit teenoor isolasie staan, by die liefde. Freud (1955) het reeds opgemerk dat twee aspekte onontbeerlik vir die volwassene se ontwikkeling is, naamlik liefde en werk. In hierdie studie word egter hoofsaaklik op die liefde gefokus. Omdat die liefde so 'n belangrike aspek in die lewe van enige mens is, kan 'n mens met sekerheid sê dat die vrouekarakters hierdeur beïnvloed sal word, hetsy positief of negatief.

Daar moet ook gevra word na hoe die vrouekarakters in die werk van Elsa Joubert gerepresenteer word, spesifiek ten opsigte van die identiteits- en ruimtelike aspekte. Elsa Joubert gebruik 'n verskeidenheid narratiewe tegnieke om haar karakters uit te beeld en die temas in haar romans te ontwikkel. Die trefkrag van die romans lê dus in sowel tegniek as die tematiek, en beide aspekte moet ondersoek word om tot geldige gevolgtrekkings te kan kom. Uit bogenoemde uiteensetting blyk dat die volgende vrae in die loop van die studie beantwoord sal moet word:

- Wat is identiteit en hoe word dit in en deur die vrouekarakters van Joubert gemanifesteer?
- Hoe beïnvloed die omgewing en/of fisiese plek die karakters, en watter rol speel dit in hulle identiteitsvorming?
- Hoe beïnvloed kultuur en kulturele verskille die identiteitsoeke van die vrouekarakters in die geselekteerde werke van Joubert?
- Hoe word identiteitsvorming en identiteitsoeke deur die liefde vir 'n man of 'n geliefde beïnvloed?
- Hoe word die vrouekarakters se identiteitsoeke in Elsa Joubert se werke gerepresenteer ten opsigte van
  - kultuur
  - liefde
  - die omgewing?

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die analise van die vrouekarakters in die geselekteerde romans van Joubert se soeke na identiteit in verhouding tot die ruimtes waarin hulle hulle bevind, toon dat die vreemde omgewing 'n invloed uitoefen op hulle siening van die doel van die lewe en die sin van hulle bestaan. Die blootstelling aan ander kulture lei meestal tot 'n identiteitskrisis en 'n hunkering na die vorige lewe, die bekende en/of tot aanvaarding van omstandighede wat ook die identiteit van die karakter beïnvloed. Emosionele pyn, veral met betrekking tot die liefde, het 'n invloed op selfbelewenis en sal dus onteenseglik die identiteit van karakters verander.

Elsa Joubert gebruik ook 'n verskeidenheid narratiewe tegnieke om die identiteitsbelewenis en identiteitsoeke van karakters in bepaalde kulturele en ruimtelike omstandighede uit te beeld.

Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe die identiteitsproblematiek van die vrouekarakters in sommige van Elsa Joubert se werke gerepresenteer word. Spesifieke doelstellings is:

1. om te bepaal wat die term identiteit behels en hoe dit deur die vrouekarakters gerepresenteer word;
2. om vas te stel hoe die omgewing die vroue se identiteit beïnvloed en hulle lewens bepaal, en hoe die karakters dit hanteer;
3. om vas te stel hoe kultuur die lewens van die vrouekarakters beïnvloed ten opsigte van ervaringe van isolasie en buitestanderskap;
4. om vas te stel in watter mate liefde vir 'n metgesel die vrouekarakter se optrede en die lotgevalle wat daarmee gepaard gaan, bepaal; en
5. om aan te toon watter narratiewe tegnieke en styl Elsa Joubert gebruik om haar vrouekarakters te representeer.

1.4 METODE

Verskillende teorieë van identiteit en ruimte sal ondersoek en geïnterpreteer word. Daarna sal die tekste geanaliseer word met behulp van die narratologie, en daar sal spesifiek gefokus word op die karakterisering van die vrouekarakters in Elsa Joubert se romans. Teoretiese insigte vanuit die feminisme sal ook gebruik word om die karakters en die skryftegniese aspekte in die romans te ontleed, veral soos uiteengesit in Curti (1998). Die teoretiese verkenning sal benut word om kernkonsepte soos vrouekarakters, identiteit en ruimte te omskryf sodat dit in die teksanalises gebruik kan word. Daar sal spesifiek gekonsentreer word op *Die reise van Isobelle*, terwyl die ander vier romans deurlopend by die argument betrek sal word. Die resultaat van die analises sal in die slothoofstuk saamgevat word.

Bepaalde toerieë en teoretiese konsepte word as sodanig nie uitvoerig bespreek, ontleed en bevraagteken nie, maar dit word ontgin tot die mate wat nodig is vir 'n sinvolle interpretasie van die werke van Joubert.

In hierdie studie is die hoofstukindeling soos volg: Hoofstuk 1 is die inleidingshoofstuk, daarna kom 'n kort teoretiese verkenning in Hoofstuk 2 aan die beurt, en Hoofstuk 3 gee 'n vlugtige oorsig oor die oeuvre van Joubert. Die toepassing van teorieë en analise van die romans begin by Hoofstuk 4, waar die invloed van kultuur en verandering op die vrouekarakters se identiteit uitgebeeld word. Hoofstuk 5 is die verkenning van die

invloed van ruimte op die karakter se selfbelewenis en identiteitsvorming, en Hoofstuk 6 beskryf die invloed van die liefde op die vrouekarakters se identiteit. Die studie sluit af met hoofstuk 7 waarin gevolgtrekkings gegee word.

1.5 VERWYSINGS

Die verwysings in die verhandeling word gedoen volgens die Harvardmetode. By aanhalings uit die primêre tekste, word die titel van die boek as verwysing gebruik om te onderskei tussen die verskillende romans. Die verwysing word dan as deel van die paragraaf beskou en hierdie verwysings se punktuasie verskil dus van korter aanhalings uit teoretiese bronne.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE VERKENNING

2.1 INLEIDING

To write is to find my own voice, that of the tale-teller where narrativity is stronger than truth (Curti, 1998:viii).

In hierdie studie word ondersoek hoe die verskillende vrouekarakters in geselekteerde romans van Elsa Joubert gerepresenteer word ten opsigte van hul soeke na identiteit, asook watter rol die ruimte en ander faktore by hulle identiteitsvorming speel. In die loop van die studie sal gebruik gemaak word van terme en teorieë uit die postmodernisme, die dekonstruksie, die feminisme en die ekokritiek, maar aspekte van die genreteorie, spesifiek oor New Journalism, sal ook ter sprake kom. In hierdie hoofstuk word gepoog om die relevante teoretiese konsepte uiteen te sit en in verband te bring met die vrouekarakters in die gekose romans.

Sterk ooreenkomste kom voor tussen die vrouekarakters in die volgende romans van Elsa Joubert: *Ons wag op die Kaptein* (1963), *Die Wahlerbrug* (1969), *Bonga* (1971), *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) en *Die reise van Isobelle* (1995). Omdat *Die reise van Isobelle* so 'n omvattende roman is met 'n verskeidenheid vrouekarakters, word dié roman as uitgangspunt geneem en die vrouekarakters in diepte ondersoek en geanaliseer. Die vrouekarakters van die ander romans sal dan ook vergelyk word met die vrouekarakters in *Die reise van Isobelle.*

In hierdie hoofstuk sal dus gefokus word op die teoretiese implikasies van die uitbeelding van vrouekarakters (van alle kleure en rasse), asook hul identiteits- en ruimtebelewenis. Omdat die studie op die werk van Elsa Joubert afgestem is, word enkele kerneienskappe van haar oeuvre ook in hierdie hoofstuk genoem.

2.1.1 Vroue en skryf

Vroue was nog altyd aktief as storievertellers, omdat hulle oor die algemeen nuuskierig is. Mulvey (soos aangehaal deur Curti, 1998:ix) glo byvoorbeeld dat mites (bv. die verhaal van Pandora) die nuuskierige aard van vroue aan 'n aktiewe narratiewe

funksie verbind. Miskien is dit waarom *skinderstories* so dikwels aan vroue toegedig word! In die verlede (ook tans) het die vrou ook 'n groot taak gehad om haar kinders te leer, en die leerproses begin reeds kleintyd wanneer die moeder vir die kind stories vertel. Suid-Afrika se vrouevertellings, spesifiek in Afrikaans, kan teruggevoer word na koloniale tye en die tradisie van mondelinge stories. Daar kan selfs aangetoon word dat vroue 'n prominente rol in die narratiewe diskoers in 'n sogenaamde patriargale samelewing gespeel het en steeds speel (Van Niekerk, 1993:73).

Die vertel van verhale kan ook beskou word as deel van 'n helingsproses – "stories can be medicines or soul vitamins" (Curti, 1998:x) – om 'n mens terug te lei na die eie psigiese wêreld. Hier geld dit nie net die skrywer nie, maar ook die karakters wat stories vertel. Leonora in *Die reise van Isobelle* vertel dele van haar storie (lewensverhaal) aan Leo, asook in 'n brief aan haar broer Frikkie. So probeer sy sin maak van haar lewe en haar soeke na identiteit. Ander belangrike redes vir vertelling (stories) hou ook verband met voortdurende probleme met identifisering en 'n bemoeienis met identiteit.

2.1.2 Suid-Afrikaanse vroueliteratuur

Die laaste dekade van die twintigste eeu is 'n tydperk van groot veranderinge in Suid-Afrika (Smuts, 1996:16). Dit het groot implikasies vir Suid-Afrikaners van Europese herkoms en Afrikaanssprekendes, en dit raak ook die posisie van Afrikaans as taal. Duidelike veranderinge in die Afrikaanse literatuur is dan ook merkbaar. Dit is veral boeiend om die plek van vroueskrywers in Afrikaans na te gaan en vas te stel hoe Elsa Joubert daar inpas.

Sedert die sestiger- en sewentigerjare tree vroue (en veral skryfsters, soos Elsa Joubert) meer en meer toe tot die kultureel-invloedryke elite en raak hulle toenemend betrokke by die ernstiger estetika van modernisme, soos dit in Afrikaans manifesteer (Van Niekerk, 1999:308). Hierdie veranderinge hou verband met die verstedeliking en daarom veranderende lewenswaardes van Afrikaners. In hierdie tyd publiseer Joubert onder andere *Die Wahlerbrug* (1969) wat handel oor die verhaal van 'n vrou wat op reis is en in 'n Europese stad ontvoer en van haar reisdokumente beroof word. Die vrou se fisiese reis word dus 'n lewensreis waarin sy op soek is na haar eie identiteit.

Die identiteitsproblematiek manifesteer dus reeds voor 1970 en bly 'n sentrale vraagstuk in Joubert se oeuvre.

Al hoe meer skrywers (en ook vroueskrywers) begin in hierdie tyd (vanaf die sestigertydperk) krities staan teenoor die Afrikaner se tradisionele oortuigings en waardestelsel. Die "gemoedelik-lokaal-realistiese" fokus van die Afrikaanse prosa word vervang deur 'n verkenning van groter wêrelde, nie net deur reisbeskrywings soos dié van Joubert nie, maar ook deur seksuele, politieke en religieuse sake vanuit 'n ander perspektief te benader. Van Niekerk (1999:362) toon aan hoe die vroueskrywers in hierdie tyd toenemend die mitologie betrek, die seksuele meer eksplisiet verken en 'n groter betrokkenheid by Afrika bewerkstellig.

Die sewentigerjare is gekenmerk deur 'n geweldige toename in vroueskrywers wat aspekte soos ras-, geslags- en klaskonflikte esteties in hul werk verreken. Dit dui op 'n verskuiwing van die huislike ruimte na 'n breër wêreld waarin sy 'n sekere mate van mag verwerf. Toename in beroepsgeleenthede, beroepstatus en onafhanklikheid vir vroue is redes wat aangevoer word vir die opkoms van die feminisme. In die werk van vroue kom 'n toenemende bewuswording van die land se politieke spanning ook voor (Van Niekerk, 1999:308). *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978), 'n roman wat gebaseer is op 'n ware lewensverhaal van 'n swart vrou wat Joubert se pad kruis, word aangebied as 'n regstreekse vertelling en skep die indruk van 'n direkte verslag of optekening, met 'n feite-fiksie-vermenging, tipies in die styl van die New Journalism (Van Niekerk, 1999:408).

Uiteraard is nie alle letterkunde (Smuts, 1996:1) in die tyd polities gerig nie – die meeste daarvan is nie. Volgens Smuts was daar ook geen rede om te verwag dat hierdie situasie skielik in die negentigerjare sou verander nie. Nie alles wat in die negentigerjare verskyn, is in daardie spesifieke tydperk geskryf nie, maar wel daarvoor, en daar is nog 'n bemoeienis met die ou politieke en sosiale paradigma in Suid-Afrika. 'n Mens sou dus eerder (volgens Smuts) 'n geleidelike verskuiwing verwag as 'n skielike dekadebreuk. Roos (1995:5) daarenteen, meen dat die politiek as tema elke twintigste-eeuse Afrikaanse outeur se werke beïnvloed het. Dit mag miskien na 'n veralgemening lyk, maar alle outeurs, lesers en kritici is direk of indirek

betrokke by die land se politiek (Roos, 1995:5). Die implikasie is dat geen leser of skrywer in Suid-Afrika onafhanklik van die politieke bestel kan funksioneer nie.

Volgens Smuts (1996:17) is *Die reise van Isobelle* (1995) van Elsa Joubert een van die magistrale romans uit hierdie periode: "Die skrywer word inderdaad estetiese kultuurhistorikus wat deur (haar) woord die rykheid van 'n land en sy inwoners se ervaringswêreld soos 'n mot in barnsteen bewaar, maar dan steeds in terme van die literatuur en in 'n taal wat tot instrument verfyn is sodat dit in staat is om hierdie ganse spektrum van menslike ervarings sekuur, sensitief en subtiel te registreer." Hy noem die roman ook een van die glorieryke hoogtepunte van die prosa van die negentigerjare.

Die vraag kan gestel word of Joubert se werke suiwer polities gerig is, en of sy merendeels oor ander temas skryf, byvoorbeeld menseverhoudings. Vir Roos (1995:6) is die betrokkenheid by aktualiteit en die land se geskiedenis met betrekking tot hede, verlede en toekoms die prominentste aspek van hedendaagse narratiewe: "(A)lmost all South African women authors have depicted everyday society, and in South Africa that means socio-political reality, in their work". Daar kan dus gesê word dat Joubert betrokke is by Afrika en spesifieke Suid-Afrikaanse probleme, maar sy fokus merendeels op die intieme en langdurige verhouding tussen wit en swart. Dit impliseer dat sy fokus op die identiteit van verskillende rasse en kulture binne een ruimte, naamlik Suid-Afrika. In haar werk kan politiek en menseverhoudings dus nie geskei word nie. Twee van Joubert se romans is ongetwyfeld keerpunte in die Afrikaanse politieke literatuur, naamlik *Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*. Beide is boeke wat die bittersoet van menseverhoudings op 'n meesterlike wyse skets.

2.1.3 Vroueskrywers van die negentigerjare

Die meeste romans wat in die jare 1990-1995 gepubliseer is, kan volgens Roos (1995:6) 'histories' genoem word. Dit gaan egter nie oor 'n geromantiseerde verlede nie, maar wel oor die soeke na die oorsprong van die probleme van die hedendaagse samelewing. Hierdie (historiese) vertellers is gewoonlik intiem betrokke by en bekommerd oor die individu se rol in die land se geskiedenis. Hulle vertel die verhale

as een van die baie gewone mense wat hierdie omstandighede ondervind. In *Die reise van Isobelle* gaan dit hoofsaaklik om gewone vroue wie se lewensomstandighede in verskillende tye van die twintigste eeu geskets word.

Die negentigerjare van die twintigste eeu behoort aan die vrou. In 1991 word die Nobelprys aan Nadine Gordimer toegeken, en die dekade word beskryf as 'n tydperk waarin die vroueskrywers die ruimte van Afrika en Suid-Afrika verken, soos ook duidelik gesien kan word in die oeuvre van Joubert. Nie net is die literatuur van vroueskrywers een van die aktiefste vertakkinge van die negentigerjare nie (Smuts, 1996:12), maar die belangrikheid van ruimtelikheid is ook in hierdie periode prominent: "The land as metaphor and experience has been a recurrent and local topic in writing produced in South Africa, as in colonial letters elsewhere." (Hunter, 1990:1.)

In Joubert se roman *Die reise van Isobelle* neem die Suid-Afrikaanse politiek van die afgelope honderd jaar 'n sentrale plek in. Dit is myns insiens 'n hoogtepunt en samevatting van haar ander verhale waarin sy veral fokus op die sosio-politieke probleme van Afrika.

Volgens Van Niekerk (1999:362) is dit veral Joubert se ingesteldheid op hoe Afrika-lande die probleme van volkeverhoudings en kultuurbotsings hanteer, wat daartoe lei dat sy dikwels 'n sosio-politieke invalshoek of motief aanvoer om haar vertellings te vergesel. Dit begin reeds by Joubert se reisverhale, wat beskou word as van die beste reisliteratuur in Afrikaans, en loop regdeur haar oeuvre, insluitend die romans wat in hierdie studie bestudeer word.

Alhoewel Joubert se reisverhale in hierdie studie nie in diepte bespreek word nie, is die reisverhale tóg baie belangrik omdat sy dikwels persoonlik die ruimte verken waarin sy haar karakters plaas. Steenberg (soos aangehaal deur Van Niekerk, 1999:363) noem dat die reisiger-verteller in Joubert se reisverhale op soek is na oorspronge. Sy is ook bewus daarvan dat "verlede en kultuurhistoriese agtergrond die mens 'n sekere lewensbeskouing gee, soos die sin vir geregtigheid, die fanatiese drang tot voortbestaan". Op hierdie temas word in *Die reise van Isobelle* voortgebou; 'n voorbeeld is Leonora se drie jonger broers wat elk 'n politieke loopbaan volg in aansluiting by die Afrikaner se fanatiese drang tot voortbestaan, en aan die ander kant

Leonora se sin vir geregtigheid – sy kan haar nooit met haar broers se oortuigings vereenselwig nie.

Soos reeds gesê, behoort die negentigerjare aan die vrou. Alhoewel Joubert al voor die negentigerjare as skrywer hoog geag is, is *Die reise van Isobelle* 'n rigtinggewende teks, en Joubert word beskou as een van die vroueskrywers wat die ruimte in Suid-Afrika en Afrika intensief en sensitief verken en die sosio-politieke probleme van die land weergee. Die feit dat Joubert 'n vrou is, speel 'n groot rol, omdat die emansipasie van die vrou (en dus ook die feminisme) 'n belangrike vraagstuk in die negentigerjare was. Joubert is nie soseer bekend as 'n feminis nie, maar sommige van haar werke (en haar karakters) kan wel in 'n mate as feministies beskou word. "Die feministiese literatuur (is) een van die aktiefste vertakkings van die prosatoneel van negentig tot op hede." (Smuts, 1996:12.) Feminisme plaas klem op geslagsonderskeid, en daarom word geslagsonderskeid ook in die literatuur relevant. Die relevansie van geslagsonderskeid met betrekking tot literatuur kan volgens Spies (soos aangehaal deur Van Niekerk, 1999:306) soos volg verduidelik word: "Vroulikheid en manlikheid behoort tot die verwikkelde en nooit enkelvoudig-verklaarbare verhouding tussen die werklikheid en die teks, die lewe en kuns."

2.1.4 Elsa Joubert as Afrikaanse vroueskrywer

Joubert is een van die eerste Afrikaanse vroueskrywers wat erkenning ontvang vir haar uitstaande bydrae tot die prosakuns. Sy debuteer in 1948 met 'n outobiografiese reisverhaal, naamlik *Water en woestyn*. Van hierdie reisverhaal af tot en met *Twee vroue* (2002) lewer Joubert 'n groot bydrae tot die betrokke literatuur en word mettertyd as een van die mees geslaagde skrywers in hierdie genre in Afrikaans beskou (Van Niekerk, 1999:407). *Die reise van Isobelle* word deur Smuts (1996:10) beskryf as een van die ses romanhoogtepunte van die laaste dekade van die twintigste eeu, "een van die glorieryke hoogtepunte van die prosa van negentig".

Die reise van Isobelle is herinneringsliteratuur in die ware sin van die woord en bied 'n sensitiewe herskepping van die verlede. Dis 'n roman van besondere gehalte, maar ook 'n kultuurhistoriese dokument van groot waarde deur die beeld wat dit voorhou van bepaalde tydperke en spesifieke ruimtes (Smuts, 1996:15). Volgens Smuts kan

hierdie roman in 'n meerdere of mindere mate as 'n feministiese geskrif getipeer word, maar dit reik veel wyer. Die roman gee 'n kyk op die gang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur die persoonlike belewenisse van die karakters uit te beeld. Hy noem dit 'n 'magistrale roman' waarin jy as leser deurgaans daarvan bewus bly dat ook die mans met insig en begrip geteken word en dit hier eerder gaan om 'n panoramiese tydsdokument as net om die lotgevalle van 'n reeks vroue (Smuts, 1996:15).

Soos reeds genoem, val die klem in Joubert se werk op die tematiese en nie op eksperimentele skryftegnieke nie. Nogtans is haar werk struktureel en stilisties funksioneel. Joubert maak onder andere gebruik van terugflitstegnieke, die opbou van werklikheidsillusie en die aanwending van die New Journalism deur die vervlegting van feite en fiksie. In sommige van haar romans (soos deurgaans in *Die reise van Isobelle*) word 'n vroulike perspektief op die persoonlike gevolge van politiek gebied. Roos (soos aangehaal deur Van Niekerk, 1999:408) glo dat hierdie roman aansluit by die hedendaagse literêre tendens "om met die fokus op die vrouekarakter en haar persoonlike ervaringe, die verloop van ons landsgeskiedenis te vertel... dit is 'n tendens waarvolgens in die boek op sowel politieke as persoonlike vlak die emansipasie van 'n patriargale samelewing tot by 'n vry en onafhanklike leefwyse beskryf word". Ander boeke waarin die verloop van die vrou se lewe terselfdertyd ook die landsgeskiedenis vertel, is *Hierdie lewe* (1993) van Karel Schoeman en *Anderkant die stilte* (2002) van André P. Brink.

Hierdie literêre tendens (die landsgeskiedenis vanuit die oogpunt van 'n vrouekarakter) word omskryf deur Benjamin (soos aangehaal deur Curti, 1998:37) wat 'n verskil aandui tussen manlike 'innerlike' en vroulike 'kollektiewe' geheue. Daar is 'n vereenselwiging van die vrou met die vertel van stories en die nadenke oor of nagedagtenis van die kollektiewe geskiedenis, terwyl die individuele psigologiese narratief eerder vir die man gelaat word. Die belangrikheid van die verhouding tussen die vrou en die geskiedenis (ook die ruimte/omgewing) kan dus nie bespreek word sonder om die feminisme te betrek nie.

'n Belangrike rede waarom die feminisme ook gekoppel word aan die ruimtelikheid, is dat die land of die aarde (as deel van 'n natuurlike wêreld) dikwels met die kultuur van vrouwees in verband gebring word. De Beauvoir (soos aangehaal deur Hunter,

1990:189) glo dat vroueskrywers die duidelikste vertel en die meeste oor hulleself onthul as hulle oor die land (natuurlike wêreld) skryf. Miskien is dit waarom Joubert so baie reisverhale skryf – omdat hierdie omgaan met die ruimte méér is as net dít wat daaroor geskryf word. Die Westerse denke identifiseer 'vrou' en 'vroulikheid' met 'natuur', en stel dit teenoor 'man', 'manlikheid', 'rasionaliteit' en 'beskawing'. Daar word ook metafories na die land as 'vroulik' verwys, en 'sy' lê wagtend (soos 'n vrou) om besit te word deur 'n manlike ontdekker en veroweraar (Hunter, 1990:2).

Dwarsdeur Elsa Joubert se reisverhale en sommige van haar romans heen is daar één bestaansprobleem wat veral boeiend is: die wyse waarop mense van verskillende rasse 'n weg moet vind om vreedsaam en voorspoedig saam te leef (Botha, 2000:147). Dié bestaansprobleem vloei voort uit kultuurbotsings wat indirek met die verskil in identiteit en ruimtebelewenis te make het. Hierdie tema waaraan Joubert in haar meer as veertig jaar van skryf getrou bly, word omskryf as 'n "medemenslikheid in die saambestaan van verskillende kulture binne een grondgebied" (Botha, 2000:147).

Joubert het dus van vroeg in haar skrywersloopbaan reeds hierdie bewustheid van kultuurverskille en -verhoudinge gehad, en in en deur haar romans probeer sy sin maak daarvan. In *Die swerfjare van Poppie Nongena, Bonga* en sommige gedeeltes in *Die reise van Isobelle* kom hierdie medemenslikhieid duidelik tot uiting. Op 'n vraag na hoe Elsa Joubert (soos haar vrouekarakters) haar eie identiteit (probeer) vind en probeer sin maak van die gebeure om haar, antwoord sy: "Deur daaroor te skrywe. En deur die proses... my onsekerte te omskep in 'n nuwe sekerheid. Bevryding en eie identiteit in die woord..." (Botha, 2000:148).

2.2 FEMINISME

2.2.1 Agtergrond

In hierdie gedeelte word 'n oorsig van die feminisme gegee. Die terrein is baie wyd en sou 'n hele studie kon beslaan, maar hier word hoofsaaklik gefokus op aspekte van die feminisme wat op Elsa Joubert van toepassing is.

Teen ongeveer 1895 is die term 'feminisme' die eerste keer in die pers gebruik. Dit het ontstaan na aanleiding van jong onafhanklike vroue wat die patriargale situasie van daardie tyd begin bevraagteken het – 'n 'nuwe' vrou het ontwikkel, en die redes hiervoor was waarskynlik die industrialisasie en verbeterde kommunikasie-moontlikhede waartoe die vroue toegang verkry het. Hierdie 'nuwe' vroue het ander idees ontwikkel rakende seks en die huwelik, en hulle het besef dat vroue minder afhanklik moet wees en aktiewer in die samelewing moet optree. Volgens hierdie vroeë feministe het dit tyd geword dat die vrou haar eie besluite moet begin neem; daar is geveg vir beter onderwys vir meisies en verbeterde posisies vir die vroue ten opsigte van egskeiding en besittings (ANON, 2001).

In die negentigerjare van die twintigste eeu ontstaan doelgerigte aktiwiteite om die vrou se posisie te verbeter, ook in Suid-Afrika waar dit regeringsbeleid is dat gelyke regte en geleenthede aan vroue gegee word. Suid-Afrika is deesdae 'n land waarin vroue hoë posisies in die politiek, opvoeding en sakesektor beklee. Volgens Van Niekerk (1993:70) word daar tans aanvaar dat die graad van vryheid in elke samelewing gemeet kan word aan die vroue se posisie in die betrokke samelewing. Omdat die letterkunde tematies aansluit by samelewingsverskynsels, is dit dus nie verrassend nie dat die feministiese literatuur oor die laaste jare (ook in Suid-Afrika) opgebloei het (Smuts, 1996:13).

2.2.2 Teorieë oor die feminisme

De Jong (1992:123) beskryf *feminisme* as 'n term wat verwys na praktyk en teorie wat gesentreer is om en gemik is op die erkenning van die onderdrukte posisie van die vrou en die herstel van haar regte op alle ekonomiese, politieke en kulturele terreine (die kunste, die letterkunde en die wetenskap). Daar word ook beweer dat feminisme meer spesifiek verwys na aktivisme, bewegings of ideale wat die stryd opneem vir die gelyke regte **van** die vrou terwyl daar **as** vroue opgetree word. Volgens die hedendaagse tendense kan mans ook as feministe kwalifiseer, omdat die feminisme fokus op die praktiese verandering van die posisie van die vrou, soos gelyke stemreg, akademiese gelykheid, kerklike gelykheid, gelyke werks- en bevorderings-geleenthede, diensvoorwaardes en betaling ensovoorts (De Jong, 1992:124).

In die loop van die twintigste eeu het die feministiese beskouinge op vele terreine 'n invloed gehad, en veral in die literatuur en die literêre teorie sterk tot uiting gekom. Daarom kan die feminisme nooit eng gesien word nie. Dit neem baie vorme aan en ontwikkel baie vertakkinge. In hierdie studie sal egter hoofsaaklik gefokus word op die literêre aspekte van die feminisme.

Volgens Van Niekerk (1993:69) blyk dit dat die eerste fase van moderne feministiese kritiek (ongeveer 1890-1900) gerig was op die blootlegging van die patriargale inslag wat taal en letterkunde oorheers het, terwyl die tweede fase die betekenis en waarde van skryf deur vroue beklemtoon het. 'n Voorbeeld van die eerste fase van feministiese kritiek is: "The gender ideology most often detected in generic fiction is extremely conservative, stereotyping women into the role of virgin or whore, and as the object of a quest or adventure, not the subject." (Cranny-Francis soos aangehaal deur Curti, 1998:35.) Gekonfronteer deur so 'n ideologie was dit geen wonder nie dat feministiese skrywers gedwing is om hierdie verloorsituasie op hul eie manier te hanteer. Hulle het dit hanteer deur aandag te gee aan die manier waarop vroue en geslagsverhoudings gerepresenteer word, en dit dan te verander.

Omdat die feminisme so uiteenlopend van aard is en somtyds verwarrend kan wees, word daar 'n definitiewe onderskeid getref tussen "feminine", "feminist", of "female" as vorme van vroulike selfhandhawing. Hierdie drie modusse van feminisme het ook histories opeenvolgend ontwikkel. Volgens Van Niekerk (1991:45) word "feminine writing" geproduseer wanneer vroue poog om die intellektuele prestasies van mans te ewenaar "en terselfdertyd manlike vooroordele ten opsigte van die vroulike natuur (te) internaliseer". "Feminist writing", daarteenoor, verwerp die eerste stelling en dramatiseer die onderdrukking van vroue. "Female writers" verwerp beide nabootsing en protes – albei vorme van afhanklikheid – en wend hulle tot die vroulike ondervinding as die selfstandige en geldige bron van die kuns. In die analise en interpretasie van *Die reise van Isobelle* asook die ander gekose romans sal aangetoon word dat Elsa Joubert as 'n "female" skryfster beskou kan word.

Die vraag kan gestel word of daar werklik 'n verskil tussen vroulike en manlike skrywers is; waarom kan Joubert as 'n *female* skrywer bekend staan? Brink (soos aangehaal deur Van Niekerk, 1999:306) antwoord: "...(S)elfs vir beskouers wat

huiwerig is om hulle te verbind tot die aanvaarding van 'n *sintaktiese* neerslag van vroulikheid, bestaan die *ideologiese* grondslag van die vroulike blik en belewenis in die literatuur teen dié tyd bo alle twyfel". Feministiese literatuurkritici beweer ook dat 'n tipies vroulike skryfwyse ("ecriture feminine") bestaan wat van die pragmaties ingestelde manlike skryfwyse verskil op grond van 'n gevoeligheid vir die fundamentele veelvoudigheid, onbepaaldheid en betekenisrykdom van taal (Marais, 1988:31). Die aard, opvoeding, sosiale milieu en geslag van die skryfster sal, volgens Kossick (1993:83), haar ingesteldheid teenoor die werk (karakters, handeling ens.) beïnvloed.

In aansluiting by Kossick sê Lee (1997:2) dat "the female experience, as it relates to texts, only occurs in the feminine subjectivity of the reading process". Uit hierdie twee argumente kan 'n mens aflei dat die skryf en lees van 'n teks, vanuit 'n vroulike oogpunt bekyk, belangrik is en wel die teks sal beïnvloed. Daar bestaan iets soos 'n vroulike belewenis in die literatuur – geen vrou kan haar geslag aflê en byvoorbeeld vanuit 'n man se oogpunt daarna kyk nie.

'n Feministiese inslag of 'n vroulike belewenis of visie kan ook in werke met 'n wyer tematiek voorkom. *Die reise van Isobelle* kan byvoorbeeld as historiese roman, familieroman, politieke roman en as feministiese teks gelees word (Smuts, 1996:13). Dié roman dek die geskiedenis van vier geslagte van 'n familie oor 'n honderd jaar heen, wat strek van die einde van die vorige eeu tot na die algemene verkiesing van 1994. Dit groei uit tot 'n panoramiese blik op 'n groot en belangrike segment uit die voortskrydende gang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis (Smuts, 1996:16).

In die feministiese teks self is daar sekere temas wat na vore tree, naamlik teenkanting teen patriargale onderdrukking, bewustheid van die vroulike liggaam en 'n groter bewustheid van geslagspolitieke vraagstukke. Coetzee (soos aangehaal deur Hunter, 1990:1) noem dat drie baie belangrike genres onder wit Suid-Afrikaanse vroueskrywers onderskei kan word, naamlik "narratives of exploration and travel, pastoral novels, and landscape poetry". Vir Marais (1988:32) is daar ook drie aspekte wat in feministiese literatuur belangrik is, naamlik die vrou se verhouding tot die mans in haar lewe (pa, broers en/of eggenoot), hoe sy haar eie seksualiteit ervaar en wat haar siening omtrent moederskap is. Kossick (1993:86) onderskei 'n reeks temas in die werke van hoofsaaklik feministiese skrywers, en dit sluit in die reismotief, sosiale

reformasie, medisyne, seksualiteit, kinderwelsyn, onderdrukking, joernalistiek, politiek en die kunste wat gerepresenteer word.

Uit al bogenoemde temas kan 'n patroon herken word – vroue skryf hoofsaaklik oor reis, natuur, politiek, seksualiteit en die verhouding met ander. Hierdie temas hou verband met die twee 'hooftemas' van hierdie studie, naamlik identiteit en ruimte.

2.2.3 Die invloed van die feminisme

Sedert die sestigerjare van die twintigste eeu vestig die feministiese literatuurkritiek die aandag op die vrou as outeur en as romanpersonasie in die kritiek en in die literatuurwetenskap. Vanaf die sewentigerjare het stereotiepe beelde en verkeerde representasies van die vrou in die patriargale samelewing onder die spervuur gekom, asook die "division, oppression, inequality, and interiorized inferiority of women" (Lee, 1997:1). Hierdie denke het die bewuste feministiese kritiek waaruit 'n vroulike estetika ontwikkel het, ingelui (Lee, 1997:1). Dit het daartoe gelei dat 'n uniek vroulike (feministiese) bewussyn en tradisie in die literatuur tot stand gekom het – 'n verheerliking van die intuïtiewe vroulike benadering tot die interpretasie van vrouetekste. Die feministiese literatuurkritiek is egter, soos die historiese/praktiese feminisme, nie 'n enkelvoudige opvatting of beweging nie, maar omvat as dinamiese wetenskap verskeie rigtings en toepassings (Marais, 1988:31).

Hierdie verskeidenheid rigtings en benaderings binne die feminisme is dalk een van die negatiewe aspekte daarvan. Om jouself 'n feminis te noem, kan dus verskeie dinge beteken. Daar is meningsverskille en oorvleueling tussen die meeste van die sogenaamde 'feministiese' groepe. Moore (2001:1) onderskei veertien verskillende groepe, waarvan slegs vyf hier uitgelig gaan word. Myns insiens is kulturele feminisme, individualistiese feminisme, liberale feminisme, matige feminisme en radikale feminisme die belangrikste vir die doel van hierdie studie.

2.2.4 Soorte feminisme

'n Oorsig oor die verskillende vorme van feminisme en die spesifieke aksentplasings daarin toon die groot verskeidenheid opvattings wat onder die feminisme tuisgebring

kan word. **Radikale feminisme** is die grondslag (en die begin van die idees) vir die res van die verskillende feministiese groepe. Die rede waarom hierdie groep 'radikaal' genoem word, is dat hulle die onderdrukking van vroue as die mees fundamentele vorm van onderdrukking beskou – een wat deur al die grense van ras, kultuur en ekonomiese klas sny. Dit is 'n beweging wat revolusionêre verandering probeer bewerkstellig en ook op geslagsrolle fokus (Moore, 2001:4).

Toe radikale feminisme in die laat-sewentigerjare van die twintigste eeu as 'n beweging begin uitfaseer het, het **kulturele feminisme** oorgeneem. Vroue het pessimisties geword omtrent die moontlikheid van sosiale verandering en hulle het begin aandag gee aan die ontwikkeling van alternatiewe moontlikhede. Hulle het besef dat hulle nie die samelewing kan verander nie, maar dat hulle die probleme wel in sekere opsigte kan vermy. Waar radikale feminisme probeer om die samelewing te transformeer, poog kulturele feminisme om met die transformasie saam te beweeg en 'n vroulike kultuur te bewerkstellig. Kulturele feminisme het in wese verhoogde respek teweeggebring vir wat tradisioneel as 'vroulik' afgemaak is. Die opvatting dat vroue inherent goedhartiger en teerder as mans is, is een van die grondslae van kulturele feminisme (Moore, 2001:3).

Die term **individualistiese feminisme** word gebruik om te verwys na filosofieë wat primêr fokus op individuele selfbestuur, regte, vryheid, onafhanklikheid en verskeidenheid. **Liberale feminisme** werk in die struktuur van die toonaangewende samelewing om vroue juis in die struktuur te integreer. Dit gaan hier hoofsaaklik om die gelykheid vir vroue. **Matige feminisme** word merendeels deur jonger vroue ondersteun (asook vroue wat nog nie direk met diskriminasie in aanraking gekom het nie). Hierdie groep sal heel moontlik feministiese idees voorstaan, maar weier om feministies genoem te word. Laasgenoemde hou verband met liberale feminisme, maar bevraagteken die behoefte aan enige verdere stryd. Radikale feminisme is volgens hulle nie meer uitvoerbaar nie en raak nou eintlik 'n verleentheid (Moore, 2001:4).

Aspekte van al hierdie soorte feminisme kan in een persoon se siening of reaksies voorkom, omdat die verskillende soorte feminisme in mekaar vloei. Elsa Joubert (en haar karakters) vertoon onderskeidelik in mindere en meerdere mate aspekte van vier

soorte feminisme, naamlik kulturele, individualistiese, liberale en matige feminisme. In haar romans word gepoog om die posisie van die vrou te verander sonder om die man se belangrike posisie in die vrou se lewe te ignoreer, soos later in die teksanalises aangetoon sal word.

2.2.5 Feminisme in Suid-Afrika

Volgens De Jong (1992:127) is daar geen spesifiek Afrikaanse feministiese beweging in die literatuur as dit vergelyk word met die Suid-Afrikaanse Engelstalige wêreld nie, en daar bestaan geen Afrikaanse feministiese literêre tradisie nie. Dit kan (volgens De Jong) miskien teruggevoer word na die Britse imperialisme, met die opkomende Afrikaner-nasionalisme en onderliggende rassisme. Die geskiedenis het 'n konteks daargestel waarin blanke Afrikaanssprekende vroue afgesonder is van hulle Engelse tydgenote en hoër gestel is as swart Suid-Afrikaanse vroue.

Die vraag is egter of hierdie afgesonderde konteks nie dalk juis sekere Afrikaanse vroue (skrywers) aangespoor het om hulle sienings teenoor die bestaande regime weer te gee en daaroor te skryf nie? Myns insiens kan daar nie beweer word dat geen Afrikaanse feministiese beweging in die literatuur bestaan nie, al is dit wel 'n baie kleiner 'beweging' as in die Engelse literatuur. Daar is 'n hele aantal vroueskrywers wat selfs reeds voor 1990 in die Apartheidsjare sterk na vore getree het en hulle sienings en werke is nie altyd ewe goed ontvang nie. Hier dink ek spesifiek aan Antjie Krog, Wilma Stockenström, Jeanne Goosen, Rachelle Greef, Riana Scheepers, Dalene Matthee en ook Elsa Joubert.

Die afsondering van Afrikanervroue het tot en met die sewentigerjare die raamwerk gevorm wat die verdeeldheid tussen die vroue van Suid-Afrika veroorsaak het (Van Niekerk, 1993:73). Van Niekerk sê ook dat meer en meer skryfsters wel in toenemende mate die leefwêreld en gevoelens van die vroue verwoord, maar dit bied (in die Afrikaanse letterkunde) byna uitsluitlik perspektief op die leefwêreld van die meer gegoede vrou met naskoolse opleiding.

In teenstelling met die algemene feministiese bewussyn bestaan 'n Suid-Afrikaanse lokaal-politieke feminisme wat verskil van die populêre Europees-Westerse feminisme.

Hier protesteer die vrou as vrou téén die onderdrukking van mans en vroue binne 'n spesifieke politieke situasie. Hierdie tendens kan ook as onfeministies beskryf word, hoewel daar 'n opmerklik sterker en bewuste aandag vir die vrou as vrou opgeëis word (De Jong, 1992:127). Voorbeelde van die lokaal-politieke feminisme in Suid-Afrika is Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Ons wag op die Kaptein, Kroniek van Perdepoort* (Anna M. Louw), en *Die vrou en die bees* (Berta Smit). Dit wil dus voorkom of die goed opgeleide Afrikaanse vrou (skryfster) nie so 'n sterk ontwikkelde feministiese ingesteldheid soos haar Europese en Amerikaanse eweknieë het nie. Suid-Afrika het dus 'n eiesoortige feminisme, en hoe dit tot uiting kom in die werke van Elsa Joubert (deur die aspekte van identiteit en ruimte) sal in hierdie studie ondersoek word (De Jong, 1992:127).

2.3 FEMINISME EN DIE REPRESENTASIE VAN IDENTITEIT

2.3.1 Die vrou as *die ander* teenoor die man as norm

'n Groot gedeelte van die feministiese kritiek is gemoeid met die konsep *identiteit*, want vir die feminisme is die konsepte *self* en *ander* baie belangrik. Dit word in die meeste gevalle uitgebeeld in terme van sentraliteit en grensgebiede; die vrou word grootgemaak en leef in 'n manlik-georiënteerde, hoofsaaklik heteroseksuele samelewing. Volgens De Beauvoir (soos aangehaal deur Marais, 1988:38) is een van die redes vir die vrou se onderhorigheid aan die man daarin geleë dat haar liggaam fisiek swakker is as die manlike liggaam. Sy sal dus altyd minderwaardig teenoor die man voel omdat hy fisiek sterker as sy is.

Omdat die man die norm en die manlike die maatstaf is, is die vrou per definisie anders, afwykend van die norm (Marais, 1988:32). Sy is die Ander, en haar identiteit is en word gevorm deur haar verhouding met mans: haar pa, broers en oupas in haar jeug en, as volwassene, deur haar verhouding met haar man. Miller (soos aangehaal deur Marais, 1988:32) beweer: "The men in women's novels are not just men, but men seen from a woman's perspective. That is an essential perspective because it can supply us with an outsider's vision of a culture." Hy vervolg: "...(M)en are to be found in women's novels as they are to be found in women's heads and histories:

equivocally. They are ourselves, our protectors, our representatives and our opponents." Dit sal dus interessant wees om na te gaan hoe vroueskrywers soos Joubert haar vrouekarakters uitbeeld in die lig van die Ander – hoe word haar (die vrouekarakter) se identiteit beïnvloed en gevorm deur die mans in haar lewe? In Hoofstuk 6 word die verband tussen die vrouekarakter se identiteit en die manlike verhoudings in haar lewe in diepte ondersoek en geanaliseer.

Luce Irigaray (soos aangehaal deur Curti, 1998:24) glo dat die konsep *ander* sleg in die Westerse tradisie geformuleer is, omdat die *ander* altyd gesien word as die ander van die subjek op sigself, en nie as 'n geheel en al ander subjek nie. Irigaray weier nie om as deel van die *ander* geslag gesien te word nie, maar vra om *apart van* die manlik-politieke subjek gesien te word en nie slegs as 'n spieëlbeeld daarvan nie. Volgens De Jong (1992:126) beveg die eietydse feminisme aanvanklik die reduksie van die vrou in terme van 'n biologiese identiteit en beklemtoon haar andersheid as bewys van gelykheid met die man. Andersheid as verskil is die basis vir 'n nuwe, outentieke vroue-identiteit en maatskaplike verandering. Dit beteken 'n verwerping van die fallosentrisme – die psigoanalitiese begrip wat verwys na die vooropstelling van die manlike seksualiteit vir die bepaling van die vroulike seksualiteit.

Direk in teenstelling hiermee is De Beauvoir se siening (soos aangehaal deur Marais, 1988:38): "...(H)eterosexuality does inevitably oppress women. However favourable a woman's material situation, however pro-feminist the man, the very nature of heterosexuality carries with it inescapable consequences of male domination and female submission." As Elsa Joubert se vrouekarakters met hierdie sienings in gedagte ondersoek word, ontstaan die volgende vrae: Laat Joubert se vrouekarakters toe dat die mans in hul lewens hulle oorheers? Hoe beeld Joubert hierdie oorheersing en die vrouekarakters se teenkanting daarvan uit, indien daar enigsins teenkanting was? Hierdie vrae sal in Hoofstuk 6 beantwoord word – daar sal in diepte ondersoek word of die vrouekarakters konformeer met of rebelleer teen die verandering of beïnvloeding van identiteit wat uit hul verhoudings met mans voortkom.

2.3.2 Die essensiële identiteit van die vrou

Van Niekerk (1993:71) stel voor dat die feminisme wegbeweeg van die konseptuele raamwerk wat *identiteit* slegs sien in die lig van die verskil van die *ander*. Die onderlinge verhoudings tussen verskillende identiteite moet eerder raakgesien word, met ander woorde daar moet eerder gefokus word op mense (vroue) se talryke verhoudings onder mekaar (dinge wat hulle met mekaar gemeen het) met betrekking tot politiek en stryd. Alhoewel daar ooreenkomste sal wees, sal baie verskille ook voorkom. Hierdie verdeeldheid van sienings en identiteit is dan net een van die dinge wat vroue met mekaar gemeen het, "that and not being men" (Marais, 1988:32). Die hedendaagse vrou het toenemend met hierdie verdeeldheid te make, asook met die eeue-oue vraag oor die sogenaamde "ware" of "essensiële" identiteit van die vrou.

Die vermoë tot baring is vanselfsprekend 'n ander belangrike, gemeenskaplik vroulike eienskap wat met haar seksualiteit en moederskap saamhang. Volgens Marais (1988:34) glo resente feministe juis dat die vrou se krag in haar vroulike seksualiteit en vermoë tot voortplanting lê, en dit impliseer dat sy 'n sekere 'mag' oor die man het. Dit is waarskynlik seker die vrou se oudste wapen of bewapening en die een wat deurlopend daar was.

2.4 POSTMODERNISME

2.4.1 Algemene kenmerke

Die term *postmodernisme* is na die Tweede Wêreldoorlog aangewend om 'n nuwe rigting in die kunste en letterkunde te beskryf, maar dit het eers werklik in die omgewing van die tagtigerjare as 'n stroming in akademiese dissiplines begin funksioneer. Dit volg op en hou verband met die modernisme, maar is meer ekstreem en daar is ook heelwat duidelike verskille tussen die strominge. Postmodernisme betreur nie die fragmentasie of inkoherensie van die hedendaagse samelewing en teorieë soos die modernisme dit doen nie, maar verheerlik dit eerder.

Postmodernisme verwerp die grense tussen hoë en lae vorme van kuns, dit verwerp rigiede genre-onderskeidings en beklemtoon parodie, ironie en spelerigheid. Postmodernisme gee voorkeur aan refleksiwiteit, fragmentasie, dubbelsinnigheid, selfbewustheid, onderbreking en 'n beklemtoning van die destruktiewe, gedesentreerde en gedehumaniseerde subjek (Klages, 1997).

Die postmodernisme is ook in wese kritiek op 'meta-narratiewe' (*grand narratives*) en verkies 'mini-narratiewe', wat impliseer dat lokale gebeurtenisse voorkeur geniet bo grootskaalse, universele of globale gebeurtenisse. Hierdie mini-narratiewe is altyd situasioneel, provinsiaal, wisselvallig en temporeel, en maak nie staat op universaliteit, waarheid, stabiliteit of rede nie (Klages, 1997). Dit is waarom daar van Christenskap, Wetenskap, Demokrasie, Kommunisme en vooruitgang wegbeweeg word en 'n radikale desentralisasie van die kulturele sfeer plaasvind.

Weens die era van massaproduksie waarin ons nou leef, verwerp die postmodernisme ook die kultus van oorspronklikheid. Die brokkies en dele van ouer kunswerke word saamgevoeg en gebruik om 'n nuwe of 'oorspronklike' kunswerk te produseer; dit oorskry dus die tradisionele grense van 'oud' en 'nuut' (Keep *et al.*, 2000). Hierdie stelling hou verband met "faksie" wat historiese gegewens fiksioneel aanbied, soos in *Die reise van Isobelle, Bonga* en *Ons wag op die Kaptein* wat oorspronklike dokumente (dele van bestaande ouer tekste) gebruik en saamstel om die nuwe kunswerk (die roman) te produseer.

In die postmodernisme word geprotesteer teen geïnstitusionaliseerde tradisionele gedrag, absolutistiese vorme en homogeniteit. Die term *topologiese* veranderlikheid word gebruik om postmodernistiese tekste te beskryf, en dit sluit ook die protes teen 'wettelikheid' in (Müller, 1992:399). Soos reeds genoem, is 'n belangrike aspek in die postmodernisme die oorskryding van grense, en dit impliseer dat die postmodernisme *binne* gebeure staan wat ander gebeure affekteer.

Die oorskryding van grense in die postmodernisme lei tot dekonstruktiewe kenmerke, naamlik onbepaaldheid, ("indeterminacy"), fragmentasie, dekanonisering, ontkenning van geslotenheid, eenheid en die self ("self-lessness, depth-lessness"), en die ontkenning van representasie ("the unrepresentable unrepresentable") (Müller,

1992:398). Die postmodernisme gaan ook hand aan hand met dekonstruksie wat dan weer skakel met die feminisme, soos blyk uit die opmerking van Curti (1998:17) dat "...(D)econstructionist thought is heavily enmeshed in the metaphor of the feminine."

2.4.2 Dekonstruksie en Postmodernisme

Dekonstruksie beklemtoon dat elke manier van lees of verstaan 'n reeks teoretiese aannames voorveronderstel. Selfs 'n soort "natuurlike" metode van lees is op 'n groot hoeveelheid voorveronderstellings gebaseer (Hambidge, 1992:69). Die teks kan nie opsigself as 'waar' of 'met betekenis' gesien word nie, want betekenis is arbitrêr. Omdat betekenis nie vasgepen kan word nie, kan die teks ook nie geïsoleer word tot 'n outonome eenheid nie. Die leser benader die teks met etlike ander tekste – hy/sy word aktiewe produseerder van die teks. 'Teks' en leser beïnvloed mekaar, en hierdie verhouding sal dus die 'betekenis' bepaal. Derrida (soos aangehaal deur Hambidge, 1992:68) verwys ook na die werklikheid as 'n andersoortige teks.

Feminisme hou ook verband met die dekonstruksie in die lig van die verwerping van binêre opposisies. Aspekte wat in die dekonstruksie na vore kom, soos vroulik en manlik, binnekant en buitekant, realiteit en fantasie, geskiedenis en stories, word ook in die feminisme geproblematiseer. Daarom moet die feminisme en die dekonstruksie in ag geneem word by die lees/bestudering van Joubert se romans.

2.4.3 Postmodernisme, dekonstruksie en feminisme

Soos reeds genoem, bestaan verskillende sienings onder kritici wat die belangrikheid van die feminisme as 'n komponent van die postmodernisme benadruk (Curti, 1990:181). Baudrillard (soos aangehaal deur Curti, 1998:17) plaas die vrou in die middel van die postmodernistiese 'heelal':

> What this woman wants, what we all want as objects... is not to be hallucinated and exalted as a subject in her own right, but rather to be taken profoundly as object, just as she is, with her senseless, immoral, supersensual character... What makes for her power is, on the contrary her triumphal in-difference, her triumphal lack of subjectivity.

Die erkenning van fragmentasie en meervoudigheid van die postmodernisme trek ook dan juis die 'liberals' en die 'radicals' se aandag; dit is in 'n mate ook 'n rede waarom die postmodernisme so aantreklik vir feministe is (Klages, 1997).

2.4.4 Postmodernisme en die letterkunde

Volgens Müller (1992:399) verval die duidelike afbakening van grense in die postmodernisme, en hierdie oorskryding van grense in postmodernistiese fiksie bring die *topologiese integrasie van die geskiedenis* mee. Historiese grense word oorskry, verlê of oor mekaar geplaas, of geskiedenis en die fantastiese word met mekaar geïntegreer. Benewens hierdie belangstelling wat bestaan in die literêre bewerking van historiese materiaal, is die postmodernisme se belangstelling ook die naspeur van die persoonlike verlede soos wat in herinneringsromans gebeur.

Postmodernistiese vernuwing kom onder meer na vore in 'n eksplisiete refleksie op die speurtog na die verlede, of in parodiërende bewerkings van die historiese materiaal (Wesseling soos aangehaal deur Smith, 1998:8). Die literêre bewerking van historiese materiaal kan duidelik in die werke van Elsa Joubert gesien word, byvoorbeeld in *Bonga* waar sy met die leser praat oor 'n gebeurtenis wat lank terug plaasgevind het. *Ons wag op die Kaptein* is gebaseer op 'n werklike gebeurtenis, maar bevat tog ook 'n mate van fiksionalisering; en in *Die reise van Isobelle* word 'n hele geskiedenis gerepresenteer tot op hede terwyl daar ook sprake is van 'n eie persoonlike verlede en familiegeskiedenis wat in dié verhaal tot uiting kom.

2.4.5 Postmodernisme en die historiese roman

In die postmodernistiese denke verander die siening van die geskiedenis radikaal. Die geskiedenis is nie meer 'n sinvolle totaliteit en deel van God se totale raadsplan soos eeuelank in die Westerse tradisie aanvaar is nie, maar word gesien as 'n 'bodemlose bron', iets onsamehangends en onoorsigtelik (Wesseling soos aangehaal deur Smith, 1998:9). Die feit dat geen vastigheid of absolute sekerheid ooit binne die literêre teks gekry kan word nie, dui op 'n metahistoriese benadering. Dit impliseer dat die historiese roman ontwikkel "van 'n middel ter verspreiding van historiese kennis tot 'n

kommentaar op die (on)moontlikheid met betrekking tot die verwerwing van historiese kennis" (Smith, 1998:9). Laasgenoemde stelling impliseer dat dit volgens die postmoderniste onmoontlik is om slegs 'n feitelike roman te skryf, omdat die geskiedenis nie die waarheid is of kan wees nie.

Vir Jameson (soos aangehaal deur Smith, 1998:15) kan die historiese roman ook nie die historiese verlede representeer nie; dit kan slegs heersende idees oor stereotiepe voorstellings van die verlede weergee. 'n Direkte blik op die 'werklike' wêreld is onmoontlik en die verlede kan slegs deur middel van denkbeelde benader word – die geskiedenis bly dus buite bereik. Vir die gebrek aan 'n uitgebreide ervaring van die verlede word daar in die postmodernisme gekompenseer deur te fokus op 'n intense belewing van die hede.

Die historieseromanskrywer wil nie 'n betroubare beeld gee van die geskiedenis nie, maar wil eerder die probleme wat met die bepaalde onderneming gepaard gaan, na vore bring. Elsa Joubert probeer nie voorgee dat die gedeelte oor Isobelle en die simboliese fakkelloop in *Die reise van Isobelle* 'n presiese optekening van die geskiedenis is nie, alhoewel dit deels op persoonlike ondervinding berus: "Ek het dit nie uit my duim gesuig nie. Ek het self aan die fakkelloop tydens die simboliese Ossewatrek in 1938 deelgeneem; dit was 'n geweldige emosionele opstuwing. Die persone in die roman wat dié dinge beleef, is egter fiktief." (Wasserman, 1996:5.)

Postmodernisme lewer kritiek op sowel die skryf as die maak van geskiedenis. Albei aktiwiteite word veroordeel as die gedwonge ordening van 'n ordelose, of veelvormige historiese werklikheid (Smith, 1998:9). Smith glo dat die transformasie van hierdie chaos in die orde van die historiese betoog die werk van 'n bedrieër sou wees.

Dit is volgens die postmodernisme 'n wanbeskouing dat die geskiedenis 'n ordelike proses is; sekere romanskrywers veroorloof hulle die vryheid om geskiedkundige feite na willekeur te verander. Joubert verander nie na willekeur alle 'geskiedkundige' feite nie, maar sy bevraagteken tog die legitimiteit van sekere aspekte van die aanvaarde geskiedskrywing. In 'n tersyde opmerking direk gerig aan die leser, erken die verteller dat die besonderhede omtrent 'n owerspelige verhouding tussen Irma Greylinck en die destydse Franse konsul in Pretoria fiktief is, maar beweer dan ook dat daar wel

dokumentasie uit 1901 bestaan wat die moontlikheid daarvan ondersteun (*Die reise van Isobelle*, 1995:21).

Die geskiedenis speel (soos reeds bewys) 'n belangrike rol in die meeste van Joubert se verhale. Die gegewens stem ooreen met die gegewens in geskiedenisboeke soos *Geskiedenis van Suid-Afrika* en *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Smith, 1998:52). Joubert se herskepping van die geskiedenis skep 'n baie sterk werklikheidsillusie en besit geloofwaardigheid. Veral die Anglo-Boereoorlog, die Groot Griep en die 1994-verkiesing word baie getrou in *Die reise van Isobelle* uitgebeeld. Die effek van hierdie gebeurtenisse bring mee dat die metafiksionele eienskappe van die teks opnuut na vore gebring word en dat dit die leser bewus maak daarvan dat hy met 'n **representasie** van die verlede te doen kry.

Nog 'n aspek van die geskiedenis en postmodernisme is die vermoë van postmodernistiese skrywers om 'n bydrae tot politieke verandering te lewer. Sommige kritici erken dat die geskiedenis besondere aandag onder postmoderniste geniet, maar hulle is krities oor die postmoderniste se vermoë om protes aan te teken teen politieke en sosiale ongeregtighede, iets wat 'n belangrike strewe by skrywers behoort te wees (Smith, 1998:14).

Die vraag kan gestel word of Joubert protes teen ongeregtighede in die wêreld en dan meer spesifiek ons eie land aangeteken het. Haar romans beteken veel meer as net die 'storie' wat vertel word. Sy is voortdurend op soek na 'n simbool of manier om 'n boodskap oor te dra. Dit is die geval met *Ons wag op die Kaptein*, *Die reise van Isobelle* en dan veral *Die swerfjare van Poppie Nongena* wat al beskryf is as 'n boek wat die denkwyse van die Afrikanervolk verander het. Myns insiens is Joubert een van die Afrikaanse skrywers wat wel protes teen die bestaande regime aangeteken het (met sommige werke meer subtiel as ander). Joubert se 'protes' sal later meer uitvoerig behandel word; dit kom na vore in haar verskillende karakters en in hoe hulle protes teen die regime uitgebeeld word.

Na aanleiding van die bespreking van die postmodernisme is dit duidelik dat aspekte soos die oorskryding van grense, literêre bewerking van historiese materiaal, die

wedersydse invloed tussen die teks en die leser asook die bydrae van die skrywer tot politieke verandering belangrik is in die bespreking van Joubert as skrywer.

2.5 NEW JOURNALISM

New Journalism (ook bekend as New Fiction) en faksie is benaminge vir 'n kontemporêre stroming waarin joernalistieke materiaal in die wydste sin weergegee word in die vorm van fiksie (Van Coller, 1992:342). Die dokumentêre roman is 'n tipiese voorbeeld hiervan, soos Foley (soos aangehaal deur Van Coller, 1992:342) dit stel: "It locates itself near the border between factual discourse and fictive discourse, but it does not propose an eradication of that border. Rather, it purports to represent reality by means of agreed-upon conventions of fictionality, while grafting onto its fictive pact some kind of additional claim to empirical validation."

2.5.1 Agtergrond / Geskiedenis

In die afgelope twee dekades het die term *New Journalism* ingeburger geraak as een van die beskrywings van 'n revolusionêre verskuiwing in die verhalende prosa sedert die jare sestig. Verskeie persone het invloedryke teorieë ten opsigte van die New Journalism ontwikkel, maar volgens Van Coller (1992:434) is Hellman een van die invloedrykstes. Sy benadering is in wese pragmaties en verreken die belangrike "kontraktuele" verhouding tussen skrywer en leser wat in marginale tekssoorte van die grootste belang is. Hellman definieer New Journalism as 'n kombinasie van "the unique credibility of journalism with the self-reflexive patternmaking of fabulist fiction..., it deals with fact through fable, discovering, constructing, and self-consciously exploring meaning beyond our media-constructed 'reality', our 'new'".

Die eerste invloedryke persoon wat met hierdie styl geëksperimenteer het, is Truman Capote. In 1965 word *In Cold Blood* in *The New Yorker* en daarna in boekvorm gepubliseer (Beukes, 1982:131). Hy vertel die ware verhaal van 'n moord op 'n welgestelde boeregesin in die VSA, maar dit is sy werkswyse wat hier van belang is. Hy het deeglike navorsing gedoen en onder andere onderhoude met die moordenaars

in die tronk gevoer. Capote het egter bewerings dat sy werk as blote joernalistiek afgemaak kan word, ten sterkste ontken.

Ook in 1965 verskyn George Steiner se opstel *The Pythagorean Genre* waarin hy beskryf in watter dilemma die roman verkeer. In Engeland het statistieke daarop gedui dat fiksie al hoe minder gelees word ten gunste van geskiedskrywing, biografie ensovoorts. "In its endeavour to excite and hold our interest, the novel now has to compete with media of dramatic presentation far more 'authentic'." (Steiner soos aangehaal deur Beukes, 1982:132.)

Tom Wolfe is ook een van die kenners van die New Journalism; hy het verskeie essays daaroor geskryf. Dit is vir hom eerder 'n geval van tegniek as van feitelikheid, en die vier temas wat hy uitlig, is "scene-by-scene construction; resorting as little as possible to sheer, historical narrative; lots of dialogue; a marked point of view within the story, often not that of the narrator but that of a character, reconstructed from tapes or interviews or letters or diaries; and the recording of details of what Wolfe calls 'status life'" (Wood, 1973:1). Wolfe het hierdie essays reeds ongeveer 1973 geskryf, en baie van die sieninge van New Journalism het intussen verander, maar daar kan nog steeds baie ooreenkomste gesien word. Hy is 'n aanhanger van New Journalism omdat hy 'n probleem ondervind met die ou joernalistieke tegnieke van kulturele objektiwiteit en ook met die roman se mites en fabels. Die New Journalism lê vir hom tussen hierdie twee pole.

New Journalism het dus ontstaan nadat daar teen die tradisionele joernalistiek met sy 'objektiwiteit' in opstand gekom is, en op grond van 'n soeke na persoonlike perspektief. Wat egter belangrik is (volgens Van Coller, 1992:343), is dat dit nie bloot vermenging van feite en fiksie is nie, maar 'n poging om die vryheid van fiksie te versoen met die feite van joernalistiek. Daarom word dikwels gepraat van en gestreef na die 'groter waarheid' en betroubaarheid. Een van die belangrikste kenmerke is die beweging van onskuld na ervaring na gelang die skrywer die misterie wat agter die oppervlak skuil, naspeur.

Alhoewel daar teen die ouer joernalistiek se objektiwiteit in opstand gekom is, is daar nog steeds New Journalists wat streef na soveel objektiwiteit moontlik. Tony Seed ('n

redakteur in die New Journalism) glo dat objektiewe realiteit (die waarheid) net een kant van 'n saak is, en dat daar verskillende interpretasies van daardie realiteit is (Cleary, 2000:2). Hierdie 'interpretasie' is dan tog die skrywer se siening van die groter waarheid waarna verwys word. Myns insiens is dit dan die tema van die verhaal – daar skuil 'n dieper betekenis agter die feite wat weer in die vorm van fiksie aangebied word. Al is *Ons wag op die Kaptein* byvoorbeeld gebaseer op feitelike gegewens, het Joubert hierdie realiteit gebruik in die uitbeelding van die menslike dilemma te midde van politieke stryd.

2.5.2 Kenmerke van New Journalism

Volgens Beukes (1982:132) is die belangrikste onderskeidende kenmerke van die New Journalism die volgende romantegnieke: realistiese dialoog, bewussynstroom en dramatisering in die aanbieding van outentieke materiaal. 'n Ander opvallende kenmerk van die werkswyse wat die eksponente van hierdie rigting volg, is om die mense waaroor geskryf word, meer intiem te leer ken: "Die verslaggewer beweeg as't ware binne-in die bestaan van die karakter: hy slaan hom in sy werkkring gade, maar ook in die intieme sfeer van sy huis, te midde van gesins- en familielede en van sy vriendekring." (Beukes, 1982:133.) Hierdie kenmerk kan duidelik in *Die swerfjare van Poppie Nongena* gesien word. Joubert het al Poppie se doen en late, haar werkswyse, haar lief en leed, haar familie en vriende, met ander woorde haar intiemste handelinge en denke neergeskryf. Dit impliseer dat die skrywer 'n omvattende kennis van die geskiedenis moet hê, want die verhaal moet ten minste geloofwaardig voorkom. Smuts (soos aangehaal deur Smith, 1998:51) beweer: "Wanneer 'n skrywer daarin slaag om die tydsgees oortuigend te herskep, maak hy of sy dit vir die leser moontlik om in die mens van watter tyd ook al die universeel menslike raak te sien."

In 'n gesprek met Greeff (soos aangehaal deur Smith, 1998:51) het Joubert erken dat sy navorsing doen om seker te maak dat die basiese feite in haar werk reg is. Dit beteken nie dat die gebeure die waarheid moet wees nie, maar dít wat opgeteken is, moet darem die feite reflekteer sodat 'n werklikheidsillusie geskep kan word. Veral die Victoriaanse tyd word in *Die reise van Isobelle* baie helder voorgehou, Joubert moes baie gelees het oor die geskiedenis van daardie tyd om so geloofwaardig oor te kom: die Victoriaanse gebruike wat veral weergegee word in die karakters van Grandma en

Issy wat deurgaans Engels praat, die kleredrag wat beskryf word asook die manier waarop hulle praat en optree.

'n Ander aspek van die New Journalism wat ook na die voorbereiding van en navorsing vir *Die swerfjare van Poppie Nongena* deurgevoer kan word, is diepte-onderhoudvoering (Beukes, 1982:133). Om inligting in te samel, gaan die skrywer soos 'n joernalis te werk wat verslag lewer van die gebeure wat voor sy oë afspeel, of hy samel weergawes van getuies in. Dit stel die skrywer in staat om so getrou moontlik inligting te dokumenteer en sodoende *vanuit* 'n situasie eerder as *oor* 'n situasie te berig. Hierdie werkswyse impliseer dat die 'ware' feite die skrywer in staat stel om nie net verslag te lewer nie, maar ook die feite te vertolk. Oor die wyse waarop Joubert met haar romans te werk gegaan het (in hierdie geval spesifiek *Die swerfjare van Poppie Nongena)*, sal in die onderafdeling met die bespreking van *Die swerfjare van Poppie Nongena* verder uitgebrei word.

2.5.3 Die skrywer en New Journalism

Die tipiese skrywer van New Journalism of faksie neem die rol van getuie of speurder aan en "kruip" dikwels "in die vel" van sy/haar onderwerpe in, maar die skrywer self bly op die agtergrond. Laasgenoemde stelling blyk duidelik in *Ons wag op die Kaptein*, waar Joubert 'n storie rondom 'n koerantberig gekonstrueer het. Daar het baie meer agter hierdie koerantberig geskuil as wat die meeste mense vermoed het, en sy het daardie misterie probeer oplos en terselfdertyd 'n waarskuwing aan die samelewing van daardie tyd probeer uitstuur. Die leser weet nie regtig wat die skrywer se opinie is nie, want die skrywer verberg dit. In hierdie soort literatuur bly die skrywers gewoonlik op die agtergrond en is baie diskreet met hulle opinies en ideologieë (Wood, 1973:2).

Volgens Wood is een van die belangrikste kenmerke van New Journalism die klem op die ooreenkoms tussen feit en fiksie. Alhoewel New Journalism gebruik maak van die struktuur, formaat en styl van novelles, kortverhale en romans, suggereer dit nie dat die stories nie waar is nie. Daar word ook nie geïmpliseer dat daar nie meer tussen feite en fiksie onderskei kan word nie, maar wel dat dit nie geskei kan word nie: "What it is suggesting is that fiction is the only shape we can give to facts, that all shapes are fictions." (Wood, 1973:2.) Dit is veral by hierdie sintese van feit en fiksie dat die

skrywer van die dokumentêre roman moet probeer om so geloofwaardig moontlik te wees sodat die werk nie in diskrediet gebring word deur eksplisiete kommentaar en vooroordele nie (Beukes, 1982:137).

Feite en fiksie kan, soos deur Wood aangetoon, en ook deur Van Coller (1992:342), as onlosmaaklik verbonde beskou word. Elsa Joubert se romans *Ons wag op die Kaptein* en *Bonga* kan dien as illustrasie – in 'n mate ook *Die reise van Isobelle* en *Die swerfjare van Poppie Nongena.* Hierdie romans is fiktiewe weergawes van feite, maar uit 'n vergelyking van die romans met die historiese weergawe van dieselfde gegewe, blyk dit dat dit niks minder waar is as byvoorbeeld die koerantartikels nie.

Pugh redeneer dat geskiedskrywing weer die geskiedenis definieer as skryfpraktyk (Van Coller, 1992:342). Dit kan duidelik in *Die reise van Isobelle* gesien word, want laasgenoemde is onteenseglik 'n reis deur die geskiedenis van 'n eeu. Die probleem om die paradoks van die gebeure wat verby is, te versoen met die spore wat dit op die verteller gelaat het, staan dikwels sentraal. Volgens Pugh is daar 'n paar moontlike benaderings van 'n werk wat gebaseer is op ware gebeurtenisse:

- Die betekenis van 'n werk in die styl van New Journalism is nie net verbonde aan die teks self nie, maar word geskep deur die interaksie tussen die teks en die lesers daarvan.
- Sommige wat glo dat geskiedenis die realiteit/werklikheid naboots, sal die teks van 'n historiese roman gelykstel aan hulle beskouing van 'n 'werklike geskiedenis'.
- Sommige sal fiksie en geskiedenis generies onderskei – daar is byna 'n epistemologiese breuk binne die formalistiese raamwerk.

Myns insiens kan Elsa Joubert se werke tuisgebring word onder die eerste benadering, wat die interaksie tussen die teks en sy lesers beklemtoon (die verhouding tussen die leser en die teks word in Afdeling 2.4.3 verder bespreek). Wanneer daar egter primêr met feite gewerk word, sal die skrywer altyd beperk word; dit maak nie saak hoe betekenisvol of veelseggend hierdie feite is nie. Dit is ideaal om met faksie te werk, omdat die skrywer dan met groter vryheid t.o.v. feitelikheid, in 'n narratiewe struktuur aspekte soos karakter en gebeure met mekaar kan versoen: "The novelist who transforms the same facts into a fictional narrative can manipulate and alter the facts

for maximum impact and significance and create characters with greater depth, all without any necessary loss of verisimilitude." (Copeland soos aangehaal deur Van Coller, 1992:343.) Omdat hierdie skrywer minder gebind is deur die ideaal van feitelikheid, het hy/sy 'n belangrike voorsprong op die 'feite-skrywer'.

2.5.4 Die dokumentêre roman

Hierdie romansoort kom voor in faksie en New Journalism, en word onderskei van die konvensionele roman. In teenstelling met die konvensionele roman wil die dokumentêre roman nie slegs 'n weerspieëling van die werklikheid bied nie, maar wil dit die werklikheid self met die persone en gebeure waarvan dit verslag doen, feitelik juis aanbied (Beukes, 1982:136). Die teks is dus empiries kontroleerbaar, anders verloor dit geloofwaardigheid. Daar moet egter getuienis wees daarvan dat die roman ook deur karakterisering van die individu 'n beeld gee van die algemeen-menslike. Daardeur word die teks uitgelig bo die feitelike alleen en gee dit die leser 'n kykie op die mens se lot.

Waar die realis sê "dit kon gebeur" en die fiksieskrywer impliseer "dit het dalk nie gebeur nie", sê die New Journalist "dit alles HET gebeur; moet my derhalwe nie kwalik neem as dit onwerklik voorkom nie" (Van Coller, 1992:344). Sekere aspekte in New Journalism wat na vore tree, is onder andere dat materiaal georganiseer word in narratiewe gehele wat omraam word deur voorwoorde, nawoorde of deur ander tegnieke. Daar bestaan groot vryheid t.o.v. punktuasie en grafiese aanbieding. Dit is 'n genre wat stilisties vryblywend is omdat dit onder meer surrealisties, parodiërend en ironies kan wees.

Voorwoorde en nawoorde het (vir die New Journalist) ten doel om die leser te oortuig van die waarheid van die vertelling. So word die feitelike aard van die werk beklemtoon (die joernalistieke gespreksvoorwaardes), terwyl die fiksionele aard terselfdertyd beklemtoon word ('n geheel en al ander stel gespreksvoorwaardes). Volgens Hellman (Van Coller, 1992:344) kan die joernalistieke kontrak op 'n paar maniere bekend gestel word: die outeur kan sy boek nie-fiksioneel noem, hy kan voor- en nawoorde gebruik, hy kan dokumente en foto's in die teks plaas of 'n selfverklaring gee. In *Ons wag op die Kaptein* en *Bonga gebruik* Joubert voor- en nawoorde, en in

Die reise van Isobelle kom 'n hele aantal verwysings na dokumente in die verhaal self voor.

Dit is kenmerkend in tekste van die New Journalism dat eietydse, sosiaal-werklike sake op outentieke wyse gedokumenteer word. New Journalism is dus ook die objektiewe mededeling van feitelikhede in verband met die sosiale en politieke omstandighede van mense binne die raamwerk van interpretatiewe moontlikhede wat die romanvorm bied (Beukes, 1982:132). Omdat die vrouekarakters van Elsa Joubert geloofwaardig is, kan die leser met hulle identifiseer. Joubert gebruik dus New Journalism om haar karakters geloofwaardig te maak.

2.6 IDENTITEIT EN RUIMTE

2.6.1 Identiteit

In die onderhawige hoofstuk sal verskillende sienings van *identiteit* en *ruimte* bespreek word. Hierdie afdeling is slegs 'n kort oorsig en interpretasie van die konsepte *identiteit* en *ruimte*, omdat die twee konsepte later deurlopend en meer volledig in hierdie studie op die vrouekarakters van Elsa Joubert van toepassing gemaak word.

Identiteit en grense word nog altyd met mekaar verbind, omdat identiteit verband hou met die onderskeiding van 'n persoon of die groep waaraan hy en andere behoort. Daar is met ander woorde ook grense tussen individue en kulturele groepe. Geografiese grense, en dus ook ruimte speel 'n belangrike rol in identiteitsbelewenisse, soos Curry (soos aangehaal deur Curry & Eagles, 2001:1) dit stel: "...(I)dentities are often the result of a complex nesting of place-based identities, overlain with non-place-based ones." Alhoewel daar soms antagonisme jeens die assosiasie tussen plek en identiteit heers, glo Curry nog steeds dat geografies-gebonde vorme van identiteit baie belangrik (selfs sentraal) in die lewens van die meeste mense gebly het.

Een fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe identiteit van die roman-karakters deur die verskillende meer of minder begrensde ruimtes waarin hulle hulle bevind

beïnvloed word – letterlik en figuurlik. Sandberg (2001) meen dat identiteit en ruimte onlosmaaklik verbonde is: hy lê in 'n essay 'n paar idees oor persoonlike identiteit, verandering en transformasie uit 'n 'wiskundige' oogpunt voor. Sy definisie van die self is: "...(S)elf is a function that acts on the current state of a system capable of computing it that produces something called 'sense of identity'." Hy verdeel die ruimte dan in *state space* (omgewingsruimte) en *identity space* (identiteitsruimte). Eersgenoemde impliseer die ruimte van alle moontlike toestande van die omgewing, en laasgenoemde is die ruimte van alle moontlike identiteite. Die *self* is dan (volgens hom) die *omgewingsruimte* wat in die *identiteitsruimte* ingebed word, maar daar is ook 'n wederkerige inwerking. Soos die omgewing verander, so verander die identiteit – die twee aspekte hou met mekaar verband.

Uit bostaande stellings kan afgelei word dat daar altyd iets in 'n persoon se omgewing of ruimte sal wees wat met die gewaarwording van identiteit verband hou. Die mate van identifikasie met die self/identiteit is vir elke persoon ook verskillend, want een persoon identifiseer met sy aksies, 'n ander met sy denke en 'n ander met sy liggaam. Alle omstandighede, situasies en tye sal dus bydra daartoe om die karakter se identiteit te vorm. Die aspek van *tyd* word pertinent genoem omdat die verlede bepalend is vir die hede ('n persoon neig om ook met sy verlede te assosieer) (Sandberg, 2001:2). Vir Louw en Edwards (1996:792) is dit die menslike kapasiteit tot refleksiwiteit (om bewus te wees van onsself as objekte) wat die basis vorm vir die idee van identiteit.

Net soos Sandberg (2001:1) glo dat identiteit en omgewing wederkerig ingebed is, so glo Hormuth (soos aangehaal deur Louw & Edwards, 1996:794) dat identiteit ingebed is binne wyer raamwerke wat kollektief bekend staan as die "ekologie van die self". Hormuth onderskei drie sulke raamwerke, naamlik die raamwerk van die *ander,* die raamwerk van *objekte* en die raamwerk van *omgewings.*

Die raamwerk van *die ander* verwys na individue of groepe wat direkte sosiale ervarings aan ons bied, byvoorbeeld familie, kollegas, vriende. Objekte verwys weer na die fisiese objekte wat as simbole of verteenwoordigers van sosiale ervarings dien. So kan belangrike self-verwante objekte dui op foto's, sertifikate, persoonlike briewe. Objekte kan ook dien as voorstellings van die self, byvoorbeeld klere, haarstyle en so

meer. 'n Voorbeeld hiervan is die foto's wat 'n prominente rol speel in *Die reise van Isobelle*.

Die raamwerk van *omgewings* sluit in ervarings en handelings, byvoorbeeld in en om kerke, sportvelde en huise. Dit verskaf ook simbole van identiteit (soos kultuur) en sosiale gedragsreëls wat identiteit moontlik maak. Tydens Isobelle se reis na Kenia moet sy noodgedwonge die Indiërs se kultuur aanneem, en dit verander haar identiteit in so 'n mate dat sy verlief raak op 'n Indiese man. Wanneer sy weer in Suid-Afrika kom, moet sy aanpas by die sosiale gedragsreëls wat sy afgelê het. Dit lei tot hewige depressie.

Een implikasie van die siening dat *identiteit* en *ruimte* wederkerig op mekaar inwerk, is dat dit 'n duidelike beskrywing van identiteitsverandering moontlik maak (Louw & Edwards, 1996:794). Indien sommige van of al die omgewingselemente verander word, hetsy deur persoonlike keuse (byvoorbeeld deur van vriende, werk of blyplek te verander) of deur eksterne faktore (byvoorbeeld aanhouding deur die polisie of hervestiging deur die staat) is dit waarskynlik dat sekere aspekte van die self veranderinge sal ondergaan. Joubert se vrouekarakters word aan veranderende omgewingsfaktore, kulturele faktore en persoonlike faktore (soos liefde vir 'n persoon) blootgestel. Hierdie studie wil aandui in watter mate hulle identiteit dan verander.

'n Identiteitsverandering kan volgens Louw en Edwards (1996:794) aan drie hoofkomponente van die verskillende aspekte van identiteit gemeet word, naamlik die ekstante self (hoe die persoon die self sien), die begeerde self (hoe die persoon die self sou wou sien) en die presenterende self (hoe die persoon identiteit aan ander toon).

2.6.1.1 *Die ekstante self*

By die ekstante self word 'n onderskeid getref tussen persoonlike en sosiale identiteit. Eersgenoemde is daardie selfbeskrywings en geneigdhede wat uniek aan 'n persoon is, terwyl sosiale identiteit 'n mens aan sosiale groepe, kategorieë en klassifikasies verbind. Elke persoon het dus 'n persoonlike identiteit sowel as 'n reeks sosiale identiteite, wat verband hou met nasionaliteit, godsdiens, gesinsgroep en geografiese

streek. 'n Voorbeeld is Ana-Paula in *Ons wag op die Kaptein.* Sy is 'n persoon wat haarself beter ag as die ander mense in Afrika. Dit hou verband met haar sosiale identiteit wat bepaal dat sy 'n blanke 'opgevoede' vrou uit Europa is wat haarself beter ag as die 'swartes'. Lottie in *Die Wahlerbrug* ontwikkel 'n identiteitskrisis juis omdat sy nie by die nuwe sosiale identiteit kan inpas nie. Haar wortels lê immers in Afrika, en nou is sy verlore in Europa tussen vreemde tale en vreemde kulture.

2.6.1.2 *Die begeerde self*

Mense is voortdurend aktief besig met die strewe om hulleself tot 'n meer positiewe beeld te omvorm – dit is 'n heenwysing na hoe hulle graag wil wees. Rosenberg (soos aangehaal deur Louw & Edwards, 1996:798) lig drie komponente uit:

- Daar is eerstens die geïdealiseerde beeld wat in die verbeelding geskep word as 'n volmaakte vorm. Dit sou egter ook 'n kulturele stereotipe kon wees, byvoorbeeld die volmaakte 'manlike' man of 'vroulike' vrou. Hierdie beeld is gewoonlik onhaalbaar.
- Die tweede komponent is 'n meer bereikbare ideaal, en skep 'n beeld van verbondenheid. Dit is die selfsiening wat 'n persoon ernstig opneem en waarna hy of sy streef.
- Die derde is 'n morele beeld, en dit is wat 'n mens glo of weet hy/sy behoort te wees.

2.6.1.3 *Presentering van die self*

Navorsing deur Goffman (soos aangehaal deur Louw & Edwards, 1996:798) dui daarop dat mense altyd besig is met 'impressiebestuur'. Hierdie siening is gebaseer op 'n model wat menslike lewens met 'n drama-opvoering vergelyk. Sosiale handelinge word gesien as uitvoerings van sekere rolle wat in die daaglikse lewe by die werk, by die huis of tydens sosiale interaksie uitgeleef word. Dit is onafwendbaar dat hierdie sosiale episodes nie altyd glad sal verloop nie en dat die presentering van die self op verskeie maniere versteur kan word. In so 'n geval voel 'n mens verleë en probeer iets doen om die skade te herstel. Hieruit kan drie belangrike aspekte van die self/identiteit afgelei word:

- Mense is aktief besig om die self te konstrueer. Mense is sowel outeurs van tekste van hulleself as die sentrale akteurs.
- Mense het elkeen 'n meervoudige en vloeibare self: hulle is in staat daartoe om met verskeie beelde van selfpresentasie te eksperimenteer.
- Identiteite word altyd gekonstrueer, gepresenteer en in stand gehou in en deur sosiale wisselwerkings en sosiale agtergronde.

'n Voorbeeld is die karakter Agnes in *Die reise van Isobelle* wat deur haar lewe lank besig is om haarself te konstrueer en verskeie beelde van selfpresentasie aan ander voor te hou. Toe sy by haar 'ouma' Greylinck gaan bly (nadat haar pa haar van Kenia na Suid-Afrika gestuur het), verander sy van gedaante. Sy is nie meer die plaasdogtertjie van vroeër nie, maar die kleindogter van Valeria Greylinck – sy word effens hoogmoedig. As skooljuffrou verander haar identiteit weer, asook wanneer sy met Stuart trou en soms hulpeloos voorkom. Later word sy die versorger van Josias, aunt Issy, asook die vrou wat moontlik haar ma kon wees. Deur die wisselwerkings met ander tydens verskillende periodes van haar lewe en sosiale omgang met mense pas sy aan na gelang van die omstandighede.

2.6.2 Ruimte

In 2.4.1 is die konsep *identiteit* bespreek, en omdat *identiteit* en *ruimte* onlosmaaklik verbind is, is sekere aspekte van *ruimte* ook in 2.4.1 bespreek, maar slegs oorsigtelik. In hierdie afdeling (2.4.2) word verskillende aspekte van ruimte bespreek en van toepassing gemaak op romans oor die algemeen en meer spesifiek op die romans van Elsa Joubert. Uit hierdie afdeling sal dit ook blyk dat konsepte soos *identiteit*, *grense* en *tyd* nie van *ruimte* geskei kan word nie.

Venter (1992:453) onderskei drie vorme van ruimtelikheid wat die mimetiese storieruimte, die verhaalruimte en die diskursiewe vertellersruimte genoem word. Die mimetiese ruimte verwys na ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die epiese handeling plaasvind. Die definisie van mimetiese ruimte is (volgens Aleksandrov soos aangehaal deur Venter, 1992:453) "die totaliteit van homogene objekte (verskynsels, toestande, funksies, figure, waardes van veranderlikes ens.) waartussen verhoudings

bestaan wat ooreenstem met die gewone ruimtelike verhoudings (kontinuïteit, afstand ens.)".

Die verhaalruimte dui op die ordening en rangskikking van tekselemente in patrone wat ruimtelik voorstelbaar is, patrone van opposisie, siklisiteit, vertikalisme, konsentrisme ens. (Venter, 1992:453). Hierdie ruimte word vormlik of poëtikaal aangewend.

Die derde vorm van ruimtelikheid (volgens Venter, 1992:453) is dit wat geïmpliseer word deur die vertelhandeling self en deur die taal van hierdie handeling. Die woordvoerder is nie slegs in 'n temporele relasie met dit wat hy vertel nie, maar ook in 'n ruimtelike relasie. Die ruimtelike relasie kan letterlik en figuurlik wees: letterlik omdat hy nader of verder kan staan van dit wat hy beskryf of vertel, binne of buite, bo of onder; figuurlik omdat 'n vertelling die 'afstandelikheid' van die ironiese of die 'intimiteit' van die sentimentele of die 'verhewendheid' van die tragiese kan bevat.

Smuts (soos aangehaal deur Beukes, 1982:95) deel *ruimte* ook in drie fasette in. Die eerste is dat die ruimte in 'n verhaal letterlik verwys na "die plek of plekke waarin die handeling voltrek word", met ander woorde die geografiese plasing. Dit verwys myns insiens na Venter se mimetiese storieruimte. Smuts gaan egter verder en voer aan dat ruimte ook "alle ander ruimtes insluit wat deur die verhaal aangeroer en opgeroep word". Om 'n voorbeeld te noem: die letterlike ruimte in *Die reise van Isobelle* is plekke in Suid-Afrika, en ook dié in so ver as Kenia en Europa. Maar dit dui ook byvoorbeeld op die figuurlike ruimtes wat Leonora as klein dogtertjie oproep: haar dagdromery oor Irma (die ma van Agnes) en die Franse Vise-konsul wat per boot na Frankryk vertrek en nou in Parys woon.

'n Derde faset van die ruimte wat Smuts (soos aangehaal deur Beukes, 1982:96) aanraak, is dat die ruimte "grootliks draer word van die wyer implikasies van die werk". Hierdie faset dui ook op Venter se *diskursiewe vertellersruimte*. Die meeste inligting lê in die diskoers en die verhaalordeninge opgesluit, nie soseer in die storie nie. Selfs in 'n roman wat in die eerste plek 'n boeiende storie wil vertel, word baie informasie duidelik "as ruimtebeelding daarin uit die oogpunt van die verhaal en die diskoers gelees word" (Venter, 1992:454). In *Die reise van Isobelle* word die spanning tussen

die Kaap en die Bosveld bewerkstellig deur die innerlike ambivalensie van Agnes, omdat sy nog altyd terugverlang na haar kinderjare saam met haar pa in Kenia terwyl sy in die Kaap bly saam met haar gesin.

Ruimte kan nie apart van die **reismotief** gesien word nie. Elke karakter in 'n verhaal bevind haar op verskillende plekke wat impliseer dat sy 'n 'reis' moes/nog moet onderneem, en dikwels sal die karakters op reis gaan om van hulle probleme te ontsnap of om hulle te distansieer van die spesifieke situasie waarin hulle hulle op daardie stadium bevind. Volgens Smuts (soos aangehaal deur Beukes, 1982:142) is **alle** karakters wat in literêre werke voorkom, reisende karakters: "'n Karakter is altyd in meerdere of mindere mate aan die beweeg en onderneem altyd 'n geestelike reis binne die wêreld van die kunswerk" (in hierdie geval die roman). Venter (1992:455) glo ook dat die epiese held (of heldin) inderdaad 'n reisiger is; hy gee voorbeelde van die dolende ridder van die pikareske roman, die sentimentele held van die ontwikkelingsroman, en die ontwortelde buitestander van die modernistiese roman (wat van toepassing is op hierdie studie) – almal is op die een of ander wyse reisigers op pad. Die ruimtelike skaal van die reis maak nie saak nie, die swerftog kan geografies verafgeleë streke insluit; dit kan die reis tussen twee dorpe wees; of 'n reis na die verlede deur die gedagtes van mense.

In twee van Elsa Joubert se werke kan in die titel reeds 'n reismotief afgelei word, naamlik *Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*. In die titels van die ander romans kan 'n idee van 'reis' nie eksplisiet afgelei word nie, maar daar is wel 'n suggestie: in *Die Wahlerbrug* kan die leser aflei dat dié plek iewers oorsee moet wees, en daarom het die karakter(s) 'n reis onderneem. Net so ook in *Ons wag op die Kaptein*, waar die woord *wag* impliseer dat die 'Kaptein' nog 'n reis moet onderneem tot by die spesifieke karakters/situasie.

Ruimte en *reis* impliseer ook die bestaan van grense (soos alreeds in 2.4.1 bespreek). Die metafoor van 'n grensruimte (die rand van 'n bos, 'n strand, 'n rivier, die drumpel van 'n huis, 'n trap ens.) is lank reeds 'n geliefkoosde retoriese figuur in die epiek. Dit verdeel nie net die verhaalruimte in twee gebiede nie, maar is ook die *ruimte* waarin die epiese held of heldin 'n laaste struikelblok moet oorwin of waar hy/sy 'n laaste keer getoets word (Venter, 1992:454). 'n Voorbeeld hiervan is waar Leo in *Die reise van*

Isobelle moet besluit of sy die 'grense' van Suid-Afrika wil verlaat en in 'n ander land wil gaan bly. Die struikelblok is haar liefde vir die land teenoor haar liefde vir haar man. Sy besluit egter om te bly en haar dogtertjie in Suid-Afrika groot te maak, maar dit impliseer dat sy haar man gaan verloor.

Beweging, afstand, aankoms, vertrek ens. bind die epiese *ruimte* aan die kategorie *tyd*. Die aspek *tyd* is ook al onder 2.4.1 bespreek, waar die klem val op die feit dat die verlede bepalend is vir die hede. Bakhtin (soos aangehaal deur Venter, 1992:455) wys op hoe verskillende chronotopieë (letterlik tydruimtes) die epiek van alle eeue kenmerk: "In the literary artistic chronotope, spatial and temporal indicators are fused into one carefully thought-out, concrete whole. Time, as it were, thickens, takes on flesh, becomes artistically visible; likewise, space becomes charged and responsive to the movements of time, plot and history. This intersection of axes and fusion of indicators characterizes the artistic chronotope."

Dit is dus duidelik dat ruimtelike besonderhede in 'n teks nie maar net vir die 'agtergrond' of *setting* van die werk van belang is nie. *Ruimte* is 'n volledig kommunikatiewe epiese kategorie wat op die vlak van die storie, die verhaal en die diskoers beduidend meewerk om die kommunikasie en die vorm van die werk te bepaal (Venter, 1992:455). Die epiese ruimte is 'n gepersonaliseerde ruimte. Plekke en objekte bestaan in die epiek nie ter wille van hulleself nie, maar ter wille van die betekenis wat dit vir mense het. Plekke van handeling en die ruimtelike kenmerke daarvan vorm daarom epiese speelruimtes of belangeruimtes eerder as blote lokaliteite.

Ruimte is derhalwe 'n kategorie van die mens se denke oor homself en sy posisie in die universum van waardes en norme waarbinne hy staan. Hieroor sê Lotman (in Venter, 1992:455): "Die mees algemene sosiale, religieuse, politieke, etiese modelle met behulp waarvan die mens in verskillende fases van sy geestesgeskiedenis die sin van die wêreld wat hom omring, vertolk, word steeds met ruimtelike eienskappe beklee, hetsy in die vorm van die teenstelling 'hemel-aarde' of 'aarde-onderwêreld',... hetsy in die vorm van 'n sosio-politieke hiërargie met as sentrale opposisie 'owerstes-ondergeskiktes', hetsy as etiese kenmerke, wat aan die opposisie 'regs-links' geheg word."

Uit bostaande argumente is dit duidelik dat *identiteit, ruimte, grense* en *tyd* nie van mekaar geskei word nie, en dat dit 'n definitiewe invloed op die karakters in 'n roman uitoefen en selfs hulle identiteit kan verander. Volgens Cirlot (soos aangehaal deur Beukes, 1982:100) is dit algemeen bekend in die letterkunde dat die gemoedstoestand van 'n karakter en 'n bepaalde klimaat in 'n besondere verhouding tot mekaar staan. Hierdie siening vloei voort uit die interaksie tussen ruimte, situasie, natuurelemente en temperatuur. Dink maar aan Agnes: "Dit is nie my land dié nie – die druppende wingerde, die donker dennelanings, die nat swart grond, die insuigende, laagliggende wolke – dink Agnes, haar nuwe, beter verhouding met Stuart ten spyt..." (*Die reise van Isobelle,* bl. 238.) Dit is 'n aanduiding hierdie van Agnes se afsydigheid en emosionele onbetrokkendheid teenoor mens en land.

2.6.3 Vroueskrywers, ruimte en identiteit

In hierdie afdeling word die identiteit van wit vroueskrywers bespreek en hoe dit op hulle karakters reflekteer, asook die probleme wat hulle moet oorkom ten opsigte van hulle verhouding met die land en hulle verhouding met ander kulturele groepe.

Hunter (1990:2) wys op wat sy noem 'n gevoel van plek (ruimtelikheid) by wit vroueskrywers:

> "The word 'place' refers predominantly to the writer's shaping of a home-in-the-world (an individual, social, and cultural identity) for her protagonist(s); secondarily, it refers to geographical environment, the meaning of the author's mimetic and symbolic treatment of such environment, and the sort of interaction the character(s) establish with it."

In Joubert se werk is die vrouekarakters deurentyd besig om 'n verhouding tussen hulleself en die land te probeer vestig as deel van hulle soeke na persoonlike, sosiale en kulturele identiteit, en dit kan ook op Joubert as skrywer reflekteer.

Die wit vroueskrywer (dus ook Elsa Joubert) beleef egter 'n identiteitskrisis omdat sy die Europese tradisie nie net kan ignoreer nie – sy is immers grootgemaak met

daardie tradisies, en dit is deel van die land se totale kulturele milieu. Sy kan ook nie sommer net vanuit 'n inheemse Afrikaanse kultuur skryf nie. Alhoewel Joubert *Die swerfjare van Poppie Nongena* vanuit 'n 'inheemse' perspektief geskryf het, word dit nog steeds bestempel as 'n boek van 'n wit Suid-Afrikaanse vroueskrywer. "The demand for self-exploration, and accountability, around being 'white' raises, however, an immediate question about the identity of the 'I' who will initiate the exploration." (Bennet & Friedman, 1997:50.)

Joubert sê self oor *Die swerfjare van Poppie Nongena*:

> Ten opsigte van navorsing sou dit beteken dat ek twee jaar of langer moes wy aan die lewe van 'n vrou wat uit 'n ander groep kom as ek self – sy is van 'n ander ras met 'n ander psigiese en geestelike agtergrond. Sy praat 'n ander taal en het 'n ander lewenspatroon en herinnering as ek... Ek is per slot van rekening wit. Ek is Westers georiënteer en sterk Afrikaans gerig. Die vraag was of ek my wou verdiep in haar lewe en ook of ek dit kon doen. (Botha, 1980:3.)

Hieruit kan 'n mens aflei dat Joubert baie huiwerig was om *Die swerfjare van Poppie Nongena* te skryf, want sy besef dat sy nie oor die basiese subjektiewe kennis van die tradisionele lewe en ruimte van swart vroue beskik nie.

Die subjektiwiteit van die skryfster kan dus nie uitgeskakel word nie, want as gevolg van haar kulturele agtergrond, persoonlike voorkeure en tydsbelewing is 'n voortdurende proses van seleksie en spesifieke beklemtoning teenwoordig. Alhoewel 'n verteller tydloos is, word sy (soos reeds genoem) tog beïnvloed deur eie tyd en ook deur eie geslag, veral as ons kyk na hoe die geslagte verskillend gesosialiseer word, aan verskillende verwagtings moet voldoen, en aan verskillende soorte ervarings blootgestel word (Van Niekerk, 1993:68).

Hierdie dilemma kan verder uitgebrei word as die wit vroueskrywer haar afvra: watter houding moet ek inneem ten opsigte van die ontvangers, en teenoor die fiksionele wêreld wat ek probeer uitbeeld? Hunter (1990:15) stel dit soos volg: "Dare I claim identity as a South African, or African? Do I even belong here? If so, what do I do?...

Where do we go from here? What is my place in the future likely to be?" Hierdie onsekerheid kom voor in Elsa Joubert se karakters (spesifiek die vroue) wat betref hul kulturele en sosiale posisie soos ervaar deur hulleself en hulle skepper. Watter rol speel die ruimte in die verwerping of aanvaarding van die samelewing; in hierdie studie spesifiek die Suid-Afrikaanse samelewing?

Dit is daarom makliker vir vroueskrywers soos Joubert om oor wit vrouekarakters te skryf – sy sê self die skryf van *Die swerfjare van Poppie Nongena* was nie 'n maklike taak nie. Marais (1988:32) voel dat die skryfster se (lewens)ervaring en haar siening van die vrou – ook van haarself as vrou – wel in haar oeuvre neerslag vind, en daarom is dit net logies om te dink dat 'n wit skryfster 'makliker' met blanke vrouekarakters sal assosieer as met anderskleuriges.

Die skrywer en die leser staan binne 'n spesifieke 'verhouding' wat beteken dat die leser sy/haar vertroue in die skrywer se skryfwerk stel. Minh-ha (soos aangehaal deur Curti, 1998:28) raak hierdie gevoelige vraagstuk aan wanneer sy sê: "Since fictional and factual have come to a point where they mutually exclude each other, fiction, not infrequently, means lies, and fact, truth. DID IT REALLY HAPPEN? IS IT A TRUE STORY?... Which truth? the question unavoidably arises... No wonder that in old tales storytellers are very often women, witches, and prophets." As 'n mens na hierdie stelling kyk, lyk dit asof vroueskrywers gedurig leuens vertel omdat hulle fiksioneel skryf (dit beteken die geloofwaardigheid van die skryfster se karakters is baie gering). Maar sekere skrywers, ook Elsa Joubert, maak eerder gebruik van *faksie*. Dit is 'n moderne tendens dat die skrywer se werk iewers tussen feite en fiksie lê, en wat as New Journalism bekend staan. Natalie Sarraute (soos aangehaal deur Van Coller, 1992:344) glo dat die 'ware' feit werklik 'n voorsprong op die versinde storie het, "to begin with, that of being true".

Kossick (1993:88) meen dat faksie die 'maklikste' genre is om in te werk omdat die leser weet dat daar 'n mate van fiksie en 'n mate van waarheid in die verhaal steek. Daarom kan die skrywer 'vertrou' word met die inligting wat gegee word. Joubert se romans *Bonga, Ons wag op die Kaptein, Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle* is almal faksie. Die feit dat Joubert in die genre van New Journalism skryf, maak dit makliker om die geloofwaardigheid van haar vrouekarakters te

ondersoek sodat hulle identiteit met betrekking tot sekere omstandighede en die plek waar hulle hulle bevind, geskets kan word.

2.7 DIE REISVERHAAL

As gevolg van Joubert se voorliefde vir reisbeskrywings, en omdat drie van die vyf gekose verhale (*Die Wahlerbrug, Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*) die aandag pertinent vestig op 'n reismotief, moet die reisverhaal as genre by hierdie studie betrek word. Reisverhale gryp sedert die antieke tyd die verbeelding van lesers aan en toon hoe uiteenlopend die reise kan wees wat die mens onderneem (Smith, 1998:16), maar tot op hede bly dit steeds 'n opwindende ervaring om na 'n onbekende land te reis en die aard van die landskap, die mense en hulle maniere te leer ken. Dit hoef ook nie slegs 'n fisies-uitdagende reis te wees nie, maar 'n reis vol filosofiese uitdagings kan ook 'n baie persoonlike ontdekkingsreis word, "…'n reis na die hart van 'n ander – 'n ontdekkingsreis wat begrip en liefde as eindbestemming het" (Botha, 1980:3).

2.7.1 Algemeen

Reisverhale is so oud soos die mens self, en reisliteratuur so oud soos die geskrewe woord. Verhale oor reise was onder die eerste stories wat deur die primitiewe mens oorvertel is, maar weens die mondelinge oordrag daarvan het die meeste van die reisindrukke ongelukkig vergete geraak (Seyffert, 1992:421).

Hoogtepunte in die tradisie van die reisverhaal sluit in die verhale van Marco Polo, sir John Mandeville, die Islamse reisiger Ibn Batuta en talle ander (Van Heerden, 1969:53). Eers in die Renaissance het die reisbeskrywing 'n onderskeidende literêre genre geword, onder andere omdat meer klem geplaas is op die ideaal van selfopvoeding-deur-te-reis (Van Heerden, 1969:53). Die sewentiende-eeuse reisbeskrywing was ook die voorloper van die avontuurroman van die agtiende eeu. Dit is in hierdie tyd dat die reisbeskrywings ook indirek met kolonialisme te make gehad het.

Vir baie kritici is reisverhale essensieel 'n instrument binne koloniale uitbreiding en dit dien om die koloniale oorheersing wat gevestig is, te versterk (Smith, 1998:16). Myns insiens is dit juis die teenoorgestelde wat in Joubert se reisliteratuur gebeur, want sy fokus op die probleme en geweld wat gepaard gaan met kolonialisme: hier kan Joubert se reisverhaal *Die gordel van smarag* genoem word – dit gaan om die koloniale oorheersing van die Hollanders oor die eilande Java en Jakarta, die onnodige bloedvergieting wat daarmee gepaard gegaan het en die uiteindelike gevolge daarvan.

In die Afrikaanse literatuur, net soos in ander literature, het die mees vooraanstaande skrywers ook reisprosa geskryf. Die reisprosa het in Afrikaans, wat styl en eksperiment betref, min of meer dieselfde ontwikkelingsgang as die verhalende prosa gevolg. Van die belangrikste reisboekskrywers is S.J. du Toit, Totius, Uys Krige, Ernst van Heerden, André P. Brink, Abraham de Vries, Anna M. Louw, Karel Schoeman, M.C. Botha en natuurlik Elsa Joubert.

Elsa Joubert het 'n indrukwekkende bydrae as reisboekskrywer gelewer. Die reisboeke wat agtereenvolgens van haar verskyn het, is die volgende: *Water en woestyn* (1956), *Suid van die wind* (1962), *Die staf van Monomotapa* (1964), *Swerwer in die herfsland* (1968), en *Die nuwe Afrikaan* (1974) en *Die gordel van smarag* (1997). Daar is ook verdere bydraes van haar tot die versamelbundel *Kompas* (red. J.P. Smuts) (1965) en *Dames sewentien* (samest. C.J.M. Nienaber); "Die woud wat sterwe" is in *Trekvoëls* opgeneem, en "Kaïro" ('n herinnering aan haar Egiptiese reis in die vorm van 'n reisskets) in *Stad en stedelig*, maar dit is oorsponklik deur die SAUK uitgesaai as radiopraatjies (Seyffert, 1992:423).

2.7.2 Kenmerke van die reisverhaal

Primêr behoort reisprosa tot die beskrywingskuns, en die landstreke waardeur gereis word of waarop die aandag gerig is, is die fokus van die beskrywing. Reisbeskrywings kan varieer van 'n subjektiewe verslag tot 'n objektiewe beskrywing met noukeurige gegewens oor geografiese en historiese besonderhede, maar die persoonlikheid van die waarnemer-verteller is ten nouste met dié ruimtebeskrywing geïntegreer (Seyffert, 1992:421).


Alle reisverhale het, volgens Seyffert, die volgende kenmerke met mekaar gemeen: 'n ruimte (plek, streek, land) wat deur 'n reisiger tydens 'n bepaalde reis besoek word, en die reisiger se indrukke daarvan, weergegee in die vorm van prosa. Die skrywer is dus die spreker en in alle opsigte vervul sy die funksie van die eerstepersoonverteller. Die feit dat die reisverhaal meestal vanuit die perspektief van die eerste persoon aangebied word, gee aan die subgenre 'n subjektiewe, persoonlike en intieme karakter, en dit onderskei die reisprosa van ander subgenres van die epiek. 'n Reisbeskrywing moet egter nie noodwendig gelees word asof dit die waarheid oor die skrywer se lewe uitdruk nie, maar is eerder 'n samestelling van strukture waarmee die skrywer onderhandel (Smith, 1998:17). Dit is juis dié problematiese aard van reisliteratuur in terme van die verhouding tussen waarheid en realiteit wat Mills (soos aangehaal deur Smith, 1998:18) verhoed om by die lees van vroue se reisverhale te aanvaar dat hierdie verhale bloot outobiografies is.

Die reisverhaal is egter ook geen filmiese weergawe van reisindrukke nie. Reisverhale wat enigsins iets van 'n tydloosheid besit, is eerder die subjektief geselekteerde 'herskepping' van die waarnemings van die reisiger (Seyffert, 1992:423). Die reisverhaalskrywer moet dus haar belewenisse van die vreemde so in taal manifesteer en die gebeure so orden dat sy die belangstellende leser 'n reisgenoot kan maak.

Die bekoorlikheid van die reisverhaal lê vir Van Heerden (1969:54) juis in die funksie van die skrywer as vlot verteller en mededeelsame waarnemer wat die leser van een onderwerp na die ander voer. Hierdie *informele karakter* is 'n kosbare kenmerk van die reisverhaal. Min skrywers slaag daarin om dit te skep. Die skrywer moet die indruk vermy dat sy 'n haastige toeris is (die soort wat foto's kan wys, maar hulle reis was geen selfontdekking nie). In Joubert se jongste reisverhaal, *Die gordel van smarag*, begin sy met feite, maar hierdie relaas word intuïtief, 'n pad van belewenis wat uitloop op 'n verheldering van die situasie in die hede. Aan die einde van *Gordel van smarag* skryf Joubert: "Ek weet dat ek op hierdie reis groter duidelikheid gekry het. My eie tussenlanderskap was, soos dié van Leipoldt, aanvanklik 'n verdeeldheid tussen my eie groep en ander, wyer humane lojaliteite. Die afgelope paar jaar het dit van klem verander en geword 'n gespletenheid tussen Afrika en Europa..." Sy het dus tot 'n selfontdekking gekom, want sy sê ook: "En ek besef dat ek die digotomie deur die woord kan besweer..." (Botha, 2000:148.)

2.7.3 Kategorieë van die reisprosa

Die terminologie vir reisprosa kan nogal verwarrend wees, omdat daar geen vaste of deurlopende gebruik van die verskillende terme bestaan nie. Hierdie subgenre word deur vier oorkoepelende terme aangedui, naamlik reisprosa, reisverhaal, reisliteratuur en die reisboek (Seyffert, 1992:423). Reisprosa het as term die mees oorkoepelende benoemingswaarde, want die tipes wat as woordkuns (byvoorbeeld die reisskryfkuns van Elsa Joubert) en die wat as nie-reiswoordkuns (reisjoernale van die 17de eeu) van die subgenre beskou word, het almal 'n gerieflike tuiste binne die betekenisomvang van die woord. Seyffert gee die volgende kategorisering:



Van Heerden (1969:54) se kategorisering lyk ietwat anders: hy tref onderskeid tussen die reisboek, die reisverhaal en die reisjoernaal: die *reisboek* is minder persoonlik en meer informatief, die *reisverhaal* hoofsaaklik epies en die *reisjoernaal* lê meer klem op die dagboek-kwaliteite. Hy glo dat die reisverhaalskrywer spaarsaam met statistieke en ook met geskiedkundige 'agtergrond' moet werk – anders kry die reisboek die aanskyn van 'n brosjure of 'n departementele pamflet (dit hou verband met Seyffert se nie-reiswoordkuns).

Oor die algemeen is koue statistieke vervelige leesstof – dit maak eers indruk wanneer dit 'n wyer beduidenis kry of verband hou met 'n groter geheel. Joubert het in *Gordel van smarag* probeer om op die digter Leipoldt se voetspore te volg soos hy as skeepsdokter in 1912 na Indonesië gereis het. Sy tree in gesprek en verkeer intertekstueel met sy werk en die ongepubliseerde aantekeninge en Engelse verslae (nie-reiswoordkuns) wat hy van dié reis opgestel het. Hierdie reisverhaal kry dus 'n hele nuwe betekenis in samehang met Leipoldt se reisbeskrywinge. Joubert gebruik dus onder meer 'n *reisverslag* om 'n *reisverhaal* te produseer.

Maar uit beide Van Heerden en Seyffert se kategorieë is dit duidelik dat Elsa Joubert meer betrokke is by die *langer vorme van die reiswoordkuns*. Haar reisprosa is informatief, beskrywend en epies, en sy neem haar reisverhale 'n stap verder deur ook reisromans te skryf (*Die reise van Isobelle – 1996* en *Twee vroue – 2002*). Ek verkies die term *reisverhaal* omdat dit myns insiens die mees beskrywende term vir Joubert se werke is. Oorheersend in die reisverhaal, is die beskrywing van plekke wat vreemd is vir die skrywer, met nuwe mense en nuwe omstandighede, asook nuwe historiese, kulturele en sosiale agtergronde. *Die gordel van smarag* (1997) van Joubert is 'n goeie voorbeeld hiervan – sy is konstant besig om mense se historiese verlede teenoor hulle hedendaagse kulturele en sosiale agtergronde af te speel. Die interpretatiewe hantering van gegewens en 'n eie stempel is egter deurgaans deel van Joubert se werkwyse.

2.7.4 Reisverhale en die leser

Alhoewel die reisverhaal sonder 'n afgeronde intrige moet klaarkom, sit die skrywer ook, volgens Van Heerden (1969:54), maar haar eie 'dramatjies' in die boek – gewoonlik om vervelige stof af te wissel of om die subjektiewe belewenis te beklemtoon. So kan die leser tog na 'n paar bladsye agterkom met watter tipe mens hy/sy te doen het – die skrywer is die vergrootglas waardeur die leser kyk.

Die skrywer mag nie in reisverhale as 'n lastige medium tussen die leser en die verhaal kom staan nie, maar dit is nog steeds die skrywer se plig om glans, tekstuur en suggestie aan woorde te verleen en om atmosfeer te skep (Van Heerden, 1969:54).

Van die eienskappe wat die skrywer moet besit, is nuuskierigheid, noukeurigheid van waarneming, die gawe om die essensiële raak te sien, maar ook verdraagsaamheid, en vooroordele moet by hom/haar ontbreek. Joubert toon al hierdie eienskappe in haar reisverhale, veral in *Die gordel van smarag*, waar sy as Westerling in die Ooste toer en tog sonder vooroordele die 'geur' van die Ooste baie helder kan beskryf. Dié eienskappe kom ook na vore in ander werke (ook *reisromans*) soos *Die reise van Isobelle*, *Die Wahlerbrug*, *Ons wag op die Kaptein* en *Bonga*, waar die vreemde kulture baie helder en subjektief beskryf word, maar tog sonder vooroordele.

2.7.5 Reisliteratuur en die vroueskrywer

Vrouetekste uit die koloniale tyd is vir die hedendaagse leser interessante avontuurverhale wat sterk, vindingryke vrouekarakters in situasies uitbeeld wat selde in die literatuur van dié periode aangetref word. Selfs in die Victoriaanse periode het hierdie individue weggebreek van die sosiale konvensies (Smith, 1998:17). Hierdie tendens van die Victoriaanse tydperk word myns insiens selfs in vandag se reisverhale voortgesit. Elsa Joubert het byvoorbeeld vrou-alleen deur Afrika gereis vir sommige van haar reisverhale: slegs 'n sterk, vindingryke vrou sal so iets kan regkry.

Afgesien van die konvensionele reisverhale kan 'n (reis)roman soos *Die reise van Isobelle* ook aansluiting vind by die reismotief in die koloniale diskoers. Joubert is (volgens Smith, 1998:16) veral sensitief vir die politieke magstryd en daarbenewens vir die druk waaraan die vrou in die samelewing onderwerp word, en dit bepaal die manier waarop sy haar vrouekarakters uitbeeld ten opsigte van ruimte en identiteit. Belle reis alleen na Kenia om haar broer se graf te gaan soek, Agnes reis as klein dogtertjie (sonder enige familie) van Kenia na Suid-Afrika, en Leonora maak allerlei omswerwinge oorsee deur, ook alleen. Tog word sorg gedra om die karakter in hierdie teksdele as vroulik voor te stel – Joubert gebruik die smaraggroen borsspeld en dieselfde kleur bloes om Agnes en Belle onderskeidelik as baie vroulik voor te stel. In hierdie opsig kan 'n mens sê dat Joubert se reisverhale en reisromans baie met dié van die Victoriaanse tydperk ooreenstem.

Vir Schaffer (soos aangehaal deur Smith, 1998:18) het die konvensies van die reisliteratuur 'n uitwerking op vroueskrywers wat probeer om oor koloniale gebiede te

skryf, en dit het ook 'n uitwerking op die manier waarop vroue in dié betrokke lande behandel word. Deur te skryf, betree vroue eintlik 'n manlike terrein – hulle sluit aan by bestaande metaforiese konvensies met betrekking tot die beskrywing van die landskap, maar tog hou hulle by hul vroulike skryfstyl. Dit sluit weer aan by wat in die onderafdeling **feminisme** bespreek is, naamlik die feit dat vrouetekste 'n alternatiewe en kritiese stem laat opklink as gevolg van die manlike diskoers waarbinne hulle werksaam is. Dit impliseer net weer eens dat, hoewel vroue nie noodwendig feministies is nie, hul skryfstyl van dié van manlike skrywers sal verskil.

Een rede waarom vroue anders skryf as mans, is dat hulle nie heelhartig kan deelneem aan die diskoerse oor onderskeidelik imperialisme en vroulikheid nie, weens die opponerende vooronderstellings omtrent die karaktertrekke van die vrou as deelnemer aan die betrokke diskoerse (Smith, 1998:19). Hierdie onvaste grondslag en weifeling word dan soms as slegte skryfvermoë bestempel, maar in Joubert se geval is daar mans wat haar as een van die beste reisverhaalskrywers in Afrikaans sien, en haar romans (reisromans) word ook hoog deur mans aangeskryf, soos Smuts (1995:49) opmerk: "...(W)ant hierdie werk (*Die reise van Isobelle)* is een van die belangrikste romans wat nog in Afrikaans verskyn het."

2.8 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat 'n voortdurende soeke na en bekommernis oor identiteit by vroueskrywers oor die algemeen voorkom. Hierdie bekommernis oor identiteit begin in Suid-Afrika veral in Afrikaans na vore kom in die begin van die sewentigerjare van die twintigste eeu wanneer die vroueskrywers fokus op temas soos ras-, geslags- en klaskonflikte, asook op politieke spanning.

Elsa Joubert is geen uitsondering nie, en die tema wat regdeur haar oeuvre teenwoordig is, is die wyse waarop mense van verskillende kulture en rasse 'n weg moet vind om in vrede saam te leef. Joubert vertel (in die gekose werke) die landsgeskiedenis vanuit 'n vroulike perspektief, grootliks omdat sy self 'n vrou is, en ook omdat sy 'n voorstander is van die emansipasie van 'n patriargale samelewing tot

'n vry en onafhanklike samelewing. Joubert probeer dus die posisie van die vrou verander, sonder om die man se belangrike posisie in die vrou se lewe te ignoreer.

Sommige van Joubert se werke kan as feministies beskou word, veral omdat sy 'n unieke vroulike belewenis uitbeeld en skryfwyse beoefen. Sy skryf oor temas soos reis, natuur, politiek, seksualiteit en die verhouding met ander, en dit is duidelik dat haar opvoeding, sosiale milieu en geslag haar ingesteldheid teenoor die letterkunde beïnvloed. Alhoewel Joubert by die universele feminisme aansluit, toon haar werke groter ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse lokaal-politieke feminisme. By laasgenoemde protesteer die vrou as vrou teen die onderdrukking van mans én vroue in 'n spesifieke politieke situasie. Joubert het dus 'n unieke (Suid-Afrikaanse) feministiese bewussyn en 'n intuïtiewe benadering tot vrouetekste.

Daar is bewys dat alle omstandighede, situasies en tye bydra daartoe om 'n persoon se identiteit te vorm, en hieruit kan afgelei word dat *identiteit, ruimte* en *tyd* nie van mekaar geskei kan word nie. *Ruimte* is 'n aspek van kommunikasie wat aktief deel van die verhaal is en hou ook verband met die *reismotief*. Joubert se reisprosa is informatief, beskrywend en epies, en sy neem haar reisverhale 'n stap verder deur ook reisromans te skryf. Joubert het al die eienskappe van 'n reisverhaalskrywer, naamlik nuuskierigheid, noukeurigheid van waarneming, die gawe om die essensiële raak te sien en ook verdraagsaamheid, en vooroordele ontbreek by haar.

Die wit Suid-Afrikaanse vroueskrywer bly subjektief betrokke by die Europese en Afrikaruimtes, en soms onstaan 'n identiteitskrisis. Dit is makliker vir vroueskrywers soos Joubert om oor wit vrouekarakters te skryf weens haar kulturele agtergrond, persoonlike voorkeure en tydsbelewing, maar, deur te skryf, betree vroue eintlik 'n manlike terrein, terwyl die vroulike oogpunt egter behoue bly.

Sommige teorieë soos die postmodernisme, dekonstruksie en tendense van New Journalism kom in Elsa Joubert se werke na vore. Joubert het feite ingesamel vir *Ons wag op die Kaptein, Bonga, Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*, maar sy het daardie feite vertolk en dit omskep in romans. Sy gebruik dus 'n gedokumenteerde weergawe van gebeure wat sy vertolk en lewer dan eietydse,

sosiaal-relevante kommentaar daarop. Die teks styg dus uit bo die feitelike aspekte en gee die leser 'n beeld van die algemeen-menslike.

Die New Journalism hou verband met die historiese roman maar voeg onder meer brokkies van bestaande tekste (soos dokumente of berigte) bymekaar om 'n 'nuwe' roman te vorm waarin daar intens op die hede gefokus word. Die historiese roman wil dus nie 'n betroubare beeld van die geskiedenis gee nie, maar wil die universele probleme daarvan na vore bring en 'n bydrae lewer tot politieke verandering. Hier kan *Die reise van Isobelle* en *Ons wag op die Kaptein* as voorbeelde genoem word.

Hoe moet die leser Elsa Joubert se 'tekste' dus benader? Of nog meer spesifiek, hoe moet die leser Joubert se vrouekarakters benader? Volgens die postmodernisme en die dekonstruksie kan die tekste nie alleen gelees word nie, en die leser het 'n hele aantal voorveronderstellings oor die tekste nog voordat dit gelees word. Die betekenis van die teks (of in hierdie geval die vrouekarakters) hang dus af van die verhouding tussen die leser en die teks. Brossard (soos aangehaal deur Curti, 1998:25) sien dit soos volg: "...The back and forth of the gaze between writer and reader textures the space between them and to me that creates a social semantico-imaginative environment where meaning can be debated." Die teks kan dus nie op sigself as 'waar' gesien word of geïsoleer word tot 'n outonome eenheid nie, want die skrywer en leser is deel van die veranderlikheid en die 'lewe' van die teks.

Dit is juis hierdie dekonstruksie van die teks wat die grense tussen verlede, hede en toekoms afbreek. Die karakters en die gebeure oorskry grense en word universeel van toepassing op elke individu en samelewing en op die wêreld, maar dit bly nog steeds geloofwaardig. Die leser kan dus met die karakters identifiseer en uit die gebeure leer.

HOOFSTUK 3: DIE OEUVRE VAN ELSA JOUBERT

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die oeuvre van Joubert verken sodat 'n beeld van 'n spesifieke skrywerskap ondersoek kan word. Omdat Joubert se romans op haar reisverhale reflekteer en 'n noue band tussen haar werk, karakters en lewensbeskouing voorkom, moet 'n oorsig van haar oeuvre gegee word. Hierdie hoofstuk is dus 'n raamwerk en basis van relevante inligting vir die res van die studie. Volgens Aucamp (soos aangehaal deur Beukes, 1982:157) is daar 'n 'skakeling' tussen haar romans en reiswerke, en Botha (soos aangehaal deur Beukes, 1982) merk op dat "dit kenmerkend (is) dat die 'joernalistiek' van haar reisverhale 'n voorbereiding of vooroefening vorm vir haar fiksie".

Joubert kan een van die belangrike verkenners van die Afrika-konteks in Afrikaans genoem word (Beukes, 1982:169). Haar verkenning van dié konteks geskied veral op twee vlakke, naamlik die *mens* in Afrika met sy eiesoortige verhoudings en problematiek (kultuur), en die *bodem* van Afrika en die unieke eise wat die land aan sy inwoners stel (ruimte). Later in die studie sal aandag gegee word aan die manier waarop die vrouekarakters met hulle verskillende kulture en identiteite die Afrika-ruimte hanteer.

3.1.1 Kort biografie van Joubert

Elsa Joubert het van kleins af met boeke te make gehad, en sy sê self: "Ek het grootgeword met die idee dat ek wil skrywe" (Van der Merwe, 1988:37). In die onderhoud met Van Der Merwe gee Joubert te kenne dat skryf in haar hart en in haar bloed is. Sy wou joernalis word, juis om eendag boeke te kan skryf, en so het sy by *Die Huisgenoot* gaan werk. Sy het ook 'n intense begeerte gehad om oorsee te gaan, en toe sommige van haar tydgenote Europa toe is, het sy besluit om *life in the raw* te gaan sien. Daarom gaan sy in 1949 vrou-alleen nege maande lank op reis deur "donker Afrika" (Van der Merwe, 1988:37). In dié tyd was dit nie ongewoon om te reis nie, maar dit was wel ongewoon vir 'n jong vrou om alleen te reis – veral deur Afrika.

Iets van hierdie alleenreis van Joubert (sonder enige finansiële steun van haar ouers) verraai die waagmoed waarmee Joubert die lewe tegemoetgaan. Sy het later ook, toe sy al getroud was, alleen na Madagskar, Reunion, Mauritius en Angola gereis. Haar ervaringe in hierdie lande word in verskillende reisverhale uitgebeeld.

Elsabé Antoinette Murray Joubert is op 19 Oktober 1922 in die Paarl gebore en sy matrikuleer in 1939 ook daar aan die Meisieskool La Rochelle. Sy behaal onderskeidelik in 1942 en 1943 die B.A.-graad en S.O.D. aan die Universiteit van Stellenbosch, en daarna haar M.A. in Nederlands-Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Kaapstad (1945).

Sy gee aanvanklik onderwys aan die Hoër Meisieskool in Cradock (een jaar lank) en werk daarna twee jaar lank as vroueredakteur van *Die Huisgenoot* (1946-1948). Na haar troue met Klaas Steytler (joernalis, uitgewer en skrywer) doen sy aanvanklik vryskutwerk en begin daarna voltyds skryf. Sy en haar gesin (sy het twee dogters en 'n seun) het hulle in Oranjezicht, Kaapstad, gevestig. Klaas is in 1998 oorlede.

Sy debuteer met die reisverhaal *Water en Woestyn* (1957), wat ontstaan het na haar reis van die oorsprong van die Nyl in Uganda deur die Soedan tot in Kaïro. In hierdie werk val die aksent veral op die bodem, die grootse natuurgegewe van Afrika en die mistiek van die "Donker Kontinent".

3.1.2 Reisverhale van Joubert

Na *Water en Woestyn* skryf Joubert nog 'n hele aantal reisverhale, naamlik

- *Die verste reis* (Wes-Europa) 1959
- *Suid van die wind (*Madagaskar) 1962
- *Die staf van Monomotapa* (Mosambiek) 1964
- *Swerwer in die Herfsland* (Oos-Europa) 1968
- *Die nuwe Afrikaan* (Angola) 1974
- *Gordel van Smarag (*Indonesië) 1997

In hierdie reisbeskrywings is sy veral geboei deur volkereverhoudings. In haar reisprosa staan die mense in hul verskeidenheid, andersheid, maar tog ook universaliteit voorop, en die deernis en begrip vir die mens, ongeag herkoms of status, is ook opvallend (Steenberg, 1998:527). Die saamleefpatrone van verskillende rassegroepe binne 'n gemeenskaplike sosiogeografiese gebied is 'n tematiese band en 'n opvallende eienskap in Joubert se werk (Beukes, 1982:157).

Daar is ook deurentyd 'n soeke na oorspronge en verkenning, en die historiese agtergrond van die lande wat Joubert beskryf, is 'n baie belangrike aspek van haar ontdekkingstog (vergelyk die *historiese roman* wat vroeër bespreek is). Hierdie bewustheid van verlede en kultuurhistorese agtergrond gee die mens 'n sekere lewensbeskouing soos die sin vir geregtigheid en die fanatiese drang tot voortbestaan. Sy het 'n sin vir mense in hul uiteenlopende milieus en hulle uiteenlopende verhoudinge, veral as daar na haar beskrywings van die mense op reis gekyk word. Die slotparagraaf van *Die verste reis* onderstreep hierdie aspek van mensgerigtheid in haar werk: "...(D)ie verste reis wat 'n mens kan maak, is van mens tot mens, deur die hart" (Steenberg, 1998:528).

In hierdie opsig kan daar gesê word dat Joubert se reisboeke die voorwerk van haar romans vorm. Die aktualiteitsgerigtheid van haar reisverhale word in haar prosa voortgesit, en in haar romans neem die motief van medemenslikheid, inspanning en opofferings ook 'n sentrale plek in (Botha, 2000:147).

3.1.3 Romans en kortverhale van Joubert

Elsa Joubert se eerste roman is *Ons wag op die Kaptein* (1963) (vertaal as *To die at sunset*, 1982). Dan volg *Die Wahlerbrug* (1969), *Bonga* (1971) en *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) (vertaal as *The long journey of Poppie Nongena,* 1980). In 1983 word *Die laaste Sondag* gepubliseer en vertaal as *The last Sunday*. Daarna volg *Missionaris* (1988), *Die reise van Isobelle* (1995) (vertaal as *Isobelle's Journey,* 2002) en *Twee vroue* (2002).

Twee vroue, Elsa Joubert se jongste roman, bestaan eintlik uit twee kort novelles. Hierdie roman handel onder andere oor twee vrouekarakters se belewenis van ruimte

en soeke na identiteit. Dit is die lotgevalle van twee vroue wat tot die uiterste getoets word, en sluit aan by werke soos *Poppie Nongena*, *Ons wag op die Kaptein* en *Die Wahlerbrug*. Joubert vertel hier die verhale van Helena en Elvira, twee vroue uit verskillende tye en wêrelde. Eerstens is dit Helena se belewenis van die Sinaï-woestyn en daarna Elvira se droewige nawee oor die oorlog in Argentinië – twee verhale van transformasie en eenwording met die wêreld.

Joubert publiseer kortverhale in verskeie versamelbundels, soos *Herinnering se wei* (1966), *Bolder* (1973), *Blommetjie gedenk aan my* (1978) en *Kort-kort* (1990) (Steenberg, 1998:538). Sommige van hierdie verhale vind plek in haar eie kortverhaalbundels, naamlik *Melk* (1980) en *Dansmaat* (1993) wat beide goed ontvang is, maar tog nie so gewild soos haar romans is nie. Omdat die temas wat in *Melk* en *Dansmaat* na vore kom ook deur Joubert se hele oeuvre voorkom, word dit baie kortliks bespreek.

Haar debuutkortverhaalbundel *Melk* word deur Lindenberg (1981:35) as 'n wisselvallige bundel beskryf, en dié wisselvalligheid word toegeskryf daaraan dat 'n tema gebruik word wat te gou uitgedien raak. Heese (1981:9) meen weer dat *Melk* een van die interessantste bundels is wat in dié tyd verskyn. Hierdie bundel gaan nie alleen om Suid-Afrika nie, maar om Afrika en onderlinge menslike verhoudinge. Die swerweling, die ontheemde, die "outsider" tree meermale as sleutelfiguur op, maar kan tog deurgevoer word na die universele, algemeen-menslike vlak. Hierdie bundel fokus wel op menseverhoudinge, maar merendeels op verhoudinge oor die kleurgrens heen (veral tussen wit en swart).

Die verhale in *Dansmaat* handel grootliks oor ellende: die ellende van oorlog, armoede, dakloosheid en kranksinnigheid. Vir Roberts (1994:415) is die tema die Afrikaner se psigologiese en fisiese aanpasbaarheid, die geweld en wreedheid aan die hulpeloses asook die dubbelsinnigheid wat sommige van die verhale inhou: benadeelde of beskadigde mense doen afbreuk aan of veroorsaak beskadiging by ander – hoe kan 'n onbetrokke persoon enigiemand dan verantwoordelik hou?

Hierdie bundel sluit tematies aan by *Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Melk*, maar kyk ook verder as die eietydse verwydering tussen mense in Suid-Afrika. Dit kyk na

die geskiedenis en die verset van wit Suid-Afrikaners in die buiteland, en oorskry in enkele verhale selfs die grens tussen lewe en dood.

3.1.4 Pryse en toekennings

Joubert ontvang 'n verskeidenheid literêre pryse en toekennings, naamlik:

- *Ons wag op die Kaptein* – Eugène Marais-prys (1964)
- *Bonga* – CNA-prys (1971)
- *Missionaris* – W.A. Hofmeyr-prys (1989)
- *Die reise van Isobelle* – W.A. Hofmeyr-prys & Hertzog-prys (1996)

Veral *Die swerfjare van Poppie Nongena* het opspraak verwek en het 'n ingrypende invloed op die Suid-Afrikaanse gemeenskap gehad. Die roman is in 1984 tot 'n drama verwerk en handel oor 'n swart vrou en haar gesin se swaarkry onder die vorige politieke bedeling in Suid-Afrika. Vir hierdie roman het Joubert die volgende toekennings ontvang:

- Die Louis Luyt-prys in 1978
- Die CNA-prys in 1978
- Die W.A. Hofmeyr-prys in 1979
- Winifred Holtby-prys van die British Royal Society of Literature in 1981
- In 2002 word *Die swerfjare van Poppie Nongena* aangewys as een van die honderd beste boeke in Afrika

Haar erkenning is egter ook merkbaar in die verskeidenheid tale waarin haar prosa (in die besonder *Die swerfjare van Poppie Nongena*) vertaal is. *Die swerfjare van Poppie Nongena* is in 13 tale vertaal, onder meer Frans, Duits, Nederlands, Hebreeus en Spaans. Die toneelstuk is tussen 1982 en 1984 in talle lande op die planke gebring, by Off-Broadway in New York, asook by die Edinburg-fees, in Londen, San Francisco, Kanada en Australië. Oorsee het *Poppie Nongena* die *Oliver Award* vir toneelspel in Londen se West End ontvang, asook die *Obi Award* vir die beste draaiboek in die Off-

Broadway Theatre, New York. In Suid-Afrika is dit deur verskillende geselskappe in sowel Engels as Afrikaans in al die groot stede opgevoer.

Botha (2000:147) kyk terug op die meer as veertig jaar dat sy Joubert se boeke gelees het, en beklemtoon die een tema waaraan Joubert deur haar hele oeuvre getrou gebly het, naamlik 'n "medemenslikheid in die saambestaan van verskillende kulture binne een grondgebied". Madeleine van Biljon (soos aangehaal deur Botha, 2000:147) stel dit so: "Met haar bewonderenswaardige oeuvre het Elsa Joubert, deur haar vermenging van feit en fiksie (*faction*), haar wit lesers se manier van kyk na hul land asook hul houding teenoor die sogenaamde anderskleuriges onherroeplik, indien nie bewustelik nie, verander."

Die volgende romans word vervolgens kortliks bespreek: *Ons wag op die Kaptein, Die Wahlerbrug, Bonga, Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*. Dit is die romans wat myns insiens 'n goeie aanduiding gee van die aspekte van identiteit en ruimte van die vrouekarakters en Joubert se romans en ook deurlopend die tema van "die saambestaan van die verskillende kulture" uitlig. Vervolgens word elkeen van die 5 romans oorsigtelik bespreek as agtergrond vir die meer uitvoerige analise van die vrouekarakters in Hoofstukke 4, 5 en 6.

3.2 ONS WAG OP DIE KAPTEIN (1963)

3.2.1 Agtergrond

Hierdie histories-belangrike debuutverhaal ontstaan na aanleiding van 'n opspraakwekkende voorval waaroor 'n koerantberig in *Die Transvaler* van 15 Maart 1961 handel en wat ook aangehaal word op die agterblad van *Ons wag op die Kaptein*:

> *'n Portugese ingenieur het gister vertel hoedat 'n swart bende van ongeveer 350 'n plaas in Noord-Angola aangeval het. Die bende het die 12 Blankes op die plaas verhoor en hulle almal ter dood veroordeel. Voor die verhoor is die blankes aangerand en mans, vrouens en kinders is oor die grond gesleep. Die*

leiers van die bende het Frans gepraat. Die "verhoor" is 'n hele paar keer uitgestel, omdat die bende gewag het op die aankoms van 'n leier per vliegtuig uit die Kongo.

Hierdie aktuele verhaal speel af in Angola en strek oor een dag waarin 'n groepie blankes die Kaptein se koms afwag wat dan ook hulle dood beteken. (Kannemeyer, 1990:268). Dié berig in *Die Transvaler* handel oor 'n groepie mense op 'n plantasie in Noord-Angola wat vasgekeer is deur bendes afkomstig van oorkant die Kongorivier. Drie keer is hul doodvonnis uitgestel, want daar moes gewag word op Roberto Holden, die destydse groot leier van die UPA (die MPLA van vandag) (Van der Merwe, 1988:38).

Met *Ons wag op die Kaptein* pak Joubert destyds 'n nuwe, onontginde tema in die Afrikaanse prosakuns aan, naamlik die konfrontasie tussen wit en swart in die Afrika-konteks en die plek van die sogenaamde "halfbloed" in daardie konteks (Beukes, 1982:3). Interessante feite aangaande die ontstaan van die roman is bekend, en sulke feite kan meewerk tot 'n goeie interpretasie. Joubert verduidelik: "Toe Sharpeville gebeur, toe was dit vir my 'n vreeslike skok. Toe dog ek: nou moet ek regtig 'n direkte metafoor kry, nie net praat deur reisverhale nie." Sy het menigmaal voorheen probeer om romans te skryf, maar sê self: "Dit was regtig vir my gegee, hierdie beriggie. *Ons wag op die Kaptein* is eintlik die boek waarvoor ek die langste gewag het, maar wat die maklikste gekom het." (Van Der Merwe, 1988:38.)

Joubert kon haar goed vereenselwig met die Portugese karakters, omdat sy in 1949 drie maande lank in Lissabon gewerk het, en het die karakters direk gebaseer op die mense van die *pensao* waar sy tuisgegaan het. In der waarheid het sy die Portugees-georiënteerde *Ons wag op die Kaptein* gebruik om haar Afrikaner-samelewing aan te spreek en te waarsku.

3.2.2 Verhaalverloop

In hoofsaak handel hierdie verhaal oor Ana-Paula, wat regdeur as fokalisator gebruik word. As buitestander beleef Ana-Paula 'n intense identiteitsverwarring in Angola. Haar soeke na identiteit word terselfdertyd 'n poging om in die land 'n vastrapplek te

vind waaruit blyk dat daar 'n verband is tussen die land waarin sy leef en haar identiteit.

Ana-Paula trou met Carlos in Portugal en vergesel hom na Afrika. Dáár ontdek sy sy twee buite-egtelike kinders by 'n swart vrou, en as gevolg van haar eie kinderloosheid en alleenheid knoop sy 'n buite-egtelike liefdesverhouding met 'n handelsreisiger aan. Deur die jare voel sy al hoe meer ontuis in die land, en haar lewe word deur wanhoop en verbittering gekenmerk. Op 'n dag oorrompel die rebelle-soldate die blankes op die plaas en die swart werkers draai ook teen hulle. Almal wag dat die Kaptein moet opdaag sodat hulle doodsvonnis uitgevoer kan word. Hierdie wag-op-die-dood gee vir Ana-Paula die 'geleentheid' om oor haar verlede en haar foute te dink, alhoewel dit nou alreeds te laat is. In 'n soort boetedoening teenoor Carlos en die res van die blankes op die plaas, wil sy vrede maak, maar die afloop van die verhaal is onafwendbaar.

3.2.3 Temas

Die verhaal word deur Steenberg (1998:529) soos volg saamgevat: "Die heldin, Ana-Paula, se gedagtes voer haar (vasgekeer in die binneplasie) terug tot haar lewe in Lissabon, haar ongelukkige huwelik met die plantasie-eienaar Carlos en haar afkeer van die Afrika-vasteland. Deur hierdie gedagtevlugte word haar eie verlede brokkie vir brokkie herstruktureer tot 'n lewensverhaal, sodat onmiddellike hede en verlede langs mekaar, maar assosiatief ineengestrengel, opgebou word tot 'n noodwendige, aangrypende en sinvolle einde."

Die skuldvraag is prominent in hierdie roman. Al wil almal (die ander karakters) Ana-Paula blameer, weet hulle dat hulle almal skuldig is, want elkeen 'kon iets gedoen het'. Dit is egter alreeds te laat – hulle word omring deur werkers en rebelle om teen sonsondergang vermoor te word. Die nagmerrie van skuld en vergelding word vir hulle 'n werklikheid. Joubert skep dan ook die hoogste graad van spanning namate die rebelle en die gevangenes mekaar aan weerskante van die 'tronk' kasty. Weens die swak behandeling wat die werkers deur die jare van die blankes ontvang het, is moontlike gevoelens van lojaliteit ook heeltemal uitgewis (Marquard, 1982:8). Die feit dat die karakters weet dat die koms van die Kaptein ook hul dood beteken, bring mee

dat 'n warboel van emosies en belewenisse binne die bestek van 'n kort tydjie (minder as 'n dag) in die roman saamgevat word.

Die tema van die wrywing tussen wit en swart word ook duidelik belig, en Joubert gebruik verskillende karakters en karaktergroepe om dit uit te beeld. Die agtergrondfigure is byvoorbeeld die massa swartes, die bywoners en Carlos se bruin kinders. Die baas-kneg verhouding kry gestalte in die wreedheid van Carlos teenoor sy werkers. Daarteenoor simboliseer die verpletterende trap van die Kongolees se voet op sy hand (wat vir laas die sweep vashou), die verdwyning van die heregeslag in Afrika (Steenberg, 1998:530).

Hierdie verhaal gaan oor onbegrip en liefdeloosheid tussen wit en swart in Afrika, maar dit is (volgens Beukes, 1982:80) ook een van onbegrip, liefdeloosheid en gevolglik wraak tussen man en vrou. Die liefdelose huweliksverhouding van Carlos en Ana-Paula vorm, naas die hoofintrige, 'n newe-intrige in die roman. Die belangrikheid van liefde en die huwelik sal later in hierdie studie bespreek word.

Die slot kan as 'n oop einde beskryf word omdat die lot van die wagtendes nie eksplisiet aangedui word nie. Dit impliseer die sosiale en religieuse gelykheid van mense voor 'n hoër mag of die bevraagtekening van die waarde van identiteit. Ana-Paula as hoofkarakter en buitestander sal later in hierdie studie bespreek word.

3.3 DIE WAHLERBRUG (1969)

3.3.1 Agtergrond

Die Wahlerbrug is 'n fiktiewe verhaal, maar Joubert as reisverhaalskrywer kom ook hier duidelik na vore. Hierdie fiktiewe werk het dus die reisgegewe as grondmotief. Die titel, asook die hele verhaal, staan in die teken van reis en reisavontuur. Dit is asof die mens gedurig in beweging is, en sodoende iets nuuts van homself openbaar. "Hy bly nie staties nie, hy verander, die reis en sy wedervaringe bring sy latente eienskappe na vore." (Beukes, 1982:4.) In hierdie verhaal beweeg Joubert weg van

die aktualiteit van rasseproblematiek, en fokus voluit op die universele identiteitsprobleem.

3.3.2 Verhaalverloop

Die hooffiguur, Lottie Holme, spreek af met haar man dat sy een dag na sy vertrek 'n vliegtuig haal na 'n bestemming in Europa waar sy die Gouwse sal ontmoet. Met die wag besluit sy om 'n groot paleismuseum te besoek, en hier word sy agtervolg en ontvoer. Haar identiteitsdokumente, klere en handsak word by haar gevat en haar 'identiteit' word aan 'n ander vrou gegee, met die gevolg dat sy sonder geld of bagasie, staatloos en identiteitsloos gelaat word in 'n stad waar sy 'n taalprobleem ondervind. Hier kan 'n duidelike voorbeeld van buitestanderskap gesien word; sy is in 'n vreemde land waar sy haar nie verstaanbaar kan maak om hulp te vra nie.

Na vele verwikkelinge ontmoet sy weer haar ontvoerder, en nou raak hy as't ware vir haar 'n toevlug, byna 'n minnaar, maar hy verlaat haar tog weer. Sy besluit om te vertrek en by die Wahlerbrug tref sy Schwartz (haar ontvoerder) dood aan. Uiteindelik word sy hier volkome ontindividualiseer tot die essensiële vrou, wat haar tot die man aangetrokke gevoel het. Noudat sy hom deur die dood verloor, is sy gestroop van alles wat tydelik is en is sy gereed om oor die Wahlerbrug te stap (Steenberg, 1998:531).

3.3.3 Temas

Dat hierdie boek simbolies gelees moet word, is duidelik. Volgens Aucamp (soos aangehaal deur Beukes, 1982:108) slaag die simboliek in *Die Wahlerbrug* juis omdat dit 'organiese' simboliek is, met ander woorde simboliek wat as't ware deur die verhaal self verwek is, en nie van buite die verhaal aangelê is nie. 'n Mens sou hierdie reis ook as 'n lewensreis kon sien. Lottie (of die reisiger) besef dat sy niks sonder haar persoonlike dokumente is nie, en daarom het sy geen identiteit nie.

3.4 BONGA (1971)

3.4.1 Agtergrond

Bonga speel af in Mosambiek en handel oor die samekoms van twee mense uit verskillende wêrelde: uit die wêreld van die minder ontwikkelde halfbloede by Massangano en die betreklik beskaafde blanke gemeenskap van Tete. Hier vloei die historiese en werklikheidsgerigtheid ineen om die aktualiteit van rasseverhoudinge in menseverhoudinge aan die orde te stel (Steenberg, 1998:533). Konflik tussen wit en swart ontstaan met die huwelik van Bonga ('n halfbloed) en Inacia Maria ('n blanke). Hulle vul mekaar aan deurdat Bonga 'n drang het om los te kom van sy donker agtergrond en so 'n obsessionele belangstelling in die Kerk en in die blanke vrou het, terwyl Inacia Maria deur haar liefde vir Bonga juis die sensuele, primitiewe en dierlike in haar samestelling aanvul.

3.4.2 Verhaalverloop

Wanneer die halfbloede van Massangano die gemeenskap in Tete binneval, ontmoet Bonga Inacia Maria in die kerk voor die beeld van Christus. Hy is dadelik behep met die vreemde meisie en haar godsdiens, en Inacia Maria is weer op haar beurt gefassineer deur Bonga, die halfbloed, en kort voor lank trou hulle. Daar is egter teenkanting van die halfbloede en die blankes, en die huwelik is nie altyd baie rooskleurig nie. Wanneer Inacia Maria 'n seun kry, neem hulle hom na Tete om gedoop te word, maar die soldate van Tete skiet Bonga in die kerk dood, en Inacia Maria vlug uit haar geboortedorp met haar seun en die res van die halfbloede.

3.4.3 Temas

Hierdie roman kan ook simbolies gelees word. 'n Ander samelewingsorde word tot stand gebring; een wat nie op onderskeid tussen ras en ras berus nie, maar op dié tussen 'n verwaterde Christendom en soekers na Christus, soos blyk uit Bonga se geestelike worsteling en sy sterk begeerte om sy kind te laat doop en die prys waarteen hy dit doen (Steenberg, 1998:534). Dus kan 'n mens sê dat die rol van

godsdiens en die lotsbestemming van die mens 'n belangrike motief hier is soos ook in *Ons wag op die Kaptein*.

Alhoewel die konfrontasie tussen wit en swart die belangrikste is, word heelwat aandag aan die halfbloede gegee (net soos in *Ons wag op die Kaptein*). Daar is die verskeurdheid in die sentrale karakter, die halfbloed Bonga, tussen sy primitiewe en aardse Afrika-erfenis en aan die ander kant die bekoring wat die Westerse wêreld en sy mense vir hom inhou. Die tematiek in *Bonga* is dus 'n uitbreiding van die tema in *Ons wag op die Kaptein*.

3.5 DIE SWERFJARE VAN POPPIE NONGENA (1978)

3.5.1 Agtergrond

Hierdie verhaal kan as een van die hoogtepunte in Elsa Joubert se oeuvre beskryf word, een wat die menslike landskap in Suid-Afrika help verander het. Dit bestaan uit sewe dele en drie en tagtig episodes en vertel die verhaal van 'n swart vrou wat ingevolge die "paswet" en die burokratiese toepassing daarvan uiteindelik daartoe gedryf word om haar met haar kinders in die Ciskei te vestig (Kannemeyer, 1990:268). Poppie, die sentrale karakter, is dus 'n hawelose in eie land, 'n gestroopte mens op soek na haar regmatige plek in dié land. Wat hierdie karakter (en roman) so geslaagd maak, is dat die hawelose, die swerwer as die prooi van bepaalde omstandighede, nou die bekende mens uit eie bodem is.

In hierdie realistiese roman het 'n mens te make met die vervlegte lewens van 'n wisselende groep verstedelikte sowel as landelike of "rou" swartmense. Vir Grobler (1978:28) is die uitbeelding van die swartmens nie iets nuuts nie, maar juis omdat Joubert 'n swart vrou vanuit haar eie milieu, vanuit haar eie Afrikaans, en bowenal vanuit haar eie gees uitbeeld, is dit nie 'n moderoman hierdie nie: "Aangesien dit hier werklik om die mens en sy lotgevalle gaan, is *Poppie Nongena* na opset, struktuur, karakterbeelding en tematiese verwikkeling volwaardig roman." (Grobler, 1978:28.)

Die roman is as't ware 'n dokument van die verlede, hede en toekoms van die swart mense wat historiese en religieuse bande met die ou voorgeslagte het. Die roman speel binne onversoenbare pole af: aan die een kant is daar die tradisionele bande waarvan Poppie nie losgemaak kan word nie (byvoorbeeld die inisiasie wat haar seuns teen haar wil moet ondergaan), en aan die ander kant is daar die leefwyse van die blanke Afrikaner, sy godsdiens, sy tradisies, sy waardestelsel waarvolgens die swart mens moet leef as sy haar werk wil behou. Poppie moet dus eindeloos rondtrek om binne die wette van die destydse regering te kon bly.

Die idee van so 'n verhaal het ontstaan toe die vrouetydskryf *Sarie* Joubert en 'n fotograaf na die noorde van die destydse Suidwes gestuur het om verslag te doen oor die Portugese vlugtelinge. "Hoe kon ek dit nie gesien het nie, hoe kon ek die tekens so verkeerd gelees het?" het sy haar afgevra (Van der Merwe, 1988:38). Niks kon haar voorberei vir die stroom vlugtende vroue en kinders nie, en net daar het sy besluit om 'n 'reisverhaal' oor Suid-Afrika te skryf. Met hierdie boek het sy probeer om vir haarself antwoorde te vind, sy wou Suid-Afrika probeer verstaan. Sy het egter toe nog steeds na 'n manier gesoek om die waarskuwing oor te dra, en toe die vrou wat uiteindelik die karakter Poppie geword het, die oggend van die Tweede Kersdag 1976 op die stoep van haar huis gestaan het, het sy besef dis waarna sy nog heeltyd gesoek het. Dit was die dag van opstand en onluste in Guguletu en Nyanga tussen die stedelike swartes en die kontrakwerkers, en Poppie het, heeltemal verward oor die opstand, met haar kom gesels (Botha, 1980:11).

Joubert en Poppie het as vennote die boek aangepak, maar vir Joubert was dit 'n moeilike opdrag wat volgehoue dissipline geverg het. Alles is aanvanklik op band opgeneem en Joubert het deur Poppie ook dié se familie, huislike lewe en geesteswêreld leer ken. Twee jaar het hulle aan die boek gewerk, want die brokkies van Poppie se lewe moes saamgestel word en vorm kry, en dit was 'n geweldige opdrag. Soos reeds gesê, wou Joubert nie die verhaal as 'n blanke vertel nie, sy wou dit uit die oë en ervaringswêreld van die swart vrou Poppie vertel, want die waarheid moes die maatstaf wees. In 'n onderhoud wat Smuts met Joubert voer, sê sy self:

> "The problem was the frame of reference... You can't put black experience into a white frame of reference when you write. You must not, for instance, over-

> emphasize the fact that a black house is overcrowded – it does not seem so bad to someone who has always lived that way." (Smuts, 1979:93.)

3.5.2 Verhaalverloop

Die swerfjare van Poppie Nongena verskyn in 'n ontwrigte samelewing kort na die Soweto-opstande van 1976. Hierdie boek het, soos baie van Joubert se ander boeke, ook met 'n *reis* te doen; 'n reis van 'n swart vrou wat as ek-verteller self aan die woord is, en wat aan die woord gestel word. In *Die swerfjare van Poppie Nongena* sê Joubert in die voorwoord:

> *Hierdie verhaal is gebaseer op die feite wat ek ingewin het oor die lewe van Poppie Rachel Nongena, geb. Matati. Dit is 'n ware verhaal, maar om verstaanbare redes is die name van die persone verander. Niks word bygevoeg wat nie deur Poppie of haar gesinslede self beleef is nie.*

Die verhaal begin by Poppie se kinderjare en skooljare op Upington en haar gelukkige kleintyd by haar ouma Hannie. Poppie-hulle word dan genoodsaak om na Lambertsbaai te trek, en dit is hier waar sy Stone ontmoet en met hom trou. Poppie wil eers nie trou nie, en sukkel om aan Stone-hulle se Xhosa-kultuur gewoond te raak, maar stelselmatig raak sy lief vir Stone en sy familie. Poppie en haar gesin word dan weer weggestuur uit Lambertsbaai om in die Kaap te gaan bly. Dit is hier waar die meeste van Poppie se probleme begin, omdat die paswette ingestel word en die kantoor onder andere weier om haar pas te verleng. Dit is ook in hierdie tyd dat Stone siek word en sterf.

In die jaar 1976 begin die onluste in Soweto, en dit raak Poppie direk omdat haar seun Jakkie daarby betrokke is. Op die tweede Kersdag word Poppie se kleinseun, Vukile, wat by haar gebly het, doodgeskiet. Die boek eindig met Poppie wat hard word en konformeer met die onmenslike sisteem, omdat daar vir haar geen ander uitweg is nie:

> *Vrede sal daar nie kom nie, sê sy vir Mosie. Selfs dié wat vrede wil hê, word ingesleep in die moeilikheid. Daaraan sal ons maar gewoond moet word. Daaraan kan ons niks doen nie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 267).

Hierdie verhaal word op 'n feitelike manier vertel wat tot heel aan die einde geen bitterheid uitbeeld nie. Politiek meng nie in nie en sentimentaliteit is uitgelaat, maar die hartseer en die teistering en die frustrasie wat veroorsaak is deur die ongenaakbare sisteem kom nog steeds duidelik na vore (Melville, 1980:17)

3.5.3 Temas

Hierdie dokumentêre roman ("dokumentêr van inslag, roman van opset" volgens Botha soos aangehaal deur Beukes, 1982:122) is in meer as een opsig 'n unieke gegewe in Elsa Joubert se skryfkuns, want dit gaan oor werklike mense in kenbare situasies "waarin veral die instellings en opvattings van die gemeenskap en die invloed daarvan op die lot van die individu nagegaan en gedokumenteer word volgens die vormprinsipes van die roman" (Beukes, 1982:6). Dit is ook 'n unieke voorbeeld van 'n dokumentêre roman waarin niks deur die outeur bygevoeg is wat nie die belewenisse van die karakters self is nie. Daar is, volgens Beukes (1982:134), wel sprake van fiktiewe elemente in die ordening van die materiaal, maar die feitelikheid soos dit op bande vasgelê is, is 'n belangrike faktor. Hierdie werkwyse is dus duidelik 'n voorbeeld van New Journalism (*faction*) soos in Hoofstuk 1 aangetoon is. Elsa Joubert sê self:

> "I wondered whether I could or wanted to enter the life of an African woman, a woman who lived in such a different milieu, who belonged to a different tribe...So I did it with a sense of finding out myself, of bridging the barriers of ignorance in myself. I wanted us to meet as women, not as blacks or whites. And I wanted to build a bridge between the groups." (Vergnani, 1979:2.)

Hierin het Joubert defnitief geslaag, as 'n mens kyk na die geweldige positiewe reaksie wat dié boek veral onder wit Afrikaanssprekendes ontlok het.

3.6 DIE REISE VAN ISOBELLE (1995)

3.6.1 Agtergrond

Die reise van Isobelle is 'n boek wat tegelykertyd vir die leser die snypunte van die landsgeskiedenis uiteensit, 'n betekenisvolle literêre tendens tipeer, die kern van die skrywer se boeiende oeuvre saamvat en tydens die hele proses die essensie van ons uitdagende tydsgees kristalhelder en fassinerend verwoord (Roos, 1996:43). Hierdie roman word ook deur Steenberg (1998:536) as een van die uitnemendste momente in die oeuvre van Elsa Joubert en in die tydgenootlike Afrikaanse prosa beskryf.

Uit die titel reeds kan afgelei word dat hierdie verhaal waarskynlik 'n reisverhaal is, maar dit word mettertyd duidelik dat dit hier oor meer as die fisiese reis van 'n bepaalde vrou gaan. Vir Roos (1996:43) is hierdie 'n reis na "die ideële, die onwerklike; verby die grense van die verlede, en die werklikheid van dood en swaarkry, na 'n ruimte verby tyd". Die verhaal bestaan uit reise wat verskeie karakters (vier hoofkarakters) op letterlike en figuurlike vlak onderneem, en hier kan duidelik gesien word hoe die ruimte die karakters (in hierdie geval die vrouekarakters) se identiteit en hulle gebondenheid aan die land beïnvloed.

Die vier hoofkarakters se lewens is op aangrypende wyses verstrengel, en hulle beweeg in komplekse ruimtes van persoonlike tragedies en landstragedies deur Suider-Afrika en Europa. Volgens Smith (1998:1) is *Die reise van Isobelle* se 'werklikheid' van 'n bepaalde era in die geskiedenis van Suid-Afrika die tyd en ruimte waarin die fiktiewe verhaal afspeel. Hieruit kan 'n mens aflei dat die ruimte 'n groot rol ook in dié verhaal speel (selfs nog meer as in haar vorige verhale), soos Roos (1996:43) tereg sê: "…'n (S)torie spesifiek omtrent 'n Afrikanergesin en hulle hartstogtelike verhouding met die land waarin hulle leef."

Die reise van Isobelle fokus op die verhouding tussen die gedeelte en die geheel: tussen die individuele persoon en die groter samelewing, en tussen die unieke lotgevalle en die panoramiese geskiedenis. Fiktiewe en historiese gebeure word dikwels in dieselfde verhaallyn aangebied, met ander woorde die verhaal is deels

histories gegrond en deels denkbeeldig, en dit is hier waar *faction* en *New Journalism* 'n rol speel. Groot dele van die roman spruit voort uit Joubert se eie persoonlike ervaring. Die omslagfoto, waarna ook in die roman verwys word, is 'n familiefoto van Joubert. Haar oupa was ook 'n predikant in 'n konsentrasiekamp gedurende die Anglo-Boereoolog, en sy het self aan die fakkelloop tydens die simboliese ossewatrek in 1938 deelgeneem (Smith, 1998:2). Daar is ook geput uit verhale wat deur familie, vriende en mense in politieke aanhouding aan die skrywer vertel is, asook uit haar eie ervarings tydens die noodtoestand en haar besoeke aan die townships en navorsing tydens die skryf van *Die swerfjare van Poppie Nongena*.

Vir Steenberg (1998:537) gaan hierdie voorstelling van die historiese ontwikkeling van die Afrikaner gepaard met vindingryke weergawes van die verskillende denkklimate waardeur die karakters ontwikkel (dink maar aan hoe die bedeesde Emma en haar agterkleinkind Leo se denkwyses verskil). Alhoewel die karakters se denkwyses verskil, is daar tog universele vraagstukke wat al die vroue raak; dit maak nie saak of hulle in oorlogstyd of in die post-apartheid-era leef nie. Dit gaan spesifiek om buitestanderskap, die soeke na identiteit, liefde ens. Die oorwegende vrouefokalisasie in die roman is dan ook 'n manifestasie van die erkenning van die rol van die vrou in die samelewing. Die karakter Leonora (wat regdeur die verhaal aanwesig is) beklemtoon die vrye wil van die vrou, omdat sy nooit trou nie (alhoewel daar gesuggereer word dat sy wel geliefdes gehad het).

Die boek bestaan uit vier hoofstukke of dele, naamlik *Vooraf* (deel 1), *Agnes* (deel 2), *Belle* (deel 3) en *Leo* (deel 4). Uit die hoofstukindeling kan reeds gesien word hoe belangrik die rol van die verskillende vroue in hierdie verhaal is – dit is dus 'n optekening van die geskiedenis van 'n familie wat fokus op die ervarings van die vrouekarakters.

3.6.2 Verhaalverloop

In Deel 1 van *Die reise van Isobelle* word die verhaal van dominee Josias van Velde, 'n vurige Afrikaner-patriot, sy vrou Emma en haar Engelse suster Issy vertel. Die beskrywing van Josias se familie en nasate word volgens Smith (1998:1) gebruik "om die verloop van die Afrikanergeskiedenis weer te gee waar etniese en politieke

verskille die familie en ook die Afrikanervolk verdeel". Hierdie deel beeld hoofsaaklik vroue se lotgevalle en belewenisse in die Victoriaanse gemeenskap uit, te midde van bepalende magte en heersende tendense soos die Engelse kolonialisering en derhalwe die verengelsing van Suid-Afrika en die verdeeldheid van die Afrikaner.

In Deel 2 word na die Afrikanerwordingsjare gekyk (1920, 1938 tot 1948) deur die oë van Agnes. Dit is sy wat in haar naïewe soeke na haar identiteit 'n breër volksmotief realiseer (Steenberg, 1998:537).

In die volgende deel, *Belle*, kom Isobelle direk in aanraking met rassespanning, want haar geliefde, 'n Indiërman, sterf ter wille van haar. Sy trou toe maar later met 'n vryskutverslaggewer en kom in aanraking met lede van die rewolusionêre beweging van die apartheidstaat. In die vierde deel, met Belle se dogter Leo op die voorgrond, word verwys na die nuwe bedeling, versinnebeeld deur president Mandela se inhuldiging. Vir Steenberg (1998:537) word al hierdie laaste aspekte gebruik om die roman op 'n moment van hoop af te sluit. Dit gaan ook oor die aanvaarding van 'n identiteit teen die agtergrond van die land as 'groter realiteit'.

3.6.3 Temas

In 'n onderhoud met Wasserman (1996:5) sê Joubert waarom die geskiedenis vir haar so 'n belangrike rol in hierdie roman speel:

> "Ek dink jy kan eintlik net verstaan wat nou aangaan as jy na die verlede kyk. Ek was nog altyd geïnteresseerd in die verlede; dit gee 'n mens 'n aanduiding van hoekom mense is soos hulle nou is, hoe hulle gekom het waar hulle nou is."

Hierdie roman is duidelik 'n poging om, in die woorde van Van Coller (1996:6), 'n "eeu van onreg" te boek te stel – eers die onderdrukking van die Afrikaner deur die Engelse en daarna volg 'n uitbeelding van die Afrikaner as verdrukker. Die 100 jaar wat deur die storie gedek word, val ook uiteen in twee helftes (1894-1948, en weer van 1948-1994). Van Coller (1996:6) onderskei dan ook vyf motiewe in die verhaal, naamlik noodlot, geloof en liefde, hartstog, fotografie en die speurtog na die verlede. Vir

Venter (1996:8) is dit veral die twee kragte van **geloof en liefde** wat die karakters deur hul historiese of persoonlike of familie-omstandighede dra.

Daar is baie en verskillende vorme van menslike liefde wat in *Die reise van Isobelle* uitgebeeld word: die liefde van 'n dogter vir die vrou wat sy meen haar ma is, die liefde van 'n suster wat ver reis om die graf van haar broer te gaan soek (en dan die liefde van haar lewe verloor oor rassekonflik) en die liefde van 'n Indiërvrou vir 'n blanke man. Die liefdesaspek sal egter in Hoofstuk 6 van hierdie studie uitvoeriger bespreek word.

Die geloofaspek word op verskillende maniere uitgebeeld. Josias se geloof word uitgebeeld as sterk in teenstelling met sy broer Hennie s'n wat op die sendingveld deur 'n leeu verskeur word. Leonora (Josias se dogter) kan haarself eers nie daartoe bring om in God te glo nie, maar na haar pa se dood begin sy stelselmatig twyfel aan haar eie ongeloof. Belle, daarenteen, praat baie met haar oupa Josias oor geloof (in hulle gesprekke oor waansin vir God), maar dit is asof sy later in haar teleurstelling met die lewe hierdie geloof verwerp. Al hierdie motiewe hou verband met *identiteit* en *ruimte*, en dit sal ook verdere aandag in die volgende hoofstukke geniet.

Vir Smith (1998:2) bied Joubert in hierdie roman 'n blik op die Afrikaner, sy kultuur en sy geskiedenis sedert die einde van die vorige eeu deur die uitbeelding van gebeurtenisse soos die Anglo-Boereoorlog (1898-1902), die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en Rebellie (1914), die Groot Griep (1918), die Voortrekkereeufees (1938), die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), die verkiesing van 1948 en die Apartheidsjare (1948-1994), die Struggle en onluste van die tagtigerjare, asook die aanbreek van 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika (1994). Dit is egter ook 'n fiktiewe verhaal wat veral fokus op die belewenisse van vroue, hul familie en die hartstogte wat hulle dryf en sin gee aan hulle bestaan, met ander woorde al die faktore wat hulle identiteit bepaal. Dus kan gesê word dat hierdie roman die groot dramatiese gebeure van die geskiedenis oproep, maar ook fokus op die klein geskiedenisse van mense wat in hul historiese bepaaldheid probeer leef.

Die reise van Isobelle kan dus beskou word as 'n betrokke roman met 'n duidelike boodskap, maar "tog is dit ook 'n roman van innerlike perspektiewe waarin waarheid

bevraagteken word. Boonop is dit vol van tentatiewe besinning deur 'n verteller wat ook weet die waarheid speel wegkruipertjie met mense" (Van Coller, 1996:6).

3.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Elsa Joubert wil, deur middel van die verlede, ook riglyne vir die hede en toekoms bepaal om sodoende verandering te bewerkstellig. Sy gee aandag aan die groot dramatiese gebeure van die geskiedenis, maar fokus ook op die klein geskiedenis van mense wat in hul historiese bepaaldheid probeer leef. Sy het byvoorbeeld haar wit lesers se houding teenoor hul land asook teenoor gekleurdes (wat in dieselfde land bly) bewustelik probeer verander, omdat sy fokus op die medemenslikheid in die saambestaan van verskillende kulture binne een gebied. 'n Universele tema wat dus in haar romans tot uiting kom, is *die lyding van mense as gevolg van 'n bepaalde ideologie wat beslag kry in 'n sosiopolitieke bestel*.

In Joubert se oeuvre is nie net die dokumentêre roman of reisverhaal 'n aanloop tot die romans nie, maar vroeëre werk word ook deur lateres aangevul. Vir Beukes (1982:158) kan dieselfde van Joubert se oeuvre gesê word as wat Helen Gardner van T.S. Eliot bevind het: "One of the results of this integrity is that his later work interprets his earlier, as much as his earlier work does his later."

Uit die analise van Joubert se romans kom die volgende temas duidelik na vore: **skuld** (onreg, vergelding, die siening van die gemeenskap se invloed op die individu); **die verhouding tussen wit en swart** (onbegrip en liefdeloosheid, die halfbloed/kleurling); **die verhouding tussen man en vrou** (liefde, hartstog, onbegrip en wraak); **geloof** (Christen teenoor heiden, noodlot en die lotsbestemming van die mens) en die **geskiedenis** (verlede as maatstaf vir die toekoms, speurtog na die verlede, historiese en persoonlike geskiedenisse).

Binne die raamwerk van hierdie temas, fokus Joubert egter veral op die Afrikaner, die belewenisse van vroue en die hartstogte wat vroue dryf en sin gee aan hulle bestaan.

HOOFSTUK 4: DIE INVLOED VAN KULTUUR EN VERANDERING OP DIE IDENTITEIT VAN DIE VROUEKARAKTERS BY ELSA JOUBERT

4.1 INLEIDING

4.1.1 Kultuur versus persoonlike identiteit

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe kultuur die identiteit van die vrouekarakters bepaal en verander. Alhoewel mense soms magteloos voel teenoor kulturele oorheersing, kan hulle nogtans hierdie kulturele invloed teenstaan. Sommige van Joubert se vrouekarakters konformeer met die bestaande politieke of kulturele mag, maar die meeste rebelleer aanvanklik daarteen. Sommige karakters sal eers rebelleer en dan konformeer, terwyl ander eers sal konformeer en daarna rebelleer. Isobelle in *Die reise van Isobelle* het byvoorbeeld as klein dogtertjie en jong vrou eers gekonformeer met die bestaande regering en kultuur, maar na haar omswerwinge in Kenia draai sy direk teen haar 'Afrikanerskap' en verwerp haar herkoms. Dit is egter nie 'n maklike proses nie, want haar lewe lank word omvergegooi en sy verval in 'n hewige vorm van depressie. Later in die studie sal gefokus word op hoe die ander vrouekarakters as buitestanders van die kultuur gesien, verwerp is, soos deur ander en soms deur hulleself ervaar. Die vraag moet dus gestel word: Wat is kultuur en het dit regtig so 'n groot invloed op 'n individu soos beweer word?

Kultuur is 'n uiters komplekse konsep en baie moeilik om te omskryf of te definieer, omdat soveel verskillende interpretasies daarvan bestaan. Kultuur kan vanuit verskillende dissiplines benader word. Insigte uit die sielkunde, sosiologie en kultuurstudie kan kultuur belig. In alle dissiplines word dit egter aanvaar dat kultuur meervlakkig is en dat dit alle samelewingsverskynsels, insluitend sosiale en klasverskille, minderheidskwessies asook verskillende aspekte van die belewenis van nasionaliteit, bevat.

'n Belangrike vraag is of kultuur instinktief is of slegs aangeleer word. Die meeste wetenskaplikes glo dat kultuur nie geërf nie, maar meestal aangeleer word (Hofstede, 1997:5). Dit spruit voort uit die mens se sosiale omgewing, nie uit sy gene nie.

Kultuur is dan ook volgens Hofstede 'n kollektiewe verskynsel, want dit word grootliks gedeel deur mense wat in dieselfde omgewing woon (of daar gewoon het).

Kultuur is 'n magtige middel vir leer en sosialiseer (Dodd, 1995:34). Dit beteken dat mense aanpas by die groep se manier van dink en doen (gewoonlik word in 'n groepkonteks geleer en nie in isolasie nie). Skole, familie, buurte, kerke ens. representeer instansies wat geassosieer word met geleerdheid. Deur groepfaktore soos taal, gewoontes, gebruike, verwagtinge en verskillende rolle sal individue hulle wêreld vorm en daarvolgens dink, optree en kommunikeer.

So 'n groepsgevoel is baie belangrik in die individu se lewe, en dit bepaal die kulturele identiteit van elke mens. Om met 'n groep te identifiseer, is 'n normale handeling vir enige individu. William Bloom (soos aangehaal deur Segers, 1997:268) omskryf dit baie duidelik:

> "...(I)dentification is an inherent and unconscious behavioural imperative in all individuals. Individuals actively seek to identify in order to achieve psychological security, and they actively seek to maintain, protect and bolster identity in order to maintain and enhance this psycological security which is a 'sine qua non' of personality stability and emotional well-being. This imperative works from infancy through adulthood and old age. Moreover, identifications can be shared, with the result that individuals who share the same identification will tend to act in concert in order to protect or enhance their shared identity..."

4.1.2 Aspekte van kultuur

Louw onderskei drie soorte kulturele faktore wat 'n invloed op individue se identiteit uitoefen, naamlik *ekologiese faktore, sosio-ekonomiese faktore* en *godsdiens.* Onder **ekologiese faktore** val bevolkingsdigtheid, geografiese ligging, klimaat en verskille in lewenspatroon (in hierdie studie word dit in Hoofstuk 5 verder bespreek). **Sosio-ekonomiese** faktore oefen 'n groot invloed op die lewenspeil en waardes van 'n gemeenskap uit. In tye van ekonomiese depressie sal spaarsaamheid byvoorbeeld meer beklemtoon word as in tye van ekonomiese welvaart. Hierdie faktor beïnvloed talle aspekte van die lewe. Dit hang saam met die vlak van opvoeding, woonbuurt,

belangstellings en waardes. 'n Aspek wat 'n ingrypende invloed op die sosialiseringsproses en daarom ook op die identiteit van 'n groep of 'n individu het, is **godsdiens** en die kerk. Sekere waardes en norme word voorgeskryf, en daarom is dit so 'n integrale deel van die samelewing (selfs in die geval van die nie-kerkganger of minder-gelowige).

Hofstede (1997:5) onderskei twee tipes kultuur wat hy noem *culture one* en *culture two*. Kultuur een verwys volgens hom na die samelewing en die verfyning van 'n mens se denke deur opvoeding, kuns en letterkunde. Kultuur twee "deals with much more fundamental human processes than culture one; it deals with the things that hurt". Volgens Hofstede (1997:5) is die definisie van kultuur twee (wat merendeels in hierdie studie gebruik word) "the collective programming of the mind which distinguishes the members of one group or category of people from another".

Dodd (1995:34) definieer kultuur soos volg:

"Culture is the holistic summation and interrelationship of an identifiable group's beliefs, norms, activities, institutions, and communication patterns."

Uit bogenoemde definisies is dit duidelik dat kultuur 'n groot aantal aspekte insluit van waardes en oortuigings tot gevoelens en gedrag. Hierdie gedragsmodelle word deur 'n kultuur voorgeskryf of van die mense van die kultuurgroep verwag en kultuur reflekteer in denke, spraak en optrede.

Dodd (1995:34) meen dat kultuur so 'n basiese deel van menslike gedrag is, dat 'n mens nie die deurdringende invloed daarvan kan ignoreer nie. Hy onderskei drie aspekte van kultuur:

- In die eerste plek stel kultuur 'n agenda van reëls, rituele en prosedures vas. Houdings teenoor tyd, kleredrag, wat en wanneer om te eet, hoe om te werk, illustreer hierdie eerste funksie van kultuur. Dit is die natuurlike deel van sosialisering om 'n behoorlike sin vir welvoeglike en onwelvoeglike gedrag aan te leer en om binne daardie kulturele reëls op te tree.


- In die tweede plek versterk kultuur sekere waardes van goed en kwaad. So begin mense sekere benaderings ten opsigte van universele denke en sienings inneem.
- Derdens leer kultuur ons hoe om met ander om te gaan en te kommunikeer.

Om op te som, kan gesê word dat Dodd die volgende drie sake as die aspekte van kultuur beskou: die praktyk, 'n waardesisteem en sosiale verhoudinge. Hofstede (1997:6) onderskei ook drie belangrike punte in 'n individu se denkwyse/optrede, naamlik *personality, culture* en *human nature.* Die menslike natuur is iets wat elke individu op die aarde met 'n ander in gemeen het – dit verteenwoordig die universele aspek van menslike bestaan. Menslike natuur word in die gene gedra: die vermoë om emosies te wys, om met ander te assosieer, om te speel en te oefen, om die natuur te waardeer ens. Die persoonlikheid van 'n individu is weer sy/haar unieke persoonlike stel denkprogramme wat met niemand anders gedeel word nie. Kultuur is net so belangrik en kan nie van die menslike natuur of die persoonlikheid losgemaak word nie.


Segers (1997:272) identifiseer ook drie faktore wat die kulturele identiteit van 'n spesifieke nasie of etniese groep bepaal: 1) Die formele karakteristieke en statistieke waardeur 'n bepaalde nasie/groep op 'n spesifieke tyd beskryf word; 2) die denkwyse (*programming of the mind)* in 'n spesifieke samelewing waardeur die kulturele identiteit deur die 'in-groep' vasgestel word; en 3) die uiterlike beeld van die kulturele identiteit van die groep, met ander woorde hoe ander nasies/kulturele groepe die groep sien.

Die merkers van kulturele identiteit soos omskryf deur Dodd, Hofstede en Segers kan aan die hand van die volgende diagramme voorgestel word:


Figuur 1: Dodd



Figuur 2: Hofstede




Figuur 3: Segers



Op grond van hierdie merkers gaan ek my eie figuur saamstel. Dié figuur word in die res van die hoofstuk gebruik as verwysing om die karakters te ontleed. ***Selfbeeld*** verwys na die wyse waarop die groep/individu hulleself sien, m.a.w. hul goeie- en swakpunte; hulle voorspoed en teëspoed; hulle persoonlikheid. ***Eksterne beeld*** verwys weer na hoe ander kulturele groepe/nasies dié groep/individu sien (statistieke, grappies, vooroordele, diskriminasie ensovoorts). ***Denkwyse*** is die wyse waarop die spesifieke kulturele groep of individu oor sekere aspekte van die lewe dink. Hulle het bepaalde sienings van godsdiens, morele waardes, politiek en kuns. Hierdie figuur hou verband met die kulturele identiteit van 'n groep en ook met die individu.

Figuur 4: Samevoeging



Daar is ook ander aspekte van kultuur wat nie weggelaat kan word nie, maar namate die studie vorder, sal ek dit onder die drie aspekte soos in Figuur 1 aangedui, indeel en aandui waarom dit daar geplaas is.

4.1.3 Historiese en kulturele identiteit

Die historiese aspek van kulturele identiteit kan nie uit die oog verloor word nie. Dodd (1995:38) praat van *cultural history*. Historiese ontwikkeling en tradisie vorm die basis vir die riglyne waarvolgens mense kultuur verstaan. *Cultural history* verskaf insig tussen die verskillende groepe, maar bepaal ook individuele gedrag. 'n Groep se geskiedenis bied 'n sosiale kontinuïteit, 'n identiteit, wat eintlik sê: "this is who I am" (Dodd, 1995:38). In sommige dele van die wêreld, ook in Suid-Afrika, is 'n stamboom en familie-afkoms belangrik vir die identiteitsbeleweing van 'n persoon. Joubert beeld hierdie aspek baie duidelik uit in *Die reise van Isobelle* en selfs *Die swerfjare van Poppie Nongena. Cultural history* val dan onder *selfbeeld*, omdat die afkoms van 'n kulturele groep en dié se geskiedenis 'n goeie beeld gee van hoe hul identiteit daar uitsien, en waarom hulle hulle op 'n bepaalde manier sien.

Lede van enige kultuur het 'n sin vir sosiale identifikasie. Kultuur kan dus deurgetrek word na groepspersoonlikheid (*eksterne beeld)*. 'n Persoon se kulturele identiteit affekteer interpersoonlike verhoudings en spesifieke modelle vir verwagte individuele persoonlike optrede en gedrag. Vanuit hierdie sosiale identiteit (wie **ons** is) word 'n sin vir persoonlike identiteit verkry (wie **ek** is) (Dodd, 1995:39).

Elke kultuur het sy eie interpretasie van realiteit. Daar word gepraat van die sogenaamde perseptuele 'venster' waardeur mense hulleself en ander sien (*denkwyse)*. Maar meer nog: kulture bevat bepaalde 'waarhede' en sekere oortuiginge, met ander woorde 'n wêreldsiening. Hierdie wêreldbeeld is 'n oortuigingsisteem ten opsigte van die aard van die heelal, die verwagte effek daarvan op die menslike natuur en die mens se plek in die heelal (Dodd, 1995:105). 'n Wêreldsiening is 'n fundamentele stel veronderstellings wat die volgende verduidelik: kulturele kragte, die aard van die mensdom, die aard van goed en kwaad, geluk, noodlot, geeste, die rol van tyd en die aard van ons fisiese en natuurlike hulpbronne (Dodd, 1995:106).

Gilliomee (soos aangehaal deur Louw, 1996:480) sien die Afrikaanse groepsbewustheid as 'n sentrale element in die Afrikaner se identiteit – dit is 'n universele, positiewe en sterk bindende faktor. Hierdie groepsbewustheid van die Afrikaner staan in teenstelling met dié van Engelssprekendes in Suid-Afrika. Die Engelssprekende groep het volgens Louw (1996:480) minder kohesie en is ook minder groepsgebonde. Individualiteit, oopheid, die Engelse taal en kulturele tradisie vorm die verwysingsraamwerk vir die identiteit van die Engelssprekende Suid-Afrikaner (*denkwyse)*. Maar daar is tog 'n voordeel vir die Engelssprekende Suid-Afrikaner en dit is die band met nog 'n groter eenheid, die Engelstalige internasionale kultuur wat Brittanje en Amerika insluit.

In sy boek *Menslike Ontwikkeling* skryf Louw (1996:479) oor die invloed van kultuur op die menslike ontwikkeling en identiteit. Hy beskryf onder andere die 'modale' persoonlikheid wat verwys na die samesnoering van gedragspatrone, denkwyses en gevoelens wat kenmerkend is van lede van 'n spesifieke kultuurgroep (*selfbeeld)*. Ten spyte van groot individuele verskille binne elke kultuurgroep dra hierdie gemeenskaplike elemente tot 'n eiesoortige persoonlikheid van lede van die groep by, wat byvoorbeeld die Fransman van die Duitser, die Xhosa van die Zoeloe, en die Afrikaner van die Engelsman onderskei. Hierdie gemeenskaplike elemente dra by tot 'n gevoel van groepsbewustheid (*selfbeeld)*.

Die identiteit van swartes is (vir Louw, 1996:480) sterk verbonde aan 'n uitgebreide familie- en stamstruktuur wat 'n bron van wedersydse ondersteuning is. Alle mense met dieselfde familienaam kan deel van hierdie uitgebreide struktuur wees, omdat aanvaar word dat almal oorspronklik van dieselfde voorouer afstam. Ook deel van hierdie struktuur is verskeie 'vaders', 'moeders', 'broers' en 'susters', omdat die vader se broers en die moeder se susters ook as ouers beskou word. Hierdie siening moet noodwendig 'n invloed uitoefen op die identiteit en groepsgebondenheid van die individu, asook op die gevoel van samehorigheid (*selfbeeld*). Iets van die swart kulture se verskillende identiteite kom duidelik na vore in *Die swerfjare van Poppie Nongena*.

4.2 ANALISE

Reeds aan die begin van *Die reise van Isobelle* het ons te make met 'n botsing van kulture wat konflik veroorsaak, aangesien meer kulture as net die oorspronklike 'Afrikaner'-kultuur in hierdie roman teenwoordig is. Ander kulture wat ook prominent in die roman is, is die Europese kultuur, die Afrika-kultuur en die Indiese kultuur.

Aan die begin van *Die reise van Isobelle* is die Victoriaanse (Engelse kultuur) die norm. Daar word aan die vroue voorgeskryf hoe hulle moet optree. Nie net ten opsigte van uiterlike gedrag en klere nie, maar ook op die vlak van die seksuele geld bepaalde opvattings wat aan Emma voorgehou word:

> *Dan hoor sy die woorde wat haar moeder die aand voor haar troudag in hulle 'little talk' gesê het: "It will be hard, my dear. Submit with dignity"* (Die reise van Isobelle, bl. 7).

Hoewel die vroue met hierdie sienings konformeer, onstaan skuldgevoelens as hulle anders voel. So is hul ware identiteit onderdruk:

> *Nie lank nie of haar dierbare Josias kan weer teen haar nestel en terwyl die stofdeeltjies in 'n sonstraal dans, en sy sy gesig opgehef na die kerkplafon met vurige konsentrasie in haar gedagtes oproep, 'submit' sy met 'dignity', selfs gretigheid. 'n Gretigheid wat haar totaal verbaas. En onderdruk moet word. Grandma se woorde bly onuitwisbaar in haar ore: "Not for women of our class, dear"* (Die reise van Isobelle, p7).

4.2.1 Eksterne beeld

4.2.1.1 *Leonora*

Leonora kan (in Victoriaanse terme) as 'n 'tomboy' gesien word. Aunt Issy en Grandma gee moed op met haar, en dit is duidelik dat Victoria hul gunsteling dogter is. Selfs Emma probeer Leonora 'konformeer' sodat sy meer soos die gemiddelde Victoriaanse meisie moet optree. Jare later kry Leonora en Frikkie die brief wat hul ma

net voor haar dood geskryf het (die 'Vision'), en selfs toe is daar nog 'n wrewel in Leonora teen die 'vroulikheid' van die Victoriaanse era:

> "*Sy't geskryf in die idioom van die tyd," sê Leonora toe sy ná jare by Frikkie tussen ou papiere die 'Vision' kry en dit volledig lees. En aan Frikkie vra: "Moet 'n tyd eers versplinter word voordat ons sy idioom kan eien? Hoe wens ek ek kon haar duideliker onthou," sê Leonora. "Net die beeld van Mother wat by lamplig stories en gedigte voorlees: Lord Byron, Tennyson, Longfellow. Wat die hare van my voorkop wegstryk en my so sag betig: 'not such a tomboy, Norie, be my sweet, gentle girl'. Gentleness, gentleness. Dis vir my 'n bose woord, Frikkie, maar hoe sou Mother iets boos kon sê?"* (Die reise van Isobelle, bl. 103).

Dit wil voorkom of die roman suggereer dat die gemiddelde Victoriaanse vrou ongelukkig is en vasgekeer word in die voorgeskrewe norme. Dit is waarom Emma haar uiteindelik aan die samelewing onttrek en alleen 'geluk' vind in haar kamer. (Die belangrikheid van kamers word in die hoofstuk oor *ruimte* bespreek).

In *Die reise van* Isobelle voel en dink Leonora presies die teenoorgestelde as die ander vrouekarakters – sy kom voor as 'n sterk vrou wat haar eie besluite neem. Sy is die een wat vasgedruk voel in haar land, en besluit om alleen oorsee te gaan toer. Sy probeer dus haar ruimte vergroot.

Alhoewel Leonora in haar kinderjare ander denke en gedrag as dié van haar ma (Mother) en Vicky vertoon, is sy tog so lief vir hulle dat sy haar lewe lank lank sukkel met en selfs rebelleer teen die feit dat hulle dood is. Sy sê eenkeer vir haar geliefde broer Robert dat sy weet dat sy haar pa aan die dood moet afgee, maar dat dit tog vir haar baie swaar is:

> *"Net so min soos ek Mother en Vicky se dood kon aanvaar, net so min kan ek nou Father s'n aanvaar."* (Die reise van Isobelle, bl. 235.)

Toe Josias Leonora afsien voordat sy oorsee gaan, betreur hy dit dat hy haar nie kan laat leer soos sy seuns nie (Die reise van Isobelle, p167). Hy besef haar brein is nooit

benut nie, en dat dit juis die rede vir haar rusteloosheid is. Sy verander gedurig van skool en woonplek, want sy is (in Josias se woorde) "ongedurig" en "ontevrede". Op sekere tye in haar lewe is sy ook bedruk, sy voel vir haarself soos iemand sonder hartstog. Leonora is duidelik 'n buitestander in hierdie lewe. Sy is nooit gelukkig met haar omstandighede nie want sy is altyd op soek na iets 'anders', en sy kan ook nooit konformeer met die kultuur nie:

> *Soos altyd laat die aanblik van die vreemde 'n groot, honger opwinding in Leonora opstoot. Miskien vind sy op hierdie donker strande dit waarna sy soek, dit wat sy in woorde nie eens vir haarself kan omskryf nie* (Die reise van Isobelle, bl. 213).

4.2.1.2 *Agnes*

Na haar ouma se dood en nadat Agnes uitvind sy is 'n weeskind, besluit sy om haar studie te voltooi en te begin werk. Dit is hoe Agnes by dominee Josias van de Velde uitkom – sy is die nuwe onderwyseres op die dorp en gaan maak kennis. Alhoewel die omgewing by die pastorie haar baie aan haar tuiste in Kenia laat dink, is sy baie anders as die pastoriegesin, en miskien is dit juis hierdie verskil in kultuur wat veroorsaak dat Agnes en Stuart op mekaar verlief raak:

> *Eintlik was dit onvermydelik dat Agnes en Stuart op mekaar verlief sou raak. Sy was so anders as hulle, so blond, waar die pastoriekinders donker soos hul moeder was... Sy het vir Stuart die allure van die vreemde gehad; die plaaslike meisies het hom nie soveel aangestaan nie... Wanneer sy nie die noupassende hoedjie gedra het nie, het sy 'n band om haar hare geknoop, styf teen haar ore, oor haar voorkop, met soms lang krale om haar hals. Selfs haar tabberds was anders as sy susters s'n; sy het na die Bolandse dorpie 'n sofistikasie van die groot stad saamgebring* (Die reise van Isobelle, bl. 131).

Die ironie van Agnes se lewe is dat sy nooit weet wáár en in watter kultuur sy tuis voel nie. Later in haar lewe voel sy wel soos 'n Afrikaner, maar sy is net so tuis in die Engelse kultuur – Aunt Issy is immers mal oor haar. Sy soek haar lewe lank na 'n plek en kultuur waarin sy kan tuis voel, maar dit is haar nie regtig beskore nie.

Agnes wil (net soos Ana-Paula van *Ons wag op die Kaptein* en Inacia Maria van *Bonga*) nie aan die verlede saam met haar ouers en familie dink nie. Dit roep net slegte herinneringe en verlange op. Al drie hierdie vrouekarakters trou om van hulle omstandighede te ontsnap: Inacia Maria om weg te kom van haar alkoholis-pa, Ana-Paula om weg te kom van haar eensame bestaan saam met haar ouers, en Agnes omdat sy met alle mag deel wil word van 'n familie. Agnes kom dalk 'konformerend' voor (sy skakel maklik in by die pastoriegesin, sy is 'n ware dame en aunt Issy keur haar goed), maar sy rebelleer tog teen haar omstandighede, want sy vertel vir almal 'n leuen:

> *En sy het besluit: Ek gaan vir hulle lieg. Ek gaan vertel van my pa in Oos-Afrika, van wie hulle tog reeds by verwysing weet. En ek gaan volhou dat my moeder met my geboorte dood is...* (Die reise van Isobelle, bl. 136).

Agnes sterf op 'n aaklige manier – sy word verkrag en vermoor. Leonora en Leo (Agnes se kleinkind) moet Agnes se huis deursoek vir goed wat dalk weg is. Vir die eerste keer is Agnes weerloos voor hulle – hulle sien amper in haar heel diepste wese, want sekere dinge van haar lewe word nou ontbloot en haar eksterne beeld sal noodwendig verander. Soos Joubert opmerk: "Dis ontstellend hoe die dood iemand blootstel" (Die reise van Isobelle, bl. 487). Agnes se lyk word op die ou end veras. Maar wat van die asse word, weet niemand nie.

4.2.1.3 *Isobelle*

Sussiebelle (soos Isobelle ook genoem word) speel 'n groot rol in *Die reise van Isobelle*, en haar omstandighede het ook 'n groot invloed op baie mense na aan haar. Haar lewe begin baie rooskleurig, maar dit eindig met ongekende teleurstelling en hartseer. In haar jeug is sy haar oupa Josias se oogappel, want sy is energiek, vlug van verstand, nuuskierig en weetgierig. Sy huiwer nie om die Unievlag in gietende reën op hulle dak te gaan staanmaak toe hul buurman 'n Union Jack op sy dak hys nie.

Sy neem deel aan die fakkelloop tydens die gedenkfees vir die Groot Trek; daar is duisende mense wat teen die einde van die fees by die Voortrekkermonument vir die hoeksteenlegging bymekaarkom. Sy is so meegevoer deur die hele feestelikheid en die fakkelloop dat sy selfs huil toe dit verby is. Later die aand, toe sy in die kar sit, het sy so 'n knop in haar keel dat dit vir haar voel asof sy nooit weer sal kan praat nie. Vir ander mense is dit duidelik dat sy patrioties en lief vir haar volk is – min weet hulle wat in die toekoms sal gebeur. Sy praat op 'n later stadium met haar oupa Josias oor al haar belewenisse. Dit is toé dat hy vir haar sy tentjie gee wat hy van die boerevroue in die konsentrasiekamp as geskenk gekry het.

Haar lewe word egter gekenmerk deur absolute teenstelling. In die tyd van haar jonkheid, kan 'n mens sê dat sy 'waansin' vir haar volk het (of so lyk dit):

> *"Oupa het gesê mens kan waansin hê, dis nodig om soms waansin te hê," sê SussieBelle snipperig. Sy knip al die prentjies van die waens uit koerante en plak dit in 'n boek* (Die reise van Isobelle, bl. 203).

Maar dit is juis haar 'volk' wat iets kosbaars van haar wegneem, naamlik 'n lewe saam met haar geliefde, Hussein. Die 'volk' het dit gedoen omdat dit (volgens die 'Afrikanervolk') beter is so.

Daar is 'n duidelike verskil tussen die Isobelle van vroeër (in haar jeug) en die een van later (na sy haar geliefde verloor). Na wat omtrent 'n leeftyd van hartseer genoem kan word, gee Isobelle in haar laat dertigerjare geboorte aan 'n dogtertjie wat sy na Leonora vernoem. Leonora sien later om na die kind, omdat Isobelle nie baie belangstelling in moederskap toon nie. Sy gaan al hoe meer agteruit en keer in haarself – al wat sy heeldag doen is om na die bioskoop te gaan en rolprent na rolprent te kyk. Selfs een van die meisies wat by die bioskoop werk, sê: "Die vrou is simpel van die flieke, sy willie meer buitetoe nie" (Die reise van Isobelle, bl. 444). En dié vrou se woorde is nie baie ver van die waarheid nie, want Isobelle is stadig maar seker besig om haar psigiese welsyn te verloor.

Nádat Belle uit die psigiatriese hospitaal ontslaan is en sy en Holtzhausen (met wie sy later trou) in die huis langs oom Hendrik en tannie Rina intrek, sterk sy geleidelik aan

en begin haar eie huishouding waarneem. Sy help tannie Rina om klein versnaperinkies te maak vir oom Hendrik en sy Broederbondvriende. Die ironie van die saak is dat sy selfs 'n spesiale broodjiewiel ontwerp met die vier kleure daarin: "Op 'n keer maak sy miniatuurfakkeltjies uit bruinbrood gesny, met 'n repie tamatieskil vir die vlam" (Die reise van Isobelle, bl. 455). Haar eksterne beeld en selfbeeld/denke bots – mense sal dink sy is patrioties omdat sy kos maak vir die Broederbond, maar in werklikheid het sy geen gevoel vir haar land meer oor nie. Sy het dus geen keuse as om te konformeer met haar omstandighede nie. Dit is asof 'n sirkelgang afgesluit word: die fakkel en die vlam hou vir haar groot emosionele betekenis in as kind, nou is dit dieselfde fakkel en vlam wat haar lewe verwoes.

4.2.1.4 *Leo*

Leonora is aanvanklik nie beïndruk deur die volwasse Leo nie. Miskien omdat sy in haar jong volwassenheid te 'voorbeeldig' voorkom. Sy besluit om 'n Matie te word (haar ooms se Alma Mater), sy dra 'n dik bril, neem deel aan sport, en het 'n tokkelok vir 'n kêrel. Later betaal oom Hendrik vir haar kontaklense, en dit gee haar dadelik 'n mooier houding. Sy sny haar hare en word 'n bietjie maerder. Sy en Leonora raak stelselmatig al hoe liewer vir mekaar.

Nadat sy in haar ouma Agnes se huis intrek en die groepie kinders in haar houthuis ontdek, kan sy nie meer net haar gewone daaglikse gang gaan nie; sy 'rebelleer' al hoe meer teen die 'samelewing'. Dit is dan ook ironies dat sy 'n pos by 'n bruin skool kry, en een van haar vriendinne noem haar 'n "bleeding heart" (Die reise van Isobelle, bl. 505). Tot een aand, wanneer een van die straatkinders wat agter in haar erf bly, in 'n koma verval, en sy onwillekeurig betrokke raak. Dis ook toe dat Leo besef: ...*Waar was ek my lewe lank? Ek weet niks* (Die reise van Isobelle, bl. 512). Hier voel sy geïsoleer van die werklikhede in die land – sy leef altyd in haar 'kokon' van gerustheid, en hier word alles nou vir haar duidelik.

Een van die grootste komplimente wat Leo kry van 'n eksterne perspektief, is toe die noodtoestand afgekondig word. Sy is saam met die bruin kinders in die geveg, in so 'n mate dat die kinders sê: *Sy's in die struggle, sy's 'n comrade* (Die reise van Isobelle, bl. 516). Van toe af is sy gedurig besig om kinders te help opspoor, boetes te betaal

ensovoorts. Dit raak al hoe moeiliker omdat dit vir Leo voel asof sy in twee verskillende wêrelde leef. Haar eksterne beeld en haar denkwyse verskil:

> *Die gevoel van in twee wêrelde leef, is oorweldigend. Dit is dieselfde motor en dieselfde N2-pad verby die swart woonbuurte waarmee sy ry, maar sy beweeg in 'n totaal ander verwysingsraamwerk. Dit laat Leo effens skisofrenies voel. Selfs woorde het ander betekenisse* (Die reise van Isobelle, bl. 521).

4.2.1.5 *Lottie*

By Lottie (in *Die Wahlerbrug)* word ook iets baie waardevol en kosbaar van haar weggeneem, naamlik haar identiteit. Swartz laat haar verstaan dat hy eintlik 'n goeie daad doen wanneer hy Lottie se dokumente van haar wegneem:

> *Ek neem nie iets van jou wat onvervangbaar is nie, net iets toevalligs, en iets wat toevallig vir 'n ander persoon op dié tyd noodsaaklik is. Is dit nie 'n goeie werk nie?* (Die Wahlerbrug, bl. 62).

Vir hom is haar papiere en identeitsdokumente vervangbaar, maar Lottie ervaar dit anders. Alles is vir haar vreemd en skrikwekkend. Sy is heeltemal verlore in die vreemde land sonder haar besittings en papiere. Die ironie is dat die vrou wat haar 'identiteit' oorgeneem het, nie daarmee kan regkom nie. Sy sê vir Lottie: *Op dié dinge kan jy nie reken nie... Daar het fout gekom* (Die Wahlerbrug, bl. 77). En om alles te kroon, sê die vrou vir Lottie daar was nooit iemand soos Lottie Holme nie. Dit is wanneer Lottie al haar selfbeheersing oorboord gooi: *"Maar daar was so iemand", huil Lottie, "daar was so iemand. Jy kan hulle laat kom, jy kan Schwartz laat kom, daar was so iemand"* (Die Wahlerbrug, bl. 78). Daar is 'n duidelike onderskeid tussen Lottie aan die begin van die roman saam met haar man, en die Lottie wat die leser leer ken in 'n vreemde land sonder haar identiteitsdokumente.

4.2.1.6 *Inacia Maria*

Inacia Maria in *Bonga* voel vasgekeer in haar omstandighede. Sy het nie die vrymoedigheid om by haar nuwe kultuur in te skakel nie en verkies om heeldag in haar

kamer deur te bring. Inacia Maria is dus eintlik 'n baie somber mens. Sy kan later omtrent nooit uit haar huis of kamer gaan nie, en is konstant moeg. Haar eksterne beeld maak dat mense haar wantrou of selfs jammer kry. Maar haar kamer is juis die plek waar sy haar lewe probeer verwerk deur te lê en dink:

> *Inacia Maria, tot die dood toe moeg van die lang dag se staan, het uiteindelik van Bonga gehoor dat sy kon teruggaan huis toe. Dit was die derde dag van haar verblyf in die aringa. Reeds het dit haar voorgekom asof sy baie lank hier gewoon het, is die pad op na haar kamer, oor die stoep, met die houttrap op na die kamer met die swaar meubels en die groot hortjiesdeure vir haar meer bekend, sterker in haar ervaringsbeeld as die kamer wat sy in die huis van haar vader bewoon het. Dié het vir haar vaag geword, beneweld. Die klein onsekerheid van die eerste oggend was weg. Sy is ongemerk ingesluk deur die gebeure om haar, het deel daarvan geword. Die dood was die band* (Die reise van Isobelle, bl. 90).

Inacia Maria word, net soos Agnes, ook van haar pa geskei – al is dit uit vrye wil – en moet 'n bestaan maak in 'n volkome nuwe kultuur. Sy word geskets as 'n stil, skugter, teruggetrokke vrou (wat seker verwag is van Portugese meisies). Sy is ook misterieus – die mense spekuleer oor waarom sy met Bonga trou, hulle dink aan redes soos vrees, gierigheid en hebsug – maar Inacia Maria **wil** met Bonga trou.

Inacia Maria weet al voor die troue dat sy afstand moet doen van haar eie kultuur en die vreemde kultuur van die halfbloede moet aanneem, maar dit is byna asof sy nie kan wag om weg te kom van haar alkoholis-pa en verswakte ma nie. Hier kan sy vergelyk word met Ana-Paula van *Ons wag op die Kaptein.* Sy het sin gekry in die onbekende, en wou wegkom van haar neerdrukkende bestaan:

> *Sy wil nie van haar ouers praat nie. Hulle is verwyder, sy kan skaars dink aan die tyd toe sy daar was, hulle en die tyd van haar jeug het in 'n onduidelike duister gister weggesak. Sy wil eerder oor die kus praat* (Ons wag op die Kaptein, bl. 93).

Die latere Inacia Maria verskil ook van die karakter wat die leser aan die begin van die roman leer ken; sy gaan al hoe meer agteruit en doen nie meer moeite om aan te trek of haar mooi te maak nie. Veral met haar swangerskap is die huis en haar kamer in 'n toestand en Bonga kom omtrent nooit meer huis toe nie. Die verskil in kultuur en die swarigheid wat daarmee gepaard gaan, word saamgevat in Luisa ('n vrou van een van die halfbloede) se woorde:

> *"Jy moes 'n vrou wat jy ken, van jou ma se huis, saamgebring het", sê sy oplaas. "Daar was niemand nie," stamel die vrou op die bed.*
> *"En jy het jou hierin kom begewe"* (Bonga, bl. 126).

4.2.2 Selfbeeld

4.2.2.1 *Leonora*

Wanneer Leonora met haar suster Victoria vergelyk word, is daar 'n duidelike verskil tussen die twee susters se persoonlikhede. Victoria is sag en aard na haar ma – sy probeer om almal gelukkig te hou en probeer nie skoor soek nie. Sy is dan ook die een wat as kind sterf aan die Groot Griep, miskien omdat sy so broos is, terwyl Leonora, die rabbedoe, 'n lang en vol lewe lei. Die verskil tussen Leonora en Victoria blyk duidelik uit die insident waarin Victoria op haar bed lê en huil omdat Adriaan haar 'soentjies en drukkies' gegee het. Dadelik is Leonora die een wat sê:

> *Wat is daar om oor te huil? Toe, sê my. Niks. Dis reg dat hy vir jou soentjies en drukkies gee. Aunt Issy kan ons voorsê wat sy wil. Dis reg, reg, reg. Vicky, luister, dis reg. Dis nonsens dat ons soos katjiepieringblomme is wat bederwe net van vat* (Die reise van Isobelle, bl. 99).

Leonora bly deurgaans die eenkantmens, die buitestander in die familie. Sy het 'n sterk persoonlikheid en is ook eiewillig. Sy doen haar eie ding – sy wil graag universiteit toe gaan (wat ongewoon is vir vroue in daardie tyd), maar haar pa weier. Leonora bly ook op haar eie in Kaapstad, en gaan op haar eie oorsee. Toe haar familie haar by een geleentheid in Wellington verwag, besluit sy om nie te gaan nie. Sy besluit om eerder in Adderleystraat en die Goewermentstuin te gaan wandel. Dáár besluit sy dat sy oorsee gaan om van haar roetinebestaan af weg te kom:

> *Ja, ou goudvissies, ek vat ook maar my kans soos julle. Wie weet in watter bak ons beland... Sy's haastig om by die huis te kom om die vorms wat sy by die skool aangevra het, te begin invul. 'n Stapel vorms, in triplikaat. 'n Aansoek vir 'n uitruilpos onder die Gemenebes-uitruilskema... 'n Jaar skoolhou in London! Haar kollegas gaan nie aansoek doen nie. Nog nooit! sê hulle en dink aan kêrels en familie wat agtergelaat moet word. Daar is niks wat haar bind nie* (Die reise van Isobelle, bl. 166).

4.2.2.2 *Agnes*

Agnes Valeria Greylinck is een van die karakters in dié roman by wie identiteit en die gevoel van behoort 'n baie groot rol speel. Sy is na alle waarskynlikheid 'n weeskind wat deur haar 'pa' en later haar 'ouma' grootgemaak is, maar onder 'n valse voorwendsel dat dit onderskeidelik hul kind en kleinkind is.

Sy bly vir die eerste paar jaar by haar pa in Kenia, maar toe hy besef dat sy nie 'n ordentlike opvoeding gaan kry nie (omdat daar nie 'vroue' is nie), stuur hy haar na Suid-Afrika. Haar lewe lank worstel sy met die feit dat haar pa haar weggestuur het, daarom sukkel sy met 'n swak selfbeeld. Sy bly eers by haar oom Piet en tante Naomi, maar later besoek sy haar ouma Greylinck in Pretoria, aan wie sy deur die jare baie verknog raak. By haar ouma verskil die lewenswyse en kultuur heeltemal van die lewenswyse en kultuur in Kenia by haar pa. Sy verlang aan die begin na haar pa en die bos, maar mettertyd raak sy gewoond aan die luukshede van haar ouma se huis:

> *Pappa, dink Agnes, ek wil teruggaan na Pappa toe. Maar sy raak gewoond aan die huis en die varings en potplante en die voël en die koekies waarvan sy kan eet soveel as wat sy wil, en die klokkie wat die ouma net lui, dan kom 'n meidjie wat in 'n rok nes hare aangetrek is, maar in donkerblou blommetjiesgoed met 'n lang voorskoot aan, om koekies of glasies met koeldrank of teekoppies op 'n skinkbord te bring* (Die reise van Isobelle, bl. 72).

Na Stuart se dood gaan woon Agnes by juffrou Marais, die persoon wat Josias vermoed dalk Agnes se ma kan wees. Hulle beweeg geleidelik al nader aan mekaar,

alhoewel hulle nie werklik weet of juffrou Marais wel Agnes se ma is nie, en dit pla hulle ook nie. Agnes is nou meer gelukkig as ooit, want sy kan haarself wees by juffrou Marais, en sy besef dat die lewe is wat 'n mens nóú daarvan maak, nie wat jou verlede is nie. Sy, wat al die jare so in haar verlede leef en 'identiteitloos' geword het, begin nou stelselmatig weer in haarself glo. Dit is ook die eerste keer dat sy diep en dringend met haar dogter Isobelle praat oor haar gevoelens van kultuur en identiteit:

> *Ek was altyd ongemaklik oor die Engels. Ek voel 'n Afrikaner by juffrou Marais. Ons dink dieselfde. Sy's 'n Verwoerd-mens, soos jou oom Robert. SussieBelle, ek weet nie hoekom nie, maar ek voel ek is ék by haar. Ek probeer nie iets wees wat ek nie is nie. Ek het my gelukkigste oomblikke gehad toe ek my as Afrikaner aangevoel het. En as wit mens. Dit kan jou tante Leonora nie begryp nie* (Die reise van Isobelle, bl. 387).

4.2.2.3 *Isobelle*

Isobelle se kinderjare staan in skerp teenstelling met wat sy in haar latere lewensjare sal ondervind. Nadat haar broer Ozzie in Kenia sterf, stuur haar ma háár om sy graf te gaan soek. Daar ontmoet sy vir Hussein, 'n Indiese man wat haar geliefde word. Soldate skiet hom voor (en óór) haar dood, en die res van haar lewe is die skuldgevoel, verslaenheid en verlange so erg dat sy in 'n depressietoestand verval. Sy is verdeeld omdat haar Afrikaner-kultuur nog altyd deel van haar hele wese is (van die dag van haar fakkelloop), maar nou is dit juis dié kultuur van haar wat haar verraai. Dit maak dat haar persoonlikheid volkome verander – sy is nie meer die ekstrovert wat sy tydens haar jeug was nie.

Eers in Kenia by Hussein begin sy haarself regtig ken. Sy voel eers ongemaklik in die vreemde Indiese kultuur, maar mettertyd aanvaar hulle haar en begin sy tuis voel. Sy besef dat sy nie soos haar familie is nie, en nou is sy ook, nét soos haar ma, op soek na haar identiteit. Dit is ironies dat sy juis in Kenia haar ware self ontdek, op die plek waarvandaan haar ma weggestuur is:

> *Ek is anders as hulle. Dis hoekom ek hiernatoe gekom het. Ek weet nie wie my regte oupa is nie, ek weet nie eintlik wie ek self is nie. Ek wou hierdie oupa*

> *kom vra. Vir my ander oupa was ek lief, maar dis nie genoeg nie. Net halfpad. Ek ken myself net halfpad. Hier by jou leer ek myself ken* (Die reise van Isobelle, bl. 324).

Haar lewe 'eindig' tragies toe Hussein deur die soldate geskiet is. Sy hele familie blameer haar, sy blameer haarself, en weens die omstandighede in haar eie land kan sy dit nie aan iemand vertel nie.

Sy reis in elk geval van Kenia eers na Europa, waar sy ineenstort en na Suid-Afrika teruggeneem word. Weer eens word die verskil in kultuur tussen Afrika en Europa duidelik beklemtoon. Sy dra haar koedoevelsak alewig met haar saam oral waar sy in Europa gaan, sy vind troos daarin, want dit is vir haar die verpersoonliking van Hussein. Maar omdat sy nou identiteitloos is, bring die koedoevelsak ook herinneringe terug van gelukkiger dae en dit is wat haar aan die lewe hou:

> *Haar hand kruip onder die jas uit en soek troos in die lang, stekelrige hare van die handvatsel wat losgetrek het en soos 'n poot oor haar lyf kom lê* (Die reise van Isobelle, bl. 341).

In Europa word haar identiteit (net soos Lottie s'n in *Die Wahlerbrug*) vir haar 'n probleem. Sy voel asof haar liggaam vir haar 'n vreemde las is wat sy moet saamdra, en dat haar identiteit 'n bewys is van al haar herinneringe en die laste wat sy nou moet dra:

> *...Maar die las van die verhouding met haar sigbare self is onverwerkbaar. Dit is selfs vir haar pynlik om haar paspoort, die bewys van die massa wat sy saamsleep, uit haar sak te haal en aan die vrou wat die kamer verhuur te oorhandig, haar blik kortstondig eers oor haar foto en dan die gestalte voor haar te sien gaan* (Die reise van Isobelle, bl. 234).

Sy leef dus heeltemal in 'n wêreld van haar eie, as 'n mens dit 'leef' kan noem. Sy doen alles soos 'n lewende dooie; sy wil nie regtig meer eet nie, sy probeer om aan niks te dink nie, sy behou 'n afstand tussen haar liggaam en siel. Sy maak 'n

wilsbesluit om haar te distansieer van alles en almal om haar. Sy het omtrent nie meer iets soos 'n selfbeeld nie.

Op 'n dag besef sy dat haar geld min is en dat sy werk moet soek. Dan ontmoet sy die vrou in Genève by die Internasionale Vlugteling-organisasie (Die reise van Isobelle, bl. 357). Vir die eerste keer vertel sy aan iemand dat haar geliefde oor háár doodgeskiet is, en daar besef sy ook hoe onafwendbaar omstandighede is en hoe 'alleen' sy in die lewe is.

> *Sy wou vir die vrou gesê het: Ek het jou nie alles vertel nie. Dit is omdat hy doodgeskiet is dat ek kán teruggaan na my land. As hy geleef het, sou my land ons gearresteer het – dit klink vir haar ongelooflik – en in die tronk gesit het. Nou is ek sonder hom en sonder my land. En jy praat nog met my van 'Cette Russie, que j'aimais toujours'. Is juis dít nie die ironie wat strek verby die vrye wil of bestemming nie?... Met my wat sonder hom én sonder my land is?... En dan wonder sy: Hoekom sê ek nog 'my' land?* (Die reise van Isobelle, bl. 359).

Dit is ook in hierdie moeilike tyd dat sy haar identiteit begin bevraagteken. Toe sy haar eertydste kamermaat Bettie tussen 'n groep danseresse probeer uitken, is sy geskok en uit die veld geslaan deur die identiteitloosheid van al die meisies wat by haar verbykom. Sy dink skielik wat great-aunt Issy gesê het: "Onthou wie jy is, kind" (Die reise van Isobelle, p365).

> *Wie is ek?... Sy dink skielik aan Ozzie. Hoe hy gespot het toe hulle erewag gestaan het in Voortrekkerrokke en tuitkappies... Ozzie het gesê: Julle lyk almal eenders, jy kan 'n pop aantrek en in jou plek staanmaak, niemand sal weet nie. 'n Pop in haar plek staanmaak... Maar dit was nie 'n pop wat Hussein liefgehad het nie. Dit was sy, haar kern. En jy is, soos die vrou in Genève gesê het, geseën om dít te vind. In die passie wat alles oorskry: jou kern, jou eienheid* (Die reise van Isobelle, bl. 365).

Haar lewe lank kan sy nie oor Hussein se dood kom nie, alhoewel sy met Holzhausen trou en selfs 'n kind het. Deur haar gedagtes maal daar gedurig terugflitse van hom en die Indiese gedigte wat hy vir haar voorgelees het. Op een stadium vertel Barry

(haar neef) haar van die ou man Greylinck wat in Kenia dood is. Toe hulle die Indiërs van die plaas af verwyder, is haar (Isobelle se) naam genoem, want sy het hulle beloof dat hulle na sy dood op die plaas kan aanbly. Dit laat haar net weer besef dat sy op die verkeerde tyd op die verkeerde plek is – dié land is nie hare nie:

> *Ek het geweet ek kom skade doen toe ek in die kamer by jou staan. Hoekom het ek nie geloop nie, dadelik geloop, die veld in, net weg van jou en van hom? Want ek is ook skade aangedoen, auntie Latifa, verskriklike groot skade, meer skade as net 'n woonplek wat jou ontneem is omdat Hussein dood is voor hy die ou man kon oorreed om 'n testament te maak. Baie meer skade, want ek woon as vreemdeling in my land* (Die reise van Isobelle, bl. 408).

4.2.2.4 <u>*Leo*</u>

Tydens Leo se universiteitsjare en ook wanneer sy afgestudeer is en werk, geniet sy die lewe terdeë. Soos sy self dink: *Ek is nie dom nie, ek is slim, ek het 'n huis, ek het 'n werk, ek gaan 'n motor kry, die lewe lê voor my* (Die reise van Isobelle, bl. 488). Sy het dus 'n baie goeie selfbeeld en 'n sterk persoonlikheid. Sy word beskryf as mooi met blonde, blink hare, rooi wange, lippe effens oop en klam – 'n ideale 'prentjie' vir 'n jong dame (Die reise van Isobelle, bl. 489). Dis ook nie lank nie of sy trek in haar oorlede ouma Agnes se huis in, koop vir haar 'n Volkswagen Golf en kry 'n werk as onderwyseres en *geniet haar lewe vir 'n volle kwartaal lank* (Die reise van Isobelle, bl. 500).

Maar haar lewe verander geheel en al wanneer sy een aand die straatkinders in haar waenhuis ontdek. Die volgende oggend moet sy aantrek en skool toe ry, maar van daardie dag af is alles anders:

> *Sy ry deur 'n vreemde stad. Die strate lyk anders, die mense, die geboue. Die trosse kinders by die verkeersligte skreeu uit na haar. Hoor niemand die geskreeu nie? wil sy aan die mense rondom vra. Vermy oogkontak, hoor sy van ver. Natuurlik, dan sien jy hulle nie raak nie. Kyk! Wil sy skree. Ruk julle windsels af en kyk!* (Die reise van Isobelle, bl. 504.)

Leo neem 'n wilsbesluit en word deel van die struggle. So aard sy na Leonora wat dikwels teen die bestaande regime ingaan en haar eie kop volg, ongeag wat ander van haar dink of sê. Sy word een aand laat in hegtenis geneem en word vir ses maande tronk toe gestuur (oor die drukpers wat agter in haar houthok versteek is), en dit is daar dat sy begin om haar identiteit te betwyfel, en waar haar selfbeeld 'n knou kry:

> *Hoewel sy lank reeds hierteen gewaarsku is, stoot paniek in Leo op. Die paniek van net te verdwyn, êrens ingedruk en vergeet te word* (Die reise van Isobelle, bl. 565).

En ook:

> *Wat steeds paniek veroorsaak, is die gevoel van onteiening van die self. Tot sy begin twyfel of dit haar lyf of haar bewussyn is wat hierdie dinge ervaar... Die organisasie het mense gewaarsku: tref reëlings dat iemand, enigiemand, navraag sal doen as jy verdwyn. Wie sal oor háár navraag doen? Sy voel as daar net so iemand was, sou hierdie naamloosheid, gesigloosheid, identiteitsloosheid oorwin kon word* (Die reise van Isobelle, bl. 568).

Leo voel asof haar menswees en menseregte in die tronk van haar af weggeneem word, maar sy is 'n baie sterk vrou, en beveg dit met alles in haar. Sy weet dat die liggaam van die 'gees' geskei kan word, en kry selfs 'n meerderwaardigheid (weer 'n goeie selfbeeld) omdat sy weet dat hulle niks aan haar denke en gees kan doen nie:

> *Van die kru behandeling, die rondstoot en stamp, selfs die onderklere uittrek in die inskrywingskamer wat nie veel meer as 'n deurloop is nie, en die ondersoek van die liggaam op die vernederendste manier, ten aanskoue van sowel vroue as mans, kon sy haar distansieer. In die distansiëring selfs 'n soort meerderwaardigheid voel... Voorlopig is dit ook moontlik om haar te onderwerp aan die roetine, die blinde gehoorsaam wees aan nou opstaan, nou was, nou uit die blikborde eet, nou terug in die sel* (Die reise van Isobelle, bl. 568).

Sy kry ook weer in die tronk die gevoel dat sy deel is van iets groter as sy self. Hierdie groepsgevoel en gebondenheid gee individue iets om voor te lewe – dit gee hul selfbeeld terug. Toe die swart vroue in die tronk een aand weer begin sing, "antwoord"

al die blanke vroue in haar sel en sing terug. *Hulle sak verlig terug toe hulle in die verte die refrein van die lied hoor en weet: dis die swart vroue wat antwoord. Hulle weet ons is hier, sê hulle aan mekaar, hulle weet hulle is nie alleen nie* (Die reise van Isobelle, bl. 569).

Na Leo vrygelaat is, is dit nie asof alles skielik beter gaan in haar lewe nie. Die lewe na die tronk is anders, dit voel vir haar asof niks in haar lewe reg wil loop nie. Die geletterheidsprogramme vir volwassenes wat sy aanbied, loop dood omdat die leerlinge nie opdaag nie. Dinge tussen haar en Fred vlot nie – sy hande jeuk om oorsee te gaan en foto's daar te gaan neem, en Leo wil niks weet van emigreer nie. Hy kry 'n geleentheid om te gaan, en sê vir Leo sy moet daaraan dink:

> *Hoe het hulle nie destyds oor 'post prison'-depressie gepraat nie. Almal ly daaraan, aanvaar dit. Maar hare hou darem te lank aan 'n jaar of vier, vyf? Killing fields? Rolling mass action? Politieke moorde. Die doodmaak duur voort. Dit skryn in haar dat 'n mens gewoond raak aan dood. Twaalf, vyftien, twintig mense oor 'n naweek. Wat maak dit saak?* (Die reise van Isobelle, bl. 598).

Omdat sy so sleg en depressief voel, besluit sy om dokter toe te gaan. Toe hy vir haar sê dat sy swanger is, besef sy: *Ek wis dit, diep in my binneste. Dit was die rede vir my bedruktheid, die sagte bewing van vrees, omdat daar 'n ander lewe is wat bedreig word. My kind. 'n Nuwe gedagte. Sy proe daaraan* (Die reise van Isobelle, bl. 612).

4.2.2.5 *Lottie*

Net soos Leo haar identiteit in die tronk begin betwyfel, raak Lottie van *Die Wahlerbrug* paniekerig in die vreemde. Sy voel hulpeloos en begin haarself betwyfel. In Europa kan sy nêrens heen gaan vir hulp nie – sy is heeltemal op haarself aangewese:

> *Wat kan ek doen? Haar gedagtes tuimel heen en weer, haar brein, haar denkvermoë, wil-wil in rat kom, dit ruk na vore, word gestuit, sy kan nie dink nie. Daar is niks konstruktiefs wat na vore kom uit die wolkerigheid, die*

vaagheid van haar begrip van die situasie nie. Ek moet dit deurdink, ek moet aan iets kan vashou... (Die Wahlerbrug, bl. 43).

Lottie voel hulpeloos sonder haar man, maar tog is daar 'n krag in haar wat maak dat sy nie gaan lê nie. Sy rebelleer ook teen haar omstandighede soos op die oggend na sy op die stasie geslaap het:

Daar het gister eienaardige dinge met my gebeur. Maar ek kan dit te bowe kom. Ek het nog my verstand en kan nog my woord doen. Ek kan tog nie soos 'n kind verdwaal of wegraak nie. Ek is tog nie 'n plassie water – sy kyk na die watermerk wat om haar voete agtergebly het – wat sommer net so kan verdamp nie. Ek is tog nog ek (Die Wahlerbrug, bl. 40).

Op soek na 'n plek om te bly en iets van haarself terug te kry, loop Lottie in die straat af en probeer van die plekke herken. Dit is asof haar gemoedstemming wissel tussen selfstandig en hulpeloos, tussen iemand met 'n goeie selfbeeld en dan identiteitloosheid. Net nadat sy soos 'n 'misdadiger' by die lugrederykantoor behandel is, en so heeltemal haar selfversekerdheid verloor het, voel sy skielik weer seker van haarself:

Sy het haar houding teruggekry. Sy loop orent. Ek kan nog my woord doen, sê sy aan haarself. Ek is Lottie Holme. Ek het 'n naam, en al is dit ver weg, 'n adres. Ek het 'n man en 'n huis en kinders. Sy loop oor die straat. Ek is Lottie Holme... (Die Wahlerbrug, bl. 45).

4.2.2.6 *Poppie*

Poppie (in *Die swerfjare van Poppie Nongena*) voel ook asof sy nêrens 'behoort' nie. Sy word groot by haar ouma, maar bly sekere tye in haar lewe by haar ma. Sy word van Lambertsbaai, haar geboorteplek, weggestuur na die Kaap. Daar moet sy kort-kort gaan smeek om 'n verlenging van haar pas, maar op die ou end sê hulle vir haar sy kwalifiseer nie vir die Kaap nie, sy moet weer trek.

> *Van Observatory na Nyanga, van Nyanga na Observatory. Dan 'n maand, dan drie maande, dan 'n week. Sy sit dae om by die poskantoor. Hoekom sit julle hierdie swaar drag op my skouers? Vra sy vir die witman* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 104).

Poppie het 'n sterk persoonlikheid en selfbeeld, maar vir 'n swart vrou in die apartheidsjare is die lewe net soveel moeiliker, daarom moet sy later in haar lewe met haar omstandighede konformeer – sy word gedwing om dit te aanvaar:

> *Die man kan jy nie force nie, want hy moet vir die witmense werk, maar die vrou moet gaan. Dit was dieselfde storie in die Kaap as wat dit in Lambertsbaai is, die vrou moet weg. Hulle het altoos vir Poppie uitstel gegee, maar as sy nou sekere points het om te bly en dis redelik, dan soek hulle nou iets anders om haar te force om te gaan* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 104).

Die ironie is dat Poppie baie lief is vir haar land en haar taal, Afrikaans. Maar waar die samelewing 'n blanke vrou soos Agnes se Afrikanerskap aanvaar, word Poppie se 'Afrikanerskap' verwerp. Poppie word groot as Afrikaanssprekende, maar moet noodgewonge leer Xhosa praat:

> *Hy kon dit nie verdra as ek Afrikaans praat met my ma nie. Daai tyd kon ek niks Xhosa praat nie, net Afrikaans. Ek kon Xhosa gehoor het, maar nie self praat nie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 28).

Die omstandighede waarin Poppie en haar gesin hulle bevind, word net erger en erger. So erg dat sy móét opgee. Toe sy die laaste keer na die kantore gaan om haar pas te verleng, vra 'n vrou haar of sy weggaan. Poppie antwoord: *Wat kan ek doen?... Ek kan nie die wet met my hande breek nie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 138). Sy besef dat sy niks meer aan haar situasie kan doen nie, sy moet nou maar saamleef met die onregverdigheid van die land en sy mense.

Eksterne omstandighede dwing Poppie om nie meer teen die bestel te rebelleer nie, sy kan later nie anders as om dinge te aanvaar nie.

4.2.3 Denkwyse

4.2.3.1 *Leonora*

Leonora is van jongs af 'n 'moeilike' kind, dit is asof sy 'n rede soek om anders te wees. Sy wil altyd almal – veral aunt Issy – se verwagtinge skok. 'n Goeie voorbeeld van haar stuursheid is die keer toe sy die rok vir Agnes se troue moet aanpas:

> *Leonora sien haarself in die spieël en stamp haar voet. "Ek haat dit, dis 'n lelike rok. Ek lyk soos 'n opgeblaasde padda daarin"... "Ag, Leonora," sê Agnes, "ek wou so graag dat ons eenders lyk voor die kansel." "Maar ons is nie eenders nie." Sy vryf haar vuiste teen haar oë. "Ons is nie eenders nie en sal nooit eenders wees nie, en los Mother uit die hele affêre"* (Die reise van Isobelle, bl. 146).

Alhoewel Leonora haar pa se witbroodjie is, redeneer sy baie met hom en verskil van hom in sommige van sy standpunte. Sy dink en tree nie op soos die gemiddelde Victoriaanse meisie nie – sy is selfstandig en doen haar eie ding. Hy laat haar nie toe om universiteit toe te gaan soos haar broers nie, maar tóg gee hy vir haar die tentjie wat die boerevroue in die konsentrasiekamp gemaak het. Hy is tog op 'n manier trots op haar omdat sy haar eie lewe lei en haar selfs teen Grandma en Issy verset. Sy sê self (bl. 132) dat sy nie dink haar pa sou na Emma en Victoria se dood die lewe sonder haar kon hanteer nie, en dat sy selfs op 'n manier Father se bondgenoot is teen aunt Issy. Ook later, dekades ná sy dood, sê Leonora aan Leo:

> *Ek was as jong meisie gedurig in verset teen Father... Ten spyte van ons botsings, miskien juis daarom, was ek en Father baie na aan mekaar. Ek kon hom 'n warmte gee wat hy van die ander nie gekry het nie. Ek het Vicky soms jammer gekry; sy kon dit tog nie verhelp dat haar naam hom so tot aanstoot was nie. Weet jy dat Father net een keer in sy lewe lank haar naam, Victoria, uitgespreek het, en dit was toe hy haar begrawe het?* (Die reise van Isobelle, bl. 93).

Haar pa se dood raak Leonora baie dieper as wat sy ooit sou kon dink. Daar word beskryf dat sy byna jaloers word van haar pa se 'soet, ander werklikheid' wat hy ervaar het. Hy vind vrede en berusting in die feit dat hy doodgaan. Dit word beskryf as *die kennis van 'n werklikheid wat hom sou begelei tot waarheen hy ook al moes vertrek. Geloof* (bl. 256). Sy is opstandig oor haar geloof. Sy vind omtrent nege jaar na haar pa se dood nog steeds geen berusting nie. Sy is dus ook die 'buitestander' wat geloof betref. Sy sukkel om die Calvinistiese geloof van haar ouers en haar broers aan te neem.

> *Ek baklei met skadufigure. Ek voel self onwerklik. Ek loop die trap op en dan weer af. Ek drink bekers koffie uit. Rook sigaret na sigaret. Ek doen my werk, ja. Tog bly daar soveel tyd oor, soveel tyd* (Die reise van Isobelle, bl. 257).

Sy neem later in haar lewe (wanneer sy heelwat ouer is) 'n rustiger houding teenoor God in, en maak vrede met godsdiens. Dit ontstaan ná haar kuiertjie met Frikkie, toe sy by 'n fonteintjie stop omdat sy dors is. Hierdie gedeelte kan dan ook baie simbolies gelees word; sy dors nog altyd na die Fontein van die waarheid, maar haar dors word eers later in haar lewe geles. Die woorde wat gebruik word om die drinkproses te beskryf, herinner baie sterk aan die nagmaal.

> *Sy buk langs die stroompie, laat die water oor haar hande spoel, kelk haar hande, buig vooroor en drink daaruit. Die gevoel van die verbintenis tussen haar liggaam en die bergwater oorweldig haar. Sy sluit haar oë en voel hoe die koel water in haar mond se binnevliese opgeneem word* (Die reise van Isobelle, bl. 469).

Leonora, wat nog altyd vredeliewend teenoor alles en almal is, voel asof sy deel word van die natuur:

> *'n Dun watergroen grasspriet buig met die water oor die klip, hang sonder beweging 'n ewigdurende oomblik oor die roesbruin, ligbespikkelde klip. Sy voel sy gaan die klip binne, sy is die klip, en alles is goed. Sy wonder op 'n vae, nie-onrusbarende manier: Hoe het Frikkie gistermiddag geweet van hierdie klip, op hierdie plek? Daardie oomblik en hierdie oomblik is totaal*

> *oormekaargrypend, daar is geen tyd of afstand of apart-wees nie* (Die reise van Isobelle, bl. 469).

Leonora raak in haar ouderdom baie geheg aan Leo (haar naamgenoot – Isobelle se kind). Met die jong Leo aan haar sy dink sy baie terug aan háár jongdae, asook oor hoe sy oor godsdiens voel. Sy dink nog steeds terug aan die dierbare oom Hennie wat op die sendingveld deur 'n leeu verskeur is:

> *Was daardie verskrompelde gebeente, verskroei deur heilige vuur, dan tog 'n tasbare getuienis van 'n ontmoeting met God*? *Sy verlang na haar pa omdat hy vir haar sou sê: Ook jou dobberende bootjie lê op die palm van die Vaderhand. Kon ek dit dan tog maar glo* (Die reise van Isobelle, bl. 493).

Tog voel sy verlore sonder God, sy gaan nog hier en daar kerk toe, soos sy vir Frikkie in die brief vertel dat sy eendag Metodistekerk toe is. Sy het dus nog die soeke na haar sin in die lewe, soos sy vir Frikkie skryf: *Nou vra ek vir jou: wat bly vir jou dobberende suster oor? Om die kind wat my naam dra, by te staan?* (Die reise van Isobelle, bl. 494). Sy is bekommerd oor Leo, want Leonora vermoed dat sy ook 'soek'. Maar dan vra sy dat die Here haar mag help. Sy vra ook dat die Here haar (Leo se) ma ook help, maar *sy praat nie met my nie en dit kan ek ons arme verskeurde land nie vergewe nie* (Die reise van Isobelle, bl. 494). Alhoewel sy dus baie twyfel in haar geloof en in godsdiens, is daar tog 'n gedeelte van haar wat nie anders kan as om te glo nie.

4.2.3.2 *Agnes*

Agnes maak nooit vrede met haar herkoms nie. Sy is altyd bitter oor haar 'pa' haar weggestuur het, en ook oor die feit dat sy 'n weeskind is. Dit is te verstane dat sy so voel, as 'n mens Louw (1996:480) se stellings hier in ag neem. Hy sê onder andere dat die identiteit van 'n persoon sterk verbonde is aan 'n uitgebreide gesinstruktuur wat 'n bron van wedersydse ondersteuning is. Agnes het miskien 'n rukkie lank daardie ondersteuning, maar dit word as jong meisie van haar weggevat en die res van haar lewe sukkel sy omdat sy identiteitloos en soos 'n buitestander voel.

Hierdie identiteitloosheid oorheers haar lewe lank en maak dat sy afsydig teenoor haar man en kinders word, sodat hulle nie 'n gelukkige gesinslewe het nie (alhoewel Stuart ook baie skuld daaraan het). Nadat sy uitvind van Stuart se tweede verhouding, lê sy op haar bed en huil. Dit is al wat sy op daardie stadium kan doen, sy moet konformeer met haar omstandighede:

> *Wat kan sy doen? Nie haar goed pak en aansoek doen om 'n onderwyspos in die Boland, soos toe sy die nuus van die prokureur in haar ouma se sitkamer gehoor het nie. Nie haar huis en haar binnemeid en haar tuin net so los nie. Nie haar kinders vat en loop nie. Waarnatoe?* (Die reise van Isobelle, bl. 169).

Agnes wil eintlik tou opgooi en van haar omstandighede weghardloop, veral tydens Stuart se rondlopery. Alhoewel sy dit dan sterk oorweeg, kan sy net nie alles so los nie, want sy het 'n gesin. Maar sy kry ook 'n ontstellende gedagte:

> *As sy net liewer kon wees vir die kind. Kan sy dan niemand liefhê nie? Is haar hart 'n klip?* (Die reise van Isobelle, bl. 175).

4.2.3.3 *Isobelle*

Deur Isobelle se liefde vir Hussein rebelleer sy teen die bestaande regime, want liefde oor die kleurgrens word nie toegelaat nie. Die Engelse soldate ondersoek Hussein se fabriek (om hom te probeer vastrek), en soos sy tannie Latifa dit stel, het hulle daar 'gemors'. Hier kan die duidelike verskil in denkwyse tussen die kulture gesien word:

> *Weer die woord 'mors', dink Belle. Mors mense met mekaar? Die Engelse hier met die Indiërs, die Boere met die Indiërs, die Engelse met die Boere wat saam met Indiërs bly? Dan besef sy met 'n skielike helderte: Ons mors met die mense in ons land...* (Die reise van Isobelle, bl. 326).

Wanneer Isobelle in Europa is, trek sy haar terug in haar hotelkamer, sy begin later net die nodige doen. Sy weerhou haar van enige denke, sy wil byvoorbeeld nie lees nie, want lees lei haar deur die doolgange van 'n denkbeeldige lewe (Die reise van Isobelle, bl. 346), en dit verskrik haar:

Dit laat by haar 'n paniek ontstaan dat die stil, koel leegheid wat haar liggaam soos 'n tweede omlyning beskerm, en aanvaarbaar en hanteerbaar maak, vernietig sal word (Die reise van Isobelle, bl. 346).

Al wat haar vrede gee, is hierdie klein, stil afstand. Sy is antagonisties bewus van haar liggaam, haar asem, die friksie as sy haar hande teen haar kouer enkels vryf om hulle warm te maak. En sy is vervreem van die wil wat haar dinge laat doen, soos opstaan en die bed weer netjies maak, skoene aan haar voete druk, handsak optel en die deur sluit, die buitedeur van die gebou op knip sit en haar voete laat beweeg, straataf... (Die reise van Isobelle, bl. 346).

4.2.3.4 *Leo*

Omdat Leo tydens die apartheidsjare in die 'mekka' van Afrikaanse kultuur leef, pla die politiek haar nie veel nie. Sy praat met haar vriendinne en dink 'n bietjie daaroor, maar tog is dit nie vir haar belangrik nie:

Afgesien van haar ligte afkeer van sy dienspligontwyking, of uitstel dan, met die uitgesproke hoop van sy kant dat die moeilikheid aan die Suidwes/Angola-grens opgelos sal wees voordat hy klaar is met die kweekskool, is sy nie veel gepla met die oorlog nie. Daar is in haar hart heelwat gevoel vir volk en vaderland – nie verniet het sy op skool die rang van Presidentsverkenner behaal nie, tot oom Hendrik se vreugde... (Die reise van Isobelle, bl. 478).

Maar daar is een spesifieke gebeurtenis wat haar lewe omverwerp en haar denke heeltemal verander: Op 'n dag moet sy by die United Bougenootskap 'n vorm invul, toe daar skielik 'n vlugtende kind by die deur inbars en agter haar bene vir die polisie wegkruip. Dit is asof hier 'n keerpunt in haar lewe kom. Sy wil nie meer alleen rondstap in Stellenbosch nie, want dan sien sy hoe arm die mense is: *Dis anders hier as in Johannesburg, dink Leo. Dit wat sy nie wil sien nie, is nader, is onvermybaar* (Die reise van Isobelle, bl. 482).

By haar grootoom Frikkie se begrafnis, vererg sy haar gedurig vir Koba (haar 'dom' niggie) omdat laasgenoemde aanmerkings maak oor die politieke situasie. Leo glo dat Koba deel van die groep is (die Afrikaners) en nie self dink of 'n eie identiteit het nie. Leo raak ook wantrouig teenoor die samelewing en hulle geloof, soos blyk by oom Frikkie se begrafnis: *Leo, wat nooit in g'n kerk kom nie, onthou wat sy in 'n koerant gelees het. "Dis die nuwe beryming, tannie, sjj nou. Sing maar van die pamfletjie af"* (Die reise van Isobelle, bl. 535).

Leo bly skepties oor die samelewing en die politieke situasie en sy probeer met al haar kragte om dié bestel teen te gaan en die 'anderskleuriges' te help. Sy praat met haar oom Barry daaroor as sy soms saam met hom gaan bergklim:

> *Ek het ook 'n gevoel vir die volk en vaderland, oom – hoe benouend dit ook al was. En dis bitter swaar om te moet vra: Was volk en vaderland net 'n opgeefsel? Iets wat ons ons wysgemaak het? Oom, my enigste manier om dit te verwerk, is om te probeer help dat die onreg wat hulle aan ander mense doen, end kry* (Die reise van Isobelle, bl. 554).

In die onlustyd beland sy in die tronk. Tannie Leonora en oom Hendrik kom besoek haar, maar sy is elke keer meer onsteld ná hulle daar was, omdat dit vir haar voel sy moet eintlik vir húlle sorg. Wanneer sy uiteindelik na maande vrygelaat word, is sy sonder emosie:

> *Tog bewus van 'n diep vrees, 'n verskriktheid. Die koffertjie in haar hand voel lig, verskriklik lig. Tog hou dit haar vas aan die sel, aan die yster-en-traliehekke wat die een na die ander agter haar toeslaan. Dis asof haar hand met die koffer onsigbaar agterbly, altyd sal bly. Sy is bang vir vorentoe kyk, die lengte van die gang af na die uitgang waar tannie Leonora wag* (Die reise van Isobelle, bl. 567).

Hier dink 'n mens onwillekeurig terug aan haar ma, Isobelle, wat na haar hartseer ondervindings in Kenia en daarna Europa, net met 'n koffertjie en die koedoevelsak van haar geliefde die land inkom. Hulle is altwee 'n hele tyd lank geïsoleer van die

samelewing, en altwee is bang vir wat die toekoms sal oplewer. Vir Sussiebelle bring die toekoms net nog meer hartseer, maar vir Leo?

Haar siening van die samelewing, die land, godsdiens en die politieke situasie verander byna onmiddellik nadat sy die belangrike besluit neem om haar kind in Suid-Afrika groot te maak. Sy is nie meer so skepties oor die 'negatiewe' politieke situasie nie. Op pad huis toe loop sy verby 'n Metodistekerk, en as die deur nie gesluit was nie, sou sy daar ingegaan het: *Wanneer laas was sy in 'n kerk, maar sy sou wou vertel van die baba, vir die Here... laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele... nie van die aarde nie* (Die reise van Isobelle, bl. 613).

4.2.3.5 *Poppie*

Poppie, wat 'n Christen is, kry al vroeg in haar lewe met die bygelowe en tradisionele godsdiens te doen, byvoorbeeld die abakwetha. Dit is die Afrika-tradisie om jong seuns bos toe te neem vir hulle inisiasie.

> *Die Xhosa-mense het aan hulle eie Xhosa-geloof gehou, selfs al was hulle kerkmense – Rooms of Methodist of Anglican of Sendingkerk, sê Poppie. En die vernaamste geloof is die abakwetha* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 25).

Poppie kon nie verstaan dat sy so moet sukkel nie. *"Wat het hulle dan teen mý?" het Poppie haar afgevra* (bl. 125). Maar Poppie is 'n sterk vrou, en sy het die Here aan haar kant. Sy is baie godsdienstig en vertrou ten volle op die Here; in die kerk voel sy ook baie beskerm:

> *Alles wat in Poppie se hart is, word gesê. Sy dink aan buti Plank, aan buti Hoedjie. Here, beskerm hulle; Here, slaat met u staf alles wat boos is van hulle weg; Here, kom na ons. Sy dink aan haar man: Here, help hom. Sy dink aan Pieta: Here, wees sy siel genadig. Sy voel krag in haar kom soos sy hierdie woorde sê, sy voel dat sy sterk word. Sy lê nie meer plat onder die lewe nie, sy kan opstaan* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 128).

Net soos daar tussen die Portugese en halfbloede in *Bonga* onderskeid getref word, asook die Indiërs en blankes in Kenia in *Die reise van Isobelle*, word 'n 'klasverdeling' in *Die swerfjare van Poppie Nongena* ook beskryf. Poppie beleef hoe mense mekaar in klasse 'indeel'. Sy word groot in Blikkiesdorp – die lokasie van Upington. Reeds in haar kinderjare is daar tussen die swart- en kleurlingmense onderskeid getref:

> *Oorkant die spoorlyn was die Railwaykroek. Daardietydse mense het nie gepraat van bruinmense of Kleurlinge nie, maar van Basters en gemiekste Basters, Damaras wat gedraai het en hulleself Basters genoem het, en Boesmans met hulle kort lywe en groot boude, hulle geel vel en kort kroesies. Hulle Afrikaans was anderste, so half Nama, maar die meeste was Namakwalandse mense en van Lüderitsbucht en Port Nolloth en Springbok, en allerhande soorte swartmense het daar gebly: Rhodesian Africans en Xhosas en Sotho's, maar die meeste het Afrikaans gepraat* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 5).

Poppie en haar stiefpa, Hendrik Stuurman, kon nooit klaarkom nie, juis as gevolg van die klas- en kultuurverskil. Hy was 'n regte Xhosa (met 'n kort-afgekapte pinkie). As hy die dag dronk word, skreeu hy op hulle:

> *Julle wat tussen die Hotnots grootgeword het... julle weet nie wat julle is nie, of julle Xhosas of Fingo's is nie. Julle is Fingo's! skreeu hy op hulle, en dis slegter as Xhosas... Hy kon dit nie verdra as ek Afrikaans praat met my ma nie. Daai tyd kon ek niks Xhosa praat nie, net Afrikaans. Ek kon Xhosa gehoor het, maar nie self praat nie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 28).

Omstandighede kry Poppie onder. Sy is in haar jongmeisiejare byvoorbeeld baie kieskeurig oor die man met wie sy eendag sal trou. Twee ouer mans vra haar familie toestemming om met Poppie te trou, maar Poppie wil niks weet nie. Poppie wil ook eers niks weet van Stone nie (wat uiteindelik haar man sal word), omdat hy van 'n ander kultuur is:

> *Ek het regtig nie eers van hom gehou nie, vertel Poppie, want hy het van Herschel in die Ciskei gekom en ek was nou nie daardie mense wat van die land af kom gewoond nie... Ek is nie lus nie, sê ek, ek is nie gewoond aan die mense wat van die land af kom nie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 44).

Poppie is eintlik in 'n huwelik met Stone ingedwing (alhoewel sy later lief word vir hom), en dit is maar net die begin van haar buitestanderskap en die feit dat sy nie meer 'n keuse sal hê tydens die res van haar lewe nie. Die verwagtinge en denke van haar eie kultuur, haar man se kultuur en die heersende regime maak dat Poppie net kan doen wat ander mense vir haar voorsê of van haar verwag. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die verwagtinge wat aan haar as bruid gestel word:

> *As jy in die wit rok is, is hulle baie strict met jou, sê Poppie. Jy mag nie rondkyk en lag nie. Nee, jy moet net afkyk, jy mag nie gesels nie, jy moet net so sit. En die mense kan nou sê wat hulle wil en remarks maak, jy moet net stilbly. Jy moet nou nie lelik wees of nors lyk nie, jy moet 'n mooi gesig hê. Die man sit by jou en hy kan ook nou en dan uitstap as hy 'n man is wat rook, maar hy moet ook stilbly en jy moet stilbly. Die strooimeisies kan praat, jy moet sag antwoord as hulle jou iets vra* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 48).

4.2.3.6 *Inacia Maria*

Inacia Maria (in *Bonga*) en Ana-Paula (in *Ons wag op die Kaptein)* is baie godsdienstig en tradisievas, maar wanneer hulle bedreig word en die toekoms donker lyk, neem hulle deel aan swartkuns en toordery. Beide is katoliek, maar hulle wend hulle tot 'n toordokter en Afrika-toorkuns. Dit is asof hulle, as hulle met die ander kultuur in aanraking kom, nie meer die vaste vertroue in hulle Christelike geloof het nie, en hulle dan tot die nuwe kultuur se toordery wend. Omdat hulle hierdie toordery wat gewoonlik die toekoms vir hulle uitlê benut, lei die leser af dat hulle onseker oor die toekoms voel en dus wil weet wat dit vir hulle inhou. Maar hulle voel ook elke keer skuldig oor wat hulle doen:

> *'n Gevoel van skuld, berou dat sy vergeet het, kom by Inacia Maria op... Dis die invloed van dié plek, dink sy. Sy maak haastig die kruisteken oor haar geswolle borste, en dan in die rigting van die wiegie* (Bonga, bl. 136).

Inacia Maria besluit uit eie keuse om van haar familie (eintlik haar pa) weg te gaan. Sy kry swaar in haar ouers se huishouding, want haar pa is 'n alkoholis en 'n patriarg. Dit is waarom sy besluit om saam met Bonga weg te gaan en sy kultuur aan te neem. Sy is eers bang vir die nuwe lewe, maar onderdruk die vrees en gaan eerder met 'n vreemde opwinding saam met Bonga.

Maar, Inacia Maria voel dadelik vreemd en alleen in die nuwe omgewing en nuwe kultuur – sy vra sommer die volgende dag reeds vir Bonga dat hy iemand vir haar stuur vir hulp en geselskap.

> *Sy voel uitgesluit en vergete. Waar sy vroeër die oggend wou gehad het Bonga moes uitgaan, wil sy nou dat hy terugkom. Sy verlang na sy aanraking* (Bonga, bl. 88).

Die tema van liefde oor die kleurgrens word ook belig in *Bonga* met Inacia Maria ('n Portugese meisie) en Bonga ('n halfbloed) wat op mekaar verlief raak. Daar is duidelik 'n band tussen hulle, maar myns insiens is dit juis die verskil in hulle kulture wat hulle na mekaar aantrek:

> *Sy tongval is anders as dié waaraan sy gewoond is, maar sy verstaan hom. Sy vol lippe is nat, sy donker vel glim van die sweet, en in die swart oë gloei 'n lig... Of is dit die rooi van die lampie wat in sy oë weerkaats word. Sy voel die krag in hom aan, anders as dié van die mense wat saam met haar in die kerk was* (Bonga, bl. 32).

In hierdie roman kom die kultuur- en klasseverskille duidelik na vore. Die blankes is die 'elite' (volgens hulleself), en ag hulle hoër as die halfbloede en die swartes. Mense word geklassifiseer volgens hulle ras en kultuur, en die verskillende kulture moet dus hulle 'plek ken'. Dit is ironies dat 'n Portugese meisie met 'n halfbloed trou, en willens

en wetens haar eie kultuur prysgee en saam met die vreemde kultuur vir haar eie kultuur se mense vlug.

Joubert stel 'n retoriese vraag oor die neerdrukkende einde van die halfbloed-gemeenskap, en dus ook oor die einde van Bonga se lewe: *Is dit dan waar dat hy nie sy 'plek' geken het nie?*

> *Gereik het na wat nie syne kon wees nie, en op dié manier sy eie ondergang bewerkstellig het?* (Bonga, bl. 38).

4.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In Hoofstuk 4 is aandag gegee aan *selfbeeld, eksterne beeld en denkwyse*. ***Selfbeeld*** verwys na die wyse waarop die groep/individu hulleself sien, m.a.w. hul goeie- en swakpunte; hulle voorspoed en teëspoed; hulle persoonlikheid. ***Eksterne beeld*** verwys weer na hoe ander kulturele groepe dié groep of individu sien (vooroordele, diskriminasie ensovoorts). ***Denkwyse*** is die wyse waarop die spesifieke kulturele groep of individu oor sekere aspekte van die lewe dink, hulle het bepaalde sienings van godsdiens, morele waardes, politiek, kuns ens. Elke kultuur het sy eie interpretasie van realiteit. Daar word gepraat van die sogenaamde perseptuele 'venster' waardeur mense hulleself en ander sien. Kulture het 'n bepaalde wêreldsiening: 'n oortuigingsisteem oor die mens se plek in die heelal, asook aspekte soos kulturele kragte, die natuur van die mensdom, die natuur van goed en kwaad, geluk, noodlot, geeste, die rol van tyd en die aard van ons fisiese en natuurlike hulpbronne.

Leonora het van kleins af 'n sterk persoonlikheid en is eiewillig, haar denkwyse is reeds sedert haar kinderjare 'anders' omdat sy as kind teen die Victoriaanse kultuur rebelleer. Sy bly deurgaans die eenkantmens en die buitestander in die familie omdat haar wêreldsiening soveel van haar familie s'n verskil. Leonora kom voor as 'n sterk en slim vrou wat haar eie besluite neem, maar sy is rusteloos en ongedurig – sy verander gereeld van werk en woonplek. Op sekere tydstipte in haar lewe is sy ook bedruk. Sy voel soos iemand sonder hartstog. Leonora is duidelik 'n buitestander in

hierdie lewe – sy is nooit gelukkig met haar omstandighede nie want sy is altyd op soek na iets meer, en sy kan ook nie konformeer met die kultuur van die samelewing nie. Sy ondervind ook 'n probleem met die Calvinistiese godsdiens van die samelewing en bly soek na haar pa se soet ervaring van geloof en berusting. Maar, alhoewel sy nie met haar broers se godsdiens saamstem nie en soms twyfel, is daar tog 'n deel van haar wat in God glo. Sy kry eers werklik aan die einde van haar lewe berusting, rus en vrede (in haar tagtigerjare).

Agnes bly eers by haar pa in Kenia, dan by haar oom Piet, daarna by haar ouma in Pretoria en laastens word sy deel van die pastoriegesin as sy met Stuart trou. Agnes weet nie wáár en in watter kultuur sy tuis voel nie. Sy soek haar lewe lank lank na 'n plek en 'n kultuur wat sy haar eie kan maak, maar dit is haar nie beskore nie. Agnes kom dalk 'konformerend' voor (sy skakel 'maklik' in by die pastoriegesin, sy is 'n ware dame en aunt Issy keur haar goed), maar sy rebelleer tog teen haar omstandighede, want haar lewe is 'n leuen. Na Stuart se dood en wanneer sy by juffrou Marais gaan bly (wat sy moet versorg), voel sy die eerste keer of sy iewers behoort en haarself kan wees. Maar sy bly die buitestander – sy sterf alleen en op 'n grusame manier. Agnes se identiteitloosheid oorheers haar lewe lank en maak dat sy afsydig teenoor haar man en kinders word, sodat hulle nie 'n gelukkige gesinslewe het nie. Haar lewe lank lank dink sy aan die feit dat sy nie regtig 'n heenkome het nie en deur haar pa verwerp is.

Isobelle speel 'n groot rol in *Die reise van Isobelle*, en haar omstandighede het ook 'n groot invloed op Leonora en Leo. Isobelle se kinderjare is sorgvry en vol kinderlike verbeelding, en in haar jeug is sy energiek, vlug van verstand, nuuskierig en weetgierig. Alhoewel haar lewe baie rooskleurig begin, eindig dit met ongekende teleurstelling en hartseer. Sy raak verlief op Hussein, 'n Indiese man, en besef dat sy haar ware identiteit by hom ontdek. Na Hussein se moord sukkel sy met depressie, skuld en verlange. Sy voel haar volk en kultuur verraai haar, en sy neem 'n wilsbesluit om haar van alles en almal te distansieer. Sy sukkel met haar selfbeeld en word die res van haar lewe 'n buitestander. Isobelle weerhou haar van enige denke, sy gaan al hoe meer agteruit en keer in haarself. Isobelle kan nie meer in 'n 'normale' lewe funksioneer nie – sy konformeer met haar ongelukkige omstandighede en raak manies depressief – 'n toestand wat haar bybly tot en met haar dood.

Leo het 'n sterk persoonlikheid en aard na Leonora wat dikwels haar eie kop volg – dit maak nie saak wat ander van haar dink of sê nie. Op universiteit voel sy geïsoleer van die werklikhede in die land, sy het alles wat sy nodig het, geniet haar jongmenslewe en steur haar nie veel aan die politieke situasie nie. Maar, wanneer Leo betrokke raak by die straatkinders wat in haar houthuis intrek, verander haar lewe lank asook haar politieke denke – sy begin teen die regime rebelleer. Dit raak al hoe moeiliker omdat dit voel asof sy in twee verskillende wêrelde leef.

Leo se eksterne beeld en haar denkwyse verskil, want as wit Afrikanervrou verwag min mense dat sy teen die regering sal rebelleer. Sy verloor moed in die tronk omdat dit vir haar voel asof haar menswees (identiteit) en menseregte van haar weggeneem word. Sy beveg dit egter met alles in haar en laat haar steeds nie onderkry nie, want sy besef dat niemand iets aan haar denke en gees kan doen as sy dit nie toelaat nie. Leo het 'n breër blik op wêreldsake as die gemiddelde Afrikaner van die apartheidsjare – sy glo sulke mense kan nie vir hulleself dink nie, en verdraai godsdiens om by hulle sienings te pas (daarom is Leo ook nie godsdienstig nie).

Maar Leo se siening van die samelewing, die land, godsdiens en die politieke situasie verander byna onmiddellik nadat sy besef sy is swanger en sy die belangrike besluit neem om haar kind in Suid-Afrika groot te maak. Sy is nie meer so skepties oor die 'negatiewe' politieke situasie en die godsdiens nie. Leo is dus 'n moderne vrou wat haar eie besluite neem en haar nie deur eksterne elemente laat onderkry nie. Leo en Leonora is ook die enigste twee karakters in *Die reise van Isobelle* wat ten koste van hulleself teen die omstandighede en die samelewing rebelleer omdat hulle die ongeregtighede kan raaksien en dit probeer verander.

Lottie is volkome verlore in die vreemde Europese land sonder haar besittings en papiere. Haar selfbeeld en identiteit word dus direk gekoppel aan haar identiteits-dokumente. Daar is 'n duidelike verskil tussen Lottie aan die begin van die roman saam met haar man, en die Lottie wat die leser leer ken in 'n vreemde land sonder haar identiteitsdokumente. Lottie se gemoedstemming wissel tussen selfstandig en hulpeloos, soms met 'n goeie selfbeeld en dan weer identiteitloos. Sy verloor egter op die ou end haar selfversekerdheid en verkeer in 'n persoonlikheidskrisis. Sy weet nie meer hoe om beheer oor haar omstandighede te neem nie.

Inacia Maria en Ana-Paula is baie godsdienstig en tradisievas, maar die oomblik wanneer hulle bedreig word en die toekoms donker lyk, neem hulle deel aan swartkuns en Afrika-toorkuns. Dit is asof hulle, as hulle met die ander (Afrika) kultuur in aanraking kom, nie meer die vaste vertroue in hulle eie kultuur en Christelike geloof het nie. Hulle identiteit verander dus na gelang van die kultuur waarin hulle hulle bevind.

Poppie kry reeds met mense se siening oor klas- en kultuurverskille (en ook buitestanderskap) te doen wanneer sy nog maar 'n kind is. Haar Xhosa-stiefpa verneder hulle omdat hulle van gemengde bloed is. Poppie word ook meer vervreem van haar eie kultuur omdat sy in 'n huwelik met Stone ingedwing word. Dan kom 'n verdere vernedering en buitestanderskap wanneer die regering die paswette instel en die swartes hulle huise en blyplekke moet prysgee. Hierdie eksterne omstandighede dwing Poppie om nie meer teen die bestel te rebelleer nie, en sy kan later nie anders as om dinge gelate te aanvaar en moed op te gee nie. Poppie het voor haar probleme met die wet 'n sterk persoonlikheid, karakter en selfbeeld, maar omdat sy 'n swart vrou in die apartheidsjare is, is die lewe net soveel moeiliker. Poppie moet met haar omstandighede konformeer – sy besef dat sy saam met die onregverdigheid van die bestel moet leef. Te midde van al haar probleme bly Poppie egter godsdienstig en vertrou op die Here, sy wend haar nie eers tot Afrika-toorkuns om dinge te probeer verander nie.

Uit die voorafgaande kan duidelik gesien word dat vroue van die vroegste tye af reeds met die bestaande kultuur en die verwagte denke en gebruike van hulle tyd moes konformeer. Die vrouekarakters wat konformeer met hulle omstandighede, en wie se lewens 'n ongelukkige einde het of op iets tragies uitloop, is Agnes, Isobelle, Lottie, Poppie, Inacia Maria, en Ana-Paula.

Isobelle se karakter is die ongelukkigste en mees tragiese van al die karakters; sy is absoluut 'n slagoffer van die kultuur en omstandighede. Die samelewing laat haar in so 'n mate in die steek dat sy niks anders kan doen as om haar identiteit en selfbeeld volkome prys te gee nie. Isobelle se lewe kan die beste opgesom word deur die onderstaande paragraaf:

> *"Sy lyk besete. Hoe kon jy? Dit was wreed, Frikkie."... Sy kyk lank na die foto's. "Vreemde tweespalt – noem dit onversoenbare teenstrydigheid, byna splyting – by Belle. Op my laaste besoek sien ek in haar kas langs mekaar lê: die konsentrasiekamptentjie van Father en die Indiër van Kenia se koedoevelsak. Ek dink sy was 'n slagoffer, miskien selfs 'n offerlam"* (Die reise van Isobelle, bl. 462).

Die twee karakters wat 'n toekoms vir hulleself oopveg en op die ou einde gelukkig is en berusting vind, is Leonora en die jonger Leo. Die twee karakters laat hulle nie voorsê nie en steur hulle nie aan die norme en waardes nie. Hulle wêreldsiening verskil ook drasties van dié van die ander karakters, hulle sien onregverdigheid en onderdrukking raak en wil iets daaraan doen, maar nie vir eie gewin nie. Leonora se karakter kan die beste opgesom word in Leo (haar naamgenoot en Isobelle se dogter) se woorde: *Tannie was die baanbreker, teen die hele familie in, met tannie se swart lint om die bors by die Parlementsgebou. Tannie het geweet waartoe dit alles sou lei. Tannie is uiteindelik beloon* (Die reise van Isobelle, bl. 589).

Veral Leo se karakter bevestig dat die omstandighede aan die verander is. Die vrou is nie meer uitgelewer aan alles wat na haar kant toe kom nie, sy kan ook besluite neem vir die toekoms, soos die keer wanneer sy in die straat afloop en besef dat sy nog nooit so gelukkig was nie. Sy voel lief vir almal, en dit is asof daar vir haar 'n splinternuwe, gelukkige toekoms wag:

> *Want die dag was toegetrek, en nou opeens skyn die son. Nog effense reënerigheid op die kieselstene, maar die kleure van die stalletjies is opeens helder. Sy kyk op – liewe vader, die hemel so stralend blou; die wit wolkies soos uitbollende katoen, soos dit uit die peule gepluk word in Afrika; die son so stralend* (Die reise van Isobelle, bl. 614).

In die heel laaste deel van die roman word baie aandag gegee aan die begrip "vorentoe", wat impliseer dat 'n positiewe toekoms wag. Wanneer Leo by 'n koffiewinkel inskuif, sien sy die mense verbystap, vorentoe. Sy voel 'n verantwoordelikheid teenoor die kind in haar, maar ook 'n *verantwoordelikheid teenoor*

die geslagte wat verby is en die geslagte wat kom... Dat sy en haar kind soos die voete op die sypaadjie bo haar aan die loop is, vorentoe, elke tree vorentoe, in geloof (Die reise van Isobelle, bl. 616).

Die naam Leo word afgelei van die woord *leeu*, soos Fred sê: *Nie Leo vir niks nie...* (Die reise van Isobelle, bl. 554*)*. Sy is 'n sterk karakter en neem 'n besluit vir haar en haar kind se toekoms. Sy besluit om nie langer omvergegooi te word deur haar omstandighede en die kultuur nie. Sy neem 'n doelbewuste besluit om in die land te bly en haar kind hier groot te maak.

> *En soos sy haar koffie sit en drink, in die onbekende kafee, neem sy haar voor: Ek sal die kind grootmaak hier in ons land. En as dit 'n dogtertjie is, sal ek haar Isobelle noem. Voluit Isobelle. Voluit. Voluit* (Die reise van Isobelle, bl. 616).

HOOFSTUK 5: DIE INVLOED VAN DIE OMGEWING OP DIE IDENTITEIT VAN DIE VROUEKARAKTERS BY ELSA JOUBERT

5.1 LITERATUURTEORIE EN OMGEWING

5.1.1 *Ekokritiek*

Die prominente rol wat ruimte in Elsa Joubert se romans speel, maak dit bykans onvermydelik om die omgewing en plekke waarin karakters hulle bevind, te ondersoek. Hoewel die ontginning van ruimtelikheid in Joubert se werk aansluit by kulturele en ideologiese (ook politieke) vraagstukke, hou dit ook verband met die breër ekologiese en ekokritiekdebatte. Ter inleiding van die bespreking van die narratiewe kategorie ruimte in die vyf romans waaroor hierdie studie handel, word tersaaklike aspekte van die ekokritiek oorsigtelik behandel.

Ecocriticism (ekokritiek) is moeilik om te definieer omdat dit so 'n omvattende term is, maar Glotfelty (1996:xviii) omskryf dit soos volg:

> "Simply put, ecocriticism is the study of the relationship between literature and the physical environment… ecocriticism takes an earth-centered approach to literary studies."

Die geskiedenis van die term *ekokritiek* begin in 1972 met Joseph W. Meeker se boek, *The Comedy of Survival: Studies in Literary Ecology* waar hy die term *literary ecology* gebruik om te verwys na die studie van biologiese temas en verhoudings wat in literêre werke voorkom. Dit is terselfdertyd 'n poging om die rol van literatuur in die ekologie van die menslike spesie vas te stel (Glotfelty, 1996:xix). Die term *ecocriticism* is waarskynlik eerste gebruik deur William Rueckert in sy essay *Literature and Ecology: An Experiment in Ecocriticism* (1978), waarin ekokritiek gedefinieer word as "the application of ecology and ecological concepts to the study of literature". Rueckert se definisie is egter, volgens Glotfelty, te eng. Glotfelty aanvaar verskillende definisies wat alle moontlike verhoudings tussen literatuur en die fisiese wêreld insluit (Glotfelty, 1996:xix).

Volgens Glotfelty stel ekokritici en teoretici die volgende vrae met betrekking tot ekokritiek: Watter rol speel die fisiese omgewing in die plot van die roman? Hoe beïnvloed die metafore van die land die manier waarop mense die land hanteer? Hoe kan literatuur wat verband hou met die natuur, as 'n genre gekarakteriseer word? Skryf mans anders oor die natuur as vroue? Dit is maar net 'n paar van die vrae wat in die boek gestel word en wat in die loop van hierdie studie aandag geniet. Afgesien van die verskillende sienings, deel alle ekokritici die fundamentele siening dat die menslike natuur met die fisiese wêreld verbind is – hierdie twee wêrelde beïnvloed mekaar wedersyds.

Die onderwerp van ekokritiek is die wisselwerking tussen natuur en kultuur, spesifiek die kulturele artefakte van taal en literatuur (Glotfelty, 1996:xix). Waar die sielkunde vroeër dikwels die natuur in studies oor die menslike denke geïgnoreer het, is 'n klein groep sielkundiges nou besig om die verband tussen omgewingstoestande en verstandelike gesondheid te bestudeer. Sommige sien selfs die moderne vervreemding van die natuur as die basis van verskeie sosiale en psigologiese siektes.

Die gewildheid van die ekokritiek hou dus direk verband daarmee dat "in an increasingly urban society, nature writing plays a vital role in teaching us to value the natural world" (Glotfelty, 1996:xxiii).

5.1.2 Aspekte van ekokritiek

> "The odd thing, in fact, about literature as an imagined territory is that there are apparently no natural limits – and hence, it would seem, there are apparently no natural limits to the field of literary criticism." (Greenblatt soos aangehaal deur Howarth, 1996:77.)

Willem Howarth (1996:69) glo dat alle skrywers en kritici gekonfronteer word deur taal en die natuur, en alhoewel die natuur, kultuur en letterkunde gewoonlik as teenoorgesteldes gesien word, is dit deurlopend vervleg: "Ecocriticism observes in nature and culture the ubiquity of signs, indicators of value that shape form and meaning." (Howarth, 1996:77.) Ekologie lei ons om te sien dat die natuur en die

wêreld iets sê; dit kommunikeer deur strome inligting wat rigting en doelstellings het, ons moet net leer hoe om die boodskappe reg te vertaal.

Die dogma dat kultuur die natuur altyd sal oorskadu, het lank die Westerse wêreld oorheers. Kultuur motiveer oorloë, maar stimuleer ook uitvindings en ontwikkeling wat daartoe lei dat die aarde oorbevolk raak en so die aarde se dra-kapasiteit oorskry. Ekokritiek, daarenteen, probeer hierdie ideologieë herstruktureer; nie om die natuurlike wetenskappe te ondermyn nie, maar om te help om geloofwaardige, volhoubare oplossings te vind. Die verhouding tussen literatuur en wetenskap gaan ver terug. In pre-koloniale en koloniale tye was grondbesit, ontwikkeling en mag nou verweef in gesprekke oor die "wetenskap", maar ten diepste het dit gegaan oor Westerse ekspansie (Howarth, 1996:79).

In die twintigste eeu word die wetenskap deurgaans deur die literatuurteorie uitgedaag. Laasgenoemde beklemtoon menslikheid; benadruk simpatie en bewustheid van die persoon: "Among humanists the conviction endures that experience is mind-centered and free of reference to actualities of space and time." (Howarth, 1996:79.) Literatuurkritici plaas ook nog steeds hul vertroue in poësie en drome, aspekte wat gesien word as alternatiewe vir materiële besittings.

Die probleem is dat ekokritiek nie 'n baie vaste dissipline is nie, omdat die voorstanders van ekokritiek nie 'n gevoel van samehorigheid ervaar nie. Hulle gebruik dieselfde aspekte in hulle studies, soos landskap, plek, gebied, stede, platteland, natuur en omgewing, maar elkeen werk idiosinkraties en hulle beïnvloed mekaar baie min.

5.1.3 Ekologie en die Self

Neil Evernden (1996:92) is bekommerd oor die geringe rol wat die sosiale wetenskappe en kuns in die omgewingsaspekte speel. Daar is natuurlik uitsonderings, maar meestal word die omgewingskundige gesien as iemand met 'n agtergrond in die natuurwetenskappe. Dit is jammer, omdat die omgewingskundige se subjektiewe argumente oor die omgewing dikwels eensydig is.

Volgens Evernden (1996:92) is dit belangrik om te begryp dat alle ekologiese aspekte interverwant is. Dinge is interverwant as 'n verandering in een aspek ook die ander aspek sal beïnvloed. Maar 'n belangrike vraag is dan waar 'n mens die streep trek tussen een kreatuur en 'n ander. Is daar ooit 'n grens tussen jou en die nie-lewende wêreld, of gaan die atome op hierdie bladsy more deel wees van jou liggaam? Hoe maak 'n mens sin uit die konsep van die mens as 'n diskrete entiteit? Hoe kan mense bestudeer word as dit onmoontlik is om objektief en buite konteks te staan?

Die estetika-teorieë van John Dewey word deur Evernden as voorbeeld gebruik. Die estetiese ondervinding lê in die verhouding tussen die individu en die omgewing, nie net in die objek wat bekyk word nie, ook nie net in die verstand van die kyker nie. In plaas van 'n subjek-objek-verhouding waar die observeerder slegs kyk na die sogenaamde pragtige uitsig, vind 'n proses eerder plaas – 'n interaksie tussen die aanskouer en die aansig, en dit is in hierdie gesamentlike assosiasie dat die estetiese ondervinding lê: "Instead of detachment from the environment, we have a subtle diffusion into it." (Evernden, 1996:97.)

Daarmee word die vraag oor die rol van die omgewing in die lewe van die individu, getransformeer. In plaas daarvan dat die individu gesien word as iemand wat dele van die wêreld 'opslurp' in sy eie 'kompartement', gaan dit om die individu-in-omgewing, die individu as 'n komponent-van, nie vervreem-van die res van die omgewing nie (Evernden, 1996:97).

Daar is bekende voorbeelde van die substansiële betrokkenheid van 'n individu by 'n totale omgewing, soos die sterk affiniteit vir 'n spesifieke plek, bekend as 'territorialiteit'. Sparshott (soos aangehaal deur Evernden, 1996:99) dui verskillende verhoudings tussen mens en omgewing aan, naamlik ek-jy; subjek-objek, gebruiker en gebruikte ens., maar wat in hierdie studie relevant is, is die verhouding van die self tot 'n spesifieke gebied.

Daar is ook volgens Evernden 'n verskil tussen (wat hy noem) die *toeris* en die *inwoner*. Vir die *toeris* is die landskap net 'n mooi prentjie, maar vir die *inwoner* is dit "the outcome of how it got there and the outside of what goes on inside". Die *inwoner* is, kortom, 'n deel van die plek. Dus is die idee van kuns (ook literatuur) "to recapture,

in full consciousness, that original lost sense of identity with our surroundings, where there is nothing outside the mind of man, or something identical with the mind of man" (Frye *in* Evernden, 1996:99).

Dit gaan nie primêr daaroor of die gehegtheid van mense tot 'n plek verband hou met 'territorialiteit' by diere nie, maar daar word wel gesuggereer dat dinge soos territorialiteit, sosiale hiërargie en instink, asook die vermoë om persoonlik te identifiseer en te onthou wat in die omgewing aangaan, funksies is van die antieke limbiese sisteem wat ons met ander kreature deel (Evernden, 1996:100). Met ander woorde daar is 'n menslike fenomeen, soortgelyk aan territorialiteit, wat in effek 'n *sense of place* is (gehegtheid aan plek), 'n gevoel om te weet dat jy deel is van 'n spesifieke plek. Dit is nie iets bonatuurliks of misterieus nie, 'n mens weet net hoe dit voel om tuis te wees, om 'n gevoel van lig of reuk te beleef wat net 'reg' is.

'n Mens moet onthou dat 'n stad ook 'n spesifieke omgewing is. Wat sien of hoor of ruik 'n mens in 'n stad? Evernden (1996:100) glo egter dat die strewe na 'n ware gehegtheid aan die stad baie moeiliker vir 'n persoon is, omdat die stedeling maklike prooi vir adverteerders is wat die nagemaakte sosiale en fisieke behoefte aan plek beloof.

Digters en ook romanskrywers se metaforiese taalgebruik is dikwels plekbepalend – dit dui aan dat die persoon of karakter 'n plek het en deel van 'n sekere plek voel. Volgens Frye (*in* Evernden, 1996:101) gaan hierdie soort metaforiek om "a desire to associate, and finally to identify, the human mind with what goes on outside it, because the only genuine joy you can have is in those rare moments when you feel that although we may know in part... we are also a part of what we know".

Evernden (1996:101) toon 'n verband aan tussen die individu en sy/haar spesifieke plek – om te weet wie jy is, is onmoontlik sonder om te weet waar jy vandaan kom. Die erkenning dat die bestaan van die self onmoontlik is sonder die konteks van plek werp 'n totaal ander lig op die nie-menslike natuur, en bewys die futiliteit van kwantitatiewe peilings om die gewildheid van spesifieke openbare landskappe te meet. Naamgewing is verder deel van die proses om 'n gehegtheid aan plek daar te stel, hetsy persoonlike name of generiese name.

Evernden (1996:103) glo dat dit noodsaaklik is dat die kunste met die wetenskappe in gesprek moet tree om die verband en betrokkenheid van die self met plek of omgewing te beklemtoon: "There is no such thing as an individual, only an individual-in-context, individual as a component of place, defined by place."

5.1.4 Literatuur en ekologie

Ekokritiek kan verder gedefinieer word deur dit van ander kritiese benaderings te onderskei. Literêre teorie, byvoorbeeld, ondersoek oor die algemeen die verhouding tussen skrywers, teks en die wêreld. In die meeste literêre teorieë is 'die wêreld' sinoniem met die samelewing – die sosiale sfeer. Ekokritiek vergroot hierdie siening van 'die wêreld' om die hele ekosfeer in te sluit.

William Rueckert (1996:108) glo "everything is connected to everything else". Hy glo dat literatuur en ekologie geïntegreer is, want beide straal energie uit. In die natuur kom alle energie direk van die son, dit kan nie geskep of vernietig word nie. In die letterkunde (volgens Rueckert) kom alle energie van die kreatiewe denke. Dit kom nie van taal nie, omdat taal slegs 'n 'vehicle' is (voertuig en bêreplek) vir die storing van hierdie energie. 'n Skildery en 'n simfonie byvoorbeeld, is gestoorde energie, hierdie energie word nie net een keer gebruik en is dan verlore vir die mens nie. Die lewe van die menslike gemeenskap vertrou op die volgehoue vloei van kreatiewe energie van die kreatiewe verbeelding en intelligensie, en hierdie vloei kan gesien word as die son.

Die energie wat in 'n gedig gebruik word (of in hierdie geval, 'n roman, of selfs hierdie studie), kan oor en oor deur dieselfde of verskilllende individue gebruik word. Waar die natuur net een energiebron het, het die menslike gemeenskap baie 'sonne' waaruit energie geput kan word (Rueckert, 1996:109). Letterkunde oor die algemeen en individuele werke spesifiek val onder hierdie menigte 'sonne': "We need to discover ways of using this renewable enregy-source to keep that other ultimate energy-source (upon which all life ... depends) flowing into the biosphere. We need to make some connections between literature and the sun, between teaching literature and the health of the biosphere."

Mense kan en mag nie die feit dat die ekosisteem vernietig word, ignoreer nie. En al kan 'n direkte lyn opsigself nie getrek word tussen letterkunde en die natuur nie, kan die letterkundige (onder andere die skrywer of digter) wel iets omtrent die saak doen. Rueckert (1996:112) meen dat, indien ons aanhou onderrig en skryf sonder om te reageer op die feit dat sekere dele van die omgewing soos die oseane stadig maar seker besig is om besoedel te raak deur wat die mense daarin weggooi, sal daar spoedig nie meer 'n omgewing wees waarin ons kan onderrig en skryf nie.

5.1.5 Die klassifikasie van omgewingsliteratuur

Thomas J. Lyon wys daarop dat 'n mens nie omgewingsliteratuur (*nature writing)* kan klassifiseer nie, omdat die grense te dikwels verskuif: "Nature writing is not in truth a neat and orderly field." (Lyon, 1996:276.) Hy deel omgewingsliteratuur nogtans in drie kategorieë in: **Geskiedkundige inligting oor die natuur, persoonlike terugvoer oor die natuur en filosifiese interpretasie van die natuur.** Alhoewel Lyon uit 'n Amerikaanse perspektief skryf, is sy siening globaal toepasbaar en daarom word dit gebruik in hierdie studie.

Die hoofsaak van historiese inligting oor die natuur is om die feite van die natuur neer te stip. Die outeur moet ervaring van die natuur hê – die gevoel om in die buitelug te wees, die plesier om fyn op te let, en die gevoel om klein dingetjies van nader te bekyk. Die ondervinding is dus net so belangrik soos om daaroor te skryf.

Wanneer die skrywer/outeur persoonlike terugvoer oor die natuur gee, moet daar 'n intense gevoel wees vir die tuisgrond, iets soos territorialiteit, wat vroeër reeds bespreek is. In die geskrifte oor die skrywer se belewenisse is die raamwerk vir die skrywe die outeur se eerstehandse kontak met die natuur. Die leser word geplaas 'agter die skrywer se oë', besig om daaruit te kyk na hierdie interessante en belangrike wêreld en deur dit alles saam met die protagonis te beweeg.

In hierdie breë kategorie (ondervinding met die natuur) is daar ook drie gedefinieerde tipes, naamlik *essays of solitude or escape from the city; accounts of travel and adventure,* en *the farm essay* (Lyon, 1996:276).

Ontvlugting werk met die kontras tussen konvensionele bestaan en die meer intense lewe in kontak met die natuur. *Reis en avontuur* plaas klem op die kontras tussen die veilige, gewone bestaan en die vreugdevolle lewe van ontdekking. Die toerskrywer plaas minder klem op natuurlike geskiedenis en meer op beweging, afsondering en die wildernis. *Reis en avontuur* word ook ingedeel in 'n patroon van **vertrek, inisiasie** en **terugkoms.** Die plaasessay beklemtoon die aspekte *werk* en *rentmeesterskap*, hier gaan dit om die feit dat die mens moet inpas by natuurlike patrone, en dit nie net met die een of ander abstrakte orde moet probeer verander nie.

5.1.6 Natuurskrywe en omgewingsielkunde

Sharon Cameron (soos aangehaal deur Slovic, 1996:351) suggereer dat "to write about nature is to write about how the mind sees nature, and sometimes about how the mind sees itself".

Natuurskrywers is konstant besig om hulle eie gedagtes en gevoelens te traumatiseer of te kalmeer – asook dié van hul lesers. Enkele beskrywings vir hierdie denkrigting (omgewingsielkunde) is die volgende: ontwaking, bewustheid, gesigsvermoë, waaksaamheid en begrip.

Beide die natuur en die proses van skryf (die eerste 'n eksterne teenwoordigheid, laasgenoemde die proses om persoonlike ondervindinge te verbaliseer) dra by tot die outeur se bewustheid van die self en nie-self. Om die natuur van aangesig tot aangesig te konfronteer en om bewus te word van die natuur se 'andersheid', maak dat die skrywer meer bewus word van sy/haar eie dimensies, beperkinge of vorm van begrip, en prosesse van worsteling met die onbekende.

Giles Gunn (soos aangehaal deur Slovic, 1996:352) skryf dat "modern man tends to view the encounter with 'otherness' ... as a mode of access to possibilities of change and development within the self and the self's relation to whatever is experienced as 'other'". Die gevoel van minsame harmonie, selfs identiteit met 'n persoon se omgewing, sal nie 'n bewustheid van die self of helderheid oplewer nie. Dit is slegs deur die grense van die self teenoor 'n buite-medium te toets (soos die natuur) dat baie skrywers die realiteit van die wêreld besef, asook wie hulle werklik is.

Dan moet die vraag uiteindelik gestel word: Waarom skryf mense oor die natuur? Dit is nie slegs om rekord te hou en ervarings en waarnemings neer te skryf nie. Dillard (soos aangehaal deur Slovic, 1996:355) meen dat verwoording mense help om beter te verstaan, en dit kan gebeur in 'n oomblik van konfrontasie of tydens 'n agterna-perspektief terwyl die skrywer by die lessenaar sit. Daar kan dagboek gehou word sonder om streng te hou by die chronologie, maar vir die natuurskrywer kan dit probleme oplewer, omdat die natuur so gou verander tussen middag en aand, somer en winter, en selfs van minuut tot minuut, dat die observeerder nie die groter betekenis van die verskynsel sal begryp as die temporele aspek nie in ag geneem word nie.

Vir die leser is die natuurskrywe 'n plaasvervangende ondervinding van die outeur se konstante proses van interpretasie van die natuur, en dit verhoog die leser se bewustheid van die outeur se teenwoordigheid in die natuur.

Sommige natuurskrywers poog om 'n 'intimiteit' met die landskap te ontwikkel wat nie hul oplettendheid sal belemmer nie, maar dit eerder sal verdiep: "There has always been this function in society of people who go 'outside'... (I)f you come face to face with the other you can come home and see the dimensions of the familiar that make you love it" (Slovic, 1996:366). Die skrywer gaan 'buitentoe' om haarself en haar lesers te help om beide die eksotiese en die bekende kragte te verstaan, en sodat die lesers hulle eie metafoor kan gebruik om hulle eie landskappe met dié van die skrywer te assosieer. Elkeen sien die wêreld op 'n ander manier en daar kan gevra word: Wat weet ons? Hoe weet ons? Hoe organiseer ons die kennis?

Volgens Slovic (1996:367) probeer kontemporêre natuurskrywers nie net een houding teenoor die natuur aanhang nie, maar hulle doel is om eerder die empiriese studie van hul eie psigologiese antwoorde op die wêreld te toets – of, met ander woorde objektiewe ondersoek te doen na subjektiewe ondervinding.

Slovic (1996:368) stel dit so: "Nature writing is a 'literature of hope' in its assumption that the elevation of consciousness may lead to wholesome political change, but this literature is also concerned, and perhaps primarily so, with interior landscapes, with the mind itself."

5.1.7 Ekokritiek en feminisme

Glotfelty (1996:xxiii) vergelyk ekokritiek met die feminisme. Die eerste fase van feministiese kritiek is, volgens Glotfelty, om stereotipes uit te ken. Op ekokritiek toegepas, sal die volgende stereotipes voorkom – *Eden, Arcadia, woesteny, ongerepte land* ensovoorts. Die natuur is egter nie die enigste fokus van ekokritiese representasie nie. Ander onderwerpe sluit die volgende in: diere, stede, spesifieke geografiese gebiede, riviere, berge, Indiane (in hierdie geval Afrikaners, Indiërs, Boesmans, halfbloede), tegnologie, vuilgoed en (die) liggaam.

Ekokritiek tref meer vergelykings tussen literêre en wetenskaplike teorieë as ander postmodernistiese bewegings (poststrukturalisme, miteteorie en antropologie, etniese en postkoloniale studies), maar werk nogal soos die feminisme. Feminisme is hier trouens van groot belang omdat dit fokus op die idee van plek of ruimte wat sosiale status bepaal. *'Die Vrou se plek'* word deur die feminisme beskryf as "an attic or closet, that contains yet sustains individuals until they locate a congenial environ" (Gilbert *in* Howarth, 1996:82). Sekere feministe vergelyk ook die anatomie met die geografie deur die vroulike liggaam/teks te visualiseer as 'n niemandsland geplaas teenoor die vyandige manlike wêreld van die patriargale gemeenskap.

Soos die feminisme baie geïnteresseerd is in die lewe van vroulike outeurs, bestudeer ekokritici ook die omgewingstoestande van 'n outeur se lewe – die invloed van plek op die verbeelding. Dit demonstreer dat waar 'n skrywer grootword, waar sy reis en waar sy skryf, noodsaaklik is in die verstaan van haar werk. Sekere kritici meen dis die moeite werd om die plekke waar 'n skrywer skryf en bly, te gaan besoek. Elsa Joubert het C. Louis Leipoldt se reis na die 'Gordel van smarag' nagevolg (sien Hoofstuk 3), en 'n hele reisverhaal daaroor geskryf in *Die gordel van smarag.* Sy het ook deur 'n groot deel van Afrika gereis, en baie van die indrukke wat sy so opgedoen het, kom duidelik in haar werk na vore.

5.1.8 Heldinne van die natuur

Vera L. Norwood (1996:323) glo dat die meeste vroue se terugvoer oor die natuur eers onlangs aandag begin geniet het. Baie vroue is deur kulturele stereotipes asook fisieke probleme van deelname aan die ontdekking van die landskap uitgesluit. Vroue is beskou as meer tuis in stedelike en gekultiveerde omgewings, die sogenaamde 'beskawing'.

Daar is egter ook 'n ander siening, dié siening dat vroue weer nader aan die natuur is as mans (Sherry Ortner soos aangehaal deur Norwood, 1996:324). Ortner glo dat 'n vrou se fisiologie, sosiale rolle en fisieke struktuur haar nader aan die natuur stel as wat die man s'n dit doen. Alhoewel Ortner heelwat gekritiseer is oor hierdie siening (dit kan blykbaar nie universeel bewys word nie), glo Norwood (1996:324) dat die stelling waar is as dit tot Westerse tradisies beperk word.

Norwood noem dat sekere skrywers vanaf die 16de tot die 19de eeu juis essays geskryf het wat bewys hoe daar teen vroue gediskrimineer is. Dit was baie moeilik vir vroue om hul sienings weer te gee, asook om in 'manlike' terreine soos geologie ernstig opgeneem te word, of 'toestemming' te kry om die wildernis te betree.

Norwood (1996:326) ondersoek vier vroue se bydrae tot die letterkunde oor die natuur (sy noem dit *women's nature writing*), en alhoewel dit vroue is wat oor die Amerikaanse landskap skryf, kan dit ook van toepassing gemaak word op Suid-Afrikaanse vroulike skrywers.

Hier volg 'n kort opsomming van elk van die vier vroueskrywers se lewe en hul sienings. Hierdie teorieë (of eerder 'n samevoeging daarvan) word later in die studie gebruik om Joubert se vrouekarakters te analiseer.

5.1.8.1 *Isabella Bird*

Isabella Bird is in 1831 in Engeland gebore. Sy het die hele wêreld deurreis, ook na Londen en die Verenigde State in 1873! Volgens Norwood het hierdie vasbeslotenheid

om plekke te besoek ontstaan as gevolg van haar behoefte aan religieuse afsondering. Sy probeer so ver moontlik wegkom van stede om die natuur alleen te beleef. Bird 'vind' haarself in die natuur, begin verstaan wat haar plek in die wêreld beteken, terwyl sy ook soek na 'n transendentale belewenis in die natuur wat haar buite haarself neem in 'n verhouding met God.

5.1.8.2 *Mary Austin*

Die tweede skrywer in Norwood se studie is Mary Austin. Sy skryf (in haar boek *The Land of Little Rain – 1903)* oor die verhouding tussen die geologiese en biofisieke landskap (insluitend die mens) en probeer om die konflik tussen natuur en kultuur uit te wis. Volgens haar moet alle aspekte van die natuur waardeer word, ook sekere tradisies wat beweer dat die woestyn *dorland* is, dat slange net boos is en dat die mens die natuur beheer.

Austin verstaan watter persoonlike aanpassings nodig is om op 'n spesifieke plek te bly. Soos Bird, onderwerp Austin haar aan die hardste roete en die slegste weer, maar die objek van hulle soeke is heel verskillend. Bird sien die wildernis as 'n plek van vryheid vir die Westerse samelewing, maar sy twyfel nie daaraan dat die samelewing die wildernis sal 'oorwin' nie. Sy sien die moontlikheid van 'n verhouding slegs as die uitdaging tussen die mens en die natuur. Austin sien hierdie 'uitdaging' van die natuur nie as dat die mens dit kan 'oorwin' nie, maar sy sien die natuur aan vir die effek wat dit voortbring en die verskillende interaksies wat uit die natuur ontstaan.

5.1.8.3 *Rachel Carson*

Rachel Carson wat die bekende *The Sea Around Us* in 1951 geskryf het, eggo Mary Austin se siening dat geen mens 'n persoon kan verstaan tensy jy in die plek waar hy/sy vandaan kom gaan woon nie: "The materials of science are the materials of life itself. Science is part of the reality of living; it is the what, the how and the why of everything in our experience. It is impossible to understand man without understanding his environment and the forces that have molded him physically and mentally." (Carson soos aangehaal deur Norwood, 1996:335.)

5.1.8.4 *Annie Dillard*

Annie Dillard, wat veral in die tagtigerjare bekend was, se primêre belangrikheid is haar individuele, persoonlike verhouding met God en die natuur. Haar werk het dus 'n effens ander fokuspunt as die ander vroueskrywers wat hier bespreek word. Carson, Austin en Bird wys daarop dat, hoe meer ons weet, hoe minder ons seker is van ons kennis en hoe meer wil ons gevolglik weet. Dit lyk vir hulle asof die onbeantwoorde vrae en raaisels net uitbrei, maar Dillard glo dat die mens nooit sal kan verstaan waarom die natuur werk soos dit werk nie. Dillard voel tevrede met die kwaliteit van die natuurlike raaisel self – die uiterste onoplosbaarheid.

Myns insiens reflekteer Joubert se skryfwerk aspekte van al vier hierdie vroueskrywers. Dus, met die analise van Joubert se vrouekarakters sal 'n samevoeging van die teorieë van bogenoemde vier vroue as basis gebruik word.

5.1.9 Beperkings op vroueskrywers

Vir Norwood (1996:343) is die kern van die saak (vroue en die natuur) die idee van vryheid. Die beperkings op vroue se beweging na die wildernis berus op die manlike vrees vir 'die ander/vreemde'. Dit was veral in die verlede 'n taboe vir vroue om uit die samelewing na die ongetemde wildernis te beweeg. Die tyd van vroue wat slegs 'n sekondêre rol speel en van vroueskrywers wat slegs vir kinders skryf (en dus as mediums tussen die natuur en kultuur opgetree het) is verby, en 'n mens kan dit duidelik sien in hierdie studie oor die werke van Elsa Joubert.

Uiteindelik moet die volgende vraag ook aandag geniet: Sê vroueskrywers iets anders oor die natuur as hulle manlike eweknieë? Vir Norwood omskryf die vroulike kultuur die natuur op 'n baie meer inherente/innerlike manier. Die natuur bestaan: voor kultuur was daar natuur, en na kultuur sal die natuur nog steeds bestaan. Vir vroue gaan hierdie strewe nie om die suksesvolle uitdaging om die natuur te oorwin of oorheers nie. Dit gaan vir vroue om die erkenning en waardering van die natuur, om die natuur te begryp.

5.2 RUIMTELIKE ASPEKTE IN DIE ROMANS VAN ELSA JOUBERT

Ek gebruik die insigte van Norwood (1996:323-335) en Thomas Lyon (1996:276) om die ruimtelike aspekte en die verhouding tussen karakters en ruimte in Elsa Joubert se romans te beskryf en te ontleed.

Aandag sal spesifiek gegee word aan die volgende kategorieë:

- **Reis en avontuur**. Waarheen reis die karakters en waarom? Is dit vir hulle 'n avontuur of kry hulle swaar weens die reis?
- **Territorialiteit – *inwoner* of *toeris*?** Voel die karakters tuis in die plek waar hulle woon of waar hulle hulle bevind? Of is hulle slegs weer buitestanders met betrekking tot die omgewing?
- **Die vreemde.** Hoe toets die karakters hul identiteit en selfbeeld in 'n vreemde omgewing en vreemde omstandighede? Hierdie kategorie hou verband met die kategorie ***inwoner* of *toeris***.
- **Religieuse afsondering**. Baie van Joubert se vrouekarakters is soekend na God en bestee tyd in die natuur om Hom te 'vind', ander se omstandighede en ruimte maak dat hulle hulle soms van God afwend en tot swartkuns soos toordery wend.

5.2.1 Reis en avontuur

Reis is 'n tema wat baie sterk in Joubert se werke na vore tree. Die titels van haar boeke dui reeds direk of indirek aan dat die leser met 'n reis te make het, byvoorbeeld *Die reise van Isobelle*, *Die swerfjare van Poppie Nongena, Die Wahlerbrug* (wat in Europa afspeel), en selfs *Ons wag op die Kaptein*, waar die woord 'wag' impliseer dat die Kaptein 'n 'reis' moet aflê.

Die reismotief is baie belangrik in *Die reise van Isobelle*. Leonora gaan toer in Europa, Agnes reis as klein dogtertjie van Kenia na Suid-Afrika, haar dogter Belle reis terug na Kenia en ook deur Europa. Die reis in *Die reise van Isobelle* eindig egter by Leo. Sy neem 'n belangrike besluit, naamlik om in Suid-Afrika te bly. Die reismotief kom ook voor in Joubert se ander romans wat hier bespreek word. In *Bonga* reis Inacia Maria saam met haar nuwe man en sy familie (die halfbloede) na haar nuwe tuiste, maar

later reis sy ook na veiligheid wanneer sy vir haar lewe moet vlug. In *Ons wag op die Kaptein* reis Ana-Paula van Portugal na Mosambiek in die hoop op 'n meer avontuurlike lewe, maar daardie reis beteken uiteindelik haar dood. Poppie moet gedurig reis onder die Apartheidswette van daardie tyd – sy is haar lewe lank nooit tuis op een plek nie en voel altyd soos 'n buitestander.

Een van die eerste ver reise wat in *Die reise van Isobelle* beskryf word, is dié van Hennie (die sendeling en Josias van de Velde se broer), en Jessie (sy verloofde). Hulle is op pad om sendingwerk in 'donker' Afrika te gaan doen. Godsdiens en omgewing loop hier ook hand aan hand – hulle reis na 'n vreemde omgewing ter wille van hulle geloof (hierdie aspek word verder in die onderhawige hoofstuk onder *religieuse afsondering* bespreek), maar Jessie ('n karakter wat net vlugtig aan die begin van hierdie roman beskryf word), voel twyfel en onsekerheid oor die weggaan en die reis:

> *Soms twyfel ek of ek die weggaan van almal wat ek liefhet, sal kan verduur. Soms word ek bang, dan stel ek my voor dat ons in die diep gras en bosse gaan inloop, en dat die gras en bosse weer agter ons toemaak. Dan is ons heeltemal verlore* (Die reise van Isobelle, bl. 16).

Josias en die res van die familie het Jessie nie weer gesien nie, want sy sterf op haar kraambed.

5.2.1.1 *Leonora*

Leonora (Agnes se skoonsuster) is weer nie gelukkig met haar alledaagse lewe nie. Sy voel ingehok en wil wegbreek van haar gewone bestaan. Op 'n dag besluit sy sommer om nie met die trein na Wellington te gaan en daar by haar familie te gaan kuier nie (soos die reëlings was), maar kanselleer alles en gaan loop in Kaapstad rond:

> *Sy ken Adderleystraat so goed, maar nou, halfnege op die Sondagoggend, is dit vir haar 'n nuwe ervaring om deur die leë straat te loop. Is dít wat sy soek, vra sy haar af: ervaring buite haar roetine-bestaan?* (Die reise van Isobelle, bl. 164).

In die Goewermentstuin stop sy en bestudeer elke boom; sy voel skielik anders oor haar lewe, *'n ander wêreld as die wêreldjie van haar familie, wat vandag op Wellington by die eettafel gaan aansit* (Die reise van Isobelle, bl. 165). In die Goewermentstuin besluit sy om weg te gaan. Sy aanvaar 'n pos in Engeland, want daar is niks wat haar in Suid-Afrika bind nie: *Die oop see! Die oop see! Die wye wêreld wag op my! roep haar oë, haar lippe, haar wyd gestrekte arms, haar blink hare, haar nuwe rok* (Die reise van Isobelle, bl. 166).

Leonora se pa (Josias) se gewete begin hom in sy oumensjare pla; hy voel skuldig oor hy haar nooit universiteit toe gestuur het nie, maar dit was in daardie tyd ongehoord vir meisies om universiteit toe te gaan. Hy weet dat haar brein nooit na behore benut is nie, en dat dit miskien die rede vir haar rusteloosheid kan wees. Leonora kan nooit op een plek vasgekluister word nie; sy verander gedurig van werk en van skool. Sy het 'n wil in haar om te reis en avontuur te beleef – dit is wat die lewe vir haar draaglik maak:

> *Die veerboot bulk. In die verte begin liggies in die donker flikker. 'n Verbyvarende skip? Die kuslyn van Vlaandere? Van Holland? Soos altyd laat die aanblik van die vreemde 'n groot, honger opwinding in Leonora opstoot. Miskien vind sy op hierdie donker strande dít waarna sy soek, dit wat sy in woorde nie eens vir haarself kan omskryf nie* (Die reise van Isobelle, bl. 213).

Selfs later in Leonora se lewe, wanneer sy in haar vyftigerjare is, kan sy nie die benouende gevoel afskud nie: *Haar knus huisie voel opeens te nou. Ek moet die mure wegstoot. Ek moet weer reis* (Die reise van Isobelle, bl. 456).

Wanneer die 86-jarige Leonora besluit om haar in 'n tehuis in Stellenbosch te vestig, moet sy afskeid neem van haar ou huisie waarin sy jare gebly het. Hier kom die reismotief duidelik na vore – meer 'n vertrekmotief – sy weet sy gaan nooit weer terugkeer nie:

> *Vir laas ruik die heuningblomme soet, so soet. Vir laas die dooie wit frangipani-blomme gestrooi onder haar voete. Vir laas die groot, malse rooi*

> *hibiskusblomme wat uit die lang ry struike vorentoe beur, oor haar gesig vee. Toe, toe, sê sy, en vee die stuifmeel van haar wange af. Toe, toe, druk sy die pienk hibiskusblomme wat laer af, nader aan die halte groei, uit haar pad. Toe, toe, ek gaan net weg, ek gaan nog nie dood nie* (Die reise van Isobelle, bl. 591).

Leonora reis haar lewe lank deur om 'n antwoord op die sin van die lewe te probeer bepaal, sy kom nooit tot rus nie, en trou ook nooit nie. Dit is asof sy altyd soekend bly na haar vader se kalmte van gees. Een aand, voor haar vertrek na die tehuis in Stellenbosch, bly sy saam met Maggie en Skottel die hele nag wakker om die sonsopkoms te aanskou. In hierdie oggendure kom haar soektog tot 'n einde – sy vertrek dán eers op haar ware reis:

> *Hy dra-stut haar die trappies van die voorstoep af. Sluit vir laas die voordeur agter haar. Sy is nie bewus daarvan nie, kyk ook nie om nie. Dis asof sy klaar op haar reis vertrek het* (Die reise van Isobelle, bl. 598).

5.2.1.2 *Agnes*

Agnes Valeria in *Die reise van Isobelle* reis of swerf al van kleins af. Daar word gespekuleer dat sy omgeruil is toe haar ma met die 'regte' Agnes Frankryk toe gevlug het. Die Agnes wat die leser leer ken, reis as babadogtertjie van die Kaap na Pretoria om met haar 'ouma' en pa verenig te word. Daarna reis sy saam met haar pa na die hooglande van Uasin Gishu in Kenia waar grond destyds aan boeremense toegestaan is. Mettertyd, na 'n aantal jare, besef haar pa Daniël dat dit ongehoord is vir 'n meisie om in die bos saam met haar pa te bly, en hy stuur haar terug na haar ouma in Suid-Afrika. Sy is toe net 11 jaar oud, en dié reis is 'n traumatiese ervaring waarvoor sy haar pa nooit sal vergewe nie. Eers reis sy in die masjila wat die vier swartes dra, en die laaste stukkie met die trein na Middelburg. Sy bly 'n rukkie by haar pa se broer en skoonsuster (oom Piet en tante Naomi) in Middelburg, maar verhuis later na haar ouma Greylinck in Pretoria.

Agnes voel sy het 'n baie swaar lewe. Sy is deurentyd op soek na haar identiteit en die sin van haar lewe. In later jare, wanneer sy al 'n geruime tyd getroud is, vind sy

aanklank by die kranklike oom Hennie (deel van haar skoonfamilie). Dit is juis hulle omstandighede wat hulle na mekaar dryf:

> *Hy is al een van die Worcester-familie, hul sendingywer ten spyt, wat Afrika ken. Afrika het hom geroep, soos dit haar pa geroep het. Hy ken die ruik van die aarde, die bos, die grassade; hy ken die hemelse blou waarteen die wolke soos wit lammers wei. Hy ken die uitgestrektheid, nie die ingehoktheid tussen berge soos hier nie* (Die reise van Isobelle, bl. 176).

Agnes kan nie genoeg kry van oom Hennie se fotoalbum nie; sy tel die kiekies van Afrika op, kyk lank daarna en sit dit dan weer terug. Sy hunker terug na Afrika en haar pa:

> *Dis dieselfde mopaniebome, oom, en dieselfde boswêreld. Daar's so 'n honger in my hart daarvoor* (Die reise van Isobelle, bl. 180).

Dit is ironies dat Agnes se seun Ozzie juis in Brits-Oos-Afrika sterf, daar waar haar 'lewe' begin het. Nou weet sy dat sy nooit die verbinding kan verbreek nie. Sy sal nooit kan tuis voel in Suid-Afrika nie en sy bly haar lewe lank 'n buitestander.

> *Op 'n vreemde manier is dit 'n troos dat haar seun in die grond van Brits-Oos-Afrika begrawe lê. Dit is nog nie afgehandel nie, weet sy met 'n seker voorgevoel. Haar seun se liggaam is 'n pand aan die noodlot, die band is tog nie verbreek nie* (Die reise van Isobelle, bl. 248).

Tydens die herdenking van die Groot Trek (Agnes se dogter Isobelle is dan 13 jaar oud) help Agnes die ACVV-susters een Augustusmiddag met 'n geldinsameling; hulle bedien tee, koffie en pannekoek aan die kommando's. Daar ontmoet sy 'n man wat haar aan haar pa herinner:

> *Dis die reuk, dink sy, die reuk wat uit haar kinderdae opgestaan en oor haar gestroom het. Nee, dis nie die reuk nie, dis die deernis, die glimlag. Of is dit die hoed, die repie vel om die hoed? Ag, sy kan nie dink nie* (Die reise van Isobelle, bl. 202).

En dan, die kommandolid se woorde: *Sien jou in Pretoria, groenoog* (Die reise van Isobelle, bl. 202). Maande lank leef sy vir die gedagte om Pretoria toe te gaan vir die hoeksteenlegging van die monument. Dit word vir haar 'n avontuur en sy pas al haar besluite aan by die feit dat sy (dalk) in Pretoria aan die koorfees kan deelneem.

Die aand op die feesterrein, met die fakkels en die baie mense en die groot vuur, tel die 'geheimsinnige' ruiter haar op sy perd en ry met haar in die veld in. Dit is die eerste keer vandat sy 'n dogtertjie was, dat sy weer so naby en deel van die veld voel. Tydens hulle omgang voel dit vir haar asof sy weer deel word van die veld, dat sy uiteindelik behoort:

> *Van waar sy op haar rug lê op die grond, haar kop stadig van kant tot kant beweeg, sien sy deur die takke van die doringbome die rooi gloed teen die hemel. Nog steeds die vure. Sy dink aan die kampvure met haar pa, die skaduagtige gedrogte wat die vlamme in die donker nag in Afrika gewerp het, die geluide van diere wat vreet – soos die perd, gekniehalter nou, hier by hulle vreet...*
>
> *Haar kaal arms, haar rug lê gedruk teen die gras, die stokke, die klippers. Dis háár grasse en stokke en klippe, sy lê op háár aarde... Só is dit reg, hier voel sy tuis...*
>
> *Sy is 'n dier van die veld, sy is aarde wat ontvang, sy is grond en verrottende blare, sagte nat blare, die sagte nat bloederige vel van 'n bokkie wat wag om afgeslag te word, wat daar lê, gestroop* (Die reise van Isobelle, bl. 226-227).

Agnes streef haar lewe lank daarna om net 'n normale en gelukkige alledaagse lewe te lei. Sy wil nie meer 'n buitestander wees nie, sy wil aanvaar word vir wie sy is.

5.2.1.3 *Isobelle*

Wanneer Isobelle in *Die reise van Isobelle* as jong vrou in Kenia aankom, deels vir die graf van haar broer, en deels om haar ma se pa te soek, ontmoet sy Hussein. Daar is

dadelik 'n gevoel vir mekaar tussen die twee van hulle, alhoewel nie een van hulle dit wil erken nie. Vir Belle is dit baie erg; sy is 'n Afrikanermeisie en lid van die Nasionale Party. Haar geskiedenis en haar toekoms word hier vir haar vreemd. Sy vergeet van die reis waarmee sy besig is en leef net vir haar kort tydjie saam met Hussein:

> *Die lug is nog soel, maar aangenaam, die styfgespannenheid is uit haar weg. Sy voel dat hierdie klein lorriekajuit haar hele wêreld bevat* (Die reise van Isobelle, bl. 316).

Na die moord op Hussein 'vlug' Isobelle eers Europa toe. Sy sien nie kans daarvoor om Suid-Afrika toe te gaan en haar familie van haar leed te vertel nie. Wanneer sy terug is in Suid-Afrika (nadat haar familie haar teruggebring het), kan Isobelle nie die werklikheid aanvaar nie. Sy probeer nog steeds wegvlug daarvan, dit is daarom dat sy haar in bioskope tuismaak en dag in en dag uit na die stories op die skerms kyk. Dit is vir haar 'n avontuur wat haar van haar eie smart laat vergeet:

> *Die beelde flikker en neem vorm aan, sy word ingetrek in die goedkoop romantiese verhaal. Op die boot terug na Kaapstad was dit die bioskoopprente – dit weet sy nou – dwarsdeur die dag en elke aand in die salon, wat haar aan die gang gehou het. Die selluloïede liefdes en smarte, die vals emosies, lewe en dood, het haar soos opium verdoof. Soos Deanna Durbin haar verdriet verdoof het toe haar oupa dood is* (Die reise van Isobelle, bl. 383).

> *Nou kan sy soveel soos sy wil, so dikwels as wat sy kan, in die donker neerdaal na hole wat stink na sigaretrook en lyfsweet, om weggevoer te word van haarself* (Die reise van Isobelle, bl. 383).

5.2.1.4 *Leo*

Leo (Isobelle en Holtzhausen se kind) word as jong onderwyseres deel van die struggle. Sy word gevang, toegesluit en na maande eers vrygelaat. Daarna voel sy identiteitloos en moeg vir die lewe. Maar die lewe wat vir haar voorlê, is 'n moeilike reis wat sy alleen moet aanpak. Die reismotief word gesuggereer deur die koffertjie wat sy moet pak vir haar nuwe bevryde lewe na die tydperk in die tronk:

> *Sonder emosie loop sy die gang af agter die vrou. Tog bewus van 'n diep vrees, 'n verskriktheid. Die koffertjie in haar hand voel lig, verskriklik lig. Tog hou dit haar vas aan die sel, aan die yster- en traliehekke wat die een na die ander agter haar toeslaan. Dis asof haar hand met die koffer onsigbaar agterbly, altyd sal bly. Sy is bang vir vorentoe kyk, die lengte van die gang af na die uitgang waar tannie Leonora wag* (Die reise van Isobelle, bl. 576).

5.2.1.5 *Ana-Paula*

Ana-Paula van *Ons wag op die Kaptein* is 'n reisiger soos Leonora. Sy wil plekke sien en dinge beleef want sy voel vasgekluister in haar huidige omgewing. Wanneer Carlos die eerste keer by hulle aan huis kom, vra sy hom onophoudelik uit na al sy reise en ondervindings in Afrika, wat haar op daardie stadium nog geweldig aantrek:

> *Hulle het gesels, lank nadat haar ouers en die vreemdeling se praat opgeraak het. Sy het uitgevra na sy reise, na die kolonies. Hoe dit op see voel, op die boeg van die skip, as die wind waai en die skip oor die branders klim. Oor die Kaap van Storms waarvan sy op skool geleer het, oor Portugees-Oos-Afrika, die poort na die Ooste, die deur na die eksotiese, die geur van sandelhoutparfuum en rooi sy en purper satyn, na ivoor en goud en ebbehout en wierook* (Ons wag op die katein, bl. 50).

Na 'n aantal jare van Ana-Paula se getroude lewe en haar verblyf in Angola, dwaal haar gedagtes nog steeds terug na haar gelukkiger dae toe sy nog opgewonde was oor die lang reis en onbekende wat voor haar lê. Sy 'reis' terug in haar gedagtes, wat op sigself 'n reis is:

> *Soos sy reeds in soveel lang, leë, eensame dae gedoen het, probeer Ana-Paula in die begin van dinge 'n sin vir die einde te vind. Om en om loop haar gedagtes, om en om, en om en om, in die verlede. Skelhelder elke nuanse van die begin af aan... 'n plaat wat speel en op sekere groewe vassteek, tokkel op die senuwee...* (Ons wag op die Kaptein, bl. 54).

Ana-Paula kan nie die werklikheid in Angola hanteer nie. Sy vlug keer op keer na haar kamer waar sy peuter met die rome en vloeistowwe wat sy van Lissabon saamgebring het:

> *Sy kan gewoonlik oneindig lank peuter met die bottels en flessies half-gesmelte, half-muf rome en vloeistowwe wat sy van Lissabon saamgebring het en nog steeds oor die pos kry en wat haar hele spiëeltafel vol staan. Maar haar kamer, waar sy elke dag soveel van haar tyd deurbring, is vanoggend vir haar onaantreklik* (*Ons wag op die Kaptein*, bl. 5).

5.2.1.6 *Lottie*

Lottie in *Die Wahlerbrug* is een van die karakters wat letterlik alles verloor – ook haar identiteit. Sy reis in Europa aanvanklik saam met haar man, maar as gevolg van omstandighede moet sy die reis alleen voltooi. Hierdie reis ontaard op die ou end in 'n nagmerrie.

Myns insiens is die roman *Die Wahlerbrug* 'n 'omgewingsboek'. Die donker, nat, grys en koue Europa word direk gekontrasteer met die sonnige Suid-Afrika waaraan Lottie gewoond is:

> *'n Vragmotor is opgetrek tot teenaan die laaiplek. 'n Oomblik lank is die buitelig van die vroegmiddag, hoe vaal en mistig en stadswaar ook al, skerp voor haar oë, voel sy die koue om haar toevou, so skerp dat dit soos 'n brand teen haar vel is, en dan dwing die drukking op haar elmboog haar oor die plank wat uitgestoot is, in die donker bedompigheid van die vragmotorbak in* (Die Wahlerbrug, bl. 21).

Lottie word uitgelewer aan sekere omstandighede en haar identiteit verander, sy voel so mistroostig soos die omgewing rondom haar. Die begin van die roman suggereer reeds dat Lottie nie baie opgewonde oor haar voorgenome reis is nie, die leser kan agterkom dat die reis vir haar vreemd en ongemaklik voel:

Sy het met 'n trek van bekommernis tussen die oë – bekommernis heeltemal vreemd aan haar – haar gesig na haar man opgehef en plaerig pleitend gevra: Sê my ek moet ophou, man (Die Wahlerbrug, bl. 5).

5.2.1.7 *Poppie*

Net soos Ana-Paula, Inacia Maria en Lottie reis Poppie (in *Die swerfjare van Poppie Nongena*) ook saam met haar man. Hulle gaan kuier vir die skoonfamilie in 'kafferland'. Die lang reis is vir Poppie eers 'n avontuur; haar familie het vir haar kos en geld saamgestuur en Stone (haar man) is goed vir haar. Maar dit is die vreemdste plek wat Poppie sien toe hulle daar kom. Sy kan nie gewoond raak aan die omgewing of die mense se manier van leef nie. Poppie is dus 'n buitestander teenoor haar skoonfamilie:

Ek wou nie veel rondkyk nie, ek was bang vir die mense, maar die huis het my so vaal gelyk en so donker met net 'n bliklampie by die skottelgoed, en dit was vir my te verskriklik, ek ken mos nie sulke huise nie...

Die volgende oggend toe ons opstaan toe's dit mos dag. Toe kyk ek nou die plek deur. Dit was snaaks vir my, want ek kon nie sien wat ek gedink het ek sal sien nie. Ek soek die lokasie, ek soek nou miskien 'n plek soos ek gewoond is, maar ek sien niks. Dis net rondawelhuise en mielielande en perskebome en dan is die huise ook nie op een plek nie, hier staan drie, daar staan vier, ver van mekaar af weg (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 54-55).

5.2.2 *Inwoner of toeris*

5.2.2.1 *Leonora*

Leonora se suster Victoria sterf vroeg in haar lewe aan griep. Sy is 'n *toeris* omdat sy nog so jonk is wanneer sy sterf (Leonora sterf eers in haar tagtigerjare). Dit is opmerklik hoe Joubert die omgewing die aand voordat Victoria dodelik siek geword het beskryf. Die omgewing dui op die dinge wat gaan kom:

> *Die maan is vol en 'n vreemde wit skynsel hang buitekant oor die tuin, oor die straat, oor die dorp, oor die donker huise. "Blaas dood die lamp," sê Victoria. Dan leun sy teen Leonora aan toe die koue wit lig van die maan ook die kamer binnekom, sodat hulle die tapyt, die spieëltafel en die klerekas in die dooie wit lig kan sien, lewelose kolle donkerte in die dooie maanlig* (Die reise van Isobelle, bl. 99).

Leonora in *Die reise van Isobelle* is as klein kind baie lief vir die natuur:

> *"Ruik die katjiepierings! Ruik die lug! Vir my ruik dit soos... rose en reukwater en... en Mother!" Sy druk Victoria se hand so styf as wat sy kan. "Belowe my ons sal nooit ophou blomme ruik nie, Vicky"* (Die reise van Isobelle, bl. 84).

Leonora is ook 'n *toeris*, omdat sy nooit 'n maklike lewe het nie en altyd soekend bly na die sin van die lewe. Leonora ken ook teleurstelling in die lewe. Sy wat haar lewe lank privaat probeer wees, besef dat niemand die dood kan vryspring nie, en dit is juis die dood wat 'n mens van alle privaatheid stroop:

> *Van waar sy op die vloer sit, kyk sy op na Stuart wat boeke in kaste pak; sy hou papiere in haar hande vas, soos offers. "So stroop die dood jou van alle privaatheid. Hierdie kamer was sy heiligdom, nou is sy intiemste lewe aan ons blootgestel"* (Die reise van Isobelle, bl. 246).

5.2.2.2 *Agnes*

Agnes is 17 jaar oud en in haar eerste jaar aan die Normaalkollege op Heidelberg waar sy leer vir onderwyseres. Sy is duidelik net 'n *toeris* by haar oom Piet en tante Naomi, asook 'n *toeris* by die kollege, want sy keer telkens terug na haar ouma in Pretoria:

> *Op Middelburg is sy die arme, sieklike sukkelaar-Piet se broerskind. In Pretoria die weduwee Valeria Greylinck se lieflingskleindogter. 'n Groot verskil* (Die reise van Isobelle, bl. 76).

Na haar ouma se dood is Agnes nie seker wat om met haar lewe te doen nie; sy besluit om haar studie te voltooi en werk in die Kolonie te soek. As die nuwe onderwyseres op die dorp, ontmoet sy Stuart en die pastoriegesin. Miskien is dit haar bande met haar jeug en Afrika wat haar daar laat tuis voel, maar kort voor lank is sy deel van die gesin (sy trou met Stuart). Die eerste dag in die pastorie herinner Agens aan haar kinderdae in Kenia:

> *En die volgende keer is die luike oopgestoot en sy sien tot in elke donker hoek van die sitkamer. Die kamer is anders gemeubileer as haar ouma s'n in Pretoria; dis tegelyk vreemd en bekend. Tussen die snuisterye en potjies, op tafelkleedjies wat tot by die vloer hang, is besienswaardighede uit Afrika uitgestal. Houtsneewerk – diere en langpootvoëls; gevlegte werk – matjies en mandjies; kleiwerk – potte die kleur van die aarde, rooibruin en swart met fyn patrone om die nek uitgekrap...*
>
> *Het sy op die rug van donker Afrika die pastorie binnegery? Na Stuart toe? As dit so was, dan nie sonder 'n prys nie. Die aldaagse sien, die aanraak, die reuk wat nog aan die pote en velle en matjies en mandjies vasklou, het 'n sluis by haar oopgetrek. Haar byna vergete jeug het oor haar gestroom en haar gekwes waar sy die weerloosste was* (Die reise van Isobelle, bl. 121-122).

Agnes voel vir die eerste keer soos 'n *inwoner*; want die pastorie herinner haar aan haar jeug saam met haar pa. Aan die een kant is die herinneringe vol pyn, maar dit maak tog dat sy meer tuis voel. Sy voel vir die eerste keer in 'n lang tyd dat sy iewers 'behoort' – sy word ook 'n *inwoner* van die huis:

> *Sy wis nie sy onthou die dinge nie, sy wis nie sy het hulle ervaar nie, maar die besoeke aan die pastorie, waar die gebalsemde stukke Afrika in die oorvol Victoriaans gemeubileerde vertrekke die herinneringe so sterk by haar wek, dít, saam met die fisieke nabywees van Stuart, maak dat beeld na beeld snags oor haar stroom* (Die reise van Isobelle, bl. 123).

In die pastorie is dit ook die eerste keer dat sy haar geskiedenis aan iemand (Josias, haar skoonpa) vertel. Sy doen dit eers huiwerend, maar later is dit vir haar 'n verligting om die storie van haar lewe te vertel:

> *Is dit die sien van die leeuvel op die vloer, is dit die vryf van haar skoen deur die harige poot, die bekendheid, die verlange, die liefde en haat wat dit oproep, wat haar oplaas kan laat sê, baie sag: "Hy is nie my pa nie"* (Die reise van Isobelle, bl. 138).

Die huwelik bly egter nie so rooskleurig soos wat Agnes en Stuart dink nie. Stuart word verplaas na Wellington, en Agnes is vyf maande swanger wanneer hulle daarheen verhuis. Sy kry 'n seuntjie, en is byna dadelik weer swanger. Agnes kan egter nie in Wellington aanpas nie, sy voel slegs soos 'n *toeris*. Sy kan nie gewoond raak aan die natuur of die mense nie, sy is 'n volslae buitestander in die dorp en verlang baie terug na haar dae by die Pastorie:

> *Dit is egter vir haar moeilik om haar by die dorp self aan te pas. Die lang nat winters, die net so lang, drukkend warm somers wanneer daar van soggens tot saans nie 'n luggie trek nie, en 'n mens die dik, geskubde stamme en uitgetande, geil donker blare van reuse-potplante voor jou sien lote uitstoot, die krag uit die karige grond in die planthouers sien wurg, bedruk haar. Die berge is nader aan die dorp as dié van Worcester. In die somer 'n dynserige, omringende blou kom; in die winter skerp gepunt en blink van reën. By tye voel sy ingehok, in haar huis en in die vallei. Tussen mure, tussen berge* (Die reise van Isobelle, bl. 159).

5.2.2.3 *Isobelle*

Isobelle in *Die reise van Isobelle* (Agnes se dogter) voel in haar jeug soos 'n *inwoner*, want sy is tuis in Suid-Afrika en tussen haar mense. Maar wanneer sy na Kenia gestuur word om haar broer se graf te gaan soek, besef sy dat sy nie meer in Suid-Afrika kan tuis voel nie; sy sal as 'n vyand van Suid-Afrika en die Nasionale Party gesien word. Sy sit met die dilemma dat haar geliefde ('n Indiër) in Kenia is, en sy besef dat dit die enigste plek is waar sy eintlik saam met hom kan wees. Sy word dus

'n *toeris* in haar eie land, en 'n *inwoner* in Kenia. Dit is ironies dat sy slegs in Kenia by haar geliefde tuis voel, want dit is die enigste plek waar haar ma, Agnes, ook tuis gevoel het en haar lewe lank na hunker. Hussein besef ook dat die omgewing bepalend vir hulle verhouding is:

> *"Wat is met ons aan die gebeur?" vra sy. "Ek en jy is een," sê hy. "Hier," en hy wys na die ruimte en rante om hulle, "hier is ons een"* (Die reise van Isobelle, bl. 319).

Dit is ook ironies dat Hussein se laaste woorde aan Belle juis oor die omgewing en die natuur gaan, en hulle 'toekomstige' lewe saam in Kenia:

> *Sien jy, sê hy, sien jy die olifant, die bok, die renoster, die takbok, die leeu, die tier, die mooi, mooi diere? O, ek wil jou saamneem, ek wil in die veld met jou wees, na die horison toe stap as die oggend vroeg en nog ongebore is, want jy dra die daeraad in jou skoot...* (Die reise van Isobelle, bl. 329).

Dat sy oral (behalwe daardie oomblikke in Kenia) 'n *toeris* word, blyk duidelik uit haar ervaring van die omgewing in Europa (en later ook Suid-Afrika). Al hierdie plekke waar sy aandoen is vir haar niksseggend, sy bly 'n buitestander en probeer nie eers om tuis te voel nie:

> *Hulle land by Kaïro, by Athene, by Rome, en dan by die bestemming wat op haar kaartjie aangedui is: Luxemburg. Willoos volg sy die reisplan wat vooraf deur Leonora vir haar opgestel is... Plaashoewes, woude, grasvelde, weidings, grondpaaie, plattelandse dorpies met een straat en die poste, die boulangerie, die gendarmerie flits verby. Die trein snel voort oor heuwelhellings, sy sien tonele wat sy uit haar eerste Franse leesboeke ken...* (Die reise van Isobelle, bl. 335).

Wanneer Isobelle egter deur Europa toer, sien sy 'n man en vrou wat haar aan Afrika en haar lewe saam met Hussein herinner: *Dit is vir haar nie vreemd toe sy Afrika, of dít wat vir haar Afrika geword het, voor haar sien nie. Die donker vrou in haar loshangende liggeel en wit sari met haar voete in sandale en die klein goue bandjie om*

die enkel, en die ritmiese loop van haar dye op die plat sandale (Die reise van Isobelle, bl. 347). Terug in Suid-Afrika, wanneer Isobelle ongeveer 35 jaar oud is, dink sy:

> *...Want ek is ook skade aangedoen, auntie Latifa, verskriklike groot skade, meer skade as net 'n woonplek wat jou ontneem is omdat Hussein dood is voor hy die ou man kon oorreed om 'n testament te maak. Baie meer skade, want ek woon as vreemdeling in my land* (Die reise van Isobelle, bl. 408).

'n Paar jaar later, wanneer Isobelle in Johannesburg werk kry (by 'n Chinese skooltjie), trek sy die kringetjie om haar al nouer. Sy behou nie regtig meer kontak met haar ooms of ander familie nie, dit is net Holtzhausen wat so af en toe saam met haar kuier. Maar sy begin geleidelik ontspan, en die stad raak vir haar mooi van lelikheid. Sy eien die stad toe, sy is nou nie meer net 'n *toeris* nie, maar 'n *inwoner*:

> *Die paar winkelblokke tussen haar woonstel en die klaskamers met Chinesies word haar wêreld. Sy word jaloers oor haar besit van die straatblokke. Net aan ons wat hier bly, bedags en snags, behoort die stad, dink sy... Jy ken die stad, wil sy sê, soos ek dit ken, wanneer die strate leeggeloop het van motors en van mense. Net ek en jy, en die mense in my woonstelgebou... Aan ons behoort die stad, ons is die binnehart van die stad, net in die naaf van die lelike, raserige stad kan ons bestaan. Anoniem. Ook aan die woonstelwerkers bokant die stad... En hier moet hulle bly, want soos tannie Rina se Frans is hulle met die onsigbare ketting van die pas vasgemaak aan die stad* (Die reise van Isobelle, bl. 391).

5.2.2.4 <u>*Leo*</u>

Die jong Leo trek na haar ouma Agnes se dood in haar huisie in. Wanneer sy en Leonora die plekkie gaan skoonmaak, ruik dit kompleet soos die dood. Leo heg nie sentimentele waarde aan enige van die ou meubels en ander huishoudelike dinge nie. Sy verkoop dit alles teen 'n stewige prys, skaf vir haar nuwe meubels aan en verf die huis uit. Dit is asof hier 'n duidelik breuk tussen die verlede en die hede intree. Leo bly altyd 'n *toeris* in haar ouma Agnes se huis, sy voel nooit regtig tuis daar nie, maar nou manipuleer sy die omgewing sodat sy die *inwoner* word.

Leo (soos sy verkies om genoem te word) kan eers in die apartheidsjare as 'n *inwoner* gesien word. Sy woon en bly in Suid-Afrika, maar het (soos die meeste blankes in daardie tyd) nie veel erg aan die politieke situasie in die land of die swaarkry van die nie-blankes nie. Sy geniet haar lewe as jong onderwyseres, totdat sy een aand die straatkinders in die ou waenhuis agter in haar erf ontdek. Sy raak betrokke by hulle nadat een van die straatkinders doodgaan, en haar oë gaan oop vir die werklikheid van die land en sy mense. So word sy 'n *toeris* omdat sy nie met die landswette en die meerderheid mense kan saamstem nie:

> *Ander mense het sy oupa 'n kaia in hul jaart laat bou, maar toe sy oupa sterf, skop hulle hom uit, want hulle kon toe mos die oupa se kaia vat en verhuur. Toe kom hy straat toe. Nou al vier, vyf jaar. Hierdie plekke was net name vir my, maar nou was ek self daar. Nou weet ek* (Die reise van Isobelle, bl. 513).

Leo se nuwe lewe kom nie sonder probleme nie. Dit voel vir haar asof sy 'n wêreld het wat sy met haar familie deel, en dan 'n ander wêreld waarin sy deel is van die struggle:

> *Die gevoel van in twee wêrelde leef, is oorweldigend. Dit is dieselfde motor en dieselfde N2-pad verby die swart woonbuurte waarmee sy ry, maar sy beweeg in 'n totaal ander verwysingsraamwerk. Dit laat Leo effens skisofrenies voel. Selfs woorde het ander betekenisse* (Die reise van Isobelle, bl. 521).

Leo is nou so deel van die struggle dat sy kwaad is omdat haar oom Barry en sy gesin na Kanada emigreer. Sy voel deel van die land en deel van die struggle, en hier is dit duidelik dat haar twee wêrelde bots. Sy kan nie saamleef met die landswette en die mense nie, maar sy kan ook nie sonder die natuur nie:

> *Leo ruk 'n takkie van 'n skerpruikende bos af, boegoe of iets, so ru dat haar vingers gekrap word en 'n bloedstreep begin uitsypel. "Ruik daar, oom. Ruik daar. Doen dit nie ook iets aan oom nie? Dis mos oom se land. Hou net aan met ruik. Waar in Kanada ruik oom dit? Ek haat dit dat oom weggaan, ons het oom hier nodig."* (Die reise van Isobelle, bl. 552.)

Vyf jaar nadat Leo uit die tronk vrygelaat is, is sy nog steeds depressief, en dinge word nie beter nie. Intussen het haar geliefde tannie Leonora ook gesterf. Fred dink daaraan om te emigreer, en hy wil hê sy moet saamgaan. Hierdie keuse wat sy moet maak, plaas baie druk op haar. Sy besef sy is deel van hierdie land, 'n *inwoner* (nie meer 'n *toeris* nie), en kan nie sonder meer emigreer nie. Maar die dinge in die land pla haar ook, die geweld bly erg en dinge in die politiek lyk ook nie goed nie:

> *Watter besluit moet sy en Fred neem? Weg van hierdie aarde en hierdie mense sal sy soos 'n plant wat uitgeruk is, verdor. Maar sal haar gees nie ook uitdor as sy hier bly nie, as haar gedagtes nooit uit die maalgang van geweld kan wegkom nie?* (Die reise van Isobelle, bl. 612).

Leo sit tussen twee vure; sy is lief vir haar land, sy is deel van haar land, en noudat sy swanger is, wil sy graag die kind in die land grootmaak. Sy voel soos 'n *inwoner*, maar sy is baie bang, want sy weet *die ganse aarde is te klein vir Fred* (Die reise van Isobelle, bl. 614). Nou moet sy 'n baie belangrike keuse maak, nie net vir haar nie, maar vir haar kind (Fred weet nog nie dat sy swanger is nie). Haar besluit reflekteer in die omgewing wat beskryf word:

> *Want die dag was toegetrek, en nou opeens skyn die son. Nog effense reënerigheid op die kieselstene, maar die kleure van die stalletjies is opeens helder. Sy kyk op – liewe vader, die hemel so stralend blou; die wit wolkies soos uitbollende katoen, soos dit uit die peule gepluk word in Afrika; die son so stralend. Sy sien 'n stuk helling van Duiwelspiek – 'n donkergroen vlek tussen geboue van Burgstraat – en die sagte groen deining van Vlaeberg agter die smal skadukloof van Kortmarkstraat. Die stemme rondom haar klink soos die sagte gedreun van insekte; 'n vragmotor trek in, 'n motorfiets trek weg. Mý mense, dink sy* (Die reise van Isobelle, bl. 614).

Leo loop op die groentemarkplein rond, sy sien al die verskillende mense wat in Suid-Afrika bly, en sy besef almal, insluitend haarself, is deel van hierdie land, en sy is lief vir die land. Sy luister hoe drie swart musikante *die Stem* asook *Nkosi Sikelel' iAfrika* speel, en dit ontroer haar:

> *Nou stroom ander herinneringe: begrafnisse, vergaderings, hofsake, tronkselle. Sy voel trane in haar oë opwel. Die land waarvan hulle sing, dieselfde land. En verniet was dit nie, háár land vir altyd. En hierdie drie seuns lei haar op die klank van musiek van die simbool van haar mense, hul mense – nee, nou is dit ons mense – na die ideële, die onwerklike; verby die grense van die verlede, en die werklikheid van dood en swaarkry, na 'n ruimte verby tyd* (Die reise van Isobelle, bl. 615).

Sy neem dan die besluit om in die land te bly en haar kind in Suid-Afrika groot te maak.

5.2.2.5 *Ana-Paula*

Ana-Paula in *Ons wag op die Kaptein* is 'n *toeris* in Afrika (Angola), maar 'n *inwoner* van Europa (Portugal). Op soek na die eksotiese, trou sy met Carlos, maar dinge is glad nie so rooskleurig in Afrika as wat sy vertel word nie. Terwyl hulle deur die rebelle in die agterplaas aangehou word, voer haar gedagtes haar terug na haar geboorteland:

> *Van waar – hier in die broeiende warm agterplasie met die reuk van bloed wat droog word en sweet en kinders wat vuilgemaak het – van waar sou sy die reuk van die see kry? Maar tog is dit hier, in haar neusgate. Die sout visreuk van seewater wat teen kaaie opslaan, die skuim en die afvalvullis opstoot, laat terugsak, die donker, warm woeling by haar voete, en bo haar kop die geskreeu van die seevoëls* (Ons wag op die Kaptein, bl. 46).

5.2.2.6 *Lottie*

Aan die begin is Lottie van *Die Wahlerbrug* bekend met haar omgewing as toeris in die vreemde land, want sy beplan haar reis so goed moontlik voor die tyd. Sy voel in beheer en herken selfs sekere plekke:

> *Sy kan haar pad vind met die kaart wat sy uit haar sak gehaal en oopgevou het. Sy ken van die vernaamste straatname, sy en die groot geboue, selfs 'n*

plein herken sy uit die boekies wat sy vooraf gelees het. Elke herkenning gee haar 'n klein genoeë (Die Wahlerburg, bl. 10*).*

Wanneer Lottie egter in die paleismuseum rondloop (die museum wat ook in haar reisplan is), besef sy dat haar omgewing eintlik vreemd is, al herken sy sekere 'universele' aspekte. Sy kan nie lewe in die plek voorstel nie – hier word sy 'n volwaardige *toeris*:

> *Sy kyk langsaam, tastend, rond en probeer die lewe soos sy dit ken, in hierdie kamers indwing. Maar dit is onmoontlik. Dit ontwyk haar. Sy kan haar dit nie voorstel nie – die lewe soos dit hier afgespeel het, die stroom wat van hier af uitgevloei het. Sy hou van die dinge wat sy ken – die stoel met die gekromde goue pote en die stoelbekleedsel in fyn borduurwerk, die soort werk wat sy self al probeer doen het* (Die Wahlerbrug, bl. 13).

Lottie is letterlik en figuurlik in die museum in duister gehul. Sy het nie 'n idee waar sy is of waar sy heen moet gaan nie, sy het nie meer 'n identiteit nie en nou begin sy bang word:

> *Toe sy die lig afgeskakel het en voor die venster staan, die swaar gordyne oopgetrek, was dit net swart buitekant. Daar was nie 'n stadslig te sien of die bewegende lig van 'n motor nie. Daar was ook nie 'n geluid te hoor nie. Net die donker buitekant die venster en die swaar geluidloosheid. Vaagweg het dit haar bang gemaak, soos die duister agter in die vragmotor haar bang gemaak het* (Die Wahlerburg, bl. 61).

5.2.2.7 *Poppie*

Poppie Nongena doen alles in haar vermoë om 'n *inwoner* te bly, maar die nuwe apartheidswetgewing dwing haar om 'n *toeris* te word, sy het geen eie keuse in die saak nie, omdat sy 'n swart vrou is. Sy voel weggegooi en swerf net rond van plek tot plek; alles is omstandighede buite haar beheer. Sy kom ook op 'n stadium in opstand teen God omdat hy die swaarkry toelaat:

> *Sy dink: ek is alleen. Hulle het my laat kom hiernatoe, alleen. My man en my mama en my broers het op die stasie gestaan en my gegroet en saam van my af weggeloop. Toe die trein uit die stasie ry, het hulle saam van my af weggeloop. Dit voel asof haar hart vir hulle doodgaan...*
>
> *Dit voel asof haar hart vir die Here doodgegaan het. As die Here wil, sal jy bly, as die Here wil, sal jy gaan, het die witman gesê, maar die Here het nie gewil dat hierdie swaar van haar weggeneem word nie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 153).

Die enigste oplossing wat Poppie het, is om haarself 'n *inwoner* in die nuwe land, Ciskei, te maak. Sy kan nie tou opgooi nie. Daar is te veel mense wat op haar steun, en sy is dit aan haarself verskuldig. Sy moet probeer voortgaan met haar lewe soos dit in Suid-Afrika was:

> *Sy dink: ek is nou hier. Hulle het my papiere voor my stukkend geskeur. Hulle het my uit die huis wat my man vir my gebou het, weggeneem. Hulle het my van my man en van my mama en van my broers af weggeneem. Hulle kan doen wat hulle wil, maar ek is nog nie afgedood nie. Nou gaan ek vorentoe. Ek gaan vorentoe met wat ek oorgehou het, en dis my kinders. En die eerste wat ek moet doen, is dat my kinders moet skool kry. Toe kan sy slaap* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 153).

5.2.2.8 *Inacia Maria*

Inacia Maria trou met Bonga, die halfbloed, omdat sy graag iewers wil behoort. Sy is so ongelukkig in haar ouerhuis dat sy bereid is om met iemand van 'n heel ander kultuur te trou, en alhoewel sy aan die begin baie vreemd is, word sy deel van hulle kultuur:

> *Dit was die derde dag van haar verblyf in die aringa. Reeds het dit haar voorgekom asof sy baie lank hier gewoon het, is die pad op na haar kamer, oor die stoep, met die houttrap op na die kamer met die swaar meubel en die groot hortjiesdeure vir haar meer bekend, sterker in haar ervaringsbeeld as die*

> *kamer wat sy in die huis van haar vader bewoon het. Dié het vir haar vaag geword, beneweld. Die klein onsekerheid van die eerste oggend was weg. Sy is ongemerk ingesluk deur die gebeure om haar, het deel daarvan geword* (Bonga, bl. 90).

'n Paar maande later, wanneer Inacia Maria en Bonga hul kind na Tete vat om gedoop te word, kan Inacia Maria nie glo dat sy 'n *inwoner* van dié dorpie was nie; sy het haar vorige bestaan heeltemal ontgroei:

> *Is dit die dorpie wat die spil was waarom my bestaan gedraai het, dink Inacia Maria, soos sy loop. Sy sien die leë strate, die paar huise, die droë rante. Op 'n stoep sien sy 'n vrouefiguur uitkom en dan verdwyn. Hulle loop by 'n pakhuis verby, daar binne leun mans oor 'n toonbank, hulle praat, kyk swygsaam na hulle. Die gesigte lyk vir haar bekend, maar soos mense wat sy lank tevore geken het en vir wie sy nou nie meer sal weet wat om te sê nie* (Bonga, bl. 143).

5.2.3 Die vreemde (die Ander)

5.2.3.1 *Leonora*

Wanneer Leonora 86 jaar oud is, besluit sy om in 'n tehuis in Stellenbosch te gaan bly, om nie 'n verpligting vir haar familie (veral vir Leo) te word nie. Met die trekkery hou die ouer en wyser Leo al haar tannie Leonora se albums. Uit hierdie ou sepia-foto's is dit duidelik dat Leonora van jongs af die buitestander was. Hierdie foto's is uit 'n ander leeftyd, dit is vir Leo vreemd. Die foto wat in die onderstaande paragraaf beskryf word, is ook die foto wat op die omslag gebruik is.

> *"My dear, I've forgotten their names, it was so long ago..." Jong meisies in lang wit rokke van moeselien en met groot sonhoede op, wat onder populierbome langs die water van 'n plaasdam staan, hul weerkaatsings troewel en bewend in die vlak water, die biesies platgetrap deur dié wat dit die naaste waag – en apart, haar rug teen die kaalgestroopte stam, kop agteroor, tannie Leonora. Of op 'n rivierskuit, haar hande op die spaan wat sy deur die water trek, haar oë*

> *ver weg – asof die rimpelinge waar die spaan deur die water roer, haar gedagtes terug in die verlede of na môre neem, wie kan sê?* (Die reise van Isobelle, bl. 590).

Leonora is so anders as haar ma Emma. Emma is van jongs af 'n skaam en skugter vrou, maar soos sy miskrame en geboortes beleef, raak sy net al hoe meer in haarself gekeer tot op die punt waar sy geestelik 'siek' word. Die gewone, alledaagse lewe is vir haar vreemd, sy word 'n buitestander wat nie meer na ander uitreik nie:

> *Net hier in die verdonkerde kamer kan sy in die stilte en donkerte tot haarself inkeer, kan sy vrede vind, kan sy haar liggaam, uitgeput en haar tot las, laat wegsak in 'n soort nie-bestaan. By tye voel dit vir haar of sy swewe, of die kamer en die meubels, selfs die bed, onder haar verdwyn, sodat sy niks meer is nie as 'n klein bewuswees van haarself, tot 'n klein punt saamgetrek agter haar toe oë* (Die reise van Isobelle, bl. 92).

Dit is vreemd omdat sy niks erg aan omgewing gehad het toe sy gelewe het nie, maar voor haar dood het sy 'n visioen neergeskryf waar sy half in 'n beswyming was. Daar beskryf sy blomme en plante en ander pragtige tonele:

> *I thought of all the beautiful scenes I had beheld on earth, sunrise and sunset and golden light, tinted with the most exquisite colouring* (Die reise van Isobelle, bl. 102).

5.2.3.2 *Agnes*

Agnes is nog altyd tuis by haar ouma Greylinck in Pretoria, maar met haar ouma se 80ste verjaarsdag is dit asof alles skielik anders is. Daar is te veel mense en sy voel nie in beheer nie. Die omgewing word vir haar vreemd; sy voel soos die buitestander by die partytjie:

> *Agnes voel in hierdie bekende kamers, op hierdie feestelike middag, skielik bedreig. Waarom, weet sy nie. Hoekom is die kamers, die meubels opeens*

vyandig? Hoekom wil sy wegvlug, die Agnes-waif wat in hierdie huis so 'n soete heenkome gevind het? (Die reise van Isobelle, bl. 78).

Dit is ironies dat Agnes al baie langer in die Kaap bly (ook as getroude) as wat sy ooit in Kenia (Afrika) of selfs Pretoria gebly het, maar die omgewing voel nog steeds vir haar vreemd en sy kan net nie daaraan gewoond raak nie. Sy voel 'n kameraadskap met Oom Hennie, sy voel dat hulle altwee buitestanders is wat nie kan inpas nie:

> *Dit is nie my land dié nie – die druppende wingerde, die donker dennelanings, die nat swart grond, die insuigende, laagliggende wolke – dink Agnes, haar nuwe, beter verhouding met Stuart ten spyt, toe sy op 'n reënerige dag saam met Frikkie Strand toe ry... Sy en oom Hennie is van hierdie land. Húlle ken dit om uit wanhoop met die vingers in die droë rooi grond van Afrika te grou, om die trane in die rooi stof te laat drup. Afrika skend jou, lewenslank. Sy is net so verwond soos hy – dit het hulle in mekaar herken* (Die reise van Isobelle, bl. 239).

5.2.3.3 *Isobelle*

Isobelle voel as kind reeds deel van die natuur, dit gee haar 'n ongekende vreugde:

> *Sy voel die wind klam in haar hare, haal 'n rekkie uit haar sak en bind die hare agter haar nek vas. Sy word bewus van haar lyf se verhouding tot die aarde, die rotse, die wind, die son, die seeruik, selfs die skuim wat oor haar spat soos sy met die breekwater-in-aanbou langs klouter, al dieper en dieper die see in, al hoe verder weg van die land. Selfs haar gejaag na asem, haar mistrap en 'n ent gly op die nat glibberige rots, haar voet halfpad in 'n seepoel, gee haar 'n lank ontbeerde fisieke vreugde* (Die reise van Isobelle, bl. 377).

Isobelle het van 'n jong ouderdom reeds 'n geweldige sterk verbeelding. Sy is nie deel van hierdie wêreld nie, maar droom van feetjies en 'n perfekte towerwêreld (die vreemde):

> *Sy probeer liggies hardloop, want haar naam is nie meer Isobelle nie, maar Tinker Bell. Soos sy gelees het in die boek wat tannie Leonora haar gestuur het. En sy moet hou van treurige goed, want Tinker Bell was altoos treurig omdat Peter Pan meer van Wendy gehou het as van haar* (Die reise van Isobelle, bl. 175).

Isobelle se vreemde denkbeeldige wêreld is deels te wyte aan haar ma en pa wat so baklei en verwyte rondslinger, want sy probeer die werklikheid ontvlug:

> *Sussie verbeel haar sy ry op 'n perd, soos Ozzie se bioskoopheld, Tom Mix. As sy maar 'n swart sakdoek gehad het om om haar mond te bind, dan wás sy Tom Mix. Sy pers haar lippe op mekaar, knyp haar oë styf toe, weier om te luister na die verwytende woorde wat oplaas voor in die motor heen en weer tussen haar pa en ma geslinger word* (Die reise van Isobelle, bl. 182).

Na haar broer Ozzie se dood, is sy nie meer die klein, onskuldige dogtertjie nie. Sy begin besef hoe finaal en vreemd die dood is, en dat dit mense wat mekaar liefhet, van mekaar verwyder.

> *Die ou sepia-foto's skep 'n vreemde gevoel by haar. Omdat die mense daarop, in die outydse klere, almal van die aarde af verdwyn het. En omdat dié wat kon gesê het wie hulle is, en waar die plek is, ook dood is. Hope en hope mense wat dood is, staar oral in die wêreld uit albums soos die swaar blaaie omgeblaai word en die deurskynende dekpapier met 'n sug gaan lê. Nou is Ozzie ook dood en kan ook hý net uit kiekies in albums staar* (Die reise van Isobelle, bl. 249).

Isobelle se denkbeeldige wêreld verdwyn egter oombliklik na Ozzie se dood. Sy het die realiteit en vervreemding van die lewe besef, sy kan nie meer voortgaan om te speel asof niks gebeur het nie:

> *Sy bêre al die ou foto's by die wit tentjie in die kas. Hulle het niks met mekaar te doen nie, maar vir haar het hulle nou alles met mekaar te doen. Die ander*

> *goed in haar lewe is speel, dink sy. Die tentjie en die kiekies en Ozzie se graf in die vreemde is waar* (Die reise van Isobelle, bl. 249).

Die verandering in Isobelle blyk duidelik uit die manier waarop sy later in haar lewe teenoor Hussein optree en ook oor hom dink. Sy kom uit 'n omgewing van apartheidswetgewing, en skielik bevind sy haar in 'n totaal ander omgewing, en dan raak sy nog boonop verlief op 'n Indiërman:

> *Iets binne haar rebelleer. Dis te intiem, dink sy. Ek slaap in die holtes van sy lyf. Op sy bed. Ek asem sy asem in* (Die reise van Isobelle, bl. 301); en dan:
>
> *Sy raak maklik aan die slaap, haar lyf ken die holtes van sy lyf in die klapperhaarmatras. Watter nuwe land betree ek? dink sy voor sy wegraak* (Die reise van Isobelle, bl. 317).

Sy besef al hoe meer dat sy nie meer deel is van 'haar mense' en haar wêreld nie; sy 'bevry' en vervreem haar van haar verlede:

> *Sy is verbaas oor hoe hierdie stil jong man haar peil. Maar ek is reeds afgesny van my wêreld, wil sy vir hom sê. Nog veel meer as dit: my mense is nie meer my mense nie* (Die reise van Isobelle, bl. 344).
>
> *"Ces gens ne sont plus les miens," sê sy só sag dat hy skaars kan hoor. En met die uitspreek van die woorde, al is dit dan in 'n vreemde taal – miskien sou sy dit nie kon gesê het sonder die afstand van die vreemde taal nie – word sy momenteel bewus van 'n nuwe, verblindende vryheid, wat dan verdryf word deur 'n verlatenheid so volslae dat sy dit nie kan verduur nie* (Die reise van Isobelle, bl. 344).

Isobelle word, na Hussein se dood, vreemd vir alles om haar. Sy is skielik vervreem van die hele wêreld. Die dae en ure gaan net verby, sy neem geen notisie van enigiemand nie, dit is asof sy in 'n vakuum leef. Dit is ironies dat hierdie vreemde kultuur van haar geliefde in skerp teenstelling met die Europese wêreld staan – die wêreld wat vir haar vreemd geword het:

> *Die koepels van die dakke glinster. Sy loop en loop, strate op en strate af. Sy staan op die Arc de Triomphe en sien die strate uitstraal, hoor die gedruis van verkeer soos veraf branders van die see. Die sonwyser wentel stadig, soos die skadu aan die een kant van die straat onder die geboue inkruip en verdwyn, en aan die ander kant uitkruip. Voor die skemer kom, sal die groot wiel wentel, die oggend moet aand word* (Die reise van Isobelle, bl. 338).

Isobelle is ook nou 'n buitestander, net soos haar ma Agnes. Suid-Afrika is nie haar 'land' nie, en Kenia ook nie. En sy is in vele opsigte 'n buitestander in Europa, gedeeltelik weens die taal, kultuur en vervreemding wat sy daar ondervind, maar dit is hoe sy dit verkies. Isobelle wil nie 'n poging aanwend om weer terug te keer na Suid-Afrika nie, soos sy vir die vreemde vrou in Genevé vertel:

> *Sy wou vir die vrou gesê het: Ek het jou nie alles vertel nie. Dit is omdat hy doodgeskiet is dat ek kán teruggaan na my land. As hy geleef het, sou my land ons gearresteer het – dit klink vir haar ongelooflik – en in die tronk gesit het. Nou is ek sonder hom en sonder my land. En jy praat nog met my van 'Cette Russie, que j'aimais toujours'. Is juis dít nie die ironie wat strek verby die vrye wil of bestemming nie? Met my wat sonder hom én sonder my land is? En dan wonder sy: Hoekom sê ek nog 'my' land?* (Die reise van Isobelle, bl. 359).

Terug in Suid-Afrika eien Isobelle die deel van die stad waar sy bly vir haarself toe. En alhoewel sy dus 'n *inwoner* is, bly die stad en sy mense vir haar vreemd. Niemand bemoei hulle met mekaar nie, die lewe gaan net sy gewone gang:

> *Hoe vreemd is dit hier. Hoog bo die diep donker slote van die strate, waar die strome motors jaag en opdam, jaag en opdam, altyd êrens heen op pad. Hoog hier bo kan sy ver kyk. Sy sien die mynhope wat op die buitewyke van die stad in die vaalblou lug styg, geel soos Hoëveldse winter, soos verdroogde mieliestoppel-lande, strooidroog hope grond, met klein swart skarrelende insekte op die luglyn aan die beweeg, kettingbeweeg, swart koekepanne wat nog meer en meer geel droë grond kom ophoop* (Die reise van Isobelle, bl. 392).

En ook:

> *Sy voel weerloos. Sy sal in 'n agterstraat afdwaal en dan skielik, soos onder 'n mikroskoop, 'n toneel voor haar sien, so duidelik afgeteken dat dit die eerste keer kan wees dat sy regtig sien: 'n skyf sonlig wat val tussen twee rye klam, donker skakelhuisies, 'n poel water tussen die twee wat 'n vreemde blou, olierige kleur weerkaats. Maar dan dwing 'n ou bruin man, gebuk oor 'n besem, na vore en sleep sommer sy voete deur die water soos hy die blare probeer opvee. Sou hy dronk wees?* (Die reise van Isobelle, bl. 480).

Daar kan 'n vergelyking getref word tussen Emma (Leonora se ma) en Isobelle se belewing van 'n kamer of klein ruimte. Albei 'ontsnap' van die wêreld en die mense om hulleself te vind. Hulle lê ure op die bed en probeer hulle afsny van alles en almal:

> *Saam met die koelte kom 'n vrede oor haar (Isobelle) as sy oor die drumpel van die rondawel stap. Sy ken die paar meubelstukkies, pak gou haar goed uit. Sy lê ure lank op die smal bedjie en staar na die rietdak, probeer die patroon van die riete volg: hoe hulle die koepeldak vleg, die web vorm tussen die stutpale. Sy lê en kyk hoe die son wat deur die smal venster val, om die ronding van die rondawelmuur skuif; hoe die witgekalkte trein verlig word, elke growwigheidjie sy eie skaduweetjie gegee word, en so vinnig weer ontneem word; hoe die ligbaan oplaas, kort voor sonsondergang, die kasspieël tref, en die koperblink sonlig verblindend na haar uitstraal* (Die reise van Isobelle, bl. 403).

5.2.3.4 *Leo*

Vir Leo (Isobelle se dogter) is die lewe aan die begin maklik. Sy is mooi en slim en erf genoeg om 'n lekker en gemaklike lewe te hê. Maar Leo se ommeswaai kom nadat sy die aand die straatkinders in haar erf in die ou waenhuis ontdek. Sy besef dat sy nog altyd in 'n vakuum geleef het, en nooit kon sien hoe ander mense (veral swartes) swaarkry nie. Sy sien skielik alles in 'n ander lig en die omgewing kom vir haar vreemd voor:

> *Sy moet aantrek en skool toe ry. Sy ry deur 'n vreemde stad. Die strate lyk anders, die mense, die geboue. Die trosse kinders by die verkeersligte skreeu uit na haar. Hoor niemand die geskreeu nie? Wil sy aan die mense rondom vra. Vermy oogkontak, hoor sy van ver. Natuurlik, dan sien jy hulle nie raak nie. Kyk! Wil sy skree. Ruk julle windsels af en kyk!* (Die reise van Isobelle, bl. 504).

In die ergste tye van opstande en gevegte in Suid-Afrika is Leo nog steeds deel van die struggle. Sy laat toe dat haar Black Sash-vriende pamflette in haar agtertuin in die waenhuis druk, maar iemand (die buurvrou) verklik hulle, en Leo word in die tronk gestop. Daar voel sy soos 'n vreemdeling en 'n buitestander; sy voel identiteitloos:

> *Die paniek van net te verdwyn, êrens ingedruk en vergeet te word. Sy wil praat met die vrou op die bed by haar, maar hoe sy ook al aan haar voete stoot, die vrou antwoord nie... Sy wil haar naam aan iemand gee, haarself bevestig. Die ruik van die voete langs haar is al bevestiging van haar aparte bestaan* (Die reise van Isobelle, bl. 565).

> *Sy verlang om met iemand te kommunikeer. Selfs met die polisie. As hulle haar maar wou ondervra. As sy haar maar kon regverdig. Met iemand eerlik en soos dit is dinge kon bespreek. Sy kon hulle miskien laat begryp, laat twyfel* (Die reise van Isobelle, bl. 575).

5.2.3.5 *Ana-Paula*

Ana-Paula bly 'n buitestander en vreemdeling in Angola; sy kan nie gewoond raak aan die natuur of aan die mense nie. Dit raak vir haar so erg daar dat sy selfs die dood tart (*Ons wag op die Kaptein,* bl. 30): Wanneer die werkers voorbrande maak, probeer sy om in die vuur in te gaan. Die vuur is vir haar vreemd, want dit maak die gras dood sodat nuwe lewe daaruit kan voortspruit. Dit is waarna Ana-Paula smag, 'n nuwe lewe:

> *Sy gaan nader aan die brand. Haar hande en klere is vuilgesmeer van die swart. Die hondjie spring oor die stoppels, liggies, want sy voete brand. Al*

nader en nader totdat die voëls om haar kop swerm, en die geraas van die brand in haar ore dreun, en die lug wat saamgepers is in die kneukels van die gras en ontsnap deur die vuur, soos rewolwerskote om haar klink (Ons wag op die Kaptein, bl. 30).

5.2.3.6 *Lottie*

Lottie is 'n vreemdeling en buitestander in Europa, en met haar besoek gebeur vreemde en vreesaanjaende dinge met haar. Om hierdie 'vreemdheid' te ontvlug, *reis* sy terug in haar gedagtes na die omgewing wat sy ken en waar sy gemaklik voel:

'n Gevoel dat hierdie dinge nie met haar aan die gebeur kan wees nie het Lottie beetgepak. Sy wil die mense en gebeure waaraan sy gewoond is na haar terugdwing. Sy roep beelde op om iets te hê om aan vas te hou. Sy dink aan haar man wat êrens met die trein aan die wegstoom is. Sy dink aan die middag vyfuur wanneer sy lughawe toe moet gaan, aan die Gouwse wat sy daar moet ontmoet, aan die vliegkaartjie in haar sak. Sy begin haar liggaamlik verset, wil die twee mans opsy stoot, self terugbeur (Die Wahlerbrug, bl. 18).

5.2.3.7 *Poppie*

Leo en Leonora (*Die reise van Isobelle*) is miskien deel van die struggle, maar Poppie Nongena is midde-*in* die struggle. Sy word heen en weer gestuur en probeer om 'n tuiste vir haar en haar kinders te vind. Haar lewe, soos sy dit altyd ken, val uitmekaar en sy moet as vreemdeling in 'n nuwe land (Ciskei) gaan bly:

Nou is haar lewe in 'n nuwe rigting gestuur. Tot by De Aar was dit nog Poppie wat op reis is, en dit kon wees dat sy na ouma Hannie gaan, dat sy die lang pad oor die vlaktes vat na Putsonderwater, na Prieska, Carnarvon, Upington. Maar toe hulle afdraai by Noupoort, toe die waens van die helfte van die trein afgehaak en teruggestoot word en op 'n nuwe spoor kom, toe die trein met sy nuwe fluit en die ruk van die waens agter hom aan die spoor vat wat sy nie kan sien nie, toe raak die ou lewe van haar af weg (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 147).

5.2.4 Religieuse afsondering

5.2.4.1 *Leonora*

Leonora raak eensamer namate sy ouer word. Sy voel of sy vir Stuart en Frikkie (haar ouer broers) verloor, en die verhouding tussen haar en haar pa is nie goed nie. Sy verlang na haar ma en haar suster wat so jonk dood is. Dit is in hierdie tyd, as jong meisie, dat sy al begin wonder oor en worstel met haar geloof, veral as sy alleen in die natuur is:

> *Sy hou daarvan om saans na die hemel te kyk. Mother en Vicky – is hulle daar ver, daar by die sterre? Is daar ooit 'n hemel soos Mother beskryf het? Sy lê op haar rug op die gras in die tuin en kyk in die lug op. Dit voel vir haar of 'n vaalblou, dooie deksel op haar afdruk, en onder hierdie deksel moet sy bly totdat sy die dag ook doodgaan* (Die reise van Isobelle, bl. 153).

Leonora bly rusteloos in die huis, sy voel die lewe behandel haar onregverdig (haar pa weier dat sy universiteit toe gaan) en sy sukkel om te slaap. Een aand het sy op die waenhuissolder se dak geklouter en op die naat van haar rug gaan lê. Hier kan 'n mens weer sien hoe sy 'tuis' voel in die ooptes, sy is nie iemand wat vasgekluister in 'n kamer kan lê soos haar ma Emma nie:

> *'n Oomblik kan sy nie glo wat sy sien nie. Van alle kante stroom die sterre oor haar, hulle is soos muggies om haar kop. Dis asof die sterre afsak oor haar, sy moet terugtrek, sy voel hoe haar rug teen die sinkplaat druk. Dan word sy opgesuig in die uitspansel, tussen die sterre... Liewe Here, dink sy, is dít waar U woon? Is dít hoe U lyk, dat ons ons kan neerwerp voor U? Vicky, Mother, is dít waar julle is, in die verskriklike Lig van die uitspansel?* (Die reise van Isobelle, bl. 156).

Later in Leonora se lewe (in haar vyftigerjare) ry sy een laatmiddag in Du Toitskloofpas. Sy is nog steeds die natuurmens van altyd, en stop by een van die stilhouplekke. Daar beleef sy iets wat 'n religieuse ondervinding genoem kan word:

> *Die tolbos, die fynbos, die veldboegoe bewe van lig, sy sien 'n spinnerak wat met lig aan die brand is. Almagtige Here. Dan is dit wáár wat sy destyds gelees het: dit is nie wát die lewe is wat tel nie, maar dát die lewe is. Dis asof sy 'n suising hoor kom, maar daar is nie 'n asemtog wind nie, die bergstruike is roerloos...*
>
> *Nou hoor sy die geluid van water. Sy buk langs die stroompie, laat die water oor haar hande spoel, kelk haar hande, buig vooroor en drink daaruit. Die gevoel van die verbintenis tussen haar liggaam en die bergwater oorweldig haar...* (Die reise van Isobelle, bl. 468-469).

Hier is die konnotasie van die Christelike nagmaal duidelik. Soos die nagmaal Christene versterk, so 'versterk' hierdie bergstroompie haar. Leonora beleef ook iets wat 'n mens herinner aan die Zen-Boeddhisme:

> *'n Dun watergroen grasspriet buig met die water oor die klip, hang sonder beweging 'n ewigdurende oomblik oor die roesbruin, ligbespikkelde klip. Sy voel sy gaan die klip binne, sy is die klip, en alles is goed. Sy wonder op 'n vae, nie-onrusbarende manier: Hoe het Frikkie gistermiddag geweet van hierdie klip, op hierdie plek? Daardie oomblik en hierdie oomblik is totaal oormekaargrypend, daar is geen tyd of afstand of apart-wees nie* (Die reise van Isobelle, bl. 469).

Leonora skryf laat in haar sewentigerjare 'n brief aan haar broer Frikkie waarin sy die doel van die lewe bespreek, asook van haar eensaamheid vertel, omdat sy nooit 'n groot liefde in haar lewe gehad het nie. Sy was lank terug lief vir 'n visserman. Dit is ironies hoe hierdie visserman en die omgewing ook verband hou met Christenskap, met al die gelykenisse oor die see en die dissipels wat vissermanne was:

> *Destyds – ja, dit was die vissermanpa van Baby en haar susters – het hy 'n soet vrede in my lewe ingedra. Ek het soggens na die kollege geloop en van die heuwelrant afgekyk na die stil water van Tafelbaai en hom geseën in my hart: Vaar wel vandag. Selfs die betekenis van woorde het verander: Vaar*

> *wel, fare well, my seafarer. En saans as die rooi gloed oor die water lê, het ek gedink: Nou keer jy terug, rustig, deurweek van die wydheid, die vrede, die goddelike nabyheid op die stil groot water. Die Here self het vissers na Hom geroep* (Die reise van Isobelle, bl. 429).

Leonora lewer ook sosiale kommentaar oor die omgewing en omstandighede van die jonger geslag. Sy sien ook hoe hulle met godsdiens worstel en soekend is na 'n Godheid. Sy besef dat die jonger geslag die natuur 'aanbid':

> *Het jy al opgelet, Frikkie, hoe die jongmense deesdae in hul soeke na iets groters as hulself, na hul eie heilige passie, die skepping aanhang? Wat anders is hierdie toewyding aan dier en plant, die groen beweging wêreldwyd, die bewaringsdrif?... Is dit vir jou ook opmerklik hoe anders ons in ons jeug ingestel was teenoor ons wêreld? Dit was 'n vreemde, ongebruikte, onontdekte byna-wildernis. As ons 'n kloof uitgeklim het, was ons die eerste mense wat daar voet neersit... Nou tel die jongmense plastiek op uit die poele. Dit kom my voor hulle soek na 'n verlore Skepper deur eers die skepping te wil red* (Die reise van Isobelle, bl. 439).

Die aand voor Leonora na die tehuis in Stellenbosch vertrek, vra sy Skottel en Maggie, die twee bergies vir wie sy altyd kos gee, om saam met haar die aand deur te bring. Sy wil vir die heel laaste keer na die sterre en die sonsopkoms kyk. Dit is 'n afsluiting in Leonora se lewe, sy het as jong kind die eerste keer op die pastorie se dak gaan klim en daar gelê en lank na die sterre gekyk. Nou doen sy byna dieselfde op die ouderdom van 86, want sy weet sy het nie meer lank om te lewe nie. Dit is ook as jong meisie dat sy 'n religieuse ervaring op die dak tussen die sterre gehad het, maar op 86-jarige ouderdom het sy vrede gemaak met die dood en met godsdiens. Skottel sing die hele aand geestelike liedere, en dit vrolik Leonora op:

> *Leonora sit verruk. Dit moet laat wees, baie laat, die stadsligte het verdwyn, die helling van Vlaeberg is 'n donker skouer, maar die hemeltrans het op hulle afgedaal en skitter soos met groot goue juwele. Hulle skiet soos kruise, soos diamante wat lig vang, of is dit oor haar oë vol trane is dat die sterre al groter word en al hoe helderder hul strale uitspreek?* (Die reise van Isobelle, bl. 596).

Dit is ook hierdie aand dat sy die antwoord kry waarvoor sy haar lewe lank gesoek het. Dit wat sy nie as 'n jonger Leonora kon vind nie, maar nou in haar ouderdom wel, wanneer sy (vir die laaste keer) die sonsopkoms aanskou:

> *Waarna hy wys, is nog 'n ster, nie so glansend nie, nie so groot soos dié in die donker nag nie, maar sy sien dit, sy sien dit. In die ooste, daar ver op die groen kom anderkant die baai waar die lae heuwels begin, in die fyn oesterkleur van net voor die daeraad, laag af asof dit die grys heuwels groet, hang die môrester. Aandster wat môrester word. Ag, liewe Vader, is dit dan die antwoord? Die aandster wat môrester word. Van ver af hoor sy Father se woorde – sy aan sy knie, hy reeds naby sy einde: Die vernuwing wat uit die self kom. Die hergeboorte. Die herrysenis. Skep, want die water is om julle* (Die reise van Isobelle, bl. 597).

5.2.4.2 *Leo*

Dit blyk deurgaans uit die roman *Die reise van Isobelle* dat Leo nie erg het aan enige godsdiens nie (sy kom byvoorbeeld die eerste keer weer in 'n kerk tydens oom Frikkie se begrafnis). Jare later besoek sy die dokter omdat sy moeg voel, en uit die bloute hoor sy dat sy swanger is. Sy loop in die straat af, en net soos haar tannie Leonora (jare tevore), loop sy ook verby 'n Metodistekerk, en sy voel 'n dwingende behoefte om daar in te gaan:

> *Met die sypaadjie af voor die ingang van die Tudor Hotel verby, tot by die klein grys Metodistekerk. Die ysterhek is oop, maar die deure is toe; sy sou wou ingaan. Wanneer laas was sy in 'n kerk, maar sy sou wou vertel van die baba, vir die Here... laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele... nie van die aarde nie* (Die reise van Isobelle, bl. 613).

5.2.4.3 *Ana-Paula*

In die vreemde word dit vir Ana-Paula in *Ons wag op die Kaptein* noodsaaklik om aan iets vas te hou, en daarom wend sy haar weer tot haar land se godsdiens (Rooms-Katoliek). In Portugal leef sy nie baie streng daarvolgens nie, maar hier in die vreemde is dit haar lewenslyn:

> *Die godsdiens waaraan sy haar tuis in Portugal nie streng gehou het nie, het stadig na vore gekom. Soos in 'n poel water, as daar 'n klip ingegooi word, alle weerkaatsings verstoor word en opbreek om dan weer vorm aan te neem as die water stil word, so het haar verborge godsdiensvorms na vore begin dring. Sy wou bieg en die mis gebruik* (Ons wag op die Kaptein, bl. 84).

Omdat Ana-Paula nog steeds nie swanger word nie (dit is die rede waarom sy weer die mis wil gebruik), wend sy haar tot swartkuns en Afrika-toorkuns. Haar bediende kry vir haar 'n toorsakkie, en Ana-Paula moet dit om haar nek hang:

> *Sy het haar kamerdeur gesluit en die sakkie om haar nek gehang. Dit het teen die goue kruisie aangeskuiwe, toe 'n bietjie laer af sy hang gekry. Daar was 'n blitsstraal by die venster en sy het gewag: Nou word ek uitgedelg deur die toorn van die Here op die kruis. Maar die donderweer het gevolg, en toe sy dit hoor en besef: ek lewe nog, het haar asemhaling bedaar* (Ons wag op die Kaptein, bl. 91).

5.2.4.4 *Lottie*

Net soos daar in *Die reise van Isobelle* simbolies oor die nagmaal geskryf word, so is die simboliek van die nagmaal ook in *Die Wahlerbrug* teenwoordig. Wanneer Lottie se identiteitsdokumente van haar weggeneem word, verloor sy ook haar persoonlike identiteit en kan sy nie regkom in die vreemde stad nie. Sy vind weer vir Schwartz, en dit is amper asof hy vir haar 'n soort 'Verlosser' word waarna sy hunker. Hy gee vir haar brood en wyn om haar te versterk:

> *Vir eers praat hulle nie. Hy skink vir haar van die goedkoop rooiwyn in een van die twee dik glase wat op die trollie langs die kraffie neergesit is. Sy skep kos. Sy gee vir hom die ronde broodjie aan. Sy sien hoe sy hande die brood breek en dan die helfte van sy gebreekte brood aan haar teruggee. Sy eet dit. Haar lippe het droog geword. Sy werk die brood met haar tong teen haar verhemelte om dit klam te maak voordat sy kan sluk* (Die Wahlerbrug, bl. 66).

Aan die etenstafel verkwalik sy Schwartz omdat hy God speel oor mense: *Hoe durf julle dit doen? sê sy hard. Mense rondskuif, met mense speel, sê: hier is jou lewe, so, en hulle inskuif, indruk daarin, so asof julle dink dat julle self die Here God is* (Die Wahlerbrug, bl. 67).

5.2.4.5 *Poppie*

Poppie Nongena in *Die swerfjare van Poppie Nongena* is moedeloos omdat sy keer op keer probeer om haar pas in die Kaap te verleng, maar *Native Affairs* stuur haar finaal weg. Sy gaan daardie Sondag saam met haar kinders kerk toe, sy voel teen die grond en weet nie of sy nog so kan voortgaan nie. Sy word egter meegevoer in die kerk. Dit is asof sy 'n nuwe krag binne-in haar ontdek, sy kan die lewe weer in die oë kyk:

> *Poppie voel dat haar siel dors is na die woorde wat sy hoor. Haar siel drink die woorde in, sy kan skaars die woorde onthou, net nadat sy dit gehoor het, is dit diep in haar ingesluk. Eers nou verstaan sy die woorde. Sy voel dat haar binneste weer groot en sterk word. Sy wil daarvan vertel, dit word te groot binne-in haar, sy wil dit uitsing. Toe die gesing begin en haar stem saam met die ander opstyg, is dit asof sy verlos word van wat binne-in haar is, asof sy vrede vind in die verlossing. Haar lyf begin stadig van kant tot kant wieg, haar oë gaan toe, haar stem klim bo die ander uit* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 127).

5.2.4.6 *Inacia Maria*

In *Bonga* ontmoet Inacia Maria en Bonga in die kerk, en dit is dalk juis hierdie religieuse omgewing wat hulle na mekaar dryf:

> *Sy is nie bang vir hom nie. Hier in die halfdonker kerk waar sy agtergebly het omdat sy nie geweet het waarheen om te gaan toe die ander gevlug het nie, omdat die vrou by wie sy tuis gaan, nie vir haar gewag het nie maar vervaard uitgestorm het; hier waar sy verskrik in die donkerte van die skaduwees probeer skuil het, is hý nou vir haar die beskerming* (Bonga, bl. 135).

Inacia Maria wend haar egter ook tot toorkuns wanneer haar seun gebore word. Sy wil weet wat die toekoms vir hulle inhou. Indirek is sy dus besig om haar geloof te verloën:

> *Selfs Inacia Maria op die bed se oë is aan die beentjies vasgenael. Miskien is dit die muskusreuk wat uit die vel kom, of iets aan die toewyding van die ou vrou self, maar 'n web kom uit die beentjies en spin homself om die vier vroue. Die son het gesak en die lig trek uit die kamer terug. Skemer sak om hulle toe* (Bonga, bl. 135).

5.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit hierdie studie kan duidelik gesien word watter groot rol die omgewing in die lewens van Joubert se vrouekarakters speel. Al die vrouekarakters in *Die reise van Isobelle* het op die een of ander stadium van hulle lewens 'n fisiese reis onderneem, hetsy in Afrika of oorsee. Dit is egter veral die geestelike reise wat van belang is. Hierdie vrouekarakters ondervind almal moeilike omstandighede in hulle lewens, en die omgewing dra grootliks daartoe by.

Agnes het 'n baie swaar lewe, sy is deurentyd op reis en op soek na liefde, identiteit en die sin van haar lewe. Agnes bly haar lewe lank 'n reisiger (*toeris*) en buitestander en kan nie haar verbinding met haar pa en haar lewe in Kenia verbreek nie.

Leonora is nie gelukkig met haar alledaagse lewe nie. Sy voel ingehok, is rusteloos en wil wegbreek van haar gewone bestaan. Sy verander gedurig van werk en skool omdat sy vasgekluister voel as sy te lank op een plek bly. Leonora reis haar lewe lank

om 'n antwoord op die sin van die lewe te probeer kry, maar bly die *toeris*. Sy kom egter nooit tot rus nie, en trou ook nooit nie, dit is asof sy altyd soekend bly na geloof en kalmte van gees. Reis en avontuur is al wat die lewe vir Leonora draaglik maak. Dit is eers aan die einde van haar lewe (omtrent op 86 jarige ouderdom) dat sy vrede maak met godsdiens en met die dood.

Isobelle voel in haar jeug soos 'n *inwoner*, want sy is in haar jonger dae tuis in Suid-Afrika tussen haar mense. Na haar geliefde se dood in Kenia word sy 'n 'vyand' van die destydse Suid-Afrika, sy word dus 'n *toeris* en vervreem van die wêreld. Sy is 'n buitestander omdat sy nie meer in Suid-Afrika, Europa of Kenia tuis kan voel nie.

Leo kan ook eers in die apartheidsjare as 'n *inwoner* gesien word. Sy woon en bly in Suid-Afrika, maar het (soos die meeste blankes in daardie tyd) nie veel erg aan die politieke situasie in die land of die swaarkry van die ander bevolkingsgroepe nie. Sy raak egter betrokke by die struggle, en haar oë gaan oop vir die werklikheid van die land en sy mense. So word sy 'n *toeris* omdat sy nie met die landswette en die meerderheid mense kan saamstem nie, en sy betaal 'n prys daarvoor deurdat sy tronk toe gaan en haar identiteit 'verloor'. In die tronk voel Leo ook soos 'n vreemdeling en 'n buitestander. Dit neem haar omtrent vyf jaar om weer normaal met haar lewe voort te gaan en die gevoel van buitestanderskap af te skud. Sy het 'n keuse om te emigreer, maar dit plaas geweldige druk op haar. Wanneer Leo egter uitvind dat sy swanger is, verander haar situasie en weet sy dat sy die kind in Suid-Afrika wil grootmaak. Sy besef dat sy 'n volwaardige *inwoner* is en sien uit na die toekomstige lewensreis saam met haar dogter.

Poppie Nongena doen alles in haar vermoë om 'n *inwoner* te bly, maar die nuwe apartheidswetgewing dwing haar om 'n *toeris* te word. Poppie is midde-*in* die struggle, sy is 'n swart vrou wat probeer om 'n tuiste vir haar en haar kinders te vind. Haar lewe, soos sy dit altyd ken, val uitmekaar en sy moet as vreemdeling in 'n nuwe land (Ciskei) gaan bly, en so word sy 'n buitestander. Poppie steun op haar geloof en dit is al wat haar deur die swaar tye help, al voel sy soms moedeloos en dat God haar in die steek laat.

Lottie word uitgelewer aan sekere omstandighede en haar identiteit verander, sy voel so mistroostig soos die omgewing rondom haar. Lottie is 'n vreemdeling en buitestander in Europa, en om hierdie 'vreemdheid' te ontvlug reis sy in haar gedagtes terug na 'n bekende omgewing. *Die Wahlerbrug* is simbolies wat godsdiens en verlossing betref. Lottie is verlore in die vreemde land, en Schwartz word haar 'verlosser' (van die eettonele in hierdie roman herinner baie aan die Nagmaal). Lottie verkwalik Schwartz ook omdat hy God speel oor mense.

Ana-Paula bly 'n buitestander en vreemdeling in Angola; sy kan nie gewoond raak aan die natuur of aan die mense nie. Sy trou met Carlos, maar dinge is glad nie so rooskleurig as wat sy gehoop het nie. Ana-Paula kan nie die werklikheid in Angola hanteer nie, sy vlug keer op keer na haar kamer en daar reis sy terug in haar gedagtes na haar grootwordjare in Portugal. Ana-Paula is dus 'n *toeris* in Angola.

Inacia Maria trou met Bonga, die halfbloed, omdat sy graag iewers wil behoort en wil wegkom van haar eensame bestaan. Sy voel selfs soos 'n *toeris* in haar eie kultuur, maar as sy trou met iemand van 'n totaal vreemde kultuur, bly sy die buitestander.

Uit voorafgaande paragrawe word die volgende duidelik: Agnes se lewe lank is 'n reis op soek na haar identiteit; Isobelle se reis na Kenia het vir haar die grootste vreugde maar ook die grootste hartseer in haar lewe besorg; Leonora reis haar lewe lank op soek na die sin van die lewe; net Leo besluit om ten spyte van 'n swaar tyd in die land, tog nie te 'reis' nie. Sy besluit om in Suid-Afrika te bly.

Poppie Nongena, Inacia Maria, Lottie en Ana-Paula reis na 'n totaal ander omgewing en ook 'n ander kultuur (spesifiek omdat hulle trou om saam met hul mans te gaan bly). Hulle identiteit gaan verlore in die vreemde omgewing en die roman eindig tragies vir al vier hierdie vroue.

Die vrouekarakters in *Die reise van Isobelle* wissel tussen *toeris* of *inwoner* wees. Hulle streef na *inwonerskap*, maar gewoonlik bly hulle net *toeriste*. Leo neem 'n definitiewe besluit om 'n ware *inwoner* te word. Omdat sy tuis voel in Suid-Afrika en lief is vir die land, besluit sy om nie te emigreer nie. Sy is 'n *inwoner* van Suid-Afrika.

Poppie, Inacia Maria, Lottie en Ana-Paula bly almal *toeriste* in die vreemde land en vreemde kultuur. Hulle kan nie met die omgewing of die mense saamleef nie, want hulle bly vreemd en voel soos buitestanders.

In *Die reise van Isobelle* is dit veral Leonora en Leo wat iets soos 'n religieuse belewenis ondervind. Leonora is lank op soek na die sin van die lewe, en dit is eers wanneer sy omtrent 86 jaar oud is dat sy berusting vind (na 'n aand wat sy 'tussen' die sterre deurbring). Deur die hele roman heen word Leonora se religieuse ondervindings aan haar belewenis van die natuur gekoppel.

Leo wil eers niks weet van godsdiens nie, maar wanneer sy swanger raak, loop sy verby 'n kerk en kry 'n begeerte om haar kindjie vir die Here te gee. Die omgewing en omstandighede lei haar na godsdiens. Dit is ook in hierdie tyd dat sy besluit om in Suid-Afrika te bly. Sy sien 'n positiewe toekoms vir die land en vir haar en haar kind.

Godsdiens speel ook 'n groot rol in die ander vier romans. Poppie Nongena is al moedeloos omdat sy heen en weer gestuur word en uiteindelik haar eie omgewing moet verlaat, maar dit is haar godsdiens wat haar hoop en moed gee om voort te gaan. In *Die Wahlerbrug* is die Nagmaal as simbool duidelik teenwoordig. Schwartz gee vir Lottie brood en wyn. Dit moet haar versterk vir die moeilike tye wat voorlê.

Ana-Paula en Inacia Maria behoort albei aan die Katolieke kerk, maar hulle voel beide dat hulle godsdiens hulle in die steek laat, en wend hulle dan tot swartkuns. Die feit dat hulle in Afrika is, beïnvloed hulle manier van denke en bring ook mee dat hulle nie meer so getrou aan hulle eie godsdiens is nie.

Myns insiens beïnvloed die omgewing al die vrouekarakters in so 'n mate dat hulle volslae buitestanders word; die omgewing begin hulle lewens beheer. Die enigste karakter wat beheer van haar eie lewe behou ten spyte van die omgewing, is die karakter Leo.

HOOFSTUK 6: DIE INVLOED VAN LIEFDE OP DIE IDENTITEIT VAN VROUEKARAKTERS BY ELSA JOUBERT

6.1 AGTERGROND

> *...Hand op die boesem gedruk, stort die vrou in die lang outydse rok haar liefde uit, ruk sy 'n roos uit haar boesem, gooi sy dit voor die voete van die man wat haar nie meer begeer nie. 'n Teatrale stilprent: Verbode liefde* (Die reise van Isobelle, bl. 28).

Die verklarende Afrikaanse woordeboek definieer liefde soos volg: *Warme toegeneentheid, opregtheid. Gevoel van toegeneentheid of opofferingsgesindheid teenoor 'n persoon of wese* (Pharos Woordeboek op CD-ROM). Hierdie *opofferingsgesindheid* speel 'n groot rol in die lewens van die vrouekarakters in Elsa Joubert se romans. Ek wil selfs so ver gaan om hulle as slagoffers van die liefde te beskryf. Die meeste van hierdie vrouekarakters het hulle lewens, kultuur en selfs identiteit opgeoffer ter wille van die liefde.

Verbode liefde word baie sterk op die voorgrond geplaas. Daar is byvoorbeeld Irma se buite-egtelike verhouding met die Franse vise-konsul, Agnes se verhouding met die perderuiter tydens die herdenking van die Groot Trek, Isobelle en haar Indiër-minnaar Hussein, Leo se saambly-verhouding met Fred, Lottie van *Die Wahlerbrug* se verhouding met Schwartz, en Ana-Paula van *Ons wag op die Kaptein* se verhouding met Brandao, die handelsreisiger. Selfs Inacia Maria van *Bonga* se huwelik met Bonga bevat 'n verbode element: hy is 'n halfbloed, en haar kultuur se mense beskou dit as 'n skande:

> *En die eerste wat hom nie toegekom het nie, was die jong meisie, Inacia Maria, dogter van 'n prazero of landeienaar aan die rivier net oorkant Tete. Sy verbintenis met haar was die voor-die-hand-liggendste grief... Dan was die huwelik met Inacia Maria dos Santos tog die begin. Dan is dit Inacia Maria wat hom misgun is* (Bonga, bl. 8).

Dodd (1995:72) praat van die *Romeo-en-Juliet*-effek, wanneer sterker gevoelens van aangetrokkenheid ontwikkel as 'n verhouding teengestaan word. Buite-egtelike verhoudings kan ook so gesien word. Hierdie verbode verhoudings is dikwels uiters passievol en intens, maar wanneer die opgewinding verby is, kwyn die verhouding in die meeste gevalle. Dit is waarom *die uiteinde van die verhouding* ook in hierdie hoofstuk bespreek word. Ter illustrasie kan die verhouding tussen Irma (die weduwee Greylinck se skoondogter) en die vise-konsul van Frankryk gebruik word:

> *Sy het gemeen sy het haar minnaar opreg lief. Tog kan 'n mens bespiegel dat sy haar kon vergis het. Liefde of hartstog? Hartstog in die lyflike optowering waarin Daniël, die gewone kryger, die Franse minnaar nie kon ewenaar nie. Hartstog wat geleidelik taan?* (Die reise van Isobelle, bl. 29).

Vir hierdie hoofstuk oor *Die Liefde* gebruik ek hoofsaaklik M.J. Prins se artikel in die *Tydskrif vir Letterkunde* (1990), naamlik *Die verhouding tussen Bonga en Inacia Maria*. Omdat die vrouekarakters wat in hierdie studie ondersoek word so 'n noue verband met mekaar toon en sekere kenmerke met mekaar gemeen het, sal sekere aspekte van Inacia Maria ook op die ander vrouekarakters van toepassing wees. Oor die verhoudinge tussen karakters, skryf Prins (1990:108) die volgende:

> *In 'n epiese werk word karakters deur die abstrakte outeur in verhoudinge tot mekaar geplaas. In die eerste plek genereer hierdie verhoudinge gebeure en in die tweede plek dien hulle om die karakters tot stand te laat kom, m.a.w. is hulle diensbaar aan die karakterisering. Derdens dien hierdie verhoudinge as metafore vir algemeen-menslike verhoudinge en as sodanig uiteindelik ook vir die ideologie wat aan die teks ten grondslag lê.*

Deur Bonga en Inacia Maria se verhouding (*Bonga*) kom die universele aspekte van enige liefdesverhouding na vore. In Prins (1990:108) se studie is dit veral die volgende sake wat aandag geniet: Is die verhouding verswakkend of kraggewend? Hoe speel sintuiglike waarneming en fisiese behoeftes 'n rol in die verhouding? Hoe speel die omgewing en derhalwe ook die natuur 'n rol in die verhouding? Is die verhouding of huwelik gebore uit ware liefde of is dit slegs 'n middel tot 'n doel? Wat is die uiteinde van die verhouding?

Die volgende aspekte van die verhoudinge tussen karakters word hierna bespreek:

- Sintuiglike waarneming en fisiese behoeftes
- Die rol van kultuur en omgewing in die liefde
- Ware liefde teenoor middel tot 'n doel
- Uiteinde van die verhouding (is dit verswakkend of kraggewend?)

6.2 DIE VERHOUDINGE TUSSEN KARAKTERS

6.2.1 Sintuiglike waarneming en fisiese behoeftes

Aan die begin van *Die reise van Isobelle* word die leser bekend gestel aan Josias van de Velde wat sy proefpreek in Stellenbosch lewer, en aan die jong Emma Anderson wat 'toevallig' ook in die kerk is. Wanneer Josias die preekstoel bestyg, is daar 'n gevoel by Emma wat sy nog nooit in haar lewe ervaar het nie:

> *In haar boeke lees sy daarvan, in Tennyson, in Lord Byron se gedigte, in haar gedagtes fantaseer sy daaroor, en nou, hier, neem dit besit van haar. Sy het opgehou met asemhaal; sy voel haar hart het opgehou klop. Totdat haar liggaam die spanning nie langer kan verduur nie. Haar asem stoot met drie klein rukkies uit, haar boesem gee in drie klein bewegings mee. Asof dit in drie klein suggies die onafwendbaarheid van 'n nuwe bestaan herken. Sy is verwonderd oor die oorname van haar liggaam deur emosie* (Die reise van Isobelle, bl. 4).

Josias en Emma trou omtrent 'n jaar na hulle ontmoeting. Emma op negentien en Josias in sy laat-twintigerjare. Emma is dalk te jonk om die emosionele (en fisiese) deel van die huwelik te hanteer, want nie lank nie, of haar gevoelens vir Josias taan. Sy voel dit is net deel van haar pligte as vrou, dit is vir haar 'n groot opoffering:

> *Waar die skielike ophou van haar hartslag en intrek van haar asem by die eerste sien van Josias op die kansel veel goeds voorspel het vir 'n moeitelose en bevredigende fisieke eenwording in hul huwelik, is die voorspelling nie*

bewaarheid nie. Toe Josias in hul hoë dubbelbed, heeltemal oorgegee aan haar, met sy kop op haar bors lê, het sy haar oë gesluit en die goue stofdeeltjies wat dans in die skuins straal van die son deur die kerkvenster, met al haar wilskrag probeer oproep. Terwyl sy nog stil kon lê en sy kop streel, selfs sy winkbroue liefderik kon platstryk, was dit goed, het die gewig van sy kop teen haar borste selfs aangename en verrassende nuwe gewaarwordings in haar liggaam ontketen. Maar word hy vuriger, kom daardie vreemde uitdrukking – is dit wellus? – oor sy gesig en dan gee die dansende goue stofdeeltjies summier uit haar gedagtes pad. Dan hoor sy hoe die woorde wat haar moeder die aand voor haar troudag in hulle 'little talk' gesê het: "It will be hard, my dear. Submit with dignity" (Die reise van Isobelle, bl. 7).

Waar Emma haar aan die huwelik onderwerp, offer Irma (die weduwee Greylinck se skoondogter, en Agnes se 'ma') haar huwelik op ten gunste van 'n verhouding met 'n vise-konsul van Frankryk. Of dit liefde was, weet niemand nie, maar daar is definitief 'n fisiese aangetrokkenheid:

In die tuin van die Greylinck-woning, in die skaduwee van die druiweprieel, staan sy vasgedruk teen die bors van die jong vise-konsul van Frankryk. Sy streel oor sy wange, oor sy oë, sy voorkop. Sy streel oor sy lippe totdat hulle haar vingers wegstoot en gulsig na haar lippe, edeler gespreksgenoot, soek. En oplaas die nog edeler voedsel wat haar liggaam roekeloos aanbied, met 'n ewe roekelose, onversadigbare drif verslind (Die reise van Isobelle, bl. 21).

6.2.1.1 *Agnes*

Agnes (wat dalk Irma en die vise-konsul se kind kan wees) ontmoet Stuart in die pastorie en hulle is dadelik verlief. Voor die huwelik is Stuart en Agnes se liefde harstogtelik en intiem, maar hulle gevoel vir mekaar verflou; daar is nie meer die intensiteit van vroeër nie. Miskien het die verbode hartstog voor die huwelik vir Agnes meer opwinding ingehou, dit is die Romeo-en-Juliet-effek waarvan vroeër melding gemaak is. Stuart is nog lief vir Agnes en probeer toenadering soek, maar Agnes het telkens 'n verskoning:

Hy sou goed wees vir haar. Hy is glad g'n slegte minnaar nie, dit weet hy. Maar Agnes het as moeder min selfvertroue en bekommer haar oor dinge en hoor gedurig snags 'n kind hoes of rondrol. Hy paai haar, praat selfs skerp met haar, maar moet oplaas tot sy spyt erken dat hul liefdeslewe verarm het, selfs vervelig geword het. Hy kan byna nie glo dat hy haar saans in die hosteltuin met teerheid moes terughou, moes paai nie: "Later, my liefling, my go-go girl, later, as ons getroud is" (Die reise van Isobelle, bl. 160).

Die verbode liefde as tema word deurgevoer tot jare later met die Groot Trek-gedenkfees. Agnes het nie regtig wat 'n mens kan noem 'n verhouding met 'n ander man nie – dit is net een keer dat hulle gemeenskap het tydens die fees, maar Joubert beskryf dit as die een ding waarvoor Agnes haar lewe lank wag. Hierdie perderuiter is die verpersoonliking van haar pa; hy is die medium na haar verlede. Wanneer hulle gemeenskap het, word sy weer deel van die veld en so ook weer deel van haar eie verlede. Agnes eien haar die omgewing toe. Sy voel uiteindelik nie meer soos 'n buitestander nie, maar 'n volwaardige mens, sy voel of sy aan iets behoort. Die paragraaf wat volg, kan ook onder die hoofstuk kultuur en omgewing geanaliseer word, maar omdat Agnes se sintuie so 'n belangrike rol speel, word dit hier genoem:

Haar kaal arms, haar rug lê gedruk teen die gras, die stokke, die klippers. Dis háár grasse en stokke en klippe, sy lê op háár aarde. Die gewig van die ruiter is swaar op haar, dit druk haar dieper in die grond in. Sy mond is op haar bors. Só sal dit wees as sy gesterwe het, dink sy, styf teen die aarde en bedek deur die aarde. Só is dit reg, hier voel sy tuis (Die reise van Isobelle, bl. 227).

Sy is 'n dier van die veld, sy is aarde wat ontvang, sy is grond en verrottende blare, sagte nat blare, die sagte nat bloederige vel van 'n bokkie wat wag om afgeslag te word, wat daar lê, gestroop (Die reise van Isobelle, bl. 227).

6.2.1.2 *Isobelle*

Hierdie veld-tema word ook deurgetrek na Agnes se dogter Isobelle, wanneer sy Kenia toe gaan om haar broer se graf te soek. Dit is opvallend hoe Joubert Hussein deur die oë van Isobelle beskryf. Sy andersheid word uitgelig as iets waaraan Isobelle nie

gewoond is nie. Dit is wat haar na Hussein aantrek en hier kan die leser reeds begin vermoed dat iets tussen hulle gaan gebeur, want Joubert gee baie aandag aan detail en die beskrywing van Hussein:

> *Hy's langer as die deursnee-Indiër en moet buk by die deur... Toe hy die botteltjie mond toe bring en sy kop agteroor gooi, sien sy hom duideliker: maer gebou, seker vroeg dertig; steil swart hare wat van sy hoë voorkop agteroor lê, asof dit ongeërg met die vingers agtertoe gekam word, baie glad en swart, asof geolie; dik winkbroue en oë wat diep in die kasse sit. Ná die rooi gebrande soldate, blond van kleur, is die donker kleur van sy vel, veral om die oë, die opvallendste aan hom* (Die reise van Isobelle, bl. 294).

Hussein se oë is vir Isobelle sy opvallendste kenmerk. Dit is deur sy oë dat sy Hussein se liefde vir haar kan sien, 'n liefde wat sy nooit sal vergeet of weer in haar lewe sal ervaar nie:

> *Hy kyk af na haar, die stremming tydelik uit sy oë. Die oë los hare nie. Kan oë so wees? Sy kyk na hom en die uitvloeiing wat van sy oë na haar oë kom, en van haar oë na hom teruggaan, is so sterk dat sy voel sy sterf. Sy druk sy oë met haar vingers toe en sluit haar eie oë. Hy soen haar vir die eerste keer vol op haar mond; sy tong in haar mond, en hare in syne, sodat haar lyf kragteloos word. Stadig neem sy haar lippe weg. Met toe oë leun sy teen sy skouer* (Die reise van Isobelle, bl. 327).

Hussein en Isobelle is besonder sterk op mekaar ingestel en hulle ervaar elke gebaar en elke detail en neem dit in. Isobelle besef dat hierdie liefde so intens is dat sy alles vir hom wil gee:

> *Hul skaduwees strek ver agter hulle uit, krom uit teen die muur – een skaduwee, nie twee nie. Sy druk nog stywer teen hom vas. Hy buk by 'n muurkas, en haar hand gly soos tevore op tussen sy lyf en boarm. Sy voel die warm, nat oksel. Haar hand is deel van hom, gaan dit deur haar gedagte, sy nog nie. Maar hy het gesê: later. Sy voel 'n ligte bewing deur haar liggaam*

gaan. Hy moet daarvan bewus wees, want hy sê sag: My liefling, my geliefde (Die reise van Isobelle, bl. 328).

Wanneer Isobelle weer in Suid-Afrika is na die tragiese gebeure, probeer sy om Hussein se herinneringe op te roep deur by 'n Indiese kafee te eet en 'n Indiese mark te besoek. Sy span dus haar sintuie in om Hussein te laat herleef:

Die suidelike deel van die stad word vir haar mooi van lelikheid. Sy eet samoesas by 'n goedkoop, vuil, verslonste Indiese kafee. Sy sit by die tafeltjie en eet die samoesas uit die horinkie van goedkoop wit papier waarop die vetkolle deursyg. Sy eet, al is sy nie meer honger nie, en omdat haar stoel na die straatvenster gekeer is, skeel dit haar nie dat die trane by haar gesig afloop nie...

Op 'n Saterdagoggend kom sy by Diagonaalstraat, loop haar vas in die samedromming van Indiërstalle. Ag Here, die intimiteit van die hande, die speserygeure, die skel kleure, die klank van die droefgeestige, eentonige Indiese stem wat uit die grammofoonplate sanik. Sy koop: 'n armband, speserye, kunsblomme; 'n tafeldoek soos auntie Latifa se klam, ongestyfde doek; glase met rooi patroontjies op soos dié waarin Hussein haar koeldrank gegooi het. Gaar tsjapati's. Sy koop net om die hande van naby te sien, sy sou aan hulle wou vat (Die reise van Isobelle, bl. 380-382).

6.2.1.3 *Leo*

In teenstelling met haar ma Isobelle, geniet die jong werkende Leo haar lewe en steur haar nie werklik aan die situasie in die land nie. Sy begin ook met 'n aktiewe sekslewe, maar sy besef dat dit nie ware liefde is nie, net 'n fisiese behoefte. Sy vergelyk ook haar huidige lewe met dié van haar ma. Haar ma het die krag van passie en ware liefde beleef, maar vir Leo is dit nog nie beskore nie:

'n Volle kwartaal lank geniet sy haar nuwe lewe. Twee half-en-half kêrels; sy begin selfs uit eie beweging die pil gebruik. Sommige aande op die wit wollerige mat en die studio-kussings gaan dit woes, gryp sy aan die poot van

die klavier vir bystand, grawe haar naels daarin terwyl die soet pyn haar aangedoen word. Sy ken nie haar bloedrooi wange en blink oë en deurmekaar blonde hare as sy badkamer toe gaan en in die spieël kyk nie. Veral nie die uitdrukking in haar oë nie. Vlamme van wellus, dink sy. Nee, eintlik lyk hulle maar net moeg. In die nag op haar bed mymer sy half nostalgies: My ma het romanse gehad, so anders as hierdie. As ek hom nie weer sien ná vanaand nie, skeel dit my nie veel nie. Sy begin hartseer voel. Besluit dan: post-koïtale depressie, waarvan die jongste Fair Lady vol was, en lag hardop. Ons lei ons sekslewens uit die tydskrifte. Wow. Ma was darem meer oorsponklik. Al het dit van haar sy tol geëis (Die reise van Isobelle, bl. 500).

Wanneer Leo egter Fred by haar oom Frikkie se begrafnis ontmoet, is daar dadelik 'n 'gevoel' tussen hulle, anders as met haar vorige kêrels. Hulle is verlangs familie, en dit is asof omstandighede hulle na mekaar dryf. Fred is al tydgenoot van Leo by die begrafnis, en hulle voel dieselfde oor die politiek in die land:

Met die aanraking van haar vingers aan die klein bult van sy winkbrou, die intimiteit van die effense klammigheid van sy vel, voel sy 'n antwoord in haar liggaam, skielik en onverwags. Sy voel dit by hom ook aan… Hy loop agter haar aan, hy is die soort man van wie se fisieke teenwoordigheid 'n mens gedurig bewus is, dink sy, en is half vererg daaroor. Tog staan sy so dat sy arm wat oor haar skouer 'n foto aandui, effens teen haar rus (Die reise van Isobelle, bl. 546).

Hy neem haar hand en streel ingedagte met sy effens growwe maar lang, maer vingers haar hand, van die vingertoppe tot by die gewrig. Hy kyk aandagtig na wat hy doen. Sy kan die spanning wat die stadige streel deur haar liggaam stuur, byna nie verduur nie (Die reise van Isobelle, bl. 547).

Leo begin stelselmatig gewoond raak aan Fred se teenwoordigheid in haar huis en in haar lewe. Dit is asof haar sintuie verskerp word, sy begin selfs al gewoond raak aan sy geur. Fred assosieer Leo op sy beurt met geel blomme en son, hy wil hê sy moet altyd vrolik en opgewek wees:

> *Fred kuier nou gereeld by haar. Hy neem besit van die huis, hy oorweldig dit. Hy hang sy hengelaarsbaadjie met die baie sakke wat swaar met fotografiese apparaat hang, oor 'n stoel, en maak hom tuis. Die huis begin sy geur, sy persoonlikheid kry. Op haar tafel staan sy aluminiumkas; uit die vakkies kom die lense, filters, films. Hy is gedurig aan die kies, sorteer, vervang. Soms drink hy ingedagte die koffie wat sy aandra, soms stoot hy alles weg om haar in sy arms op te raap. Sy fisieke teenwoordigheid oorweldig haar. Hy bring vir haar bosse geel asters en stoot die stingels in 'n vaas met water, sit dit in die eetkamer vol in die son. "So ja, dis hoe ek jou wil sien, altyd met blomme, geel blomme en son." Hy swaai haar om na hom, druk haar kop teen sy bors, soen haar tot sy duisel, stoot haar dan weg, trek sy vingers deur haar hare. "Onthou nou. Geel blomme en son. Altyd"* (Die reise van Isobelle, bl. 559).

Wanneer Leo en Fred reeds 'n rukkie saam is, in die tyd van die politieke onstabiliteit in die land, bring Leo 'n paar maande in die tronk deur, en sy verlang die heel meeste na Fred. Sy smag na Fred sodat hy haar kan vashou en troos:

> *Sy het 'n verterende verlange om met Fred te praat, om hom te sien, aan hom te vat, sy hande aan haar lyf te voel* (Die reise van Isobelle, bl. 570).

Dit is duidelik dat aanraking (sig en reuk) 'n belangrike rol in Leo en Fred se verhouding speel. Hulle het wat 'n sintuiglike liefde genoem kan word. Die omstandighede en die feit dat hulle 'n ruk lank van mekaar weerhou is, het ook 'n groot invloed op hulle verhouding. Na die opsluiting in die tronk probeer hulle om hulle lewens van vroeër weer op te bou. Klein, alledaagse dinge soos sjampoe en badolie hou vir hulle geweldig baie betekenis in:

> *Hy staan agter haar in die badkamer waar sy voor die spieël bo die wasbak staan. Sy kyk na haar gesig, en hy kyk oor haar skouer na haar gesig en dan na syne. Hy streel met die agterkant van sy hand oor haar wang. Sy raak met die plat kant van haar hand aan sy wang. Daar is nie veel om te praat nie. En nie drif in haar mond wat teen syne gedruk word nie. Net haar vingers wat in sy skouer inboor. Sjj, sjj, sê hy vir haar soos vir 'n kind. Hy neem sy lippe weg van haar mond. Sy begrip verteder haar. Hy laat haar kop teen sy skouer lê*

en bedek met sy hand haar agterkop. Sjj, sjj, daar's baie tyd. Sy maak die badkamerkassie bokant die wasbak oop. Hul spieëlbeeld verdwyn en die klein oorblyfsels van 'n vorige lewe lê op die wit glasrakkies. Haarsjampoe. Badolie. Sy skeermes. Sy naskeermiddel. Sy kyk daarna, soos na die oorblyfsels van 'n veraf lewe. "Dis ons daardie," sê Fred. "En dit gaan weer ons wees"…

Toe hy langs haar lê, ruik sy die seep, die naskeermiddel. Sy lê met haar neus teen sy skouer en snuiwe soos 'n dier. Hy ruik aan haar hare ook. Daar is by haar geen begeerte of dringendheid tot meer nie. Maar hy is haastig, gulsig. Hy neem herhaaldelik besit van haar. "Hulle het tog nie alles in my doodgemaak nie," sê sy later (Die reise van Isobelle, bl. 577-578).

6.2.1.4 *Ana-Paula*

Leo is 'n paar maande lank in 'n fisiese tronk, maar Ana-Paula voel of sy in 'n geestelike tronk is. Sy wil wegkom uit Portugal om die opwinding van die vreemde te beleef. Ana-Paula en Carlos is dus nie werklik lief vir mekaar nie. Carlos wil trou om 'n gesin in Afrika te begin, en Ana-Paula hunker slegs na die vreemde. Tog is daar 'n fisiese toegeneentheid vir en begeerte na mekaar, omdat hulle alleen in 'n vreemde omgewing en kultuur is. Dit is ironies dat hulle al getroud is met die eerste toenadering en dat dit op die ou end op niks uitloop nie:

Sy hand streel oor haar wang. 'n Onvermoë om nader aan mekaar te kom, 'n opstuwing van groot teerheid, juis miskien omrede van hierdie onvermoë, 'n aanhanklikheid wat hulle na mekaar stoot in die aangesig van hulle eie armoede, neem besit van hulle albei. In watter vesels van die liggaam ontstaan dit, watter geheimsinnige verandering laat dit plaasvind? 'n Warmte begin deur haar sypel, 'n slapte, 'n weekheid, 'n drang tot die persoon teen wie sy geleun kniel, soos sy tevore nie geken het nie. Hy voel dit ook. Sy voel die stuwing in sy liggaam, die intrek van asem, lank en sidderend en diep, die uitstoot daarvan, die ruk van die bloed deur sy lyf. Sy hande op haar bo-arms druk sterker in haar vleis, dwing haar orent. Half-werktuiglik, half-blind, want voor haar oë is daar 'n waas, dit is asof die warmte in haar gewone sintuie verdof, beweeg sy na die bed. Hy is by haar. Haar wil en haar begeerte hou

hom digby haar, hoewel sy hom nie sien nie, net bewus is van hom. Daar is 'n klop aan die deur… Die oomblik is gebreek (Ons wag op die Kaptein, bl. 64).

6.2.1.5 *Lottie*

Omdat Lottie in *Die Wahlerbrug* in 'n vreemde omgewing is, begin haar sintuie verskerp omdat sy op haar hoede moet wees. Nog voordat sy sonder haar man vertrek, begin sy aanvoel dat iets nie reg is tussen hulle nie. Haar sintuie en intuïsie is sterk daarop ingestel:

> *In die spieëls wat teen al vier kante van die hysbak, selfs teen die binnekant van die deur vasgeplak is, sien sy haar gesig en dié van Gieljam; in die terugkaatsende spieëls wat in die spieëls weerspieël word, word haar gesig en dié van Gieljam eindeloos vermeerder, trek hulle van haar terug in steeds verdwynende, vaagwordende nimbuses klein bekendheid. Lottie knip haar oë om te fokus op die beeld van haar man langs haar. Dis die droom, van die bus. Waar ek ry en ry en ry in 'n bus en nêrens heen gaan nie, sê sy. Ek is alleen en ek kan die drywer nie sien nie, en van agter kan ek nie lees wat die woorde sê waarheen ons gaan nie. En dit is donker… Dit was naar, sê sy. Sy skuif nader aan hom, maar deur die winterklere wat hy hier selfs binnenshuis dra, kan sy nie by hom kom nie* (Die Wahlerbrug, bl. 7).

Wanneer Lottie in die vreemde land op haar eensaamste voel (na haar ontvoering), gaan sy terug na Schwartz, haar ontvoerder, omdat sy geen ander heenkome het nie. Sy is op soek na 'n erkenning van haar bestaan en net 'n bietjie medemenslikheid en aanraking:

> *Sy steek haar eie wit hande, muwwerig wit van die baie handskoen dra, ná die laaste twee dae ook nie meer skoon nie, nie meer jong hande nie, uit en neem die man se hand in albei hare. Sy draai dit om dat die palm na bo wys en sy leun vooroor en lê haar wang daarteen. Daar is 'n vrank reuk van wyn wat uit sy hand kom, daarby iets van sweet en liggaamshitte. Sy voel die grofheid van eelte waarteen haar gladde vel druk – sag, blond, was haar vel in die suide beskrywe, met fyn rooi aartjies daaronder, 'n vel wat gou bloos, wat nou ouer*

geword het en slap, maar nog die sagte geleier van aanraking kan wees – sy voel die vreemdheid van die grofheid van vel teen haar en dan die warmte van die ander mens na haar deurkom (Die Wahlerbrug, bl. 57).

Lottie raak dan heeltemal verward, sy is nou soos iemand sonder 'n identiteit, dit is asof sy onbetrokke is by wat met haar gebeur, sy bestaan net:

Die kontak van sy mond op hare is nie onverwags nie want sy het sy stoel hoor agtertoe skuif toe hy opstaan. Sy was bewus van sy liggaam wat nader kom na haar, oor haar buk, die hand wat sy ken wat in haar hare is en haar kop agteroor druk. Maar toe sy die gewig van sy mond op haar voel, die skeur in sy gesig wat vaskleef aan die skeur in haar gesig, die vog van sy liggaam wat opwel en meng met die vog van haar mond, voordat sy in haar die hitte voel opstoot wat uit hom kom, wat in die kamer om hulle is, het sy diep in haar geweet – ek ken sy mond (Die Wahlerbrug, bl. 57).

6.2.1.6 *Poppie*

Vir Inacia Maria en Bonga is dit liefde met die eerste oogopslag, maar Poppie wil eers niks met haar toekomstige man, Stone, te doen hê nie. Stelselmatig raak Poppie egter al hoe meer gewoond en geheg aan hom. Poppie is aangetrokke tot Stone, sy dink hy is aantreklik en ordentlik, maar sy wil eenvoudig nie trou nie omdat sy nog te jonk voel:

Hy was 'n kort mannetjie, net 'n bietjie langer as ek, met 'n mooi lyfie, met kort hare net soos ek en lig van kleur, ligter as ek. Hy was 'n netjiese mannetjie en het baie smart aangetrek. Daai tyd was mans mos lief vir die vaal broeke en die streepsuit-e, die dubbelbreasted-suit-e, hy het alles suit-e gehad wat hy Sondag aangetrek het. Daai tyd was hulle lief vir to match-klere…

Hy was 'n stil mannetjie en nie so woelerig soos die ander nie. Ons het lief geword vir mekaar. As ons stap by die see het hy gesê hy wil met my trou as vrou, maar toe het ek mos liewerste gelag want ek het glad nie aan trou gedink nie. As ons bymekaar is en hy al wil praat van trou, het ek glad nie van die

> *storie gehou nie. Ek was nog maar baie kinterig. Maar dan word hy kwaad. Ek was maar sestien, maar hy was al vier-en-twintig* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 45).

6.2.1.7 *Inacia Maria*

Soos die huwelik saam met Carlos vir Ana-Paula die allure van die vreemde het (voor hulle troue), voel Inacia Maria ook aangetrokke tot 'n man wat aan 'n vreemde kultuur behoort. Bonga en Inacia Maria ontmoet in die kerk na die halfbloede se inval in Tete, en is dadelik aangetrokke tot mekaar. Alhoewel hy vir haar vreemd is, is sy nie bang vir hom nie, sy kan Bonga se emosie aanvoel:

> *Hy praat nie meer nie. Hy het van die beeld weggedraai en kyk sonder ophou na haar. Sy word nie skaam vir sy oë nie en kyk nie weg van hom nie. Dis asof sy effens na vore leun toe hy sy hand uitsteek en met die agterkant daarvan haar gesig aanraak, saggies, asof hy wil seker maak sy is tog nie deel van die beeld nie* (Bonga, bl. 33).

'n Paar maande verloop voordat Bonga en sy pa 'n aanbod vir Inacia Maria kom maak. Eers is hulle skaam en skugter, maar kort voor lank kom die ou gevoel terug wat hulle beleef het toe hulle mekaar die eerste keer in die kerk ontmoet het. In die paragraaf wat volg, word die sintuiglike waarneming prominent uitgelig:

> *Lig syfer deur die dak. Stringe lig soos krale. Sy haal swaar asem, sy voel sy lyf teen haar gedruk en sy hande wat oor haar liggaam gaan. Hy druk sy gesig teen haar nek, sy voel hoe sy lippe klam oopgaan teen die vel van haar nek, opskuif na haar mond, haar mond oopdwing tot sy verslap. Eers toe hy sy mond wegneem van haar, traag, kom haar hande van haar sye en betas sy sy gesig. Sy druk sy gesig weg van haar dat sy hom sien. In die halflig is sy oë nat en wit, kyk hulle haar amper starend aan, uitdrukkingloos. Dan druk sy sy oë toe, en haar mond soek syne* (Bonga, bl. 53).

6.2.2 Kultuur en omgewing

6.2.2.1. *Leonora*

Joubert brei nie veel uit oor die liefdes in Leonora se lewe nie, maar daar word wel baie gesuggereer. In die brief wat Leonora in haar sewentigerjare aan haar broer Frikkie skryf, is dit miskien die naaste wat sy daaraan kom om haar hart uit te stort en haar ware gevoelens weer te gee. In die volgende paragraaf kan gesien word hoe Leonora se gemoedstoestand met die omgewing verband hou. Dit was dalk juis die omgewing wat haar liefde vir Baby se pa (die visserman) aangewakker het:

> *Ek het soggens na die kollege geloop en van die heuwelrant afgekyk na die stil water van Tafelbaai en hom geseën in my hart: Vaar wel, fare well, my seafarer. En saans as die rooi gloed oor die water lê, het ek gedink: Nou keer jy terug, rustig, deurweek van die wydheid, die vrede, die goddelike nabyheid op die stil groot water. Die Here self het vissers na Hom geroep. Op stormagtige dae het ek bang geword. Staan ek voor die klas en die reën swiep teen die vensterruite, dit word donker, die weerlig blits. Mag ons die lig aanskakel? Het die studente gevra. Skakel aan, het ek geantwoord, maar my hart was donker van vrees. Ek het in die stromende reën huis toe geloop. Die skuinste waarteen ek uitloop, het gekantel en beweeg en branders geword. Ek het die deur agter my toegeslaan, met my rug teen die deur bly staan, want ek wou nog steeds deel wees van die storm. Want die storm was ook in my. Miskien was dit niks meer as laatveertiger-passie nie* (Die reise van Isobelle, bl. 492).

6.2.2.2 *Agnes*

Ook in Agnes se lewe speel die omgewing 'n groot rol. Sy het haar lewe lank 'n smagting na die veld en haar kinderjare, asook 'n smagting daarna om iewers en aan iemand te behoort. Dit impliseer 'n smagting na 'n vaderfiguur in haar lewe. Dit is asof dit haar hele wese aantas en haar identiteit bepaal. Dan ontmoet sy die perderuiter by die Groot Trek-fees, en sy ruheid en manlikheid trek haar onmiddellik aan. Die hele

omgewing en die omstandighede speel ook 'n rol; dit laat haar terugdink aan haar pa en sy verlang opnuut na hom:

> *Die man draai hom om na haar om dit aan te vat. Sy songebrande gesig is dié van 'n plaasboer, sy vel lig, en daar is 'n paar duim uitgegroeide baard. Die baard is roesbruin, nes die hare wat klam van die voorkop weggestoot is. Die hand wat die koppie en piering aanvat, is groot en sterk; tussen die kneukels groei ligte roesbruin hare. Sy moet haar beteuel om nie alles te los en die hand te gryp en na haar mond te bring en te soen nie. 'n Ongekende drif het besit geneem van haar...*
>
> *Sy self strooi die suiker en kaneel op en draai die pannekoek toe. Die gedagte dat hy daaraan gaan eet, dat dit tussen sy lippe gekou gaan word en hy dit gaan sluk, is byna te veel vir haar. Dis die reuk, dink sy, die reuk wat uit haar kinderdae opgestaan en oor haar gestroom het. Nee, dis nie die reuk nie, dis die deernis, die glimlag. Of is dit die hoed, die repie vel om die hoed? Ag, sy kan nie dink nie. Wat dóén sy as hy terugkom? Hoe beheer sy haar hande, haar stem?* (Die reise van Isobelle, bl. 201-202).

Agnes beplan dan om op 16 Desember met die hoeksteenlegging in Pretoria in die koor te sing, juis omdat die perderuiter vir haar gesê het: *Sien jou in Pretoria, groenoog* (bl. 203). Sy tref voorbereidings, maak vir haar nuwe rokke en reël haar lewe lank rondom 16 Desember. Hierdie opwinding en afwagting maak dat sy al hoe meer aan haar pa en haar lewe in Kenia dink. Dit is 'n verterende verlange en die perderuiter word die personifikasie van haar pa:

> *Sy stap op en neer voor die vensters. Sien jou in Pretoria, groen-oog. Sulke onbekende gevoelens stoot in haar op dat sy skoon weggevoer word – gevoelens wat sy laas as kind gehad het toe tante Naomi vir haar die borsspeld van haar pa gegee het. O, die verlange na haar pa, die vretende liefde vir hom! Al wat sy nog gehad het wat haar eie was, en tog nie haar eie was nie. Maar wie kan liefde uit jou hart skeur soos vrot vleis?* (Die reise van Isobelle, bl. 206).

6.2.2.3 *Isobelle*

Agnes smag na haar kinderdae in Kenia, en dit is ironies dat haar dogter Isobelle juis haar geliefde daar ontmoet. Wanneer Isobelle in Kenia is op soek na haar broer se graf, ontmoet sy Hussein, 'n Indiër. Van die begin af voel Isobelle Hussein se andersheid aan, en dit is ook wat haar na hom aantrek. Miskien is dit juis die vreemde omgewing en kultuur wat daartoe bydra, maar kort voor lank besef hulle dat hulle verlief is. Soos reeds beskryf, gebeur dit dat 'verbode' liefde juis intenser en sterker tussen mense gevoel word, en ek dink dit is so in die geval van Isobelle en Hussein:

> *Die lamp op die tafel verlig sy wangbeenvlakke, verdiep die donkertes om sy oë, verlig ook die kneukels van sy lang, dun vingers wat met 'n stukkie porselein op die tafel speel, dit om en om tussen sy vingers draai. Hy lig sy kop en kyk haar aan. Sy oë is donker en nat. Wat is dit wat haar na hom toe trek, onwillig? Is dit omdat hy die een is wat haar hierdie vreemdheid binnegebring het? Is dit die vreemde rit hierheen? Hier waar elke woord of beweging so onafwendbaar beduidend is. Of is dit dat hulle uitgesluit is buite die genesende band tussen die vrou en haar oupa? Hy bly na haar kyk. Iets binne haar rebelleer. Dis te intiem, dink sy. Ek slaap in die holtes van sy lyf. Op sy bed. Ek asem sy asem in* (Die reise van Isobelle, bl. 301).

Isobelle raak al dieper in Hussein se wêreld gevleg, dit is asof sy 'n vreemde land en omgewing betree, met die gevolg dat haar identiteit ook verander:

> *Sy raak maklik aan die slaap, haar lyf ken die holtes van sy lyf in die klapperhaarmatras. Watter nuwe land betree ek? Dink sy voor sy wegraak* (Die reise van Isobelle, bl. 317).

Dit is duidelik dat Isobelle en Hussein in geen land 'n verhouding kan hê nie; nie net omdat die blankes daarteen is nie, maar ook omdat die Indiërs nie so 'n verhouding sal goedkeur nie. Hulle liefde voel sterk en intens in die veld en in die ruimte. Niemand kan hulle daar van mekaar skei nie:

> *"Wat is met ons aan die gebeur?" vra sy. "Ek en jy is een," sê hy. "Hier," en hy wys na die ruimte en rante om hulle, "hier is ons een"* (Die reise van Isobelle, bl. 319).

Die laaste woorde wat Hussein vir Isobelle sê, dui aan watter groot rol die omgewing in hulle liefde speel. Hy koppel sy liefde vir Isobelle aan sy liefde vir die veld (hy gee ook vir haar 'n reissak en leersandale as geskenk):

> *Sien jy, sê hy, sien jy die olifant, die bok, die renoster, die takbok, die leeu, die tier, die mooi, mooi diere? O, ek wil jou saamneem, ek wil in die veld met jou wees, na die horison toe stap as die oggend vroeg en nog ongebore is, want jy dra die daeraad in jou skoot…* (Die reise van Isobelle, bl. 329).

6.2.2.4 *Leo*

Leo is 'n vrou wat nie noodwendig met die konvensionele reëls en metodes saamstem nie; sy hou daarvan om haar eie ding te doen. Sy is totaal anders as haar ma en ook die 'rebel' van die familie. 'n Mens kan sê dat sy 'n feministiese kant aan haar het. Sy trou dan ook nie in 'n kerk voor 'n dominee nie, maar sommer voor die magistraat. Dit lyk asof sy trou net omdat dit van haar en Fred verwag word – om geen ander rede nie. Die kultuur 'dwing' hulle dus om te trou:

> *Agnes se troue, SussieBelle se troue, en nou Leo se troue. Hoed is nie nodig nie, tannie Leonora, verseker Leo haar. Sommer so tjoef-tjaf in die magistraatkantoor. Getuie. Goed, sy sal teken in die boek dat dit gedaan is voor die wet, dink Leonora. Voor die Here sal sy dit maar in haar hart doen* (Die reise van Isobelle, bl. 583).

6.2.2.5 *Ana-Paula*

Ana-Paula se lewe word omvergegooi deur die omgewing waaraan sy net nie gewoond kan raak nie. Omdat sy as vreemdeling en buitestander in Angola bly, het sy behoefte aan liefde en vertroosting. 'n Voorbeeld hiervan sien die leser in die voorval wanneer voorbrande op die plaas gemaak word. Sy is so moedeloos dat sy die dood

tart (sy gaan al nader aan die vlamme). Dit is op 'n manier 'n hulproep, alhoewel niemand, behalwe die handelsreisiger Brandao, haar help nie. In hierdie omgewing waar sy die 'slagoffer' is, ontferm Brandao hom oor haar, en dit is juis in hierdie omgewing en onder hierdie omstandighede dat 'n verhouding tussen hulle ontstaan:

> *Maar hy kyk nie na die boomstam nie, hy kyk na haar. Hy kan sy oë nie van haar wegneem nie. Die ontevrede trek om die mond wat haar vir hom daar by die huis lelik laat lyk het en ouer as sy is, is weg, ook die afsydige, afwerende houding teenoor die vriende wat saam met Carlos huis toe kom...*
>
> *Dan druk hy haar vas teen hom en hy soen haar, en in die donker wat soos 'n wolk oor hulle sak, ruik sy brand en as en hoor nog in die verte die geknetter, soos dié van skote, van die lang olifantgras wat deur die vuur gemaai word* (Ons wag op die Kaptein, bl. 33-34).

Ana-Paula se liefde vir Carlos kwyn toe hulle met die skip van Portugal na Afrika vaar. Die omgewing bring mee dat haar liefde verflou, dit is nog net die onbekende wat haar aantrek. Sy is eintlik glad nie fisies tot Carlos aangetrokke nie:

> *"Carlos..." Sy steek haar hand uit asof sy na hom wil reik. Met 'n onwillekeurige beweging trek hy terug op sy kussing. Hy is sku vir haar. Selfs in die kort tien dae wat hulle getroud is, het hy bewus geword van 'n afsydigheid in haar, iets hards agter die sagtheid, 'n ontwyking van hom as dit haar op dié oomblik nie pas nie, selfs 'n weersin in hom. Dit het hom gekrenk, sulke gebare van toenadering soos nou wantrou hy...*
>
> *Maar dit het haar nie van stryk gebring nie. Die gang van die skip onder haar, die binnevaar van dít wat op die kim lê, die oopskeur van die onbekende is vir haar genoeg* (Ons wag op die Kaptein, bl. 57).

Wanneer Ana-Paula saam met die res van die blankes in die binneplein gevange gehou word, dink sy terug aan haar verlede en haar verhouding met Carlos. Sy probeer dink waar alles verkeerd geloop het, en waarom. Sy kom uiteindelik tot die

gevolgtrekking dat die groot probleem voortspruit uit Carlos se verhouding met Nga en hulle kinders; sy blameer dus die omstandighede vir die mislukte huwelik:

> *Ek was jonk en onervare, eintlik nog 'n maagd. Jy was ouer, jy moes geweet het, dink sy nou. Maar koppig bly haar gedagtes daarom maal. Dit kon gestryk het tussen Carlos en my, ten spyte van die mislukking daardie aand. Toe ons eers weer hier op die plantasie alleen was… toe was daar tyd, ons kon dit gemaak het. As die mulatte net nie daar was nie… Soos 'n groot bitter vlek in haar gemoed kom die gedagte aan die mulatkinders. Bitter vertrek dit haar mond. Dit kan sy hom nie vergewe nie* (Ons wag op die Kaptein, bl. 66).

6.2.2.6 *Lottie*

Die feit dat Lottie (*Die Wahlerbrug*) in 'n ander kultuur en omgewing sukkel om aspekte van haar huwelik en lewe saam met Gieljam op te roep, laat 'n mens wonder in hoe verre haar huwelik op ware liefde gebaseer is. In die eerste beskrywings van Gieljam lyk dit ook asof hy geïrriteerd is met Lottie, en asof hy byna nie kan wag om van haar weg te kom nie. In hierdie vreemde omgewing is dit asof sy die werklikheid moet begin insien, al wil sy nie:

> *Waar begin dit dan, die huwelik van haar ouers? – dit gaan haar nie aan nie. Haar huwelik? Sy was onseker, het haar sekerheid gekry in die klein besonderhede van haar strooimeisies se klere; 'n furie het haar beetgepak toe die handskoene wat gekleur is, nie presies by die rokmateriaal gepas het nie… Die naam van haar man is dié van 'n vreemdeling en sy skryf dit neer met heimwee, soos iets beminds wat lankal dood is* (Die Wahlerbrug, bl. 51).

6.2.2.7 *Poppie*

Net soos Inacia Maria trou Poppie ook met 'n man van 'n ander kultuur, en so kom die verskille tussen die kulture duidelik na vore. In Poppie se kultuur trou 'n vrou nie noodwendig met 'n man omdat sy vir hom lief is nie; die troue kan sommer deur die toekomstige man en vrou se ouers gereël word. Poppie is gelukkig omdat haar ouers en grootouers haar geluk op die hart dra, en haar nie sommer net met enige man laat

trou nie. In Poppie se vyftiende jaar probeer 'n hele aantal 'vryers' met haar trou, maar Poppie wil niks weet nie:

> *Jy moet begin dink aan trou, Poppie, sê Nkosi. Poppie is klaar vyftien en haar lyf is vol. Dis net die ou manne wat na Poppie kom vry, sê kleinma Hessie. Die lewe op die pad met kleinpa Ruben is vir Hessie te swaar, sy't kom werk in die visfabriek in Lambertsbaai. Poppie trek neus op vir haar vryers, sê Mama. Wil Mama dan hê ek moet daai ou goed gevat het? Vra Poppie. Mama is haaks met Poppie oor die vryers* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 42).

Poppie wil in die begin niks met haar toekomstige man, Stone, te doen hê nie. Vir haar is die kultuurverskil te groot, sy ken nie die kultuur van die mense in die binneland nie. Die taalverskil tussen hulle is aanvanklik ook 'n probleem (Poppie se huistaal is Afrikaans):

> *Ek het regtig nie eers van hom gehou nie, vertel Poppie, want hy het van Herschel in die Ciskei gekom en ek was nou nie daardie mense wat van die land af kom gewoond nie... Ek sien hom in die fabriek, maar ek het nooit met hom gepraat nie. Stap saam met my na buti Witbooi se huis toe, Poppie, sê Nikiwe. Sy kom van Herschel, sy werk in die fabriek langs my. Sy jonger boetie kuier by hom, sê Nikiwe. Ulitye is sy Xhosa-naam, hulle roep hom Stone, en die Kleurlingmense sê sommer ou Klip. Ek is nie lus nie, sê ek, ek is nie gewoond aan die mense wat van die land af kom nie...*
>
> *Sy grootvan was Mqwati en hy het regte Xhosa gepraat. Hy kon nie Afrikaans praat nie, want hy het in die Ciskei grootgeword en met kontrakte gaan uitwerk na die suikerlande in Natal en na die plek waar hulle met kalk werk, Taung soos hulle sê, en op Prieska by die asbesmyne, maar daar het hulle fanagalo gepraat. Toe het my Xhosa ook beter geraak. Hy het op Lambertsbaai Afrikaans leer praat* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 44-45).

6.2.2.8 *Inacia Maria*

Inacia Maria (*Bonga)* vertrek, net soos Ana-Paula, na 'n vreemde omgewing wanneer sy trou. Dit is dan die eerste keer dat Inacia Maria saam met Bonga na sy tuiste in die aringa gaan. Dit is 'n heeltemal ander kultuur waarby sy moet aanpas, en ook die eerste keer dat Inacia Maria begin twyfel oor haar besluit om met Bonga te trou. Joubert beskryf 'n toneel van die landskap wanneer Inacia Maria daar aankom; dit is asof die leser 'n voorgevoel kry van wat met Inacia Maria en Bonga se verhouding gaan gebeur:

> *Dit was nog nag toe hulle by die aringa aankom. Die maan was onder, maar die afskynsel van die lig het soos 'n vals dagbreek oor die aarde gelê… Behalwe die sloesj van die roeispane, egalig, en af en toe die steun van 'n roeier, was daar 'n stilte oor die nag. Geen geluid van 'n voël, geen plons van 'n vis of selfs die swaarder geskuifel van 'n krokodil wat uit die sand afglip water toe nie. So 'n stilte dat dit soos 'n dooie landskap voorgekom het waardeur hulle vaar, soos iets in 'n droom. Alle groei of beweging het gestol. Net die stroom met die paar smal skuite daarop wat donker voortsnel of, soos sy met byna verskrikking waarneem, wanneer die roeiers hulle spane lig en oor hulle knieë hou, druppend oor die water, willoos op die sterk loop van die rivier voortgesleur word* (Bonga, bl. 70).

6.2.3 Ware liefde teenoor middel tot 'n doel

In hierdie hoofstuk word heelwat aandag gegee aan Isobelle en Hussein se verhouding, omdat hulle uitgebeeld word as die twee wat in die kort tydjie dat hulle saam is, ware en intense liefde ervaar, en ook omdat juis hulle verhouding so 'n tragiese einde het.

6.2.3.1 *Leonora*

Leonora is die karakter wat 'n definitiewe besluit neem om nie te trou nie, omdat sy haar aan niemand wil onderwerp nie. Sy is dalk ook die vrouekarakter wat die eerlikste met haarself is. Alhoewel sy nooit trou nie, word daar in die roman wel

gesuggereer dat sy 'n verhouding met 'n visserman en iemand in Engeland sou gehad het. Haar lewe lank beny sy die mense wat van harte vir iemand lief kan wees. Sy beny ander mense se hartstog, want dit is iets wat sy nie in haar lewe ervaar nie:

> *Van haar jong dae af het sy 'n band gevoel met die ongelukkige Irma. Ongelukkig? So 'n groot liefde vir 'n minnaar dat sy in oorlogstyd met 'n jong baba die reis na 'n vreemde kontinent kon aanpak, nie eens seker of die kind wel haar minnaar s'n is nie. So 'n harstog wat haar alles laat verlaat het om net by hom te wees. Ek beny haar, dink Leonora, hoe beny ek haar die hartstog* (Die reise van Isobelle, bl. 212).

Alhoewel Leonora 'n baie sterk persoonlikheid het en haar eie besluite neem, smag sy tog na iemand om lief te hê. Sy wil haar egter nie aan iemand verbind en haar 'lewe' vir die persoon opoffer nie. Sy smag na ware liefde; nie net om 'n man gelukkig te hou nie:

> *Sy is nie gelukkig nie. Father is nou byna nege jaar dood. Sy voel steeds ontredderd sonder hom. 'n Ander betekenisvolle verhouding in haar lewe is daar nie. Die verbintenis met haar vriend in Engeland het op niks uitgeloop nie. Die skuld lê by haar, dit weet sy; dit het Father haar ook sagmoedig vermaan. Sy kon die onderwerping van haarself aan 'n ander mens op die lange duur nie uitstaan nie: sy absolute eis om in haar geheime lewe in te meng, op die minste deel te wees daarvan. Sy wou haar eie ruimte afbaken: geen toegang. Dan bly sy veilig. Hy kon dit nie begryp nie. Dit het hom bedreig laat voel. Of minderwaardig* (Die reise van Isobelle, bl. 256).

Vir Leonora is haar privaatheid die belangrikste aspek in haar lewe; sy is nie bereid om dit met enigiemand te deel nie. Sy weier om te trou net om die man se selfbeeld 'n hupstoot te gee. Sy is dalk een van die 'nuwe' geslag vroue wat nie net wil gee nie, maar ook aan die ontvangkant wil staan:

> *"'n Liefdesverhouding moet tog nie net daarop ingestel wees om 'n man se eiebeeld te stut nie," het sy aan Father gesê. Sy kon sien Father, op sy siekbed, dink aan Mother. "Die huwelik is totaal iets anders as wat jy meen,*

> *Norie. As daar liefde is, is alles moontlik." "Miskien sal ander sê my eie geheime lewe is 'n karige besit, maar vir my is dit al wat waarde het," het sy bitsig geantwoord* (Die reise van Isobelle, bl. 256).

Leonora is (net soos Isobelle) 'n slagoffer van die liefde. Joubert brei nie veel daarop uit nie, maar alhoewel Leonora 'n verhouding met Baby se pa (die visserman) het, kry sy nooit iemand werklik lief nie. Sy smag dus haar lewe lank daarna om iemand onvoorwaardelik te kan liefhê. Die verskil met Isobelle is dat Leonora haar situasie ooglopend beter hanteer. Sy het diep in haar hart vrede gemaak daarmee:

> *Sy sien hom, dink Leonora, ja, sy sien hom, die groot man met die skurwe vel en hande en die stil blou oë. Hulle loop saam op die kaai en hy wys haar die spel van robbe. Sy arm raak aan haar bors en heeltemal intuïtief groet haar liggaam hom. Soos haar liggaam nooit haar slim Engelsman kon groet nie. Dat dit hy moes wees, die pa van Baby en haar susters… Haar lewe het geword: naweek. Van Vrydagaand af die onrus – sy ry na die hotel op die vissersdorpie. Sy het begin teken, haar hart is vol en haar vingers wil daaraan uiting gee: 'n meeu wat sweef, 'n tou wat lê op die houtkaai. Sy sit en teken terwyl sy op hom wag. Hy sien haar, sy merk dit aan sy armbewegings, aan die skouers wat vooroor buk, wat die groot mandjies optel, aangee. Hulle stap saam na sy vissershuisie. Hy maak vir haar tee – sy dogters is weg, werk in Woodstock. Wat was haar motiewe om hulle weg te kry? Waarom nie?… Sy streel oor sy ooglede, kam sy soutnat hare met haar vingers, krul haar vingers om sy ore, vat aan sy lippe. Hy is ru met haar. Is dit hierdie ruheid wat sy soek? En vrees? En nie wou vind nie? Hier weet sy: duur kan dit nie, hier gee sy haar daaraan oor* (Die reise van Isobelle, bl. 376).

Leonora het vervulling en gerusstelling gesoek en dit gedeeltelik by die visserman gekry. Dit was dus nie ware liefde nie. Die verhouding was net 'n middel tot 'n doel. Sy skryf in haar brief aan haar broer Frikkie:

> *Daar was ander van wie ek jou nie vertel het nie. Is dit maar die behoefte van die eenling-vrou om haarself bloot te lê? Aan wie kan ek bekentenis doen, indien nie teenoor jou nie? Selfs in my laat sewentigerjare. Ek kyk terug na my*

kortstondige verhouding daar aan die Weskus soos 'n kunsliefhebber na 'n veraf miniatuur-tekening sou kyk. Nie met skuld nie – hy is lankal dood – nie met wrok nie, net met 'n stil vervulling. 'n Matige vervulling wat my tog gegun is. Die groot man met die skurwe vel en hande en die stil blou oë. Destyds – ja, dit was die vissermanpa van Baby en haar susters – het hy 'n soet vrede in my lewe ingedra (Die reise van Isobelle, bl. 492).

6.2.3.2 *Agnes*

Leonora is 'n sterk vrou en wil nie trou nie, omdat sy nie bereid is om haar identiteit prys te gee nie. In teenstelling daarmee is die vermoede dat Agnes spesifiek trou om vastigheid aan haar lewe te gee en sodoende haar soeke na identiteit tot 'n einde te bring. Die vraag is of Agnes regtig lief is vir Stuart, en of hulle huwelik haar maar net vastigheid en derhalwe identiteit gee. Dit is as vanselfsprekend aanvaar dat Stuart en Agnes sou trou – hier kom die *Romeo-en-Juliet*-effek ook duidelik na vore. Agnes is vreemd en anders as die ander meisies; dit is hierdie andersheid waarop Stuart verlief geraak het:

Eintlik was dit onvermydelik dat Agnes en Stuart op mekaar verlief sou raak. Sy was so anders as hulle, so blond, waar die pastoriekinders donker soos hulle moeder was… Sy het vir Stuart die allure van die vreemde gehad; die plaaslike meisies het hom nie soveel aangestaan nie… Selfs haar tabberds was anders as sy susters s'n; sy het na die Bolandse dorpie 'n sofistikasie van die groot stad saamgebring (Die reise van Isobelle, bl. 130).

Dit lyk asof Stuart se liefde sterker is as Agnes s'n, maar Agnes twyfel aan sy liefde. Veral voor hulle huwelik wil Stuart Agnes se maagdelikheid bewaar, en alhoewel hulle soms in hittige omhelsing is, wil hy eers wag tot die dag dat hulle getroud is. Hierdie feit dat hy haar respekteer en so vir haar omgee, ontroer Agnes, en sy neem haar keer op keer voor om Stuart van haar verlede te vertel. Sy twyfel egter in hulle liefde vir mekaar, en weet nie of hulle liefde dit sal kan deurstaan nie.

Sy probeer haarself moed inpraat. Ek het tog probeer uitvind, 'n pos in die Kolonie gekry, Kaapstad toe gegaan om te probeer uitvind wat ek kon, ek het

my bes gedoen. Dit was om die dominee se hulp te vra om my ouers te vind dat ek die Sondagmiddag na die pastorie gekom het, maar toe ek vir Stuart sien en toe 'n nuwe lewe, 'n nuwe gesin, my so gul, so vrygewig, so onvoorwaardelik aangebied word, hoe kon ek anders as voor die versoeking swig? Kan hulle my dit kwalik neem? Sal my herkoms verskil maak aan Stuart se liefde vir my? (Die reise van Isobelle, bl. 136).

6.2.3.3 *Isobelle*

Isobelle is van kleins af reeds 'n romantiese figuur, soveel anders as haar ma Agnes. Sy wonder oor die liefde en dagdroom daaroor, veral nadat sy lees van Tinker Bell wat gif drink oor 'n liefdesteleurstelling. Min weet sy hoe baie sy later in haar lewe vir die liefde sal moet opoffer:

Maar Tinker Bell het die gif gedrink wat die seerowers vir Peter Pan bedoel het, al sou sy moes sterwe. Omdat sy so lief was vir Peter Pan. Dit sou Wendy nie gedoen het nie, sy haat Wendy. Sy dans van graspol na graspol en haar voete brand nie meer nie. Sy sal ook gif drink vir iemand vir wie sy so lief is (Die reise van Isobelle, bl. 175).

Hierdie *sprokie*-gedagte bly by Isobelle totdat sy groot is. Sy is 'n tragiese romantiese figuur en is van kleins af bereid om enigiets vir die liefde op te offer. Min weet sy dat sy die res van haar lewe sal 'boet' vir haar ongeoorloofde liefde vir Hussein:

"Ek sou hom ook nie gelos het nie, as ek geweet het," sê Belle. "Ek sal niemand wat ek liefhet, los nie" (Die reise van Isobelle, bl. 302).

Isobelle het net een keer in haar lewe werklik lief, en dit is vir Hussein. Dit is geen middel tot 'n doel nie, maar ware liefde. Sy voel volmaak by hom, dit is die eerste keer dat sy waarlik haarself leer ken. Hierdie liefde en die omgewing waarin sy haar bevind, is besig om haar identiteit en selfbeeld te slyp:

Ek is anders as hulle. Dis hoekom ek hiernatoe gekom het. Ek weet nie wie my regte oupa is nie, ek weet nie eintlik wie ek self is nie. Ek wou hierdie oupa

> *kom vra. Vir my ander oupa was ek lief, maar dis nie genoeg nie. Net halfpad. Ek ken myself net halfpad. Hier by jou leer ek myself ken* (Die reise van Isobelle, bl. 324).

In haar dae saam met Hussein kom Isobelle se 'sprokieslewe' weer duidelik na vore. Sy voel nou soos die prinses wat ware liefde gevind het, selfs Hussein besef dit, maar min weet sy hoe tragies haar lewe sal verloop. Dit is ware liefde omdat Isobelle nooit weer iemand so intens sal liefkry nie. Dit is volgens Hussein bestem tot in alle ewigheid:

> *"Wat is dit wat my so oorweldig as ek by jou is?" vra sy sag. "Of weg is van jou? So iets, so 'n krag, ken ek nie." "Ek ook nie. Dit moet wees," en hy glimlag, "wat die storiemakers liefde noem." "Nee, veel meer," sê Belle. Sy lag saggies. "Dis aardskuddend…" Hy lag ook sag. "'n Natuurramp," sê hy. "Maar jy moet nie bang wees nie." Hy skuif sy wang saggies teen haar wang, op en af. Sy maak weer haar oë toe. "Dit wat tussen ons is," sê hy, "kan nie verbygaan nie. Dit is so bestem. Tot in ewigheid"* (Die reise van Isobelle, bl. 324).

Met haar reis in Europa ná die moord op Hussein, sien Isobelle by die Léman-meer in Genève 'n Indiese man wat haar aan Hussein herinner. Hy word op die ou end 'n plaasvervanger vir Hussein. Sy gee haarself vir die vreemde man, iets wat sy vir Hussein wou doen. Dit is natuurlik nie ware liefde nie, en laat haar meer onvervuld as tevore. Dit is slegs 'n middel tot 'n doel, maar so wil sy Hussein probeer terugbring:

> *Maar die oë waarmee hy na haar kyk, is nie die oë van haar beminde nie. Die oë loop nie warm en nat oor nie, hulle is onpersoonlik en berekenend, en die glimlag om sy mond is byna 'n grynslag. Sy vingers teen haar elmboë druk skerp in haar vleis in. Sy maak sy regterhand los van haar elmboog. Sy neem twee van die vingers en sit dit in haar mond, druk haar tande teen die naels; haar tong sleep oor die kussinkies, haar spoeg loop daaroor. Hy laat haar begaan. Met sy linkerhand maak hy haar knope los, trek haar klere af. Hy werk onhandig met sy eie klere. Sy lê op die bed, haar oë toe, sy vingers nog in haar mond. Net een keer ruk hy sy hand weg en druk dit teen haar ontblote*

> *bors, maar haar bors antwoord nie en hy laat haar die hand weer neem* (Die reise van Isobelle, bl. 349).

Die eerste keer dat Isobelle werklik met iemand praat oor die moord op Hussein, is met die vrou by die IRO (die Internasionale Vlugteling Organisasie). Sy het empatie met Isobelle, maar die woorde wat sy uiter, is nie vir Isobelle tot troos nie. Sy insinueer dat Isobelle se lewe nou volmaak is, nadat sy die krag van ware liefde beleef het:

> *Die grootste les wat mens moet leer oor sake van die hart, is dat hóé die emosie ontvang word, en of dit wederkerig is of nie, van minder belang is. Dis die intensiteit van die emosie wat belangrik is. En dis nie aan almal beskore om dit te beleef nie. Wees dankbaar dat jy een van dié was wat dit kon beleef. Die krag van passie. Dan het jy alles beleef* (Die reise van Isobelle, bl. 357).

Hussein se dood en die feit dat Isobelle afgesny word van haar mense, gee haar 'n gevoel van identiteitloosheid. Sy weet nie meer wie sy is nie. Sy is 'n buitestander wat smag om iewers te behoort, maar sy kan nie rus kry vir haar siel nie. Sy begin later dink aan Ozzie, want sy het te veel tyd om aan haar verlede te dink. Soms gee dit haar tog gemoedsrus:

> *Sy dink skielik aan Ozzie. Hoe hy gespot het toe hulle erewag gestaan het in Voortrekkerrokke en tuitkappies. Een van die meisies het omgekap. Die ouers wat toegekyk het, was ontsteld, want niemand wis wie se kind dit was nie. Die offisiere het haar weggedra. Ozzie het gesê: Julle lyk almal eenders, jy kan 'n pop aantrek en in jou plek staanmaak, niemand sal weet nie. 'n Pop in haar plek staanmaak… Maar dit was nie 'n pop wat Hussein liefgehad het nie. Dit was sy, haar kern. En jy is, soos die vrou in Genève gesê het, geseën om dit te vind. In die passie wat alles oorskry: jou kern, jou eienheid* (Die reise van Isobelle, bl. 365).

Deur Isobelle se neef Arnold ontmoet sy jare later vir Holtzhausen wat by die Tegniese Kollege klasgee. Omdat sy nooit weer so intens lief sal wees vir iemand soos vir Hussein nie, laat haar verhouding met Holtzhausen 'n mens wonder of sy werklik lief is

vir hom, en of sy dalk net alleen is en iemand soek om haar te ondersteun. Holtzhausen vra haar ook nie uit oor haar verlede nie, en dit pas haar. Sy raak later gewoond aan hom:

> *Sy begin, byna teësinnig, reken op sy besoeke; bespreek haar werk met hom. Hy't nie baie tyd nie. Waarom hy soveel werk moet byneem, weet sy nie. Hy's 'n wewenaar, het Arnold haar vertel, effens ouer as hulle, hy betaal nog af aan sy oorlede vrou se siekte. Kanker wat oor jare gestrek het. "En voor sy troue sy stiefma opgepas. Ek doen dit wragtig nie," sê Arnold. "'n Regte smartvraat, hy." Maar sy hou van hom, hy is nie 'n bedreiging nie. En hy deel haar geesdrif vir haar werk. Hy noem haar Bella* (Die reise van Isobelle, bl. 384).

Holtzhausen is vir Belle net 'n veilige beskutting teen die wêreld. Dit is slegs omstandighede wat hulle na mekaar dryf. Holtzhausen is dalk regtig lief vir Isobelle, maar vir haar is hy net 'n middel tot 'n doel. Isobelle is alleen en het bystand nodig. Daar is heelwat voorbeelde in *Die reise van Isobelle* wat daarop dui dat Isobelle en Holtzhausen se huwelik nie een van liefde is nie (veral uit Isobelle se oogpunt), maar 'n huwelik van vastigheid en sekuriteit en darem 'n bietjie geneëntheid:

> *Die menslike warmte, die beskerming van sy arms ontroer haar; die omgee, die omgee om háár ontwil, is 'n beskutting. Sy sit haar nie teen toe hy sy bril afhaal en toevou en op die tafeltjie langs haar bed neersit en dan teruglê op die bed nie… Is die skimme wat haar kamer gevul het, verban, of is hulle nog by haar? Is daar nou ander skimme? Sy is bewus van sy mond, sy lippe. Geleidelik begin haar lippe – so lank, hoe lank, tien jaar? Reeds dood – terugkeer tot die lewe… Haar liggaam is willoos. Wat moet wees, moet wees, dink sy… Sy voel: Ek was so lank alleen* (Die reise van Isobelle, bl. 419).
>
> *Dit was onvermydelik dat hulle sou trou* (Die reise van Isobelle, bl. 419).

Belle voel veilig by Holtzhausen, en die swangerskap bring hulle ook nader aan mekaar:

> *Belle is bly dat die troue klein sal wees. Haar geneentheid vir Holtzhausen is passief, maar sy voel geborge by hom. Hy is bedagsaam en liefdevol. As hulle alleen is, is sy hand teer teen haar buik. Dan bedek sy sy hand met hare. Ons sal goed saamleef, dink sy* (Die reise van Isobelle, bl. 423).

> *Geleidelik leer Belle haar man ken. Die swangerskap bring 'n gedwonge intimiteit wat vir mense van hulle jare lank sou duur om te bekom. Albei was lank alleen… Schalk, want dit is Holtzhausen se naam, hoewel niemand hom so noem nie, sal haar nooit seermaak nie. Daar bestaan in haar ook nie die moontlikheid om deur hom seergemaak te word nie. Skuldig daaroor voel sy nie. Sy kan hom gee wat sy siek vrou nie kon nie, 'n kind. En vastigheid* (Die reise van Isobelle, bl. 426).

6.2.3.4 *Ana-Paula*

Isobelle trou met Holtzhausen om 'n gewone lewe te kan lei en 'n bietjie vastigheid in haar lewe te kry, maar Ana-Paula trou met Carlos om van haar gewone lewe weg te breek en 'n meer avontuurlike lewe te kan hê. Ana-Paula is nie werklik lief vir Carlos nie. Hy was vir haar 'n verpersoonliking van 'n ander lewe, 'n beter lewe. Sy het na avontuur in haar lewe gesoek, en was dadelik aangetrokke tot hom, omdat hy van 'n 'vreemde' land kom. Hy was vir haar die enigste manier om uit haar vervelige bestaan te ontsnap:

> *Maar dié aand is dit vir haar iets vreemds en nuuts. Sy sou nie verbaas gewees het as hy koperoorringe in sy ore gehad het nie, of 'n papegaai op sy skouer. Dit was die breuk, die skeur in haar bestaan waarop sy aand na aand soveel jare lank gewag het. Het haar pa dit geweet? Is dit waarom hy dié aand, moeg, nie lus vir geselskap nie, senhor Carlos tog huis toe gebring het vir ete?* (Ons wag op die Kaptein, bl. 50).

Ana-Paula se ware gevoelens kom na vore wanneer hulle nog op die skip op pad Afrika toe is, wanneer sy teenoor haarself 'erken' dat sy Carlos net gebruik om die onbekende binne te vaar:

> *En Carlos? Hy is vir haar die simbool daarvan, die pad daarheen. Te na aan haar moet hy net nie kom nie. Daardie versperring wat sý is, moet behoue bly* (Ons wag op die Kaptein, bl. 58).

6.2.3.5 *Lottie*

Lottie is getroud, maar aan die begin van die roman kan die leser agterkom dat dit nie so goed met die huwelik gaan nie. Sy vertrek alleen op reis en dit is dan wanneer sy ontvoer word. 'n Man genaamd Schwartz is die ontvoerder, maar ironies genoeg wend sy haar weer tot hom wanneer sy geen ander heenkome het nie. Hy steel haar identiteitsdokumente en gee dit aan iemand anders, maar vir Lottie word hy later die lewenslyn waaraan sy verbete vasklou. Dit is slegs omstandighede wat hulle na mekaar dryf; 'n mens sou hier kwalik van aangetrokkenheid kon praat:

> *Hy het haar begin soen, teen die nek, teen die slape, op haar voorkop, op haar mond. Daar was iets onversadigs in hom. Sy het sy kop opgelig en die plek op sy mond wat geswel was, waar die bloed die vorige aand gelê het, saggies tussen haar lippe geneem en daarmee gespeel, sag, verskonend, helend. Hy het nie van liefde gepraat nie en sy ook nie. Hy was vir haar soos die brood of die wyn. Sy het hom geken met 'n vreemde kennis, maar haar liggaam het hom geken met 'n kennis so oud dat dit nie vir haar vreemd was nie* (Die Wahlerbrug, bl. 68).

Lottie raak egter geheg aan Schwartz, en na my mening verwar sy hierdie gehegtheid met liefde. Hy is die enigste mens in die vreemde land wat werklik weet wie sy is, want hy het immers haar identiteitsdokumente gesteel:

> *Dit bring weer die gedagte aan die man met wie hulle albei 'n verbintenis het. Waar is Schwartz? Jy weet meer van hom as ek. Maar sy wil nie dat die vrou haar vraag beantwoord nie, die woorde van liefde wat sy wil uitspreek, is te swaar, dit kan sy nie deel nie. 'n Verlange na hom stoot in haar op, 'n fisieke duiseligheid. Maar sy skud haar kop, asof sy die duiseligheid wil wegskud* (Die Wahlerbrug, bl. 77).

6.2.3.6 *Poppie*

Vir Poppie en Stone is dit nie liefde met die eerste oogopslag nie. Poppie raak egter gewoond aan sy besoeke en hierin kan sy vergelyk word met Isobelle wat gewoond begin raak aan Holtzhausen. Poppie word lief vir Stone, maar sy is nie gereed om te trou nie, en dit is asof Stone haar in 'n huwelik indwing. 'n Mens kan redeneer dat dit daarom nie ware liefde is nie, maar tog raak Poppie geheg aan en selfs lief vir hom:

> *Dis toe nou 'n hele troewel besigheid want ek het regtig nie gedink ek sal met hom trou nie en dit was maar net 'n speletjie en toe is hy serious en ek het nie gedink hy sal my kom vra nie, want ons praat dit nie uit nie. As die man van jou hou, gaan hy sy mense stuur, hy gee nie om of jy wil trou met hom en of jy nie wil nie, hy gaan jou vra. Daai tyd was ons bietjie dom* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 46).

Poppie het nie veel sê in die hele "troubesigheid" nie, want Stone het haar ouers gevra en hulle het haar op 'n manier gedwing om met hom te trou, want die lobola was klaar betaal. 'n Mens kan amper sê dat Poppie se huwelik vir haar ouers net 'n middel tot 'n doel is. Sodra sy trou kry hulle lobola en hoef hulle nie verder vir haar te sorg nie. Skielik besef Poppie wat besig is om te gebeur, en dat alles teen haar wil gedoen word:

> *Toe voel dit vir Poppie asof sy skrik. Asof sy die twee dae aan die slaap was en nie geweet het wat om haar aangaan nie. Want toe Katie praat toe weet sy dat sy nie weer huis toe gaan nie. Buti Plank, sê sy, maar hy is nie meer op die stoel langs haar nie. Hoedjie…Mosie… Maar hulle is nêrens nie. Moenie so huil nie, Sisi, sê Katie vir haar. Sy sien Poppie se trane afloop by haar wange en sy huil saam met Poppie. Wat het ek nou gedoen, Katie? vra Poppie* (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 49).

6.2.3.7 *Inacia Maria*

Dit is moeilik om die verhouding tussen Bonga en Inacia Maria te beskryf. Hulle is aangetrokke tot mekaar, maar Joubert suggereer dat hulle huwelik vir beide net 'n

middel tot 'n doel is. Joubert 'speel' met die idee dat die huwelik tussen Bonga en Inacia Maria nie op liefde gebaseer is nie, maar dat dit vir Bonga 'n manier is om grond te kry, en dalk vir Inacia Maria om uit haar omstandighede te ontsnap. Die omgewing en omstandighede dwing hulle dus na mekaar:

> *Nie dat sy so besonders was nie. Haar vookoms was gewoon: bietjie grof van bou, 'n lang gesig, donker hare; en die storie het rondgegaan onder die vrouens van Tete wat in die hitte en afsondering en verveling van die lang warm beenwit dae aangewese was op mekaar en op praatjies oor mekaar, dat sy koppig is, en buierig. Aan haar familie het hulle ook nie veel gehad nie: die pa het gedrink en haar ma was sieklik en het haar in 'n bokamer in die huis op die prazo teruggetrek en is selde gesien. Sy was die enigste kind. Maar wat nie misgekyk kon word nie, is dat die prazo of landgoed van haar pa, hoewel vervalle en verwaarloos, een van die grootste langs die regteroewer was. En naby Tete...*
>
> *Eintlik was daar op die verlate, sonbebakte oewerdorpie van die Zambezi, behalwe vir die swartes, min meisies van hubare ouderdom. Veral min wat grond besit het of sou besit. Weer by die meisie. Of die meisie én die grond?* (Bonga, bl. 9).

Soos die leser egter stelselmatig bekendgestel word aan Bonga en Inacia se verhouding en hoe dit ontwikkel het, kom 'n mens agter dat daar wel 'n aangetrokkendheid teenoor mekaar is.

6.2.4 Uiteinde van die verhouding

6.2.4.1 *Agnes*

Agnes en Stuart bly getroud tot Stuart se dood. Hulle huwelik kan as lou en gerieflik beskryf word tot aan die einde, en Agnes is nie eers werklik hartseer met Stuart se dood nie. Dit is asof sy net uitsien daarna om by Juffrou Marais te gaan bly, die vrou wat moontlik haar ma kan wees. Agnes suggereer ook dat sy nooit 'n gelukkige lewe

saam met Stuart gehad het nie, hulle huwelik het haar nie vervul nie. Dit is asof Agnes moed verloor het ten opsigte van die lewe en die liefde; sy aanvaar alles net gelate:

> *Ek dink die lewe is wat jy wil wees, nóú, nie wat jou verlede is nie. Jy moet ook nou vergeet van die getob, Belle. Dit bring mens nêrens nie… Vir my is dit oplaas maklik, en ek dink dit kom my toe. Ek wil nou by juffrou Marais gaan inwoon en haar lewe deel. Haar huis is die naaste aan waar ek ooit regtig tuis gevoel het* (Die reise van Isobelle, bl. 387).

6.2.4.2 *Isobelle*

Isobelle is soveel anders as haar ma. Alhoewel hulle beide 'n tragiese lewe lei, ervaar Isobelle een ding waarna haar ma haar lewe lank op soek bly, en dit is ware liefde. Isobelle en Hussein se verhouding is seker die mees tragiese van al die verhoudings in *Die reise van Isobelle*. Isobelle verloor die enigste ware liefde in haar lewe, volgens haar deur haar eie toedoen. Hussein word deur die Britse soldate vermoor omdat hy 'n verhouding met 'n blanke meisie het. Die uiteinde is dat Isobelle nie sonder Hussein kan funksioneer nie. Sy raak al hoe meer in haarself gekeer en tot en met haar dood kan niemand haar help nie (alhoewel sy later met iemand anders trou en 'n kind het). Die sterk invloed wat Hussein op haar lewe sal hê, kan vroeg reeds na sy moord gemerk word. In Europa 'verskyn' hy aan haar:

> *Dit was nog nie goed lig nie, toe hy daar staan. Haar deur was nie op knip nie. Miskien het sy hom tog verwag. Moenie moed verloor nie, sê hy, dit is nog nie verby nie. Ek is moeg, sê sy vir hom. Slaap gee nie rus nie. Ek weet. Sy sit regop op haar smal bed. Antwoord my, sê sy. Soms loop hy saam met haar, soms loop sy alleen* (Die reise van Isobelle, bl. 338).

Hierdie tragiese einde van Hussein is ook Isobelle se einde, alhoewel sy nog lewe. Sy is 'n buitestander en kan nie deel word van die wêreld rondom haar nie. Sy bly eensaam al is daar voortdurend mense rondom haar. As gevolg van haar verhouding met Hussein kan Isobelle nooit meer aan enigiemand verbonde voel nie. Sy besef dat sy van nou af aan 'alleen' deur die lewe sal gaan, en dit is ook die uiteinde van haar lewe:

> *Sy is verbaas oor hoe hierdie stil jong man haar peil. Maar ek is reeds afgesny van my wêreld, wil sy vir hom sê. Nog veel meer as dit: my mense is nie meer my mense nie* (Die reise van Isobelle, bl. 344).

Isobelle neem al hoe meer haar toevlug tot bioskope om van die pyn van haar eie bestaan te ontsnap en haar gedagtes te ontvlug. Sy raak byna verslaaf aan die stories op die skerm, want dit verdoof haar:

> *Die beelde flikker en neem vorm aan, sy word ingetrek in die goedkoop romantiese verhaal. Op die boot terug na Kaapstad was dit die bioskoopprente – dit weet sy nou – dwarsdeur die dag en elke aand in die salon, wat haar aan die gang gehou het. Die selluloïede liefdes en smarte, die vals emosies, lewe en dood, het haar soos opium verdoof. Soos Deanna Durbin haar verdriet verdoof het toe haar oupa dood is. Nou kan sy soveel soos sy wil, so dikwels as wat sy kan, in die donker neerdaal na hole wat stink na sigaretrook en lyfsweet, om weggevoer te word van haarself* (Die reise van Isobelle, bl. 383).

6.2.4.3 *Leo*

Waar Agnes en Isobelle die slagoffers is van omstandighede wat hulle lewens en verhoudings beïnvloed, is Leo die karakter wat haar eie omstandighede bepaal en self besluit dat daar nie vir haar 'n toekoms saam met haar geliefde is nie. Sy aard na haar tante, Leonora, wat besluit dat haar eie lewe vir haar belangriker is as om dit met iemand te deel. Alhoewel Fred Leo se een groot liefde in haar lewe is, kom daar 'n tyd dat sy besef dat hulle afskeid van mekaar moet neem. Dit is onvermydelik; hierdie keer kan die liefde nie hulle omstandighede oorkom nie. Fred lewe vir sy foto's, en Leo kom agter dat sy nie noodwendig eerste op sy lysie is nie:

> *"Ek bly maar hier," sê Leo die volgende oggend vroeg toe Fred gereed maak om weer met die boot uit te gaan. "Ek kan tog nie regtig foto's neem nie, ek's meer 'n las. Ek is moeg vandag." Sy lees, gaan stap, is lieftallig toe hy tuiskom, en het 'n warm ete gereed, maar êrens weet sy, het sy by 'n waterskeiding gekom* (Die reise van Isobelle, bl. 609).

Wanneer Leo uitvind dat sy swanger is, lyk die wêreld skielik vir haar anders. Sy moet egter eers 'n belangrike besluit neem. Is Fred belangrik genoeg vir haar om haar geliefde land te verlaat en haar kind in 'n vreemde land groot te maak, weg van haar mense? Wanneer Leo besluit om nie saam met Fred te emigreer nie, is dit asof daar 'n rustigheid oor haar kom. Sy stel dus haar liefde vir haar kind en haar liefde vir haar land bo haar liefde vir Fred. Sy styg bo die liefde uit, sy maak vrede met die verlies:

> *Fred, weet sy, sal weggaan. Sy dink aan sy antwoord op haar vraag destyds: Het jy kinders? 'Gelukkig nie.' Sy wonder oor sy eerste vrou. Doen sy hom onreg aan deur hom nie van die baba te vertel nie? Sy dink nie so nie, sy gun hom sy vryheid. En soos sy haar koffie sit en drink, in die onbekende kafee, neem sy haar voor: Ek sal die kind grootmaak hier in ons land. En as dit 'n dogtertjie is, sal ek haar Isobelle noem. Voluit Isobelle. Voluit. Voluit* (Die reise van Isobelle, bl. 616).

6.2.4.4 *Ana-Paula*

Ana-Paula van *Ons wag op die Kaptein* se voorneme is om 'n nuwe begin te maak in 'n nuwe land, en sy besluit om te emigreer. Haar en Carlos se verhouding vlot nie – reeds wanneer hulle op die skip is. Ana-Paula blameer Carlos en die omgewing daarvoor; sy kan nooit vrede maak met die feit dat hy by 'n swart vrou in 'n vreemde land kinders het nie en sy weier om vir hulle te sorg. Haar identiteit verander; sy is 'n buitestander in Angola en van die vrolike vrou met lus vir die lewe bly feitlik niks oor nie:

> *Weet jy hoekom ek gesterf het, hier by jou? Dis oor die swart kind, jóu swart-wit kind. Want ek is al klaar dood. Dis binne-in my dood, lankal. Ek weet nie wat goed is en wat kwaad is nie. En hoekom het dit binne-in my doodgegaan? Omdat jou twee swart-wit kinders my verdor het. En nou moet ek huil oor hom. Of nee, ék word nie gevra om te huil nie, net ék nie. Omdat hy my verdor het, is sy dood my geboorte…* (Ons wag op die Kaptein, bl. 104).

In die binneplein, nadat Carlos se twee mulatkinders deur die soldate op verskillende maniere vermoor word, 'breek' daar iets in Carlos en Ana-Paula. Hulle kan nou niks anders as die waarheid praat nie. Dit is dan wanneer Carlos erken dat hy nog al die jare lief gebly het vir 'Nga en sy twee mulatkinders, al wys hy dit nie. Dit beteken dus dat hy Ana-Paula om die bos gelei het en dat sy werklik 'n buitestander is:

> *"Ek weet nie. Ek weet nie wat liefhê is nie. Ek weet ek reageer so op haar en dit is goed, of dit is nie goed nie… en as ek weet dit is goed, beide vir haar en vir my, as dit herhaal word, dit behoefte word, is dit dan liefde?" "Ek het dit van jou weggeneem toe ek gekom het," fluister Ana-Paula. "Maar ek wou dat jy… dit was my begeerte dat jy sou…" "Ek kon nie. Nie toe nie." "Die nuwe begeerte… was goed." "Ek kon dit nie op die oue bou nie. Ek kon nie eens aanvaar dat die oue bestaan het nie." "Nee, jy kon nie aanvaar nie."… "Jy kon dit nie regkry om dit te aanvaar nie. Maar dit was nie jou skuld nie… en dis nou verby"* (Ons wag op die Kaptein, bl. 116).

6.2.4.5 *Lottie*

Lottie se verhouding met Schwartz het ook 'n tragiese einde, want hy word vermoor. Die leser weet ook nie wat met haar en Gieljam, haar man, gaan gebeur nie, maar die verhaal eindig beslis nie baie positief nie. Die boek eindig met die moord op Schwartz, en waar Lottie daar weggelei word. Scwartz is vir Lottie die verpersoonliking van haarself; hy het haar identiteit van haar weggeneem, met die gevolg dat hy die enigste persoon in die vreemde land is wat haar werklik ken en kan help. Na sy moord is sy net nog meer verslae en verward:

> *Teen die muur opgestoot, asof hy eers daarteen geleun gestaan het, soos sy nou doen, maar toe inmekaargesak het soos 'n lyf waarvan die stut ingegee het, het die liggaam van 'n man gelê. Sy het die groot los skouers gesien, die kop wat vooroor hang, asof hy moeg is en slaap. Hy was sonder jas, asof hy hierheen gedra was en teen die brugboog opgestoot was toe hy neergesit is… Sy het die hare en die neus herken of gedink dat sy dit herken. 'n Groot verlatenheid het oor haar neergesak en sy het saam neergesak, op haar knieë, langs die man. Sy het hom nie aangeraak nie. Sy het met haar hande in die*

sand weerskante van haar gedruk en haar liggaam het effens heen en weer gewieg soos die geluide in haar begin te kerm (Die Wahlerbrug, bl. 82).

6.2.4.6 *Poppie*

Stone word baie siek en sterf, en alhoewel hulle 'n hele ruk lank op verskillende plekke gebly het, tref dit Poppie nog baie swaar. Hulle was tog baie lief vir mekaar. Poppie is 'n sterk vrou met beheer oor haar emosies (miskien omdat sy die swaarkry van die lewe ken), en sy wys nie haar hartseer en vrees by haar man se begrafnis nie; sy moet sterk bly ter wille van haar kinders:

Die sing is anders as die hele nag sing in die kerk. Die sing is saamgedruk in die klein voorkamer, en hulle sing vir tata-ka-Bonsile wat dood is. In dieselfde kamer waar sy vir hom gesê het vier jaar terug: Nou kan ek nie meer nie, nou gaan ek weg. Maar nou is dit hy wat weggegaan het (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 174).

Poppie buk oor die kis. En die gevoel van swaarte is van haar af toe sy die klein, donker gesig sien, die spits neus, die lippe en mond. Ag, Liewe Jesus, wil sy sê, is dit jy, tata-ka-Bonsile? Sy vat met haar vingertoppe aan sy voorkop, so koud. Sy vat asof sy aan 'n vreemdeling se gesig vat, aan sy wange, aan sy mond. Sy wange is maer, sy gesig het klein en spits geword (Die swerfjare van Poppie Nongena, bl. 176).

6.2.4.7 *Inacia Maria*

Alhoewel Bonga en Inacia Maria 'n moeilike huwelik het, is die doop van hul seun 'n tipe 'versoeningsgebaar' van beide kante, maar Bonga word (net soos Hussein in *Die reise van Isobelle*) vermoor. Wanneer hy en Inacia Maria hulle seun wil laat doop, wag die soldate hulle by die kerk in, en Bonga word geskiet. Inacia Maria besef eers nie mooi wat gebeur nie:

> *Asof sy nie ten volle besef wat sy doen nie, verlaat sy die liggaam van Bonga en loop met die kind wat Micaela in haar arms gestoot het, agter hom aan, die paadjie af na die voorportaal waar die doopvont staan* (Bonga, bl. 150).

Maar tog is Inacia Maria lief vir Bonga, en sy besef hoeveel sy hom mis na sy dood. Hulle verhouding loop dus ook uit op 'n tragiese einde:

> *Sy het in die eerste paar weke ure elke dag op haar knieë voor dié kruis deurgebring, want sy het toe nog getreur oor Bonga en sy het gedink dit sou weer daardie oomblik saam met hom voor sy dood terugbring. Maar dit het nooit weer teruggekom nie. Sy't ook al amper vergeet hoe dit was. Maar dat dit daar was, weet sy* (Bonga, bl. 161).

6.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Agnes is nie lief vir Stuart nie. Sy trou met hom spesifiek om vastigheid aan haar lewe te gee en sodoende haar soeke na identiteit tot 'n einde te bring. Alhoewel hulle getroud bly tot Stuart se dood, het Agnes nooit 'n vervulde of gelukkige huwelik nie; dit kan eerder as lou en gerieflik beskryf word. Die een stadium in Agnes se lewe dat sy egter nie meer soos 'n buitestander voel nie, maar soos 'n volwaardige mens, is met haar kortstondige 'verhouding' met die perderuiter tydens die Groot Trek-gedenkfees. Hierdie man word die verpersoonliking van haar pa en die medium na haar verlede.

Leonora wil die huwelik nie slegs as 'n middel tot 'n doel gebruik nie, daarom trou sy nooit nie. Sy weet haar identiteit gaan in die slag bly as sy net trou omdat dit die man se begeerte is. Privaatheid is dus die belangrikste aspek in Leonora se lewe en sy is nie bereid om dit met enigiemand te deel nie.

Een van die min karakters wat opregte en ware liefde beleef, is Isobelle. Isobelle en Hussein het 'n kort, maar intense verhouding. Na sy dood weerhou Isobelle haar van enige liefde en raak ingetrokke tot so 'n mate dat sy psigiatriese hulp moet kry. Isobelle trou wel met Holtzhausen, maar dit is meer uit gewoonte en kameraadskap as uit liefde. Dit is vir haar slegs 'n middel tot 'n doel.

Leo is 'n vrou wat nie noodwendig met die konvensionele reëls en metodes saamstem nie. Hierdie anti-samelewing en kultuurgevoel is juis dit wat Leo en Fred aangetrokke tot mekaar laat voel. Die politieke situasie in die land versterk hulle verhouding (juis omdat hulle dieselfde oortuiginge het en dieselfde moeilike omstandighede beleef), maar dit is ook die omgewing wat hulle verhouding op die ou end laat skipper. Fred wil emigreer terwyl Leo weet dat sy nie in 'n vreemde land sal oorleef nie. Leo is die karakter wat haar eie omstandighede bepaal en self besluit dat daar nie vir haar 'n toekoms saam met haar geliefde kan wees nie. Sy stel dus haar liefde vir haar kind en haar liefde vir haar land bo haar liefde vir Fred.

Ana-Paula en Carlos is nie werklik lief vir mekaar nie. Hulle huwelik is slegs 'n middel tot 'n doel. Carlos is vir Ana-Paula die verpersoonliking van 'n beter lewe en die enigste manier om uit haar vervelige bestaan te ontsnap. Ana-Paula se buitestanderskap vergroot omdat sy vreemd is en omdat Carlos twee mulat-kinders het van wie sy nie geweet het nie. Haar identiteit verander en van die vrolike vrou met die lus vir die lewe bly niks oor nie.

Inacia Maria en Bonga is aangetrokke tot mekaar, maar Joubert suggereer dat hulle huwelik vir beide net 'n middel tot 'n doel is. Alhoewel Bonga en Inacia Maria 'n moeilike huwelik het, is die doop van hul seun 'n tipe 'versoeningsgebaar' van beide kante, maar Bonga word tydens die doop vermoor, en Inacia Maria kan nie meer teruggaan na haar eie mense nie; sy moet saam met Bonga se familie vlug. Sy is nie meer tuis by haar eie mense nie, maar bly ook die buistestander by die halfbloede.

Lottie vertrek alleen op reis, en 'n man genaamd Schwartz ontvoer haar. Die feit dat sy in 'n ander kultuur en omgewing sukkel om aspekte van haar huwelik en lewe saam met Gieljam op te roep, laat 'n mens wonder of hulle huwelik wel op ware liefde gebaseer is. Die vreemdheid stroop Lottie van alle pretensies en die leser sien 'n negatiewe prentjie van hulle huwelik. Schwartz gebruik Lottie deur haar identiteit aan iemand anders te gee; sy is vir hom net 'n middel tot 'n doel. Omdat Lottie egter die buitestander en vreemdeling is, wend sy haar weer tot Schwartz vir hulp. Hy is die enigste mens in die vreemde land wat haar ware identiteit ken.

Poppie weier eers om met Stone te trou. Sy voel die huwelik is vir haar ouers net 'n middel tot 'n doel, maar stelselmatig raak sy al hoe meer geheg aan en lief vir Stone. Stone se dood tref haar swaar, en sonder hom is sy die buitestander wat 'n lewe vir haar en haar gesin probeer skep.

Dit is duidelik dat die meeste vrouekarakters die liefde hartstogtelik en sintuiglik ervaar, dat hulle aan die begin gewoonlik 'n intense fisiese verhouding aanknoop. Maar in die geval van Agnes, Leo, Ana-Paula, Inacia Maria, Poppie en Lottie kwyn hierdie fisiese aangetrokkenheid, en soms wend hulle hulle dan tot verbode liefde. Dit is slegs Isobelle wat die krag van ware liefde en passie ervaar, maar sy is die een wat nie liggaamlik ten volle deel word van haar geliefde nie; sy bly onvervuld.

Kultuur en omgewing speel 'n groot rol in die vrouekarakters se liefdeslewe. Karakters soos Ana-Paula, Agnes, Lottie, Poppie en Inacia Maria se liefde 'kwyn' in die oorgang na 'n vreemde omgewing en daarmee saam gaan ook gepaard hulle verandering van identiteit. Isobelle en Leonora se liefde word versterk deur die omgewing. Isobelle assosieer byvoorbeeld die veld in Kenia, asook die Indiër-kultuur, met haar liefde vir Hussein. Joubert skryf nie baie oor Leonora se liefdeslewe nie, maar sekere suggesties word wel gemaak. Leonora se liefde hou verband met die omgewing waarin sy haar bevind. Sy assosieer die mooi Kaapse omgewing en die stormweer met haar liefde vir die visserman en sy is ook tydens haar verblyf in Europa betrokke by 'n verhouding met 'n man.

Die vrouekarakter wat ware en opregte liefde beleef, is Isobelle (hoewel net vir 'n kort rukkie). Die ander vrouekarakters se verhoudings is telkens net 'n middel tot 'n doel. Hulle gebruik dit om hulle identiteit en selfbeeld te versterk, of om weg te vlug van hulle omstandighede. Ware liefde is die meerderheid vrouekarakters in Joubert se romans nie beskore nie.

Dit is interessant dat die volgende mans in Joubert se vyf gekose romans vermoor word of sterf: Hussein, Bonga, Schwartz, Carlos, en Stone. Byna al die vrouekarakters oorleef die mans in hulle lewens, hulle kan niks aan die dood of aan die verhouding as sodanig verander nie, en hulle is slagoffers van die liefde. *Die reise*

van Isobelle eindig egter positief met die karakter Leo. Sy is die enigste karakter wat haar omstandighede bepaal. Leo is nie 'n slagoffer nie, maar 'n oorwinnaar.

HOOFSTUK 7: SLOT

In hierdie studie is die ooreenkomste en verskille tussen die vrouekarakters in die geselekteerde romans van Elsa Joubert aangetoon met die fokus op ruimte en identiteit. Daar is ook vasgestel in watter mate die aspekte *omgewing*, *kultuur* en *liefde* 'n rol speel in die identiteitsbelewing en identiteitsvorming van die vrouekarakters in die romans *Die reise van Isobelle, Ons wag op die Kaptein*, *Die Wahlerbrug*, *Bonga* en *Die swerfjare van Poppie Nongena*.

Hoewel Joubert se romans "realisties" is met betrekking tot ruimtelike plasing en ten opsigte van die identiteitsproblematiek in spesifieke historiese periodes, is die trefwydte van die tematiek veel groter. Daar kan selfs gepraat word van identifisering met die karakters op grond van die universele aard van hulle ervarings.

Volgens die postmodernisme en die dekonstruksie kan tekste nie alleen staan nie, want die leser het 'n aantal voorveronderstellings oor die tekste nog voordat hy/sy dit lees. Die betekenis van die teks is dus afhanklik van die verhouding tussen die leser en die teks. Die teks kan dus nie op sigself as 'waar' gesien word of geïsoleer word tot 'n outonome eenheid nie, want die skrywer en leser is deel van die veranderlikheid en die 'lewe' van die teks.

Teorieë soos die postmodernisme, dekonstruksie en tendense van New Journalism kom in Elsa Joubert se werke na vore. Joubert het inligting ingesamel vir *Ons wag op die Kaptein, Bonga, Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Die reise van Isobelle*, maar die feite word vertolk en omskep tot 'n roman. Sy gebruik dus 'n gedokumenteerde weergawe van gebeure wat sy vertolk en lewer dan eietydse, sosiaal-relevante kommentaar daarop. Die teks transendeer die feitelike aspekte en gee die leser 'n beeld van die algemeen-menslike.

Die New Journalism hou verband met die historiese roman, maar is in wese postmodernisties. Dele en brokkies van ouer tekste (soos dokumente of berigte) word saamgevoeg om 'n 'nuwe' roman te vorm waar daar intens op die hede gefokus word. Hierdie soort historiese roman wil dus nie net 'n betroubare beeld van die geskiedenis gee nie, maar wil die universele probleme daarvan na vore bring en 'n bydrae tot

politieke verandering lewer. *Die reise van Isobelle* en *Ons wag op die Kaptein* is goeie voorbeelde hiervan.

In die bespreekte romans dra alle omstandighede, situasies en die tydsgees daartoe by om 'n persoon se identiteit te vorm, en hieruit kan afgelei word dat *identiteit, ruimte* en *tyd* nie van mekaar geskei kan word nie. *Ruimte* is 'n aspek wat aktief deel uitmaak van die verhaal en ook verband hou met die *reismotief*. Elsa Joubert het 'n indrukwekkende bydrae as reisboekskrywer gelewer: haar reisprosa is informatief, beskrywend en epies, en sy neem haar reisverhale 'n stap verder deur ook reisromans te skryf. Joubert het al die eienskappe van die skrywer van 'n reisverhaal, naamlik nuuskierigheid, noukeurigheid van waarneming, die gawe om die essensiële raak te sien en ook verdraagsaamheid, en vooroordele ontbreek ook by haar, maar sy het ook 'n wyer visie van die mens in sy tyd.

Joubert se 'probleem' as wit vroueskrywer is dat sy nie die botsende Europese en Afrikaruimtes kan ignoreer nie, ook nie die feit dat dit soms 'n identiteitskrisis veroorsaak nie. Sy bly subjektief by albei wêrelde betrokke as gevolg van haar kulturele agtergrond, persoonlike voorkeure en tydsbelewing. Dit is wel miskien makliker vir Joubert om oor wit vrouekarakters te skryf omdat haar ervaring en haar siening van die vrou berus op 'n dieper begrip van hoe hierdie vroue van Europese herkoms Afrika ervaar.

7.1 TEMAS UIT JOUBERT SE WERK

Uit hierdie studie is dit duidelik dat daar oor die algemeen 'n voortdurende soeke na en bekommernis oor identiteit by vroueskrywers is, soos beskryf deur Benjamin (soos aangehaal deur Curti, 1998:37) en De Beauvoir (soos aangehaal deur Hunter, 1990:189). Hierdie bekommernis oor identiteit begin veral in Suid-Afrika in die sewentigerjare na vore kom wanneer die vroueskrywers fokus op temas soos ras-, geslags- en klaskonflikte, asook op politieke spanning.

Elsa Joubert is geen uitsondering nie, en die tema wat regdeur haar oeuvre op die voorgrond tree, is die wyse waarop mense van verskillende kulture en rasse 'n weg

moet vind om in vrede saam te leef. Joubert vertel in *Die reise van Isobelle* die landsgeskiedenis vanuit 'n vroulike perspektief, grootliks omdat sy self 'n vrou is, en ook omdat sy 'n voorstander is van die emansipasie van 'n patriargale samelewing tot 'n vry en onafhanklike samelewing. Joubert probeer dus die posisie van die vrou verander, sonder om die man se belangrike posisie in die vrou se lewe te ignoreer.

Op grond van die tematiek kan sommige van Joubert se werke as feministies beskou word, veral omdat sy 'n unieke vroulike belewenis en skryfwyse beoefen. Sy skryf uit 'n volgehoue vroulike oogpunt oor temas soos reis, natuur, politiek, seksualiteit en die verhouding met ander, en dit is duidelik dat haar opvoeding, sosiale milieu en geslag haar ingesteldheid teenoor haar skryfwerk bepaal. Alhoewel Joubert sekere kenmerke van die universele feminisme vertoon, toon haar werke groter ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse lokaal-politieke feminisme. By laasgenoemde protesteer die vrou as vrou teen die onderdrukking van mans én vroue in 'n spesifieke politieke situasie. Joubert het dus 'n unieke (Suid-Afrikaanse) feministiese bewussyn en 'n intuïtiewe benadering tot vrouetekste.

Uit die analise van Joubert se romans kom die volgende temas ook duidelik na vore:

- **Skuld**, wat onreg, vergelding en die invloed van die siening van die gemeenskap op die individu insluit.
- **Die verhouding tussen wit en swart** wat in onbegrip, liefdeloosheid, en die halfbloed/kleurling manifesteer.
- Liefde, hartstog, onbegrip en wraak wat saamgevat word as **die verhouding tussen man en vrou.**
- **Geloof** is ook 'n belangrike tema, en dit sluit in Christen teenoor heiden, noodlot en die lotsbestemming van die mens. Joubert is ook bekend vir haar temas oor die speurtog na die verlede, wat historiese en persoonlike geskiedenisse insluit. Sy fokus ook op die Afrikaner, die belewenisse van vroue en die hartstogte wat hulle dryf en sin gee aan hulle bestaan.

7.2 SAMEVATTENDE BESKOUING VAN DIE BELANGRIKE VROUEKARAKTERS

Nadat verskillende fasette van die vrouekarakters in die gekose vyf romans van Elsa Joubert bespreek is, word vervolgens 'n samevattende bespreking van elke karakter gegee.

7.2.1 Leonora

Leonora se karakter kan die beste opgesom word in Leo se woorde: *Tannie was die baanbreker, teen die hele familie in, met tannie se swart lint om die bors by die Parlementsgebou. Tannie het geweet waartoe dit alles sou lei. Tannie is uiteindelik beloon* (Die reise van Isobelle, bl. 589).

Leonora is van kleins af koppig en konformeer nie met haar familie se sienings nie. Alhoewel Leonora 'n sterk en slim vrou is wat haar eie besluite neem, bly sy rusteloos. Sy is nie gelukkig met haar alledaagse lewe nie en wil wegkom van haar gewone en 'vervelige' bestaan. Sy verander gedurig van werk en skool omdat sy vasgekluister voel as sy te lank op een plek bly. Derhalwe gaan Leonora kort-kort op reis omdat dit al is wat die lewe vir haar draaglik maak. Sy bly soekend na geloof, kalmte van gees en die doel van die lewe – sy is 'n *toeris* van die lewe.

Privaatheid is 'n baie belangrike deel van Leonora se lewe, sy voel so sterk oor haar eie privaatheid dat sy maar min verhoudings aanknoop en nooit trou nie. Daar is tye dat sy bedruk daaroor voel, want dit voel vir haar asof sy nie hartstog het nie. Maar sy wil nie die huwelik net as 'n middel tot 'n doel gebruik nie. Sy weet haar identiteit gaan in die slag bly as sy trou net omdat dit die man se begeerte is.

Leonora ondervind probleme met die Calvinistiese godsdiens van die samelewing en bly soek na haar pa se soet ervaring van geloof en berusting. Alhoewel sy nog soms twyfel, is daar 'n deel van haar wat in God glo. Aan die einde van haar lewe (in haar tagtigerjare) vind sy wel berusting, rus en vrede.

Leonora is duidelik 'n buitestander. Sy is nooit gelukkig met haar omstandighede nie, want sy is altyd op soek na iets meer, en sy kan ook nie konformeer met die kultuur van die samelewing nie.

7.2.2 Agnes

Agnes worstel met 'n swak selfbeeld. Sy is deurentyd op reis en op soek na liefde, identiteit en die doel van haar lewe. Sy soek haar lewe lank na 'n plek en 'n kultuur wat sy haar eie kan maak, maar dit is haar nie beskore nie. Agnes kom dalk 'konformerend' voor, maar daar is tye dat sy tog teen haar omstandighede rebelleer, want haar lewe is 'n leuen. Agnes se identiteitloosheid oorheers alles in haar lewe en maak dat sy afsydig teenoor haar man en kinders word, sodat hulle nie 'n gelukkige gesinslewe het nie.

Agnes trou spesifiek om vastigheid aan haar lewe te gee en sodoende haar soeke na identiteit tot 'n einde te bring. Agnes het nooit 'n vervulde of gelukkige huwelik nie; dit kan eerder as lou en gerieflik beskryf word.

Na Stuart se dood en wanneer sy by juffrou Marais gaan bly en haar versorg, voel sy die eerste keer of sy iewers behoort en haarself kan wees. Maar sy bly die buitestander – sy sterf alleen en op 'n grusame manier. Agnes bly haar lewe lank 'n reisiger (*toeris*) en kan nie haar verbinding met haar pa en haar lewe in Kenia verbreek nie.

7.2.3 Isobelle

Isobelle se karakter is die ongelukkigste en mees tragiese van al die karakters; sy is absoluut 'n slagoffer van kultuur en historiese en politieke omstandighede. Die samelewing laat haar in so 'n mate in die steek dat sy niks anders kan doen nie as om haar identiteit en selfbeeld volkome prys te gee.

Alhoewel Isobelle se lewe baie rooskleurig begin, eindig dit in ongekende teleurstelling en hartseer. Sy raak verlief op Hussein, 'n Indiese man, en besef dat sy haar ware identiteit by hom ontdek. Hulle het 'n kort, maar intense verhouding, en na Hussein se

moord sukkel sy met depressie, skuld en verlange. Sy voel haar volk en kultuur verraai haar, en sy maak 'n wilsbesluit om haar van alles en almal te distansieer. Isobelle weerhou haar van enige denke, sy gaan al hoe meer agteruit, in so 'n mate dat sy psigiatriese hulp moet kry. Isobelle konformeer met haar ongelukkige omstandighede en raak manies-depressief.

Isobelle trou wel met Holtzhausen, maar dit is meer uit gewoonte en kameraadskap as uit liefde. Alhoewel Holtzhausen opreg lief is vir Isobelle, is hy vir haar net 'n veilige beskutting teen die wêreld en dus 'n middel tot 'n doel. Sy is 'n *toeris* en buitestander in haar eie land en haar lewe raak niksseggend.

7.2.4 Leo

Leo se naam is nie verniet van die woord *leeu* afgelei nie, soos Fred sê: *Nie Leo vir niks nie...* (Die reise van Isobelle, bl. 554). Sy is die karakter wat die meeste groei van al die vroue in hierdie studie. Tydens haar universiteitsjare steur Leo haar nie veel aan die politieke situasie nie, maar wanneer sy betrokke raak by die straatkinders wat in haar houthuis intrek, verander haar lewe lank asook haar politieke denke. Sy begin teen die regime rebelleer.

Leo se eksterne beeld en haar denkwyse verskil, want as wit Afrikanervrou verwag min mense dat sy teen die regering sal rebelleer. So word sy 'n *toeris* omdat sy nie met die landswette en die meerderheid witmense kan saamstem nie, en sy betaal 'n prys daarvoor deur tronk toe te gaan. Alhoewel sy 'n sterk gees het, verloor sy moed in die tronk omdat dit vir haar voel asof haar menswees (identiteit) en menseregte van haar weggeneem word. Dit neem haar omtrent vyf jaar om weer normaal met haar lewe voort te gaan en die gevoel van buitestanderskap af te skud.

Wanneer Fred Leo voor 'n keuse stel om te emigreer, plaas dit geweldige druk op haar. Leo vind egter uit dat sy swanger is, en besluit om in Suid-Afrika agter te bly (*inwoner*). Leo bly positief en alhoewel sy haar geliefde 'verloor', sien sy uit na die toekomstige lewensreis saam met haar dogter. Sy neem dus hulle toekoms in eie hande. Sy neem 'n doelbewuste besluit om in die land te bly en haar kind hier groot te maak.

In die heel laaste deel van die roman word baie aandag gegee aan die begrip 'vorentoe', wat impliseer dat 'n positiewe toekoms wag. Leo sit in 'n koffiewinkel en sien die mense vorentoe verbystap. Sy voel 'n verantwoordelikheid teenoor die kind in haar, maar ook 'n *verantwoordelikheid teenoor die geslagte wat verby is en die geslagte wat kom... Dat sy en haar kind soos die voete op die sypaadjie bo haar aan die loop is, vorentoe, elke tree vorentoe, in geloof* (Die reise van Isobelle, bl. 616).

Leo is 'n moderne vrou wat haar eie besluite neem en haar nie deur eksterne elemente laat onderkry nie. Veral Leo se karakter bevestig dat die omstandighede aan die verander is. Vroue is nie meer uitgelewer aan alles wat tot hulle gerig word nie. Hulle kan ook besluite neem vir die toekoms.

7.2.5 Lottie

Lottie van *Die Wahlerbrug* is getroud, maar aan die begin van die roman kan die leser agterkom dat dit nie so goed gaan met die huwelik nie. Sy vertrek alleen verder op reis, en 'n man genaamd Schwartz ontvoer haar. Sy raak heeltemal verlore in die vreemde Europese land sonder haar besittings en papiere. Haar selfbeeld en identiteit word dus 'gekoppel' aan haar identiteitsdokumente, en daarsonder is sy die buitestander. Lottie se persoonlikheid en gemoed wissel tussen selfstandig en hulpeloos, maar sy verloor op die ou end haar selfversekerdheid en verkeer in 'n persoonlikheidskrisis.

Schwartz gebruik Lottie vir besigheid. Hy gee haar identiteit aan iemand anders, en sy is vir hom net 'n middel tot 'n doel. Maar omdat Lottie die buitestander en vreemdeling is, wend sy haar weer tot Schwartz vir hulp. Hy is die enigste mens in die vreemde land wat haar ware identiteit ken. Dit gaan so sleg met haar dat sy op die ou end bloot op soek is na erkenning van haar bestaan en na medemenslikheid. Sy kan nie anders as om met haar omstandighede te konformeer nie.

7.2.6 Inacia Maria

Inacia Maria trou met Bonga, die halfbloed, omdat sy graag iewers wil behoort en wil wegkom van haar eensame bestaan. Sy voel selfs soos 'n *toeris* in haar eie kultuur. Inacia Maria en Bonga is wel aangetrokke tot mekaar, maar Joubert suggereer dat die huwelik vir beide net 'n middel tot 'n doel is.

Inacia Maria verruil haar eie kultuur vir 'n vreemde kultuur en omgewing wanneer sy met Bonga trou. Sy konformeer dus met haar omstandighede. Bonga word tydens sy en Inacia Maria se seun se doop vermoor, en Inacia Maria kan nie meer teruggaan na haar eie mense nie. Sy moet saam met Bonga se familie vlug. Omdat haar man deur haar eie mense vermoor is, beleef Inacia Maria 'n soort identiteitskrisis; sy is nêrens meer welkom nie. Sy is nie meer tuis by haar eie mense nie, maar bly ook die buistestander ten opsigte van die halfbloede.

7.2.7 Ana-Paula

Ana-Paula trou net met Carlos om van haar vervelige bestaan in Portugal te ontsnap. Hulle is nie werklik lief vir mekaar nie. Ana-Paula kan nie die werklikheid in Angola hanteer nie; sy bly 'n buitestander en vreemdeling in Angola en kan nie gewoond raak aan die natuur of aan die mense nie. Sy rebelleer aan die begin teen haar ongelukkige omstandighede, maar sy kan dit nie volhou nie en moet op die ou end konformeer.

Ana-Paula se buitestanderskap vergroot omdat Carlos twee mulat-kinders het van wie sy niks geweet het nie, en sy sukkel om swanger te raak. Haar identiteit verander en haar lewe eindig tragies.

7.2.8 Poppie

Reeds wanneer sy nog maar 'n kind is, kry Poppie te doen met mense se sienings oor klas- en kultuurverskille (en ook met buitestanderskap). Poppie word ook later van haar eie kultuur vervreem omdat sy in 'n huwelik met Stone ingedwing word (alhoewel sy later lief word vir hom). Dan kom 'n verdere vernedering en buitestanderskap

wanneer die regering die paswette instel en die swartes hulle huise en blyplekke moet opgee. Hierdie eksterne omstandighede dwing Poppie om nie meer teen die bestel te rebelleer nie, en sy kan later nie anders nie as om dinge gelate te aanvaar en moed op te gee.

Poppie het voor haar probleme met die wet 'n sterk persoonlikheid, karakter en selfbeeld, maar sy kan nie vrou-alleen teen die bestel rebelleer nie. Poppie Nongena doen alles in haar vermoë om 'n *inwoner* te bly, maar die nuwe apartheidswetgewing dwing haar om 'n *toeris* te word.

7.2.9 Gevolgtrekking

Uit hierdie bespreking volg dat vroue van die vroegste tye reeds moes konformeer met die bestaande kultuur. 'n Bepaalde soort gedrag en selfs denke word volgens die maatstawwe van die tyd van hulle verwag. Die lewens van vrouekarakters in hierdie romans van Elsa Joubert wat met hulle omstandighede konformeer, het 'n ongelukkige einde of loop op iets tragies uit. Dit is die geval met Agnes, Isobelle, Lottie, Poppie, Inacia Maria, en Ana-Paula.

Ana-Paula, Inacia Maria en Poppie het baie min sê oor hulle eie lewens. Lottie het wel meer, maar sy is nogtans 'n slagoffer en baie afhanklik. Hierdie vroue leer oorlewingstrategieë aan, soos ook Emma en Agnes. Isobelle dink vryer maar sy is haar tyd vooruit en word 'n slagoffer van die sterk politieke en ideologiese stelsel wat die uitkyk van die gemeenskap oorheers.

Die omgewing beïnvloed al die vrouekarakters in so 'n mate dat hulle in sekere stadiums van hulle lewens buitestanders word. Die enigste karakter wat beheer oor haar eie lewe neem ten spyte van die omgewing, is die karakter Leo. Al die vrouekarakters in *Die reise van Isobelle* het ook op die een of ander stadium van hulle lewens 'n fisiese reis onderneem – hetsy in Afrika of oorsee, maar die geestelike reise en die geestelike groei tydens die reise is die belangrikste. Agnes se lewe is 'n reis op soek na haar identiteit en Isobelle se reis na Kenia besorg aan haar die grootste vreugde maar ook die grootste hartseer in haar lewe. Leonora reis haar lewe lank op

soek na die sin van die lewe, en net Leo besluit om, ten spyte van 'n swaar tyd in die land, tog nie te 'reis' nie. Sy besluit om in Suid-Afrika te bly.

Poppie, Inacia Maria, Lottie en Ana-Paula reis na 'n totaal ander omgewing en ook 'n ander kultuur, spesifiek omdat hulle trou en saam met hul mans gaan bly. Hulle identiteit gaan in die vreemde omgewing verlore, en die lewe eindig tragies vir al vier hierdie vroue.

Die vrouekarakters in die studie wissel tussen *toeris* en *inwoner* wees. Hulle streef na *inwonerskap* – om te behoort, maar gewoonlik bly hulle net *toeriste*. Leo neem 'n definitiewe besluit om 'n ware *inwoner* te word. Omdat sy tuis voel in Suid-Afrika en lief is vir die land, besluit sy om nie te emigreer nie; sy is 'n *inwoner* van Suid-Afrika.

Poppie, Inacia Maria, Lottie en Ana-Paula bly almal *toeriste* in die vreemde land en vreemde kultuur. Hulle kan nie met die omgewing of die mense saamleef nie, want hulle bly vreemd en voel soos buitestanders.

Godsdiens speel ook 'n groot rol in die romans. Poppie Nongena is al moedeloos omdat sy heen en weer gestuur word en uiteindelik haar eie omgewing moet verlaat, maar dit is haar geloof wat haar hoop en moed gee om voort te gaan. In *Die Wahlerbrug* is die nagmaal as simbool duidelik teenwoordig. Schwartz gee vir Lottie brood en wyn om haar te versterk vir die moeilike tye wat voorlê. Leonora is haar lewe lank op soek na geloof soos dié van haar pa, maar vind eers berusting in haar oumensjare. Ana-Paula en Inacia Maria keer hulle weg van hulle eie godsdiens en neem deel aan swartkuns.

Dit is duidelik dat die meeste vrouekarakters die liefde hartstogtelik en sintuiglik ervaar, en dat hulle aanvanklik gewoonlik 'n intense fisiese verhouding het. Maar in die geval van Agnes, Leo, Ana-Paula, Inacia Maria, Poppie en Lottie kwyn hierdie fisiese aangetrokkenheid, en soms wend hulle hulle dan tot verbode liefde. Dit is slegs Isobelle wat die krag van ware liefde en passie ervaar, maar sy is die een wat nie liggaamlik ten volle deel word van haar geliefde nie; sy bly onvervuld. Sy word ook die ergste verwond deur haar liefdeservaring.

Kultuur en omgewing speel 'n groot rol in die liefdeslewe van die vrouekarakters. Karakters soos Ana-Paula, Agnes, Lottie, Poppie en Inacia Maria se liefde 'kwyn' in die oorgang na 'n vreemde omgewing en daarmee saam verander hul identiteit. Isobelle en Leonora se liefde word versterk deur die omgewing. Isobelle assosieer byvoorbeeld die veld in Kenia, asook die Indiër-kultuur met haar liefde vir Hussein. Joubert skryf nie baie oor Leonora se liefdeslewe nie, maar sy suggereer heelwat. Leonora se liefde hou verband met die omgewing waarin sy haar bevind – sy assosieer die mooi Kaapse omgewing en die stormweer met haar liefde vir die visserman. Sy is ook betrokke by 'n man in Europa tydens haar verblyf daar.

Vroue gebruik verhoudings om hulle identiteit en selfbeeld te versterk, of om weg te vlug van hulle omstandighede. Die meerderheid vrouekarakters in Joubert se romans is nie ware liefde beskore nie. Al is die liefde en die verhoudinge met mans dikwels 'n manier om te kry wat hulle nodig het, is dit 'n baie sterk tema dat vroue verskeur staan tussen die plek en die kultuur waarin hulle geborge voel en die liefde vir 'n man wat van hulle eis om die vreemde te betree. Hierdie oorgang of uitdaging word nie altyd suksesvol hanteer nie. Trouens, dit is telkens (by Ana-Paula, Inacia Maria, Poppie, Agnes, Isobelle en Lottie) die sentrale konflik waaruit ander trauma ontwikkel.

Dit is interessant dat die manlike karakters in Joubert se vyf gekose romans óf vermoor word óf sterf: Hussein, Bonga, Schwartz en Carlos word vermoor en Stone sterf. Omtrent al die vrouekarakters oorleef die mans in hulle lewens. Hulle kan niks aan die dood of aan die verhouding as sodanig verander nie, en hulle is slagoffers van die liefde.

Die twee karakters wat 'n toekoms vir hulleself oopveg en op die ou end 'n mate van geluk en berusting vind, is Leonora en die jonger Leo. Die twee karakters laat hulle nie voorsê nie en steur hulle nie aan die norme en waardes wat hulle nie aanvaar nie. Hulle wêreldsiening verskil ook drasties van dié van die ander – hulle sien onregverdigheid en onderdrukking raak en wil iets daaraan doen, hoewel nie vir eie gewin nie.

Leonora is die eintlike baanbreker, maar sy is ook verstandig en kan dus 'n relatief stabiele lewe lei deur haar vindingryke maniere tot selfverwesenliking. Sy bly ook

wellewend en liefdevol – haar vader se liefde en haar liefde vir hom bly regdeur haar lewe 'n belangrike faktor.

Leo is die eietydse bevryde vrou. Sy neem beheer oor haar lewe en behou dit, maar ironies genoeg, is haar verantwoordelikhede dan ook groter. Daar sal groot eise aan haar gestel word om as alleenouer en vrou-alleen die uitdagings van die nuwe Suid-Afrika te trotseer.

Vir Isobelle, Agnes, Poppie, Inacia Maria, Ana-Paula en selfs Leonora bestaan die lewe uit stryd, uit moeilike keuses, magteloosheid en min vervulling. *Die reise van Isobelle* eindig egter positief met die karakter Leo. Sy is die enigste karakter wat haar lewe bewustelik beheer. Leo is nie 'n slagoffer nie, maar 'n oorwinnaar. Sy gee die leser hoop vir die toekoms en is die verpersoonliking van die nuwe, bevryde vrou.

Uit hierdie vergelyking blyk Joubert se uitnemende historiese aanvoeling, veral vir die subtiele veranderinge in lewensuitkyk. Joubert behandel al haar karakters as volledige en waardige mense, ongeag herkoms, ras of sosiale status. Haar insig in selfs 'n verhouding soos dié van Bonga en Inacia Maria toon in watter mate sy buite haarself en die beskutte grense van haar eie lewe kan tree en mense van binne-uit beskryf. 'n Mens kan praat van die skrywer as reisiger en ontdekker van die psige van andersoortige mense.

In Joubert se romans is persoonlikheid, identiteit en kultuur, politiek, ideologie en ruimte alles heg vervleg. Daaruit blyk Joubert se onfeilbare historiese aanvoeling. Die gehalte en grootsheid van die romans lê juis in die digtheid van die vertelling – die karakters oortuig as volledige meerdimensionele persoonlikhede wat leef in en groei uit die tydsomstandighede en hulle omgewing.

BIBLIOGRAFIE

ANON. 2001. De opkomst van het feminisme. *Absolute Facts.nl* [Web:] http://www.absofacts.com/geschiedenis/data/feminisme.shtml. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

TAFELBERG. 1999. Elsa Joubert. *Ons skrywers.* [Web:] http://www.tafelberg.com/skrywers/ejoubert.html. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

BENNETT, J. & FRIEDMAN, M. 1997. White women and racial autobiography. *Agenda,* 32:49-55.

BEUKES, S.M. 1982. Die skryfkuns van Elsa Joubert. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – MA.)

BOTHA, A. 1980. Elsa Joubert: In haar skryfwerk maak sy vriende van vreemdelinge. *Die Transvaler:3*, Des. 11.

BOTHA, E. 2000. Die skryfjare van Elsa Joubert : beeld van 'n skrywer. *Rooi Rose,* 58(17):146-148, Aug.

CLEARY, A. 2000. Nova Scotia's "new journalism". *King's journalist review.* [Web:] http://journalism.ukings.ns.ca/kjr/cleary.htm. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

CLOETE, T.T. *red.* 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr.

CURRY, M & EAGLES, M. 2001. Place and Identity in an age of technologically regulated movement. [Web:] http://www.ncgia.ucsb.edu/varenius/place/description.html. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

CURTI, L. 1998. Female stories, female bodies: narrative, identity and representation. London : Macmillan.

DE JONG, M. 1992. Feminisme. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 123-128.)

DODD, C.H. 1995. Dynamics of intercultural communication. Dubuque : Brown Communications.

EVERNDEN, N. 1996. Beyond Ecology: Self, Place, and the Pathetic Fallacy. (*In* Glotfelty C, & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. 92-104.)

GLOTFELTY, C. 1996. Introduction: Literary Studies in an Age of Environmental Crisis. (*In* Glotfelty & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. iii-xxiii.)

GROBLER, H. 1978. Dié boek 'n volwaardige roman. *Hoofstad*:8, Des.

HAMBIDGE, J. 1992. Dekonstruksie. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 67-69.)

HEESE, M. 1981. *Melk* deur Elsa Joubert. *Die Transvaler:*9, Des. 1.

HOFSTEDE, G. 1997. Cultures and organizations: Software of the mind. New York : McGraw-Hill.

HOWARTH, W. 1996. Some Principles of Ecocriticism. (*In* Glotfelty & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. 69-91.)

HUNTER, E.S. 1990. A sense of place in selected African works by Doris Lessing: read in conjunction with novels of education by contemporary white Southern African women writers. Kaapstad : UCT. (Verhandeling – MA)

JOUBERT, E. 1963. Ons wag op die Kaptein. Kaapstad : Tafelberg.

JOUBERT, E. 1969. Die Wahlerbrug. Kaapstad : Tafelberg.

JOUBERT, E. 1971. Bonga. Kaapstad : Tafelberg.

JOUBERT, E. 1978. Die swerfjare van Poppie Nongena. Kaapstad : Tafelberg.

JOUBERT, E. 1995. Die reise van Isobelle. Kaapstad : Tafelberg.

JOUBERT, E. 1997. Gordel van smarag. Kaapstad : Tafelberg.

JOUBERT, E. 2002. Twee vroue. Kaapstad : Tafelberg.

KANNEMEYER, J.C. 1990. Die Afrikaanse literatuur 1652-1987. Pretoria : Human & Rousseau.

KEEP, C., McLAUGHLIN, T. & PARMAR, R. 2000. Postmodernism and the Postmodern novel. [Web:] http:jefferson.village.virginia.edu/elab/hfl0256.html. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

KLAGES, M. 1997. Postmodernism. [Web:] http://www.colorado.edu/English/ENGL2012Klages/pomo.html. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

KOSSICK, S. 1993. Non-fiction, faction and feminism : recent biographical writings by women. *English academy review*, 10:83-90, Des.

LEE, E. 1997. Feminist theory: an overview. [Web:] http://landow.stg.brown.edu/victorian/gender/femtheory.html [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

LINDENBERG, A. 1981. *Melk* 'n wisselvallige bundel. *Die Vaderland*:35, Jul. 30.

LOUW, D.A. 1996. Menslike ontwikkeling. Pretoria : Kagiso Tersiêr.

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1996. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg : Lexicon Uitgewers.

LYON, T. 1996. A Taxonomy of Nature Writing. (*In* Glotfelty, C. & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. 276-281.)

MARAIS, R. 1988. Vrouwees: perspektiewe in die meer onlangse Afrikaanse poësie en prosa. *Literator,* 9(3):29-43, Nov.

MARQUARD, J. 1982. Ou bekende boei in Engels. *Beeld:*9, Desember 8.

MELVILLE, C. 1980. English 'Poppie' retains impact. *The Star*:3, January 10.

MOORE, C.T. 2001. Feminisms. [Web:] http://www-lib.usc.edu/~retter/ist2.html [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

MÜLLER, M. 1992. Postmodernisme. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr, p. 397-400.)

NIENABER-LUITINGH, M. 1988. Bonga, Elsa Joubert. Pretoria : Academica. (Blokboeke, 56.)

NORWOOD, V. 1996. Heroines of Nature: Four Women Respond to the American Landscape. (*In* Glotfelty, C. & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. 323-350.)

PHAROS WOORDEBOEK 5-IN-1. 2000 . Logos library system. [CD-ROM.]

PRINS, M.J. 1990. Die verhouding tussen Bonga en Inacia Maria. *Tydskrif vir letterkunde,* 28(1):108-116.

ROBERTS, S. 1994. World literature in review: South Africa. *World literature today,* 68(2):415, Spring.

ROOS, H. 1995. Assimilation and transformation of African and European literary traditions in the present day South African novel. *Journal for literary studies,* 11(2):1-15, Jun.

ROOS, H. 1996. Epiese reis van die liefde. *Vukasa,* 1(3):43, Feb.

RUECKERT, W. 1996. Literature and Ecology: An Experiment in Ecocriticism. (*In* Glotfelty, C. & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. 105-123.)

SANDBERG, A. 2001. The calculus of identity. [Web:] http://www.aleph.se/Trans/Cultural/Philosophy/identity.html [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].

SCHOLTZ, M. 1995. Gemeenskap van vroue ten voete uit geteken. *Die Burger*:17, Desember 6.

SEGERS, R.T. 1997. Inventing a future for literary studies: research and teaching on cultural identity. *Journal of literary studies*, 13(3/4):263-283, Dec.

SEYFFERT, M.C.A. 1992. Reisverhaal. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 421-423.)

SLOVIC, S. 1996. Nature Writing and Environmental Psychology: The Interiority of Outdoor Experience. (*In* Glotfelty, C. & Fromm, H., *eds.* The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology. Athens : University of Georgia Press. p. 351-370.)

SMITH, M.C. 1998. *Die reise van Isobelle* (1995) van Elsa Joubert: reise deur 'n eeu Suider-Afrikaanse geskiedenis. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Tesis - MA.) 65 p.

SMUTS, D. 1979. Portraying Poppie. *Fair Lady*:93, Apr.

SMUTS, J.P. 1995. Elsa stuur g'n die Bolanders van 'n eeu gelede op. *Rapport:*28, Desember 3.

SMUTS, J.P. 1996. Die Afrikaanse prosa 1990-1995: 'n leesverslag. *Stilet,* 8(2):1-17, Sept.

STEENBERG, D.H. 1998. Elsa Joubert. (*In* Van Coller, T.P., *red.* Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1. Pretoria : Van Schaik Uitgewers. p. 527-540.)

VAN COLLER, H.P. 1992. New Journalism. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 342-345.)

VAN COLLER, H.P. 1996. Eeu van onreg te boek gestel. *Die Volksblad*:6, Oktober 4.

VAN DER BERG, D.Z. 1986. Ons wag op die Kaptein, Elsa Joubert. Pretoria : Academica. (Blokboeke, 45.)

VAN DER MERWE, A. 1988. Elsa Joubert: gelooide kind van Afrika. *De Kat*, 4(5):36-39, Nov.

VAN HEERDEN, E. 1969. Die ander werklikheid: letterkundige beskouings. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.

VAN NIEKERK, A. 1993. Feminist aesthetics: aspects of race, class and gender in the constitution of South African short fiction by women. *Journal of literary studies,* 9(1):69-79, Apr.

VAN NIEKERK, A. 1999. Die Afrikaanse vroueskrywer: van egotekste tot postmodernisme. (*In* Van Coller, H.P., *red.* Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2. Pretoria : Van Schaik Uitgewers. p. 305-443.)

VAN NIEKERK, M. 1991. 'Feminine', 'feminist' en 'female'. *Die Suid-Afrikaan,* 37:44-46, Des.

VENTER, L.S. 1992. Ruimte (Epiek). (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 342-345.)

VENTER, L.S. 1996. Net ten dele groot Afrikaner-roman. *Beeld*:8, Januarie 8.

VERGNANI, L. 1979. The story of Poppie. *Sunday Tribune:2,* Desember 12.

WASSERMAN, H. 1996. 'Daar moet hartstog wees,' sê Joubert. *Die Burger*:5, Maart 6.

WOOD, M. 1973. The New Journalism. [Web:] http://www.nytimes.com/books/98/11/08/specials/wolfe-journalism.html. [Datum van gebruik: 23 Aug. 2001].